2.1 D 2° 37

Die ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN BEESBOERDERY IN SUID-AFRIKA EN IN BESONDERHEID VAN DIE FRIESVEEFOKKERY

G. D. NEL

Bibliotheek der LANDBOUW Hoogeschool

3201.99

pN08201,99

STELLINGE

I

Die kampioenverklaring van manlike en vroulike diere op Tentoonstellings, uitsluitend na die fenotipe, is een van die groot struikelblokke vir rasionele teelt.

II

Die bewering van Wallace, dat die Basutoponie van Bataviese oorsprong is, is aanvaarbaar.

WALLACE: Farming Industries of Cape Colony.

III

Die strewe na produksierekords by huisdiere is veeteeltkundig sterk af te keur.

IV

Subsidiëring van boere is alleen ekonomies doeltreffend as dit proporsioneel geskied naamlik gegrond op die wet van „afnemende-meeropbrengs."

V

Die toenemende intensifisering van interdominiale handelspreferensie in Suid-Afrika is ekonomies af te keur.

VI

Onder inteelt moet nie alleen verstaan word parige van meer-of-minder nou verwante diere nie, dog ook die paring van diere, wat op dieselfde, vele generasies terugliggende prepotente ouer terugvoer en wat in hoë mate gelyk-parasigoot is.

D. L. BAKKER: Grondbeginselen der Algemeene Veeteelt.

VII

Die karringteorie van Hunziker, wat in die bottervorming by die karring 'n omkering van die emulsietipe wil sien, is nie aanvaarbaar nie.

O. F. HUNZIKER: „The Butter Industry," La Grange (Ill.) 1927.
B V. D BURG: „Het Vocht in de Boter," Ned. Weekbl. v. Zuivelbereiding en- Handel, 38, No. 14, (1932/33)—Lezing.
B. V. D. BURG: „Le liquide dans le beurre," Le Lait, 18, 718—729, 866—874 (1933).—Conférence.

VIII

Die bewering van Stocking, dat gemiddeld die persentasie bottervet in die melk nie deur die ouderdom van die koei merkbaar beinvloed word nie, is volgens die praktyk juis.

W. A. STOCKING: Manual of Milk Products.
H. H. WING: Milk and Its Products.

IX

'n Wisselboustelsel, waarin 'n groenbemestingsgewas sorteer, is tot 'n groot mate misplaas in droëlands boerdery.

Landbouweekblad van S.A.
12 Augustus 1936.
A. J. PIETERS: Green Manuring Principles and Practice.

X

Die bewering van Rowland Biffen, dat die instandhouding van grondvrugbaarheid 'n belangrike onkruid bestrydingsmetode is in weivelde, is nie aanvaarbaar nie.

ROWLAND H. BIFFEN: Fream's Elements of Agriculture.

W.S.E.P., Ltd.

NN08201,99

Die ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN BEESBOERDERY IN SUID-AFRIKA EN IN BESONDERHEID VAN DIE FRIESVEEFOKKERY

G. D. NEL

GEDRUK DEUR
HORTORS BEPERK LEADER GEBOU KAAPSTAD

Bibliotheek
der
Landbouwhoogeschool
Wageningen

NN08201,99

Die ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN BEESBOERDERY IN SUID-AFRIKA EN IN BESONDERHEID VAN DIE FRIESVEEFOKKERY

PROEFSCHRIFT

TER VERKRIJGING VAN DEN GRAAD VAN DOCTOR IN DE LANDBOUWKUNDE OP GEZAG VAN DEN RECTOR-MAGNIFICUS DR H. M. QUANJER, HOOGLEERAAR IN DE PLANTENZIEKTENKUNDE, TE VERDEDIGEN VOOR EEN DAARTOE BENOEMDE COMMISSIE UIT DEN SENAAT DER LANDBOUWHOOGESCHOOL OP WOENSDAG 3 FEBRUARI 1937 TE DRIE UUR DOOR

GABRIEL DANIEL NEL

By die voltooi van hierdie proefskrif is dit my 'n behoefte my dank uit te spreek aan almal, wat my by hierdie studie behulpsaam was.

In die eerste plek aan U, Hooggeleerde Promotor Bakker, wil ek my dank uitspreek vir die so hoogs waardevolle studiejare by U deurgemaak, asmede ook vir die belangstelling en seer gewaardeerde hulp en advies my verleen by hierdie studie.

U, Hooggeleerde Grijns, wens ek by hierdie geleentheid my dank te uit vir die so hoogs leersame jare wat ek onder U leiding geniet het en wat my die eksakte in die wetenskap doen besef het.

Ook U, Hooggeleerde Hudig, my dank vir die belangstelling in my gestel tydens my studiejare alhier.

U, Seergeleerde Leignes Bakhoven, wens ek ook te bedank vir U steun verleen tydens my studietijd.

Ook aan U, Hooggeleerde Reimers, wens ek my dank te uit vir die waardevolle studiejare onder U leiding en veral vir die steun verleen by hierdie studie.

U, Geagte Hiemstra, wens ek veral te bedank vir die beskikbaar stel van alle aanwesige materiaal en gegewens van die Friesvee Stamboek van Suid-Afrika en U seer waardevolle leiding en advies.

U, Seergeleerde Curson, my dank vir die beskikbaar stel van U gegewens.

Tenslotte my warme dank aan die Argivaris van Kaapstad, die Universiteits Bibliotheek van Stellenbosch; en veral aan die verskillende Friesveefokkers van Suid-Afrika vir hul gewaardeerde welwillendheid vir die verstrekking van alle beskikbare gegewens in verband hul fokkerye.

INLEIDING.

DIE noodsaaklikheid van 'n ondersoek na die Friesveefokkery van Suid-Afrika —waaraan nog feitlik niks gedoen is nie—is lang reeds besef; om, indien moontlik, lig te werp op die optredende gebreke en tekortkomings, en waar moontlik die nodige aanbevelings te doen.

Teneinde die ontwikkelingsgeskiedenis van die Suidafrikaanse friesveefokkery beter te kan volg en begryp, het dit nodig geblyk om die ontstaan en omvormingsproses van die Friesras in die land van herkoms—Friesland en Holland—kortliks aan te stip.

Op grond van die feit, dat die grootste persentasie van die eerste „vaderlandse kuddes" in Suid-Afrika, hoofsaaklik opgegradeerde kuddes van inheemse beesrasse met „vaderlandse" of „baster-vaderlandse" bulle was, is dit as wenslik beskou om die waarskynlike prehistoriese afkoms van die betrokke inheemse rasse na te spoor en 'n gekondenseerde kwaliteitsbeskrywing te gee, teneinde lig te werp op die moontlike faktoregarnituur en variërende fenotipe. Die wenslikheid of onwenslikheid van bogenoemde kruising en opgradering is dientengevolge meer doeltreffend te bepaal.

Die ontstaan van beesboerdery, in hierdie oorspronklik bestemde verversingstasie, sowel as die verskillende stadiums van ontwikkeling met die beherende faktore is vervolgens kortliks opgesom.

By die ondersoek het steeds geblyk, dat die argivariese gegewens van verskeie ou skrywers heel fragmentaries en dikwels teenstrydig is, en dientengevolge in verskeie gevalle minder betroubaar is. Nugtere waarnemings is seer seldsaam.

Opvallend is, dat die onstuimige, en dikwels onbestendige, wordingsgeskiedenis van die blanke Suidafrikaanse bevolking weerspieël word in die ontwikkeling van die friesfokkery. Nieteenstaande word die bees aangetref as die vernaamste trekdier en dus die onafskeibare metgesel van die Voortrekkers in hul strewe na vryheid en was dus 'n magtige en feitlik onmisbare faktor in die uitbreiding van die blankebeskawing in Suid-Afrika. Geen wonder dus, dat die pionierboere hul spanosse so vereer het en verskeie beskikbare middele aangewend het om hul beeste te verbeter in aanpassing met hul onmiddellike vereistes.

Dientengevolge is in die begin hoofsaaklik aandag geskenk aan arbeidsutiliteit—waardeur die veredelde Afrikanerras ontstaan het—en was produktiwiteit bysaak. Kwantiteit en arbeidsgeskiktheid was hoofsaak en na produksiekwaliteit is nie gevra nie, behalwe miskien met 'n paar uitsonderings. Met die ontdekking van diamante te Kimberley in 1869 en goud te Witwatersrand in 1886, breek 'n ongekende florerende tydperk aan met uitstekende marke, waardeur 'n groot persentasie van die boere, uit hul selfversorgingstoestand, omgeskep is in 'n produserende gemeenskap om in die steeds toenemende konsumpsie en aanvraag te probeer voorsien.

Gevolglik is direk gesoek na produktiewer rasse en tref ons die onmiddellike toename in populariteit van die friesras aan. Die importeer van friesvee neem dus veral snel toe na 1870, terwyl die aantal Friesboere sterk aanwas.

Aan fokkersbeleid en teeltkennis het dit ongetwyfeld in die begin by die meeste telers en boere ontbreek. Aan sistematiese en rasionele teelt is weinig gedoen geoordeel volgens die ontwikkeling van die friesveefokkery en die ontwikkeling van stamboekwese. Na 1918 tree 'n definitiewe verandering in en kry die friesveefokkery geleidelik meer rigting, dog bied selfs vandag nog ruimskoots geleentheid aan vir verbetering.

Uit bogaande samevatting blyk dus, dat hierdie ondersoek 'n seer wye veld dek en dientengevolge onmoontlik in alle besonderhede gegaan kon word, dog bied geleenthede aan vir intensiewer ondersoek in verskeie rigtings.

INHOUD.

Hoofstuk: *Bladsy:*

I. 'N BEKNOPTE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS VAN DIE FRIESBEES IN FRIESLAND EN HOLLAND 1

II. AFKOMS- EN KWALITEITSBESKRYWING VAN DIE INHEEMSE SUIDAFRIKAANSE BEESTE 20

III. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN BEESBOERDERY IN SUID-AFRIKA SEDERT 1652 37

IV. NADELIG REAGERENDE FAKTORE OP DIE GESONDE ONTWIKKELING VAN ONS BEESBOERDERY GEDURENDE DIE EERSTE 250 JAAR 57

V. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN SUIWELBOERDERY IN SUID-AFRIKA 72

VI. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE SUIDAFRIKAANSE FRIESRAS 82

VII. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE FRIESVEESTAMBOEK IN SUID-AFRIKA 123

VIII. 'N BEKNOPTE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS VAN ENIGE VAN DIE VERNAAMSTE FRIESVEEFOKKERYE IN SUID-AFRIKA 165

KONKLUSIES 191

LITERATUUR OORSIG 194

TABELLE 196

GRAFIEKE ... ... *Sien einde van Boek*



(1) Die „Rooi Stier" van Potter.



(2) 'n Friesbul van 'n Vername Veeteler in Friesland (Frieslandse-kleitipe) ongeveer 1870.

Foto. G. J. Hengeveld, Uitgawe van „De Erven Loosjes."

HOOFSTUK I.

'N BEKNOPTE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS VAN DIE FRIESBEES IN FRIESLAND EN HOLLAND

DIE vasstelling van die prehistoriese afkoms is ongetwyfeld 'n heel moeilike en berus nog grotendeels op hipotese, daar dit hoofsaaklik gebaseer is op fossielefondse, waarvan slegs enkele eksemplare beskikbaar is, en in verskeie gevalle moontlike tussenvorme totaal ontbreek.

Bakker(1) is van mening, dat die twee fossielevorme van die bees aangetref in die plioceen : (*a*) *Leptobos falconeri* (Indië), en (*b*) *Bos etruscus* (Europa en Wes-Midde-Asië) òf dieselfde dier is, òf—so dit nie die geval is nie—tydgenote is. So ook beskou ander soöloë (Buffon, Faujas de Saint Fond), volgens Hengeveld(2), genoemde twee as een en dieselfde dier, waarvan eersgenoemde meer in die tropiese dele geleef het en oorsprong gegee het aan die groot Indiese rundere en die Zebu, terwyl laasgenoemde meer in die gematigde en kouere dele geleef het en aan die kleinere rundere oorsprong gegee het.

Volgens Hengeveld(2) onderskei Bojanus (die beroemde Franse soöloog) twee soorte runderfossiele, nl., *Bos primigenius* en *Bos priscus*. Hengeveld(2) : „Naar evenredigheid berekend zou de vermoedelijke hoogte van het geraamte van Bos primigenius minstens 2·36 Ned. ellen bedragen, zijnde 1·03 el hooger dan van het gewone rund, waarvan het geraamte 1·33 el hoog is. Welk een reusagtig rund moet dan het oorspronklijk fossiel wel geweest zijn, als men daarbij nog vleesch, huid, hoeven en verdere weeke deelen voorstelt !" Hierdie konklusie is gebaseer op 'n beskrywing en vergelyking gemaak deur Reinwardt van 'n fossiele runderskedel met twee horings gevind by Genemuiden (Overijssel) in 1825 met die van 'n gewone runderskedel, en : „de hoogleeraar wijlen N. C. de Fremery(2) (nieuwe Verhandeling der Eerste Klasse van het Kon. Ned. Instit., Dl. 3, St. 1, blds. 73) geeft ons een beschrijving en eene afbeelding van eenen hoorn en van een gedeelte des bekkeneels van Bos primigenius Bojani." Hierdie stuk is in 1825 by Eembrugge gevind, na die watervloed van 3, 4 en 5 Februarie van daardie jaar.

Hengeveld(2) noem die Europese wilde rund Bos urus wat Julius Caesar reeds as volg beskryf het : „deze Bos urus leefde in het wild in Europa en had eene donkere kleur, groote hoornen, enz."

Hengeveld(2) neem *Bos urus* (aueros) aan as die stamvader van die gewone rund in sy wilde staat.

„Sundevall(2) geeft van den echten Bos urus op, dat hij zwartachtig van kleur is, vroeger in het wild in midden-Europa leefde, dog nu geheel uit dit werelddeel is verdwenen." Volgens Hengeveld het hierdie rund in die uitge-

strekte woude vanaf Spanje deur Duitsland tot in Klein-Asië voorgekom en was geweldig groot. Sundevall beskou die wilde rundere in die parke in Skotland, Chillinghamspark in Northumberland, en Chatelheraultpark in Lanarkshire met die vuilwit- of roomkleur en swart muile as verteenwoordigers van genoemde wilde rund.

Hengeveld(2) : ,,Faujas de Saint Fond beschrijft slechts twee soorten van fossiele runderbeenderen. Cuvier voegt er nog twee soorten bij, en Giebel geeft reeds negen soorten op. En zoo nadert men langzamerhand het getal der nog levende soorten. De beschrijving dezer fossielen kan als gedeeltelijke inleiding beschouwd worden van de beschrijving der verschillende nog aanwezige rundersoorten, en tevens strekken om te doen zien, dat er van de voorgeslachten ook vele verschillende soorten bestaan hebben. In het vervolg van tijd zal het welligt blijken, dat daarvan zelfs meerdere soorten gevonden zijn, dan er tegenwoordig levende soorten bestaan." Hengeveld(2) gee as verklaring : ,,Ieder werelddeel en iedere landstreek deelt door zijn klimaat en bodem, bijzondere eigenschappen aan de dieren mede, die daar wonen en inheemsch zijn. Deze hoedanigheden verkrijgen een vasten en bestendigen vorm, die onveranderlijk is, zoo lang er geene vreemde invloeden, door verplaatsing of verhuizing, op inwerken."

Genoemde ,,vele verschillende soorten" is waarskynlik slegs variante van een of meer soorte, teweeggebring deur veranderde klimaats- en voedingsomstandighede, en, dat hul onveranderlik is in dieselfde omgewing is deur die eeue in die negatief bewys. Hengeveld(2) korriseer homself as volg : ,,Dat er in de onderscheidene delen der aarde wezenlijk verschillende varieteiten van runderen geweest zijn en nog bestaan is wel zeker."

Verder maak Hengeveld(2) melding van die geweldige groot beeste van Ukraine en die Kalmuksche Tartaren : ,,Het zijn de grootsten die men kent. In sommige streken zijn zij ongehoornd en zoo groot als kameelen, en in Phenicië, volgens Aelianus (Jonston, Beschrijving van de natuur der viervoetige Dieren 1660, bld. 42), zijn zij zelfs zoo groot dat de langste herders ze staande moeten melken, en die kleiner zijn moeten daartoe op banken klimmen !"

Hengeveld(2) konstateer oor die oorsprong van die Europese rundere : ,,In Azië is dus de oorsprong te zoeken, behalwe van het menschelijk geslacht en van andere dieren, ook van het rundvee", en vervolg : ,,Uit Azië afkomstig hebben de tamme runderen, met de in Europa zich vestigende en reizende volkeren, zich mede aldaar verspreid en gevestigd, en zijn alzoo langzamerhand alle streken met tam rundvee bevolkt geworden !"

Ook word melding gemaak van die beeste wat die Friese, Bataviere en Romeine in Europa aangehou het voor ons jaartelling en van die beeste wat die wilde en onbeskaafde Franke, Noormanne en Dene ingebring het en van die nomadiese stamme van Wes-Asië wat beeste met hulle saam ingebring het. Hengeveld spreek die idee uit, dat deur hul vele oorloë en swerftogte baie van die rundere verwilder het en met die wilde Europese rund gebaster het en verder dat baie verbastering onder die tamme rundere plaasgevind het. S. de Vries, Historische Kronijk der Kronijken, 1686(2) : ,,Het is duidelijk

dat de eerste bewoners van ons land, tenminste de Friezen, tam vee bezaten, dat hoeden en daarbij ook akkerbouw dreven. Dit was 29 jaar na J.C."

Bakker(1) beskou *Bos planifrons*, in die plioceen, as die stamvader van (*a*) *Bos primigenius Bojanus*, die oeros van Europa. Vandag uitgesterf, dog in ±1200 nog aangetref in die digte bosse van Noordelike-Europa. In 1627 is die laaste eksemplaar geskiet. (*b*) *Bos namadicus* (Asië, Afrika en Suidelike-Europa(?)) en hiervan ken ons nog 'n latere fossielvorm, *Bos primigenius Hahni*, wat waarskynlik oorsprong gegee het aan *Bos macroceros* en dus ons inheemse beeste.

Bakker(1) gee die volgende phylogenetiese klassifikasie van beeste gebaseer op osteologiese kennis, produksie tipes, kleur en bou, en volkere kennis:

(1) Bos taurus macroceros—Hamietenrund, Devon, Sussex, Afrikaner, Kafferbeeste, Damara, Watussi, Spaanse en Portugese vegrasse, ens.

(2) Bos taurus brachyceros—Jersey, Shorthorn, Angler, en die eenkleurig rooi middeduitse rasse, ens.

(3) Bos taurus primigenius—Kerry, Aberdeen Angus, Jutlandse ras, Welsh Black, ens.

(4) Bos taurus akeratos (horingloos).

(5) Bos taurus frontosus (geweldige voorhoof)—Simmenthaler, Charolaise, Gotiese ras, Glan-Donnersberger, ens.

(6) Bos taurus brachycephalus—Duxer, Pinzgauer, ens.

(7) Moderne bastaard rasse (Primigenius X Brachyceros)—Swartbont Fries-Hollandse vee, Groninger, Maas-Rhyn-Yssel vee, Ayrshire, ens.

Bos taurus macroceros(1) sou 'n direkte afstammeling van Bos primigenius Hahni wees, en het oorsprong gegee aan one inheemse kafferbeeste. Eers na vore gebring deur Düerst, dog Adametz(4) (Lehrbuch der Allgemeinen Tierzucht 1926) het hierdie rasse beter bestudeer. Ons tref hulle eerste by die Egiptenare aan as die ou Hamietenrund. Hulle dring deur na die Suide van Afrika en word die rund van die negers. Versprei na Marokko, oor die Gibraltar en later tref ons dit aan in Spanje as vegrund.

Die oorhelling van die inter-pariëtale been op die voorste gedeelte van die kop is die vernaamste soölogiese kenmerk. Bakker gee as hoofkleur aan rooi of rooibruin. Kenmerkend is die geweldige horings en skedels, bv., afstand tussen horingpunte 85 s.m., omtrek 48 s.m. Volgens Bakker(1) is die Hamietenrund in Afrika gekruis met Zebus afkomstig van Asië en sodoende oorsprong gegee aan die Afrikaanse rundere.

Keller(3) **beskou Brachyceros** en die Zebu beide afkomstig van die Banteng, wat heel onwaarskynlik is volgens Bakker(1) daar die Zebu 'n soölogiese kenmerk (die Bult) besit afwesig beide by die Banteng en Brachyceros.

Nehring en v. d. Malsburg beskou Brachyceros afkomstig van 'n „Kummerform" (Bos (urus) minitus) van Bos primigenius m.a.w. 'n afwyking en gedegenereerde vorm deur ongunstige omstandighede en is dus voorstanders van 'n monophyletiese afstamming.

Adametz(4) beskou Brachyceros afkomstig van 'n wilde vorm Brachyceros, wat oorspronklik in Europa voorgekom het naas Bos primigenius. Bakker(1) ag die sienswyse van Adametz die mees waarskynlike en geloof nie aan 'n

gedegenereerde vorm van Bos taurus primigenius nie, omdat gedegenereerde rundervorme, met 'n suiwer primigenekarakter, tans nog bestaan (Raca Bretonna en North Highland).

Bakker beskou as tipiese brachycerekenmerke: rooibruin kleur, kort horings, sterk besnede skedels en geringe liggaamsontwikkeling. In die Friese terpe tref ons primigene- sowel as brachycereskedels aan, sodat 'n kruising destyds al nie uitgeslote bly nie.

Die primigene rasse word beskou as direkte afstammelinge van Bos primigenius Bojanus, en Bakker(1) gee die volgende tiperende kenmerke van hulle aan: swart kleur, groot horings, in die horingpit die tipiese diep primigene horinggroewe, lang, smal en oor die algemeen buitengewoon vlakke skedels met 'n geleidelike oorgang van skedel in aangesigsgedeelte aan die sykant; Keltiese afkoms. Volgens Bakker(1) had ons in Suid-Asië Primigenius Hahni —rooi, en in Sentraal-Asië en Europa Primigenius Bojanus—swart en donkergrou. Die vraag is hoeveel vermenging daar plaasgevind het. Volgens Bakker(1) stem macrocere- en primigeneskedels in tipe geweldig ooreen, alleen het Macroceros nog langer en swaarder horings gehad as Primigenius.

Bos taurus akeratos, is eerste beskryf deur Arenander(1). 'n Horinglose rund aangetref in die Noorde van Europa met die tipiese stootpunt op die kruin. Oor Akeratos bestaan ook twee hipoteses, (1) dat Akeratos afstam van Primigenius. Hierdie sienswyse word ingeneem deur Bakker(1) en beskou dit heel onwaarskynlik dat Akeratos 'n aparte wilde vorm is, want het geen verdedigingsmiddel gehad nie, en sou dus blootgestel gewees het aan exterminasie deur natuurlike seleksie. Akeratos is dus alleen 'n variëteit van Primigenius deur die kultuur bewaar. (2) Dat Akeratos 'n afsonderlike wilde tipe was afkomstig van Bos akeratos en oorspronklik horingloos was. Arenander(1) beskou dit afkomstig uit Asië en deel genoemde sienswyse.

Die Frontosus-groep, eerste bestudeer deur die soöloog Nillson(1) wat die Gotiese ras van Suid-Swede as uitgangspunt geneem het, hoorde oorspronklik tuis in sogenaamde Smäland in Suid-Swede, dog tans totaal verdring deur die Ayrshire, nog aangetref op Gotland. Beskrywing: geelrooi van kleur, bontbuik, soms 'n witrug en witkop met donker kolle aan nek; swaar voorhoofde, vry groot, besonder goed ontwikkelde voorhand; kort, dik hals; melk-, vlees- en werkbees (Dreileistung).

Oor die ontstaan van hierdie groep ook twee moontlikhede: (*a*) 'n prehistoriese kruisingsproduk tussen Brachyceros × Primigenius wat Bakker(1) as die mees plausibel beskou. (*b*) 'n Daar spontaan ontstane ras (mutasieteorie) **wat** minder waarskynlik **lyk.**

Die Brachycephale rasse eerste bestudeer deur C. K. Wilckens en uitgegaan van sekere Oostenrykse rasse en veral die Duxer bestudeer. Tirool oorspronklike plek waar hulle gesoek moet word. Wilckens(1) beskou hulle as prehistoriese kruisingsprodukte van Brachyceros × Primigenius, dog Frontosustipes kom tussen hulle nie voor nie, wat 'n beswaar is, volgens Bakker(1), teen hierdie teorie.

Adametz(4) en Düerst(1) beskou Brachycephalus as 'n gedegenereerde inteeltproduk as gevolg van ongekontroleerde inteelt en kruising teweeggebring deur natuurlike geografiese afsondering. In die Mariendal ontstaan as

gedegenereerde Brachycere, vandaar die tipiese mopskoppe. Düerst beskou hulle dus feitlik as 'n patologiese afdeling.

Die Duxer, 'n eenkleurige swartvaal bergbees, vry goed van melk en vleis, dog geen arbeid, taamlik swaar, aangetref in die Tirool, word as die mees tipiese brachycephale rund beskou.

Die moderne bastaardrasse, waaronder die Friesbees sorteer, beskou Bakker as latere kruisingsprodukte tussen Brachyceros × Primigenius.

Met die begin van ons jaartal tref ons dus in Nederland die Friese en Germaanse volkere aan wat brachycerevee aangehou het, dog naas brachycereskedels tref ons ook primigene- en frontosusskedels aan in die friese terpe.

Deur die snel opeenvolgende oorloë van die vroegste eeue, en veral gedurende die middeleeue, en die geweldige invoer van vee na natuurrampe kan 'n bastardering met die oorspronklike rasse van die betrokke lande goed verstaan word, en die gevolglike uitkristallisering en ontstaan van die Friesbees om in die steeds toenemende lewensbehoeftes van die mens te voorsien.

In Oos-Friesland en Nederland was hoofsaaklik met die volgende rasse gekruis:

(1) Die swart Deense rund of Jutlandse ras en het volgens Bakker([5]) geleidelik die eenkleurige rooi ou Friesras vervang en dus die basis gevorm van die moderne Friesbees. Hierdie kruisingsprodukte het die Nederlandse bodem en klimaat besonder geskik gevind en gevolglik tot 'n uitstekende ras ontwikkel.

(2) Ook die eenkleurige rooi Münsterse vee uit Wes-Duitsland het 'n aansienlike rol gespeel op die oostelike sandstreke van Nederland, en oorsprong gegee aan 'n heelwat ander en kleiner tipe as die Jutlandse vee. As bewys, dat die oorspronklike Hollandse vee rooi was, kan die volgende skrywers aangehaal word:

Buffon([1]) („Natuurlike Historie", 1781) gee 'n beskrywing van 'n Hollandse stier en stel die volgende eis: Die stier moet rooi wees, veral was rooibruin verkies, volgens hom was vaal die mees algemene kleur by stiere. Hy gee ook 'n geslagstafel van 'n rooi koei en rooi stier aan en noem die rooikleur die natuurlike kleur van Hollandse vee.

Le Francq van Berkhey([1]) in sy „Natuurlijke Historie van het Rundvee in Holland in 1805" beskou die Rooi stier van Paulus Potter (16de eeu) as aanduiding van die oorspronklike veeslag van Holland (sien Foto 1).

Van Berkhey([1]) neem die volgende beskrywing van Kaerle Stevens en Jan Libault oor uit die 17de eeu: „die stier moet vet, langer dan hoog, en rooi van hare wees." Van Berkhey vervolg: „ons Hollandse koeie is seer verskillend van bont, dog die oorspronklike kleur skyn rooibont te gewees het."

In die „Handboek der Nederlandsche Landhuishoudkunde" skryf Uilkens([1]) in 1836: „Voor ruim 50 jaren noemde men koeien die over de 2 ellen lang waren met korte halsen, gezonken van borst, gesloten van schoft . . . met rood en roodbruin haar het oude friesche ras."

Arends([1]) (1819) beweer dat die egte Oos-Friese en Jeverlandse vee rooibruin van kleur is, met hier en daar wat muiskleurig (vaal).

H. Müller([1]) (1904) skrywe as volg oor die ou geharde Friesvee in 1745: oor hierdie ras besit ons g'n noukeurige soölogiese gegewens nie, wel weet ons

dat hul rooibruin was. Hy beweer, dat die vele veesiektes gedurende die 18de eeu nie alleen die ou rooi Friese veeslag byna volkome uitgeroei het nie, dog ook die ingevoerde vee, en, dat deur die verskillende gekleurde ingevoerde koeie die landskapsbeeld 'n geheel andere geword het.

Bakker([5]) het veral langs skilderyversamelings, boedelopgawes, klooster-opgawes bewys, dat die ou Hollandse veeslag oorspronklik rooi en van brachycere-afkoms is.

Veral na 1713, '44, '69 het die ou rooi ras van Friesland verdwyn en is in Groningen, Friesland en Holland vervang deur swart Jutlandse ingevoerde vee en deur kruising het ontstaan die swartbont en rooibont bastaardrasse. Veral het die bontkleur volgens Bakker([1]) in die tweede helfte van die 18 de eeu so sterk op die voorgrond getree.

Met die jaar 1800 is die saak afgeloop en die omvorming van die ou ras in die nuwe ras was voltooi, dog van konstantheid kon hier nog geen sprake wees nie, **en gevolglik kan ons aanneem dat die eerste Hollandse vee ingevoer na Suid-Afrika seer variabel was.**

Hierdie omvorming van die oorspronklike ou ras is deur verskillende faktore in die hand gewerk vanaf die vroegste eeue:

1. **Watervloede.** As gevolg van die afwesigheid van deeglike dyke, en die natuurlike lae ligging van 'n groot gedeelte van Nederland se bodemoppervlakte, het kort opeenvolgende watervloede vanaf die vroegste eeue, 'n seer stremmende invloed gehad op die uitbreiding van die beesboerdery en soms byna onherstelbare verliese teweeggebring. Hengeveld([2]): „In de Kronijk van Vrieslandt, door P. Winsemius 1622, blds. 8" staan dat Friso, 313 voor J.C., „den oever met dijkagien en bolwerken heeft bezet, om den hooge vloeden den cours te beletten." Hierdie „dijkagien" was terpe of vlugheuwels en g'n dyke nie, daar dyke eers na J.C. gebou is onder die Romeinse oorheersing. 'n Betreklik volledige lys van hierdie rampe vind ons in G. J. Hengeveld: Het Rundvee, deel 2. Die meeste, en die kortste op elkaar volgende watervloede, tref ons aan gedurende die 12e, 13e, 14e en 15e eeue. Gedurende hierdie watervloede is dikwels seer swaar verliese aan vee gely, bv., die 7e Kersvloed in 1717 het in Oos-Friesland, Groningen en Friesland die volgende skade verrig volgens Hengeveld([2]):

Beeste verdrink	40,075
Perde verdrink	9,961
Varke verdrink	7,758
Skape verdrink	35,448
Mense verdrink	12,088

In 1313 en 1336([2]): „alweder in Friesland, waardoor ‚ontallijke' beesten verdronken."

As gevolg van die geweldig baie vloede skryf Hengeveld([2]): „Zij bezaten niet meer vee dan zij tot hun gerief noodig hadden of des winters konden herbergen; vandaar ook de vele vreemde ossen die jaarlijks werden ingevoerd, om den weder droogen weidegrond te bevolken."

Teneinde enigsins 'n begrip van die vernietigende invloed van hierdie watervloede te kan vorm, sonder in finesses te gaan, sal die volgende opsomming van pas wees([2]): (a) Allerheilige vloede: 1170, 1470, 1531, 1532, 1570, 1592, 1633; (b) Kermisvloede: 1277, 1357, 1516, 1637; (c) St. Marcellus

vloede: 1219, 1266, 1361, 1375; (d) St. Martens vloede: 1368, 1686; (e) St. Elizabeths vloede: 1404, 1421; (f) St. Katharinas vloede: 1304, 1403, 1516.

Uit die snelle opeenvolging van hierdie vloede is duidelik af te lei, dat die ou Friesras telkens aan exterminasie blootgestel was en dus deur ingevoerde vee moes aangevul word. Die eintlike veerykdom het dus eers begin na die droogmakery deur die watermeulens (1400) en die beter bedykinge (18e eeu).

2. **Veesiektes.** Vanaf die vroegste eeue, dog veral gedurende die middeleeue, het verderflike veesiektes periodies, soms met heel kort tussenposes, opgetree en die aantal beeste so erg reduseer dat groot hoeveelhede ingevoer moes word.

Die volgende opsomming neem ek van Hengeveld(2) en Bakker(1) oor: ,,in 810 die ,coge' in Friesland en Drente onder die beeste: van welks gelijk nooit gehoord was, want van de 100 beesten bleef er nauwelijks een in leven."(2)

In 1248-1250 'n siekte eers onder die vee en daarna onder die mense in Friesland. Schotanus(2) (Beschrijvinge end Chronijck van de Heerlickheijdt van Frieslandt, 1655, bls. 355): ,,So grousamelijk dat weijnig beesten overbleven en het merendeel der menschen storf. Deze pest zou ontstaan zijn uijt de menichte van crengen der gestorvene beesten (as gevolg van die vloede, 1248-1250) die op 't veldt onbegraven lagen, als gesaeijt."

Volgens Le Francq v. Berkhey(2): ,,Heerschte er in 1272 in ons vaderland een ziekte, dat er hongersnood door ontstond. Schotanus zegt hieromtrent, dat de bewoners tot de uiterste armoede vervielen en volslagen gebrek aan geld hadden, waardoor zij in Denemarken geen vee konden terugkoopen."

In 1682 die ,,vliegende kanker" waaraan duisende beeste beswyk in Groningen, N. Holland, Overijssel en Ooste(1).

In 1713-1719 maak die gevreesde runderpes sy eerste verskyning in Nederland: ,,met alle hare hevigheid en verschrikkingen"(2). Camper(2) gee aan dat daar in Friesland alleen binne een jaar 40,000 beeste dood is, Bakker(1) —52,000 in 13 maande. ,,Paulet Rumpelt zegt, dat Bates, een Engelsche schrijver over de runderpest, eene berekening heeft gemaakt dat Holland in die weinige jaren een aantal van 300,000 runderen verloor."(2)

Van 1744-1756 'n tweede invasie van die gevreesde runderpes. ,,Volgens Le Clerq(2) verloor Holland in 3 jaren tijds, twee derden van zijn vee, en Friesland van 1 Oct. 1744 tot 1 Sept. 1745, 109,597 stuks groot en klein vee."

Van 1768-1786 die derde runderpes. Veral in 1769 in sy volste krag van verwoesting gewoed. ,,In 1768 begon zij zich weder te vertoonen, en zij heeft in dat jaar en in 1769-1772 met zulk een hevigheid gewoed, als er nog geen voorbeeld van bekend was. Gedurende het tijdperk van 1768-1786 kan men met zekerheid aannemen, dat de Provincien Zuid- en Noord-Holland tweemaal geheel zijn uitgestorven."(2) Vink(2) gee op dat sedert die aanvang van die siekte in 1768 tot 31 Des. 1769:

	Dood.	Beter Geword.
Zuid-Holland	101,200	34,252
Noord-Holland	40,653	19,954
Totaal	141,853	54,206

Bakker(1) : „Die pes duur tot in 1782 en Suid-Holland verloor 283,000, Noord-Holland 112,933, tesaam 395,933 beeste vanaf 1 April 1769 tot 1 April 1782"(2). Volgens die vee telling in 1800 het die twee provinsies slegs 261,028 stuks vee besit. „Het is duidelijk dat het jaar 1769 voor de runderen in Holland een waar moordjaar was."(2)

Hierdie was die laaste geweldige invasie. Gedurende die 18e eeu was die peste so erg, dat dikwels vee van Denemarke en Duitsland moes ingevoer word om die veestapel weer op te bou, omdat te min vee oorgebly het om mee aan te gaan.

Van 1783-1786 ook nog die sogenaamde tongblaar geheers, wat dieselfde siekte was wat reeds in 1686, 1731, 1732 geheers het.

As gevolg van die geweldige veeverliese is op voorstel van Geert Reinders op 26 Des. 1799 die Veefonds opgerig om verliese te help dek.

In 1813-1814 die laaste invasie van runderpes, dog gou gestuit deur inenting en strenge maatreëls ter bestryding. Die een ramp het op die ander gevolg tot die begin van die 19e eeu, daarna het dit beter gegaan.

In 1833-1849(1) tree besmetlike longsiekte op en Holland verloor weer ruim 109,000 beeste, dog laasgenoemde was minder erg as die rampe gedurende die 18e eeu, daar die mense hulle self kon help.

As gevolg van hierdie veelvuldige peste het die ou oorspronklike ras feitlik verdwyn en moes aangevul word deur die invoer van vreemde vee.

3. **Invoer.** „P. C. Scheltema,(2) Verhandeling over het inl. rundvee geplaatst in de Verhandelingen der Maatsch., t.b. van Landb. te Amsterdam XV, dl. 2, st. bl. 3, alwaar staat: ‚dat men zich (door runderpest) in 1769 gedrongen vond, het benoodigde vee in het graafschap Bentheim, in het Oldenburgsche, in Münsterland, Hannover en andere oorden van Duitschland te koopen . . . . en men mengde het eene ras met het andere.' Het waren allen Deensche, Holsteinsche en kleine Duitsche koeijen, waarvan de meeste kleiner van stuk waren dan het echte ras. Deze nuwelingen fokten onder elkander voort of werden met de overgeblevenen en met de gebeterden gekruisd."

In die „tegenwoordige staat van Friesland" staan daaromtrent aangeteken: „dat men genoodzaakt was van buiten allerlei kleinvee in te voeren, vooral Deensch."(2) F. Arends(1) (Oos-Friesland, 1819) skryf in sy diktaat, dieselfde toestand vind ons in N. Holland na 1769, byna g'n vee meer oor nie en Jutlandse vee wat baie klein was moes ingevoer word.

Uilkens(1) (Handboek der Vaderlandsche Landhuishoudkunde, 1836) beweerde, dat die gewone ras nie meer volkome bestaan het nie deur menging met ingevoerde vee na 1713, 1744 en 1769. Hengeveld(2) : „gedurende en na het ophouden der runderpest (1786) was het oude ras grotendeels verdwenen."

Buffon(1) skryf in 1745: „de Hollanders halen alle jaren uit Denemarken veel groot magere koeien." Later kry ons die invoer van groot Deense osse meestal swartbont, terwyl uit Brabant meestal rooi of rooibont beeste gekom het.

Bakker(1) beweer dat die rykere en vrugbare streke (Friesland, Noord- en Suid-Holland en Groningen) veral Deense vee invoerde, terwyl die arm sand-



(3) 'N FRAAI FRIESKOEI VAN DIE HEER V. BEYMA TE WEIDUM (FRIESLANDSE-KLEITIPE) ONGEVEER 1870.

Foto. G. J. Hengeveld, Uitgawe van „De Erven Loosjes."



(4) 'N WOUD EN SANDSTREEK-TIPE UIT GRONINGEN EN FRIESLAND, ONGEVEER 1870.

Foto. G. J. Hengeveld, Uitgawe van „De Erven Loosjes."



(5) 'N KOEI UIT DIE BEEMSTER, NOORD-HOLLAND, ONGEVEER 1870.

Foto. G. J. Hengeveld, Uitgawe van „De Erven Loosjes."



(6) SUID-HOLLANDSE-TIPE. 'N BEKROONDE SLAGKOEI OP DIE TENTOONSTELLING TE VOORSCHOTEN IN 1862.

Foto. G. J. Hengeveld. Uitgawe van „De Erven Loosjes."

streke (Overijssel en Gelderland) Münster-koeitjies ingevoer het uit Duitsland, wat swakker was as die ingevoerde Deense koeie

Fredericksen(1) : „Tydens die 16e en 17e eeu speel Jutlandse vee die hoofrol onder Denemarke se uitvoerware. Uitvoer jaarliks byna 100,000 stuks en het hoofsaaklik na Holland gegaan, dog meestal slagvee." Gedurende die 18e eeu hoofsaaklik koeie ingevoer ter aanvulling van uitgestorwe kuddes.

4. **Marke.** 'n Oorsig van die ontstaan van marke in Nederland gee ons 'n insig betreffende die florerende toestand van veeteelt tydens die afwesigheid van rampe en peste, dog bewys ook onomstootlik die omvormende effek wat dit uitgeoefen het op die oorspronklike ras. Hengeveld(2) : „De eerste bekende markt in ons land is waarschijnlijk Voorburg geweest volgens Pars in zijn Katwijksche oudheden, 1745, bl. 2, in de voorrede en is waarschijnlijk gestigt door Keizer Adrianus."

In Utrecht sou reeds in 660 'n markveld vir koeie gewees het, dog marke het veral ontstaan gedurende die 12e eeu.

Koenen(2) skryf die volgende van die marke: „Gedurende de grafelijke regeringen werden er door de graven alom veemarkten ingesteld, waar paarden, runderen en schapen werden aangevoerd, waardoor de binnen- en buitenlandschen handel in vee grooter aanwas verkreeg. Noordsche en Deensche boeren kwamen soms met hun vee over en zetteden zich in onderscheidene streken neder, om het in onze graslanden uit te weiden."

Ontstaan van marke ((1)(2) : 1220 te Amsterdam, 1266 'n vark- en beesmark te Haarlem, 1270 'n jaarmark te Schiedam, 1311 weekmark te Hoorn. Graaf Albrecht v. Beijeren het by spesiale privilegie die eerste vleeshal (vleesmark) te Haarlem in 1385 gevestig. In 1389 vergun hy die Dene om 'n weeklikse ossemark te hou te Hoorn, wat in 1605 verskuif is na Enkhuizen en in 1740 verplaas na Amsterdam. Hengeveld(2) : „Op deze markt (Enkhuizen) kwamen Deensche, Zweedsche en andere Noordsche ossen, en zij was zoo druk bezocht, dat in 1624 aldaar een getal van 11,769 ossen verkocht werden." Die eerste kaasmark is in 1365 geopen te Gouda. Ook het die suiwelmarke baie snel uitgebrei, so het die suiwelmark te Hoorn gedurende die jare 1734-1737 jaarliks die stad opgebring f16,000.(2)

Ook het Amsterdam voor 1270 reeds 'n maer ossemark gekry (T. v. Domselaer, Beschrijvinge van Amsterdam, 1665, IV Boek, bl. 237)(2) : „die zijn begin neemt in 't voorjaar, in de maand April, doch zonder gezetten tijdt, alzoo zulks aan weer en windt ghelegen is, vermits de Beesten uijt Denemarken en Holsteijn alsdan mogen overkomende, om hier te lande vet te weijden, meeste over zee te scheep gebracht werden."

Ons kan aanneem dat hierdie marke binnelandse handel sterk bevorder het, waardeur die vermenging van die verskillende provinsiale vee tipes snel toegeneem het, veral vind ons dit heel merkbaar in Suid-Holland waar Groningervee heelwat gekruis is met die Suid-Hollandse vee. Van konstantheid en suiwerheid van tipes kan hier dus weinig sprake wees. Ook die Deense en ander buitelandse vee verkoop op hierdie marke het ongetwyfeld die veefokkery tot 'n mate beinvloed.

5. **Kruisingsmania.** Veral gedurende die tweede helfte van die 18e eeu tot die helfte van die 19e eeu het dit as 'n vloedgolf oor die wêreld versprei en selfs

Holland nie gespaar nie in sy wilde vaart. Gelukkig egter het Holland gou ontwaak vir die gevare hieraan verbonde, wat nie die geval is met Suid-Afrika nie.

Kruisings(1) met Shorthorns is probeer in Zeeland, Friesland, Groningen en die Land van Cuyk. In 1844 voerde v. d. Bosch in Zeeland ses stiere en agt koeie van die Durhamras in, dog het gelukkig nie veel skade gedoen nie. In die Land van Cuyk het dit egter veel meer skade gedoen en bestaan die stekelharige kleur (roan) en growwer koeie vandag hoewel slegs sporadies, nog. Hierdie kruising het nie alleen ongewenste verbastering teweeggebring nie, dog ook die hoeveelheid melk verminder. Gedurende die laaste 60 jaar is uitsluitlik weer suiwerteelt toegepas in Holland en veral Friesland. Hengeveld(2): „Ter verbetering der gebreken heeft men o.a. in St. Anna Parochie Durhamvee ingevoerd en gekruist met het inlandsche. De afstammelingen waren welgemaakter, de ledematen werden korter, de vleeschgroei nam toe bij dezelfde voeding, de dieren waren spoediger volwassen en verloren zelfs geen melk." Aan hierdie kruising is egter heel gou 'n stop geset daar die 2e generasie minder goed meegeval het.

Hengeveld(2) skryf van die Suid-Hollandse vee: „Er zijn uitmuntende exemplaren van schoon welgevormd en zeer melkrijk vee met uitstekenden aanleg voor vetweiding en vetgroei, doch er zijn ook van minder gehalte. Zoo is er in hunne vormen een groot verschil op te merken en ontmoet men kenmerken, afkomstig van Groningsch, van Friesch, van Noord-Hollandsch, Overijsselsch, Geldersch, Utrechtsch en in de laatste jaren ook van het Engelsch korthoornvee. Men treft zoodoende in Zuid-Holland een mengelmoes aan van allerlei vee (dus g'n konstante tipe nie). Overigens hebben zij van alle deze dieren den hoogsten aanleg voor melkgeving behouden. De heerschende kleur is allerlei soort van zwartbont, roodbont bij uitzondering. De liefhebberijkleuren, zooals Groningsche witkoppen, blaarkoppen, lakenveld, zijn grotendeels verdwenen. Op de eilanden komen soms streepruggen voor." In Suid-Holland het die gewone koeiboer weinig jong vee self aangefok. Hengeveld(2): „Zou het eigen met zorg aangefokte dier niet meer voordeel aanbrengen en zich wat beter ontwikkelen, dan dat men telkens weder Friesch of Groningsch vee doet overkomen, dat van minder hoedanigheid is, waarvan men de afkomst niet eens weet, zoodat het aankoopen ervan een waagstuk is, hetgeen spoedig blijkt als een nieuwkoop het eerste jaar wat achterlijk blijft." Hieruit blyk dus die variabiliteit van Nederlandse vee selfs nog in die 2e helfte van die 19e eeu. Nogtans het hierdie vee kollosale verbetering teweeggebring by die inheemse rasse van Suid-Afrika en die grondslag gelê vir ons huidige betreklik hoogstaande friesfokkery.

Opsomming van belangrike eienskappe van Nederlandse vee volgens Hengeveld.(2)

1. „**Melkrijkheid.**" As uitstaande fisiologiese eienskap gee hy aan: „Vee dat zeer geschikt is voor melkgeving, hoewel het de neiging tot buitengewonen vetgroei niet mist, maar meer daarentegen de geschiktheid voor het werk." Weckherlin(2) roem besonder die skone kalwers, melkrykheid, konstantheid van die ras, dog beskou hulle minder geskik vir vetmesting.

Uilkens, Weckherlin en Villeroy(2) gee 'n gemiddelde opbrings van 3,000 Ned. kanne per jaar aan, Hengeveld 2,850, dog maak melding van indiwidue

wat 3,400 en selfs oor 4,000 Ned. kanne jaarliks gee en vervolg: „De oude roem van onze runderen als uitmuntende melkgewers is nog niet verloren, en er bestaat alle grond, om weder tot de vroegere hoeveelheid te geraken."(2) Hy gee as hoof oorsaak aan vir die vermindering te skrale voeding van die verskalwers gedurende die eerste lewensjare, en ook beweer hy dat te vroeg kalf die liggaamsontwikkeling strem, hoewel dit die ontwikkeling van die uier bevorder, dog sê onomwonde: „De koeijen zijn tegenwoordig kleiner en ligter dan vroeger, en daardoor is ook de melkopbrengst minder."

Jonston(2): „In Holland geven voornamelijk de bonte overvloedig melk; op sommige plaatsen geeft iedere koe in den zomertijd dagelijks 44 hominas, dat is omtrent 20 pinten melk."

Hengeveld(2) beweer dat die alleruitstekendste melkvee wat Nederland besit in die Beemster en in Drechterland op de Streek voorkom, en skrywe: „Aldaar toch is de melkvorm in zoo hooge mate in het vee ingegrifd als men nergens anders waarneemt."

Oor die vee van Het Bildt, wat as tipe van die graanproduserende streke van Friesland geneem word, meld Hengeveld(2): „De kleur is over het algemeen zwartbont, blaauwbont, roodbont, krutmuisvaal, en enkele zwartwitkoppen en zwartblaar. De hoeveelheid melk bedraagt dagelijks op het tijdstip der hoogste melkgeving 16-20 liters, en op het laagste 6-8 liters".

Hengeveld(2): „Het vee der kleistreken (Friesland) heeft geheel den melkvorm. Het melkbedrag verschilt en bedraagt omstreeks drie maanden na het afkalven ongeveer 20-28 liters, zoodat men er velen aantreft die per jaar over de 4,000 liters melk opbrengen." Hy skryf oor die Friesvee op die laagveen en die veenpolders: „Ofschoon in melkrijkheid iets minder dan het vee der kleistreken, zoo is het daarentegen van fijner maaksel, iets kleiner, ronder en evenrediger van vorm, meest zwartbont met weinig wit."(2) Die vee van die sand en oostelike woudstreke (Friesland) is nog ligter en met minder melk: „Het vee is klein van stuk, wat hoog op de beenen. Het melkbedrag gaat niet boven 14-18 liters daags en is gemiddeld 8-12 liters."

2. **„Geschikt voor de vetweiding en vetmesting."** Hengeveld(2) beweer dat die Nederlandse vee wel deeglik geskik is vir vetmes en haal die „ Bijvoegsel van het Landbouw-Courant No. 12 van 1849" aan, waarin opgawes van vroeëre tydperke versamel is: „Daaruit ziet men dat ossen van 3,000 ponden bruto en koeijen van 1,200-1,500 ponden netto voor omstreeks 100 jaren geleden wel eene zeldzaamheid waren, maar toch meer voorkwamen dan tegenwoordig. In den ‚Overijsselschen Veestapel' van Jennes vindt men dat er in 1849 op de tentoonstelling te Groningen eene koe was oud 4 jaren, die 2,000 ponden wogen."

Hengeveld(2): „Niet al het Hollandsche vee bezit dezelfde waarde en ontwikkelden lichaamsvorm. Onder dit veeras hoe voortreffelijk ook, vindt men verscheidene onderrassen en slagen die van minder gehalte zijn. Sommigen dezer onderrassen bezitten geschikte eigenschappen voor mestvee, anderen voor melkvee, nog anderen bezitten de eigenschappen voor mesting en melkgeving beide, hoewel voor het merendeel de neiging voor melkrijkheid bij al ons vee de overhand behoudt." Hy maak definitief melding van „het Friesche kleiras" en „het Groningsche ras" en beweer, dat hierdie rasse nie op alle gronde ewe goed aard nie en skryf: „niettegenstaande de Ned. tijpe

in allen zigtbaar is, zoo verschillen zij onderling zeer veel. In Groningen vindt men op de hooge klei voortreffelijk vee dat bijzonder geschikt is voor den vetgroei en tevens veel melk geeft. Het uiterlijke van het Friesche kleivee toont meer den vorm aan van melkgeving niettegenstaande het ook een kleiras is. Evenzoo het Overijsselsche hoewel daar de zand- en heivormen voorkomen, doch waarbij vee is dat even goed is als dat der zand- en heistreken in Groningen en Friesland. Langs de Zuiderzee in de kleistreken van Gelderland en Utrecht, komt ook zoodanig een vorm voor dat bijna evenals het Groningsche kleiras afgerond van vorm is, fijn van kop, korter hals en minder afdalende kruis bezit, en tevens niet zoo hoogbeenig is als de eigenlijke laaglandsche vorm, dog vele eigenschappen voor vetmesting in zich bevat. In Noord- en Zuid-Holland vindt men vee dat wel melk geeft, gemakkelijk vet wordt en wat den vorm betreft, het midden houdt tusschen het Groningsche en Friesche vee, doch zich zwaarder ontwikkeld. Ook vindt men in Noord-Holland buitengewoon groot en zwaar vee, een weinig hoogbeenig, doch zeer breed en overeenkomende, doch een uitstekender vorm, met het Friesche, Oldenburgsche en Hanoversche vee. In sommige hei- en zandstreken van Overijssel, Drenthe, Gelderland, Noord Braband en Limburg treft men een zeer fijn en klein slag van roodvee aan dat enigzins gelijkt naar het kleine roode Duitsche landras en op het Angler en Tondersche vee." Uit bogenoemde beskrywing blyk die variabiliteit van die Ned. vee, dog ook hul groot moontlikhede.

Schrevelius(2) („Beschrijvinge van Haarlem," bld. 400. 402. 403) gee op, dat die State van Holland in 1568 aan Alva twee osse aangebied het, waarvan die een 3,000 pond geweeg het, 10 vt. lank en 11 vt. dik was.

Velius(2) vervolg: „anno 1618 den 7 November werd hier gewogen eene osse levendig van 2,100 pond, en 's jaars daaraan heeft Hans Sweers een kalf in den Beemster opgevoet die voort hier tot Hoorn gemest en vet gemaakt is, en werd den 11 May gewogen en woog 2,460 pond, was 4 Brabantsche ellen en anderhalf vierendeel dik, lang 4 ellen min een duim, hoog 2 ellen en anderhalf vierendeel."

In vergelyking met die inheemse vee van Suid-Afrika was die Ned. vee ongetwyfeld veel swaarder en geskikter vir vetmes en gevolglik het die eerste kruisings, soos later sal blyk, seer opvallende verbeterings teweeggebring.

3. **„Werpen van groote sterke kalveren."** Vandag nog 'n uitstaande kenmerk van Friesvee, dat hul kalwers by geboorte groter is as die van meeste ander rasse.

4. **„Vastheid van het ras."** Hiervan was ongetwyfeld nog weinig sprake voor 1900. Hengeveld(2) maak reeds melding van Groningse, Friese en Suid-Hollandse vee en skryf: „Men kan bij dezelfde wijze van behandelen in Zuid-Holland niet denzelfden vorm bewaren van de Groningsche en Vriesche rassen, maar men verkrijgt een Zuid-Hollandsch ras."

Hengeveld(2) deel reeds die Ned. vee op in drie definitiewe tipes:

(*a*) „Vee van grooten en hoekigen lichaamsbouw, waartoe het kleivee behoort."

(*b*) „Een meer gedrongen slag van vee dat weinig kleiner en minder hoekig is, en daarom de melkgeving verbindt met de neiging tot vetwording, zoo als men dit op humusrijke gronden aantreft."

(*c*) „Het kleine slag van vee der zandstreken en het nog kleinere armoedig heivee."

Dit hang dus grotendeels af watter van hierdie tipes in Suid-Afrika ingevoer is in die vroeëre jare.

Die voortreflikheid van die Ned. vee is ongetwyfeld te wyte aan die geskiktheid van die klimaat, vrugbaarheid van die bodem, voortreflike weivelde, vlakke ligging langs riviere en see, behoorlike verpleging gedurende die winter en verstandige voortfokking veral gedurende die laaste jare. By die seleksie van friesbulle en koeie vir Suid-Afrika behoort hierdie faktore deeglik in aanmerking geneem te word.

5. **Akklimatiseringsvermoë** (aanpassingsvermoë) kan met die grootste vrymoedigheid tot die vier aangegewe eienskappe van Hengeveld gevoeg word. Volgens Bakker(1) is hul geweldige verspreiding en sukses in feitlik alle lande van die wêreld aan hierdie eienskap te danke.

Hengeveld(2) beskryf die jaarlikse opkoop van Ned. vee deur alle state: „Zij hebben gewoonlijk ten doel om met het Ned. vee het inlandsche te veredelen, doch er wordt ook veel vet vee naar Engeland en Belgie verzonden."

Dat die Ned. fokkery nie oral ewe hoogstaande was nie en met dieselfde noukeurigheid voortgeset is in vroeëre tye nie blyk uit die volgende(2): „Melk moet men slechts hebben en daarom moet een koe, jammer genoeg, kalven. Dan komt de uijer voor den dag, doch om te kalven is er een stier noodig, tenminste iets wat maar vermogend is om het dier dragtig te maken, hoe kosteloozer des te liever; maar of de toekomstige moeder wat jong en de vader mismaakt is, of zij deugdelijk zijn en van onbesproken afkomst, wie vraagt er naar den geslachtsboom van een koe en stier? Zij zijn adelijk genoeg, tenminste de koe, als zij melk geeft, en de stier, als hij kan springen." En(2): „Zeeland was van oordeel, dat geen bestuur zich daarmede moest bemoeijen, dewijl goede lucht, grond, water en gras meer toebrengen aan groot en welgevoed vee dan de keuze van eenen stier." In Brabant(2): „Moet zulk een dier soms ploeg of kar trekken en wordt afgespannen om als springstier dienst te doen." Hieruit kan dus afgelei word dat die moontlikhede seer groot was, dat sommige van die Ned. vee ingevoer in die begin, van minder kwaliteit was, nogtans het hul verbetering aangebring by ons inheemse vee.

Ontwikkeling van die Fokkery. Die Friese en Bataviere het waarskynlik as swerwende veeboere en herders by hul vestiging in Ned. hul eie tamvee met hulle meegebring. Hengeveld(2): „De Friezen vooral, die de aloudste bewoners zijn, hielden zich nog meer met de veehoederij bezig dan de Batavieren. De Friezen tellen hunne geschiedenis tot ruim 300 jaren voor J.C. en de Batavieren kwamen eerst 100 jaren voor J.C. den Rijn afzakken." As aanwysing van die kleur van hul vee is alleen bekend dat hul die witkleur veel agting betoon het en hierdie diere selfs godsdienstig vereer het.

Volgens Hengeveld(2) het die Romeine gedurende die eerste vier eeue na J.C. 'n besonder groot invloed uitgeoefen op die veehouery, deur die grond te verdeel, landhoewes, boerewonings, dorpe, markplekke, dyke (waterkeeringe) en kanale aan te lê, waardeur die veeboerdery sekerder geword het. Ook was hulle verplig volgens de Vries(2): „Drusus had haar opgeleght een jaarliksche schattingh van seecker getal ossen-huijden. Alsse deselve leverden, was men in 't eerst wel te vreden, sonder te letten op de grootheijd of dickte. Huijden

waren huijden; daarmeê konden se voldoen. Naederhand kregen se ten stadhouder Olennius een soldaet van wreeden aart. Deese soght Buffelshuijden uijt, en begeerde, dat geene andere, als van sulck eene groote en dickte, souden werden gebraght. Dit viel de Friezen onmogelijck, wijl se weijnigh sulcke groote Beesten in haer Land konden vinden."

Die hier-opvolgende Merovingische en Karolingische tydperk vanaf 481-1100 was heel onstuimig, veral gedurende die oorlogsugtige eeue met die koms van die Franke, en van die vorderinge van die gereelde veeboerdery is min bekend, dog het ongetwyfeld uitgebrei en sig meer gevestig. Veral het marke en sodoende buitelandse en binnelandse handel toegeneem. Van 'n doelbewuste fokkery is hier waarskynlik nog geen sprake nie, dog hiervoor het die gunstige klimaat en skitterende weiveld opgemaak. Veral tydens en na die bestuur van Karel die Grote het die veeboerdery snel vooruitgegaan.

Gedurende die Graaflike en Stadhouderlike regerings, was die Grawe, Hertoë, ens., onophoudelik met mekaar aan oorlog maak en roof. Daarby het nog gekom die onophoudelike invalle van die Noormanne. Nogtans het die veeboerdery intussen 'n onuitputlike bron van voordeel geword, en nie in deugdelike eienskappe agteruitgegaan nie, nieteenstaande al die oorloë, waarskynlik te wyte aan die grondvrugbaarheid.

Intussen het provinsiale tipes begin ontwikkel met betreklik uiteenlopende eienskappe, hoofsaaklik as gevolg van kruising met naburige vee en verskillende klimaat- en grondeienskappe. Veral gedurende die 18e eeu vind ons 'n geleidelike omvorming van die inheemse ras, veral deur kruising met swart Jutlandse vee op die vrugbare gronde, en rooi Münsterse vee op die skraal sandgronde, op die oostelike grens.

Hierdie kruising en gedeeltelike aanvulling het noodsaaklik geword as gevolg van die eksterminasie van die oorspronklike vee deur peste en watervloede. Met die jaar 1800 was die saak volgens Bakker(1) afgeloop, sodat die ontstaan van die Friesbees nie honderde jare teruggaan nie. Bakker(1): „Uitgezonderd de kruising met Shorthorn heeft Friesland reeds lange tijden (hoe lang is niet te zeggen; maar hoogstens 150 jaren) zuiver gefokt; in alle geval sinds 1879 toen het Stamboek is opgericht. Het N.R.S. echter pas na 1907." In 1907 het I. G. J. v. d. Bosch na 'n seer uitgebreide en intensiewe ondersoek die Hollandse vee in drie definitiewe tipes ingedeel (bld. 15).

Nederlandse vee ingevoer na Suid-Afrika voor 1800 kon dus van alles en nog wat wees, dog was nogtans veel beter as ons inheemse vee.

Na 1800 tree 'n periode van werklike vooruitgang in, wat uiteindelik gelei het tot die vorming van die beroemde Friesbees soos ons hom vandag ken.

Nederland het alles in haar vermoë begin doen om veeteelt te bevorder deur:

(1) Die oprig van die Veefonds, 26 Des. 1799 deur Geert Reinders, verander in 1805 tot „de Fonds der Landbouw."

(2) Daarnaas ingestel 'n Landboukommissie met 'n Landboukommissaris aan die hoof.

(3) Prysvrae was uitgeskryf van die kant van die Maatskappy van Landbou.

(4) Premiums was uitgeloof vir goeie stiere. Hoewel hiervan dikwels misbruik gemaak is, het dit nogtans bevorderlik gewerk.



(7) 'N VERBETERDE BETUWSCHE-TIPE IN GELDERLAND ONGEVEER 1870.

Foto. G. J. Hengeveld, Uitgawe van „De Erven Loosjes."



(8) DIE ZEBU.

(5) 'n Veeartsenyskool is opgerig en gefinansieer deur die " Fonds der Landbouw." Verskeie Veeartse is aangestel om siektes te bestry.

(6) Keuring van Springstiere ingevoer. In Noord-Holland[2] was dit die gewoonte om stiere langs die weë en dyke rond te lei, terwyl die geleier of geleidster van tyd tot tyd op 'n horing geblaas het om die belanghebbende veehouer met die aanwesigheid van die stier bekend te maak, wat dan sy togtige koeie kon laat dek teen 'n springgeld. Hierdeur is soveel verknoei dat[2] : ,,Het gemeentebestuur van de Beemster reeds in 1789 een ,keure en order wegens de keur- of springstieren in de Beemster vasgesteld heeft'." In 1860 het die Beemster 13 goedgekeurde gemeentestiere besit. Hierdie voorbeeld is geleidelik deur ander plekke ingevoer. Vandag egter word prakties geen stamboekkoei gedek deur 'n nie-stamboekstier nie, sodat feitelik alleen goedgekeurde stamboekstiere tans in Holland en Friesland diens doen. Ongeregistreerde kuddes en stiere word steeds minder.

(7) Rykslandbouskole en Landbou-Hoëskole is opgerig, waaraan les in veeteelt in al sy vele vertakkings gegee is. Veeteeltonderwys het dus met spronge vooruitgegaan en veral lig gewerp op voeding, verpleging en teelt self.

(8) Verskeie landboublaaie is opgerig om onkunde plek te laat maak vir kennis by die fokkers.

(9) Stamboeke opgerig. In 1874 die ,,Nederlandse Rundveestamboek" (N.R.S.), 1879 ,,Fries Rundveestamboek" (F.R.S.), spoedig gevolg deur ander provinsiale stamboeke, die meeste waarvan later verdwyn het deur amalgamasie. Hierdie eerste stamboeke was in die begin blote adresboeke en van geen waarde vir die fokkery nie, en bloot opgerig ter stimulering van die geweldige toenemende uitvoerhandel veral na Amerika en Engeland (1862-63-64 resp. 47,000-96,000 en 159,000 stuks). Mettertyd egter het toestande 'n ommekeer geneem, die stamboeke meer vertroubaar geword en vorm vandag die nucleus van die Fries rundveefokkery veral in Friesland. Vereistes vir registrasie word steeds strenger waardeur die koper van Friesvee vandag 'n betreklik hoë mate van sekuriteit besit.

Tot aan die end van die 19e eeu dus nog betreklik weinig konstantheid en uniformiteit. Diverse kleure, vorme en kenmerke was nog aangetref. Die opbloeiende Amerikaanse handel het kwantiteit instede van kwaliteit in die hand gewerk. Bowedien het die aanloklike pryse ook die verkoop van baie van die beste fokmateriaal as gevolg gehad.

Hierdie toestande behoort egter tot die verlede en veral gedurende die laaste 30 jaar is 'n betreklik hoë mate van konstantheid en uniformiteit bereik veral in Friesland, ongetwyfeld geassisteer deur die verbod, op invoer van fokstiere, in Friesland, sowel as die hoë mate van fokkennis by baie boere en die uitstekende kontrole deur die F.R.S.

(10) In 1907[1] is die Nederlandse vee na 'n seer uitgebreide en intensief wetenskaplikestudie gebaseer op maatgemiddeldes, kleur en vormkenmerke deur I. G. J. v. den Bosch geklassifiseer in drie definitiewe veeslae, nl. :

(*a*) Die Fries-Hollandse Swartbont veeslag. (Friesbeeste.)

(*b*) Die rooibont Maas-Rhyn-Yssel veeslag. (M.R.Y.)

(*c*) Swartblaar en Swartwitkop Groninger veeslag.

Reeds in 1897 het F. B. Lohnis (Inspekteur van Landbou) op 'n kongres te Steenwyk 'n byna soortgelyke indeling voorgestel en die aandag gevestig op die noodsaaklikheid van suiwerteelt van hierdie tipes.

Die jare 1874, 1879 en 1907 kan ons dus beskou as mylpale in die geskiedenis van die Friesveefokkery.

(11) Keuring van nakomelinge en preferentverklaring van stiere. Dr. van Welderen Baron Rengers en Ir. Leignes Bakhoven([6]): „Nadat in het begin van deze eeuw reeds zoo nu en dan de afstammelingen van een stier waren onderzocht, houdt de Provinciale Commissie voor de Veefokkerij in Friesland zoo 'n keuring sedert 1910 geregeld. Deze keuringen hebben ten doel de fokwaarde van de stieren, die door het aantal afstammelingen een belangrijken invloed op de veefokkerij in Friesland uitoefenen, zoo goed mogelijk vast te stellen."

„Het onderzoek omvat het vergelijken van **alle** aanwezige volbloedafstammelingen van den stier met hun moeders, bij de zoons ten opzichte van het exterieur, bij de dochters ten opzichte van exterieur en productie. Blijkt, dat een stier, waarvan een voldoend aantal afstammelingen met hunne moeders vergeleken kan worden, bepaald een verbeterenden invloed heeft uitgeoefend, dan krijgt een dergelijke stier het praedicaat ‚preferent'."

Gedurende die tydperk 1910-32 is van die ruim 14,000 stiere deur die stamboek opgeneem slegs 55 preferent verklaar, 'n bewys dat die preferentverklaring aan seer hoë eise blootgestel is.

Op grond van hierdie ondersoek is die volgende beroemde lyne vasgelê in Friesland:

(1) Albert 1306 (H) lyn.
(2) Albert II 2987 lyn.
(3) Jan 3265 lyn.
(4) Zeppelin 5114 lyn.
(5) Zwarthak III 2711 lyn } Hierdie twee lyne het vandag feitelik van
(6) Mazeppa 2500 lyn } die toneel verdwyn.

Die hele Friesfokkery loop vandag uit op 'n Albert 1306 (H) en Jan 3265, veral langs Wodan 6204, kombinasie.

Vernaamste bloedlyne van Friesbeeste in die res van Nederland volgens Reimers([17]) en Bakker([1]):

(1) Frans 3491 N.R.S. (Noord Holland).
(2) Max 716 S N.R.S. (Noord-Holland).
(3) Constantyn 3212 S N.R.S. (Noord-Holland).
(4) Dirk IV 1022 S N.R.S. (Suid-Holland).
(5) Willem 1309 S N.R.S. (Suid Drente).
(6) President 1213 R N.R.S. (Groningen).

Van hierdie lyne is Max en veral Frans die enige wat werklik van betekenis was en bloed in ons Suidafrikaanse Friesfokkery gestort het. Meeste van hierdie lyne het reeds opgehou om te bestaan en vervang deur suiwer Friese bloedlyne.

(12) Oprigting van Stoomsuiwelfabrieke, vanaf 1879 eers spekulatief, later koöperatief en aanleiding gegee het tot die oprig van melkkontroleverenigings en dus tot produksiekontrole.



(9) ZEBU-BUL. 'N INDIESE BEESRAS WAT WAARSKYNLIK 'N BELANGRIKE ROL GESPEEL HET BY DIE ONTSTAAN VAN VERSKEIE INHEEMSE BEESRASSE VAN AFRIKA.

Foto. J. D. Hudgins, Texas, Goedgunstiglik toegestaan deur „Boerdery in Suid-Afrika."



(10) DIE WATUSSIEBEES. 'N TIPIESE MACROCERE BEES, BEHORENDE AAN DIE KAFFERSTAMME IN NOORD-AFRIKA.

Kroon([7]) gee die volgende middele aan ter bevordering van die rundveefokkery:

(*a*) Van owerheidsweë: Staatsondersteuning, aanstel van provinsiale kommissies, provinsiale subsidies, primering van manlike fokmateriaal, stierkeuringe, landbou-onderwys, keuring van eksportvleis, ens., aanstelling van veeteeltkonsulente en veeartse.

(*b*) Samewerking van Veehouers: Stamboekvereniginge, stierehouery, melkkontrolevereniginge, fokvereniginge, vereniginge vir veeversekering (onderlinge vereniginge), vereniginge van waaksaamheid (mond- en klouseer) en tentoonstellinge.

Verskeie van die aangegewe middele word reeds met sukses in Suid-Afrika toegepas ter bevordering van die Friesveefokkery.

'N KORT BESKRYWING VAN ENIGE VAN DIE VERNAAMSTE OORSPRONKLIKE TIPES.

In Friesland was oorspronklik drie hooftipes aangetref wat veral in produksievermoë en gewig (grootte) van mekaar verskil het.

(*a*) FRIESVEE VAN DIE KLEIGRONDE (kleitipe). Oor die algemeen was die Friese kleivee groot, benig, langer en minder gedronge as die Groningse, hoër op die bene, hoër en skerper van rug, ondieper van bors, meer platribbig, dog het, hoewel minder gebroek, 'n betreklike lang en breë agterstel besit met 'n groot ontwikkelde uier en ryker aan melk as die Groningse vee. Ook was hulle meer knokkig en growwer van bou as laasgenoemde.([2]) (Sien Fotos 2 en 3.)

(*b*) FRIESVEE VAN DIE LAAGVEEN, MOERASVEEN OF VEENPOLDERS (laagveen tipe). Die liggaamsvorm van hierdie tipe was fraaier en ewerediger as dié van die kleitipe. Iets kleiner, byna ewe lank, ronder, breed en diep, korter op die bene en meer gebroek, dog het wel ook die Friese knokkigheid besit. 'n Los, ruim, sagte huid, met sagte, gladde hare meestal swartbont met weinig wit. Die kop goed gevorm, eerder fyn as grof en fyn horings. Die nek nie te lank nie en nie so laag aangeset nie. Die bors taamlik diep en die ribbe en borskas rond, teen die rug iets plat. Die lende lang, kruis iets opdraende. Kruis en dye lang dog matig breed. Die aanleg vir melkgee en vetword uitstekend, en met die beste melktekens. Hoogste melkgif 16-28 liters en van 'n goeie hoedanigheid aan botter en kaasgehalte. Hoewel hierdie tipe iets minder melk gegee het as die kleitipe, was hul daarenteen fyner, ewerediger en van beter gehalte. Slaggewig van 3-450 Kg.([2])

(*c*) FRIESVEE VAN DIE WOUD- EN SANDSTREKE (sandtipe)([2]). Hoewel in hierdie dele verskillende tipes aangetref is, was die algemene kenmerke van die sandtipe: oor die algemeen fyn met klein horings, lang nek, hoë skof met 'n duik daar agter, lang lende, ietswat hoë kruis en kort tot by die stert, weinig ontwikkelde dye, wat smal van agter, sommige wat hoogbenig, soms wat koeihakkig. Hulle was deurgaans kleiner en ligter as die vorige twee tipes. Die melkopbrings het selde bo 14-18 liters per dag gegaan met 'n gemiddelde van 8-12 liters. Slaggewig van 250-350 Kg.

Hierdie beskrywinge geld vir ongeveer 1860-70. Die groot verskille tussen hierdie tipes is hoofsaaklik te wyte aan die verskille in weiveld en voeding,

dog ook aan teeltmetodes en kruisinge toegepas met naburige vee. Hierdie verskille bestaan vandag nog, dog in 'n aansienlik geringer mate. (Sien Foto 4.)

Noord-Hollandse Friesvee. Hengeveld(2): „Over het algemeen treft men in Noord-Holland goed gebouwd en zwaar vee aan, van eene fijne vezel en middelmatig fijn beengestel. Het is beter gevormd, fijner, zwaarder, grooter, in een woord, beter ontwikkeld dan het Friesche kleivee, en als het de afrondingen bezat van het meer welgemaakte, doch niet zoo zware Groninger kleivee, dan was er op het Noord-Hollandsche niets aan te merken."

„Wat te hoog op de beenen is het grootste gebrek wat men kan aanwijzen. Eenen grooten aanleg voor melkgeving en vetwording, zijn aan al het Hollandsche vee eigen en verschillen alleen naar de onderscheidene soorten van gronden waarop het word aangetroffen."

Hengeveld(2) beweer egter: „Men kan evenwel van Noord-Holland bezwaarlijk, zeggen dat het eene rundveetijpe bezit, omdat men voor de fokkerij meestal Friesche stieren, soms Groningers gebruikt, en de meeste koeijen van Friesche afkomst zijn." Die uitstaande kenmerke was hoofsaaklik die gevolg van beter weiveld en voeding. (Sien Foto 5.)

Suid-Hollandse Vee. Volgens Hengeveld(2) het daar uitmuntende eksemplare van skoon, welgevormde en seer melkryke vee met 'n uitstekende aanleg vir vetweiding en vet word voorgekom; dog daar het ook diere van 'n swakker gehalte voorgekom slegs van 'n middelmatige grootte, verre van 'n fraai vorm, maer, teringagtig en verswak deur die aanhoudende kalf en te vroegtydig melk. Hengeveld(2) konkludeer: „Men treft zoodoende in Zuid-Holland een mengelmoes aan van allerlei vee."

In Suid-Holland is as reël heel weinig fokvee aangeteel, dog meestal al hul melkkoeie uit Groningen, Friesland, ens., aangekoop. Sodat beeste van uit Suid-Holland na Suid-Afrika ingevoer gedurende die vroeëre jare van diverse tipes kon wees. (Sien Foto 6.)

Groninger Vee. 'n Geheel ander tipe as die Friesvee, wat bou en produksie betref. Hengeveld(2) maak melding van hul voortreflikheid. Tipies is die witkop en die gelykmatige aanleg vir melkgee en vetmes. Hengeveld(2) beskryf hul as volg: „Dit vee behoort tot de groote veerassen en bezit eenen goed geëvenredigden, fraaijen en fijnen lichaamsbouw. De grootte van den kop, de lengte van den hals, de lengte en breedte van den overigens breeden schoft, rug, lenden, heupen en kruis staan allen met elkander in eene gewenschte verhouding. De borst is tamelijk breed en diep, de ribben gevuld en gewelfd, de flankstreek niet te lang, de dijen gevuld, het kruis regt. Daarbij zijn de ledematen ook breed van voren en van ter zijde. Het uijer is goed ontwikkeld, afgerond, aangesloten vierkant en veerkrachtig met fijne spenen."

Die Groningervee was ongetwyfeld die beste geproporsioneerde tipe van Holland, die fynste, mooiste, en beste slagbees, dog het minder melk gegee as die Friesvee.

Ongetwyfeld is heelwat Groningervee vroeër ingevoer na Suid-Afrika.

In die res van Holland is verskillende tipes aangetref, meestal van diverse plumage en deurgaans van swakkere gehalte as die bogenoemde tipes. Veral was hul kleiner, skraler en ondieper, minder melk gegee en minder geskik vir slagvee.

Dat sommige van hierdie tipes ook hul weg na Suid-Afrika gevind het, bly ongetwyfeld nie uitgesluit nie. (Sien Foto 7.)

Uit hierdie beskrywing van die verskillende tipes sal dus blyk, dat die eerste „Vaderlandsche" vee ingevoer na Suid-Afrika ongetwyfeld van diverse tipe was, en daar geen die minste sprake van konstantheid, wat oorerwing betref, kon wees nie. Dit verklaar ongetwyfeld ook waarom daar sulke uiteenlopende sienswyses oor die waarde van die ingevoerde „Vaderlandsche" vee by die pionierveetelers van Suid-Afrika bestaan het. Die resultate was waarskynlik seer uiteenlopend en in baie gevalle geen bewys van konstantheid by die nakomelinge nie.

Nogtans het hierdie, nog geensins uitmuntende, „Vaderlandse" vee die grondslag gelê vir ons huidige reeds betreklik beroemde Suidafrikaanse Friesveefokkery.

HOOFSTUK II.

AFKOMS- EN KWALITEITSBESKRYWING VAN DIE INHEEMSE SUIDAFRIKAANSE BEESTE

1. Afkoms.

Die afkoms van die inheemse Suidafrikaanse beesrasse is nog grotendeels aan hipotese en deduksie verbonde, daar die oorsprong en koms van die inboorlingrasse nog geensins met sekerheid vasgestel kan word nie, deur die afwesigheid van betroubare historiese gegewens. Die afkoms en ewentuële ontstaan van ons inheemse beesrasse hang ten nouste saam met hierdie prehistoriese volksverhuisinge.

Bakker(1) neem as fossielevorm aan, in die plioceen, **Bos namadicus,** wat oorsprong sou gegee het aan die latere fossielevorm **Bos primigenius Hahni** in Suid- en Wes-Sentraal-Asië. Hieruit sou ontstaan het die rundergroep **Bos macroceros,** gekenmerk deur hul eenkleurige rooi of rooi-bruin kleure, oorhellende inter-pariëtale been, vlakke skedels en geweldige lang, dik horings.

Deur volksverhuisinge in die vroegste tye, ongetwyfeld vele eeue voor J.C., vind ons 'n verspreiding van Macroceros na Egipte, waar ons dit aantref as die ou **Hamietenrund** van die Egiptenare volgens Bakker(1), Düerst(1) en Adametz.(4)

Deur vroeë kruisinge met Asiatiese Zebus(1) sou die kenmerkende bult ontstaan het, wat 'n kenmerkende eienskap van meeste van ons inheemse inboorlingbeesrasse is en veral die Afrikaner, Watussie, Batussie, Damara(10), Batawana(10) en Betsjoeana.(10) (Sien Fotos 8, 9, 10.)

Deur volksverhuisinge na die Suide het hierdie oorspronklike Hamitiese rund, sowel as die kruisingsprodukte met Asiatiese Zebus,(1) steeds verder Afrika ingedring en uiteindelik die Kaap bereik, waarskynlik lank voor die koms van die Europeaan.

Die bees blyk die vernaamste boerdery van hierdie migrerende inboorlingrasse te gevorm het. Dat veranderde voedings-, verplegings- en teelt-omstandighede ewentueel gewysigde vorme aangebring het bly natuurlik nie uitgeslote nie, en moet ons waarskynlik die verklaring insoek van die variasies by die verskillende onderrasse hier tydens en na die volksplanting aangetref.

Bakker(1) deel dus die kruisingsteorie van Macroceros met Asiatiese Zebus vir die oorspronklike ontstaan van die Afrikaner en ander verwante rasse.

Reinecke(13) deel die sienswyse van Bosman („Die oorsprong van die Afrikanerbeeste van Suid-Afrika") en kwoteer hom as volg: „Sy (Afrikanerbees) allervroegste oorsprong gaan waarskynlik terug tot die Bos indicus (die bult-os van Asië), en nie tot die Europese soort, die Bos taurus nie. In Suid-Afrika was daar egter die Banturasse en Hottentotte, wat altwee met

beeste geboer het. Daar is 'n sekere mate van ooreenkoms in bou tussen die beeste van genoemde twee rasse, wat wys op 'n gemeenskaplike stamvader, die Bos indicus. Die beeste van die Bantu egter het altyd dik, opstaande horings, gewoonlik swart van kleur; waarteen die Hottentotte se beeste meer mooi gevormde, dun en gedraaide horings had.

„Uit dit alles blyk dus, dat die vestiging van die Afrikanerbeeste vir die grootste gedeelte kan toegeskrywe word aan die Hottentotte se beeste, waarmee hul langs die Weskus suidelik getrek het. Die regtige grondslag vir die beesras is egter gelê deur die ou Voortrekkers, wat hul beeste en veral hul spanosse liefgehad en waardeer het bo alle ander besittings op die plaas."

Bosman beskou dus die Afrikanerbees as 'n direkte afstammeling van die Asiatiese Zebu en geen kruisingsproduk nie.

Verder neem Bosman aan, dat die Afrikanerbees al vir 'n lang tyd 'n suiwer inheemse ras was en skrywe: „Heelwaarskynlik het ook 'n sekere mate van teeltkeuse plaasgevind (by die Hottentotte), wat Stowe tot die verkeerde gevolgtrekking gebring het, dat die Namakwa 'n manier had om die horings van hul osse 'n kunsmatige rigting te gee en spiraalvormig te hou."

Hieruit blyk dat Bosman die Afrikanerbees assosieer met die Namakwabees.

Hoewel Reinecke([13]) gedeeltelik die sienswyse van Bosman deel, dat die Afrikaner 'n direkte afstammeling is van Bos indicus, gee hy egter die volgende duidelike verskilspunte aan: (*a*) „'n Oorvloedige keelvel, wat verskillend is van wat die Indiese soorte het," en (*b*) „Die bult van die Afrikanerbeeste is verskillend van dié van die Zebu en sit stewiger aan die skowwe vas." Punte wat getuig teen 'n suiwer Zebu-afkoms. Reinecke beskou dus blykbaar 'n moontlike prehistoriese kruising as nie onwaarskynlik nie, hoewel hy dit nie definitief konkludeer nie. Volgens Reinecke([13]) is die Afrikaner veral in die dorre streke van die middellande en die noordweste van die Kaapprovinsie, meer as 'n eeu gelede deur die witman aangetref.

Epstein([59]) („The Origin of Africa's Indigenous Domestic Animals") konkludeer: „That the West African Shorthorn and the Afrikander are representatives of the Brachyceros and Longhorned Zebu types respectively." Epstein deel dus die sienswyse van Bosman en neem 'n monofiletiese afkoms aan van die Asiatiese langhoring Zebu vir die Afrikanerbees.

Bakker([1]) is die mening toegedaan, dat die Afrikaanse Zebu 'n „**bastaard**" is, en wel tussen die geïmporteerde Asiatiese Zebu en 'n Macrocerostipe; vandaar die lang horings van verskillende Afrikaanse Zebu's (bv., die groot Sanga). As beweegrede gee Bakker aan, dat daar geen enkel Asiatiese Zebutipe voorkom wat sulke enorme lang horings het as verskeie Afrikaanse rasse nie, en dat juis deur hierdie lang horings die macrocererund verraai sou word.

Hierdie bewering van Bakker is mynsinsiens die mees waarskynlike en dus aanvaarbaar.

Neffgen([59]) (1904) in sy beskrywing van die „Veterinary Papyrys of Kahun" beweer, dat die oudste beesras die „Langhorn"-rasse was, en die oorheersende rol gespeel het gedurende die „Alten Reiche", nl., circa 2830-2530 v.C. Curson([59]), e.a., skrywe aan ons inheemse beesrasse 'n drieledige oorsprong toe, nl., (*a*) die Hamietenrund, (*b*) Bos brachyceros, en (*c*) die Asiatiese langhoring Zebu.

Betreffende die Hamitiese of Egiptiese langhoringbeeste skrywe Curson(59): „It is believed that the ancestor of this type was the giant horned indigenous wild ox of the Nile valley, called by Hilzheimer Bos primigenius Hahni, nova sub-species Hilzheimer. Domestication took place probably before and during the Neolithic era of Egypt. At the end of the Neolithic era, there entered Egypt from Asia (via the Isthmus of Suez), cattle of an entirely different type, namely, the Brachyceros or Shorthorn."

Curson deel die sienswyse van ander skrywers, dat die Hamitiese rund ewentueel migreer het deur Noord-Afrika na Spanje en Portugal deur volksverhuisinge, en skrywe(59): „Descendants of these cattle are now to be seen in the Raza de Barroza, Raza Minhota, and Raza Alentejana (Portugal)* and cattle of Andulusia (Spain). From the Iberian Peninsula, Brazil imported cattle and the Franqueiro Breed there represents the Hamitic Longhorn. Great Britain too has representatives in the Black Cattle of Wales, West Highland Cattle, and Herefords. Other migrations in Africa were mainly in a southerly direction."

Bakker(1) inteendeel beskou die „Black Cattle of Wales" en die „West Highland Cattle" as afstammelinge van Bos primigenius Bojanus, wat met die noordelike volksverhuisingsstroom Europa binnegedring het vanuit Asië (terwyl Bos primigenius Bojanus ook hier en daar in Europa getemd sal wees), en nie as afstammelinge van Bos primigenius Hahni (Hamitenrund) nie. As verdedigende argument voer Bakker aan dat Bos primigenius Bojanus eenkleurig swart en donkergrou was met kleiner horings, terwyl Bos primigenius Hahni (Macroceros) eenkleurig rooi of rooibruin was met veel groter horings.

Curson(59) beweer, dat die Hamitiese langhoringras verdwyn het uit die Nyl-Vallei, dog dat 'n soortgelyke tipe nog aangetref word in Sentraal-Senegambia en Liberia (Mandingobeeste) en in die haas onbereikbare bergdele van Marocco.

Volgens Flower(59) (1932): „The domestic cattle of Egypt in my time were all of one shorthorned type from Alexandria to Aswan."

Insake Brachyceros (longifrons Owen) (volgens Curson verteenwoordig deur die Wes-Afrikaanse Korthoringbeeste) skrywe Curson(59): „As mentioned, at the end of the Neolithic era in Lower Egypt there arrived the Brachyceros cattle, and even during the period of the New Kingdom (c. 1530-1050 B.C.) they were dominant." Hy haal as bewys aan (i) Neffgen(59) (1904): „Die ‚Kurzhornrasse,' Tiere mit kurzen Hörnern, wie schon der Name sagt, kommt im ‚Alten Reich' selten vor, dagegen mehr in späterer Zeit." (ii) Epstein(59): „It is safe to assume that there lived in some parts of Asia a local sub-species of Bos primigenius, in the domestic descendants of which those physical characteristics that, throughout the animal world, are found only in the state of domestication, and which in Bos taurus are called brachyceros, became fixed by mutation."

Nehring en Von der Malsburg deel gedeeltelik hierdie monofiletiese afstammingsverklaring van Epstein, dog in teenstelling beskou hul Brachy-

* Raza Alentejana: Da Costa (1931) beskou hierdie ras verwant aan die Afrikaner en deel dus nie die sienswyse van die voorstanders van die suiwer Asiatiese langhoring-Zebu-afkoms nie.

ceros afkomstig van 'n „kummerform" (Bos (urus) minitus) van Bos primigenius, m.a.w., 'n afwykende en gedegenereerde vorm deur ongunstige omstandighede, terwyl Epstein(59) dit as 'n domestikasie verskynsel beskou.

Direk in stryd met hierdie sienswyse van Epstein staan, soos reeds opgemerk, die van Adametz(4), wat Brachyceros beskou as afkomstig van 'n wilde vorm Bos brachyceros, wat oorspronklik in Europa en Asië voorgekom het naas Bos primigenius, en van Bakker(1), wat die sienswyse van Adametz die mees waarskynlik ag en nie aan 'n gedegenereerde vorm van Bos taurus primigenius geloof nie, omdat gedegenereerde rundervorme, met 'n suiwer primigenekarakter, tans nog bestaan (North Highland).

Heel twyfelagtig egter is mynsinsiens die mutasieverklaring wat Epstein aan sy beskouing, oor die ontstaan van Brachyceros, heg.

Curson(59) gee die volgende beskrywing van die verspreiding van Brachyceros: „As a result of the invasion by Brachyceros the Hamitic Longhorn, being less adaptable, was crowded out, not only in Egypt, but along the entire North African littoral. In other words, Brachyceros also accompanied the human stream of migration, along North Africa via Gibraltar into Europe and even into the Channel Islands where the Jersey represents the type. A part of the stream of advancing Brachyceros, instead of entering Europe, was diverted into West Africa as may be seen in several breeds of the West African Shorthorn. Du Toit (1927) and Stewart (1932) have referred to these cattle in Nigeria and the Gold Coast respectively."

Cameron(81) maak ook melding van hierdie rasse tussen Bihé en Benguella en dat hulle sonder die kenmerkende bult is.

Hierdie hipotese, oor die koms van Brachyceros, is waarskynlik heel plausibel, en kan ons die verklaring deels in soek waarom verskillende van die vroeëre skrywers dikwels melding gemaak het van heel verskillende beestipes deur hul aangetref, soos uit latere kwotasies sal blyk.

Ons kan ongetwyfeld aanneem, dat Brachyceros deur volksverhuisinge ewentueel ook Suid-Afrika binnegedring het en dus sy invloed hier ook doen geld het op die oorspronklike inheemse rasse.

Terwyl bogenoemde volksverhuisinge aan die gang was het volgens Curson(59) 'n ander invasie in Noord-Afrika plaasgevind: „This time, the Semites entering mainly by way of South Arabia and Ethiopia and accompanied by their Longhorned Zebus."

Volgens Epstein(59): „Cattle of the above type entered Africa about the end of the third pre-christian millenium. So great was their influence in Upper Egypt, chiefly on the Hamitic Longhorn, that (except for comparatively recent importations of the Shorthorned Zebu) the majority of all indigenous cattle South of the Sahara represents a cross of these two basic types. (Deur Epstein die ‚Sanga' genoem.) Besides the West African Shorthorn and the Mandingo cattle, the exception to the statement just made is the Afrikander of South Africa, which is the sole representative (in Africa) of the original Longhorned Zebu."

Verskeie soölоë klassifiseer die Sanga as 'n Zebu wat volgens Epstein foutief is.

Epstein(59) beskou dus die Afrikanerbees as die alleen direkte verteenwoordiger van die originele langhoring Zebu in Afrika.

Verskeie oorsese skrywers is dit egter nie eens met Epstein nie, bv., Snapp([59]) (1930): „Describes the Afrikaner as a cross of the Kafir (Sanga type) cows . . . with Zebu or Brahma bulls for the purpose of obtaining an increase in size." Bakker([1]) beskou die Afrikaner as 'n kruisingsproduk van die Hamitiese rund × Asiatiese Zebu. Volgens Curson([59]) is Bos namadicus waarskynlik die voorvader van die langhoring Zebu, wat die eerste getem is in die hoogvlakte van Sentraal-Asië.

Epstein([59]) gee die volgende hoofverskille aan tussen die drie oorspronklike Afrikaanse beestipes (sien teenoorgestelde Tabel).

Curson([59]) gee as osteologiese-verskille (skedel); algemene beskrywing (sien teenoorgestelde Tabel).

Uit hierdie gegewens blyk volgens Curson([59]): „The differences depend mainly on the development of the horns and the situation of the orbit."

Curson([59]) skrywe verder: „It is not suggested that the specimens are pure bred, but they are sufficiently characteristic of the various types. It must be remembered that during the course of centuries much crossing has taken place and so all gradations are met with, but if typical skulls are selected, noteworthy differences are to be observed."

Die verskille is ongetwyfeld gering veral tussen die Hamitiese rund en die Afrikaner en alleen deur 'n osteologiese ondersoek van 'n betreklike groot aantal skedels van suiwer verteenwoordigers van bogenoemde tipes kan betroubare konklusies getrek word. By 'n paar skedels mag indiwiduele variasies verkeerde gevolgtrekkings veroorsaak.

Johnston([8]) egter skrywe: „The ancestors of the Hottentots in their migration southwards brought with them into South Africa the long-horned cattle of ancient Egypt and the type of fat-tailed sheep characteristic at the present day of Arabia, Somaliland and East Africa. The route of their migration seems to have passed between Lakes Tanganyika and Nyassa in the direction of the Upper Zambesi and thence to the south-west coast of Africa and the Kalahari desert, where they conquered and subdued previous black Negro settlers and also began to come in fierce conflict with the Bushman."

Johnston bedoel hier waarskynlik die Hamitiese rund soos uit die volgende kwotasie sal blyk: „About 2,000 years ago, or a little earlier (as near as we can guess) Africa South of the Zambesi was invaded by Negro tribes speaking Bantu languages, tribes no doubt of powerful physique, and armed with iron and copper weapons, which enabled them to contend with great superiority of strength against the Bushman and Hottentot."

Johnston neem dus aan, dat daar enige negerstamme voor die Hottentotte in Suidwes-Afrika was, dog dat die groot Bantu invasie van suidelike Afrika ruim 2000 jaar v.C. plaasgevind het, en dat die Hottentotte en Boesmans toe reeds hier gevestig was.

As hierdie tydsberekening korrek is, val die hipotese van Epstein weg, nl., dat die Afrikaner 'n direkte verteenwoordiger is van die Asiatiese langhoring Zebu. Ongelukkig egter is die tydsberekening ook hipoteties.

Goodwin([8]) beweer dat die Hamitiese inboorlingras van Noord-Afrika met hul eienaardige beeste en vetstertskape eers langs die ooskus van Afrika afgetrek het tot by die Sambesi, vervolgens langs die Sambesi af tot aan die



(11) Benaderende Distribusie van die Verskillende Inheemse Beestipes in Suid-Afrika.

Foto. Dr. H. H. Curson, Goedgunstiglik toegestaan deur die Direkteur van Veeartsenykunde, Onderstepoort.



(12) 'N TIPIESE BETSJOEANA-OS (ROOI VAN KLEUR).

Foto. Dr. H. H. Curson, Goedgunstiglik toegestaan deur die Direkteur van Veeartsenykunde, Onderstepoort.



(13) URUNDI BEESTE. 'N KOEI AS HEILIG BESKOU DEUR DIE KAFFERS VAN RUANDA.

Foto. Mnr. H. J. Moolman, Kabale, Uganda.



(14) BATAWANA-BUL, OOS VAN DIE THAMALAKANERIVIER, NABY MAUN, DES. 1930.

Foto. Dr. H. H. Curson, Goedgunstiglik toegestaan deur die Direkteur van Veeartsenykunde, Onderstepoort.

EPSTEIN: HOOFVERSKILLE TUSSEN DIE DRIE OORSPRONKLIKE AFRIKAANSE BEESTIPES.

FEATURE.	HAMITIC LONGHORN.	WEST AFRICAN SHORTHORN.	AFRIKANDER.
1. Head	Comparatively short and broad.	Elongated frontal region which is concave.	Long and narrow. Forehead convex.
2. Horns	Long and upright. Of same length and shape in bull and cow. Base almost circular, substance light coloured with dark tips, rarely dark throughout.	Short, fine and dense in texture. Base circular.	Long and slender. Base oval. Horns leave head in lateral direction and show a moderate twist.
3. Dewlap	Only moderately developed.	Moderately developed.	Well developed and commencing at chin.
4. Hump	Not the slightest sign of a hump.	Not present.	Well developed and does not fall abruptly on the withers, but slopes gradually.
5. Height at withers	About 57 inches.	Varies from 3 to 4 feet.	About 5 feet.
6. Type of beast ...	Beef (large framed beasts).	? Milk (generally a small beast).	Beef.

CURSON: OSTEOLOGICAL DIFFERENCES: SKULL.
General Description.

FEATURE	HAMITIC LONGHORN BULL	WEST AFRICAN SHORTHORN BULL	AFRIKANDER OX
Frontal Surface:			
(1) General Shape...	The head is comparatively short and broad.	Long, especially forehead, and fairly broad.	Long and comparatively narrow, especially between orbits.
(2) Margin of Orbit	The eye is big and prominent.	Slightly prominent.	Not prominent.
(3) Profile	(Appears straight).	Straight.	Convex.
Lateral Surface:			
(4) Temporal fossa	The temple (temporal fossa) is broad and deep.	Deep, horizontal and widely expanded caudally.	Deep and curved. Markedly influenced by base of horn.
(5) Horn	Lyre-shaped and slender. Upright.	Short and horizontal.	Lateral direction and slender with twist.
Basal Surface:			
(6) Choanae	The choanae begin a little more than ½ in. behind the third molar.	Choanae begin approximately 1 cm. in front of posterior edge of third molar.	As for Hamitic Longhorn.
Nuchal Surface:			
(7) General	Separated from frontal surface by prominent and thick frontal ridge which is level when viewed anteriorly and straight from side to side.	Frontal ridge thick but not prominent. From front it is convex (with central depression) and is straight from side to side.	Frontal ridge thick and prominent. From front it is convex and markedly curved from side to side.

Weskus, waar hulle met die Boesmans in aanraking gekom het, die mans gedood het en met die Boesmanmeide getrou het; die klieke van hul spraak oorgeneem, en so het ontstaan die Hottentotte wat later suid getrek het tot by die Kaap en Visrivier. Met hul het van Riebeek in aanraking gekom.

Volgens Goodwin([9]) het die negerstamme van Wes-Asië by hul volksverhuising in twee gesplits, waarvan een deel ooswaarts getrek het en die ander deel na Egipte en Noord-Afrika.

Volgens Bakker([1]) trek die Ariërs van Suidsentraal-Asië in 3000-2000 voor J.C. weswaarts en vestig hulle aan die westelike hellinge van die Himalayagebergte, splits ongeveer 1500 voor J.C. in twee takke, waarvan die een tak ooswaarts trek en die Indiërs vorm en die ander tak nog meer weswaarts na Arabië en Persië en vorm die Iraniërs, wat waarskynlik later Egipte binnegedring het, en Goodwin van melding maak, en volgens Curson en Epstein Brachyceros meegebring het.

Volgens Goodwin([9]) was hul landbouers en het waarskynlik landbou in Egipte ingevoer, hoewel seer primitief. In Egipte en Noord-Afrika het hul gemeng met die Hamiete en so oorsprong gegee aan die Bantus, wat later deur Sentraal-Afrika en die Congo afgesak het en landbou en die Hamietenrund met hul meegebring het en later die Hottentotte by die Visrivier ontmoet het.

Goodwin neem dus aan, dat die Hamietenrund op twee maniere in Suid-Afrika ingevoer is. Hoewel Goodwin en Johnston beslis teenstrydig is betreffende die volksverhuisinge, stem hul nogtans definitief ooreen, dat die inheemse beeste hoofsaaklik van Hamitiese afkoms is en kruisingsprodukte van die Hamitiese rund met beeste van die migrerende volkere.

Wallace([12]) skrywe: „The Hottentots and Kaffirs are supposed to have gradually found their way from North Africa, and to have brought their cattle with them. These cattle strongly resemble the Spanish and Portuguese cattle. The success in crossing with the native cattle, which followed the introduction of Portuguese cattle by the first settlers, is another strong argument in favour of their close relationship."

Volgens Wallace dus het die Hottentotte die Hamietenrund met hulle meegebring.

Theal([32]) egter stem ooreen met Curson en Epstein wat die volksverhuisinge betref en skrywe: „This leads to the belief that an intruding band, speaking the parent dialect of the Bantu language, entered North Eastern Africa after the other races had settled there, and long after the Bushman had spread over the Central and Southern portions of the continent. First one small community was conquered and destroyed, except the boys and girls who were incorporated. Strictly speaking, therefore, the Bantu are not a distinct race, but a combination of many elements mixed together in different proportions, here the remnants of a hamitic community being incorporated, there the remnants of a negro tribe, elsewhere a number of girls of Bushman stock. Then came Arabs and Persians and Indians (waarskynlik die Semiete van Epstein) and mixed their blood with the eastern tribes."

Hieruit is wel deeglik af te lei dat hul beeste insgelyks 'n mengelmoes moes wees en tref ons herhaalde male vroeëre skrywers aan wat melding maak van vreemde en onbekende beestipes aangetref.

Resumerend blyk dus uit bogaande skrywers se gegewens, dat ons aan ons inheemse rasse 'n trifiletiese afkoms kan toeskryf: (*a*) Macroceros (Hamietenrund), (*b*) Brachyceros, en (*c*) die Asiatiese langhoring Zebu. Ook blyk, dat ons inheemse rasse kruisingsprodukte is van bogenoemde drie fundamentele tipes, dog dat die Hamietenrund en die Asiatiese Zebu die oorheersende rol gespeel het.

2. Beskrywing van ons Inheemse Suidafrikaanse Beeste.

Curson([10]) konkludeer: „Sedert die koms van blanke koloniste in Suid-Afrika was daar (te oordeel na bouvorm) skynbaar vier bepaalde tipes inheemse beeste, nl., (1) die **Betsjoeana,** aangetref in die dorre sentrale hoogvlakte (N. Transvaal, Betsjoeanaland-Protektoraat, oostelike deel van Suidwes-Afrika); (2) Die **Hottentot of Namakwa, nou die Afrikaner,** wat dwarsdeur die Unie en Suid-Rhodesië aangetref word; (3) Die **Ooskustipe,** bv., die Makalanga en Zulu; (4) Die **Ovambo** (noordooste van Suidwes-Afrika). Onder genoemde vier tipes kom daar verskillende soorte voor, wat ontwikkel het, òf deur kruisteling met ander tipes (of Europese rasse), soos die Damara; òf ontstaan het as gevolg van die omgewing, soos die Batawana; òf as gevolg van albei omstandighede." (Sien Foto 11.)

I. Curson([10]) gee die volgende eienskappe aan van die tipiese **Betsjoeana-os**: rooi van kleur, groot lang regopstaande horings, 'n skof, en volgens Pilditch en Coetzee, van die slagpale, Pretoria, het die gedresseerde karkas 560 pd. geweeg. (Sien Foto 12.)

Volgens Curson kom die Betsjoeanatipe dwarsdeur die Kalahari geologiese sisteem voor, wat 'n uitgestrekte sandvlakte is met 'n gemiddelde hoogte van 3,000 voet.

Nobbs([10]) („S. Afr. Jl. Sc.", dl. 24) het reeds in 1927, in 'n artikel, „The Native Cattle of Southern Rhodesia," gedeeltelik die Betsjoeanabees beskryf onder die naam **Mangwato of Amabowe** en meld, dat dit veral aangetref word in Suid-Rhodesië in die suide en weste van die distrik Gwanda, in die suidelike gedeelte van Bulalima-Mangwe, en ook oor die grens ten suide van Tuli. Volgens Nobbs het dit ook 'n rol gespeel in die opbouing van die Matabeleras lank voordat die strydlustige volk hul verskyning gemaak het.

Nobbs([10]) gee die volgende tipiese eienskappe aan van die Betsjoeanabees: groot lywe met 'n gemiddelde skoongewig by vet slagosse van 600 pd.; lang, dik, sterk bene; swaar, wye horings; trekosse swaar, sterk, groot uithouvermoë, karkasse van goeie kwaliteit en vorm; 8 tot 9 jarige leeftyd eers uitgegroei; koeie gee taamlik baie ryk romerige melk; tot 10 kalwers in 'n leeftyd; 'n mate van oorgeërfde immuniteit teen heersende lokale siektes; rooi en rooibont die mees algemene kleure, hoewel byna enige kleur voorkom.

Curson([10]): „Hy meld egter nie dat die beeste klein skowwe gehad het nie, en dis 'n belangrike kenmerk van al die inheemse Suidafrikaanse beesrasse."

So meld Molsbergen([57]) uit die reis van H. v. d. Graaff's geselskap na Betsjoeanaland in 1805: "Den volgenden morgen werden wij reeds met een tegengeschenk des konings (Koranas naby Witwater), hetwelk in twee schoone zwartgevlekte ossen en een koe met een stierkalf bestond, verrascht. Om een klein span vol te hebben, ruilden wij naderhand nog vier andere ossen

in, die eveneens geteekend waren, en bragten dezelve aan den generaal Janssens, als een monster van het schoonste Beetjuaansche veeras." Die feit dat die bontkleur toe reeds opgetree het wys op 'n sekere mate van kultuur en bastardering.

Moffat([8]) rapporteer (1829) van die Bakonas se koning (in N.O. Transvaal), wat deur die Matabeles onder Mosilikatsi totaal uitgeroei is en hul groot aantal beeste weggevoer het: „He was the chief of the blue-coloured cattle." (Hoogswaarskynlik 'n Betsjoeanatipe.)

Johnston([8]) beweer: „The Ba-Kalahari, who were in the main the descendants of the first Bechuana immigrants into Central South Africa had originally brought with them from the north enormous herds of large, long-horned cattle, similar to the oxen originally possessed by the Damara and to those which are found at the north end of Tanganyika, in Madagascar, Uganda, Galaland, and Eastern Nigeria." Hiervolgens beskou Johnston die Betsjoeana en Damara dus as identiese tipes, dus ooreenstemmende met Curson.

G. F. Scott Elliot([12]) (naturalist in Mid Afrika) beskryf die **Wahuma** beesras aangetref in Urundi (Oos-Afrika) as volg: „It seems to me quite certain that it represents the original cattle brought by the Wahuma when they first came down from Abyssinia. They are usually reddish-brown, somewhat slim and narrow, and with relatively longer legs, and a more slender build than the Zebu. Their horns are truly astonishing in size, and some I saw must have been fully 3 ft. 6 ins. long and nearly as far apart at the tips."

Hierdie beskrywing kom ooreen met die van Bruce in "Travels in Abyssinia." (Sien Foto 13.)

Betreffende die **Urundibeeste** skrywe Mnr. H. J. Moolman in 'n persoonlike korrespondensie: „Hier in Ruanda is nog te kry van die heilige beeste, soos die kaffers hulle noem. Hulle is dieselfde ras as die ander, dog is gewoonlik baie versier en word werklik beter as die volk self versorg. Dikwels slaap die beeste by die kaffers in die hutte en is gevolglik in die algemeen baie mak. Die kaffers is so geheg aan hul beeste dat hul liewer van 'n kind afskeid sal neem. Dit geld veral vir die **Watussiras.** Deurgaans is die beeste nooit baie vet nie, dog besit almal verbasende groot horings. Gereeld word die bloed van lewendige beeste geëet, deur 'n slagaar oop te maak en 'n sekere hoeveelheid bloed af te tap. Die geringste siekte, wat 'n bees het, word onmiddellik met 'n warmyster behandel, gevolglik kan oral beeste gesien word met brandmerke. Onlangs het ek 'n bees gesien, waarvan die been gebreek was, en instede van dit te spalk, was dit oor die hele lengte van die gebreekte been versier met brandplekke. Alle beeste, sonder uitsondering, se sterte word ingekort, sommige besit slegs stompies van c. 1 vt. lengte; as rede word aangegee dat die beeste hul langsterte sal vastrap as hul heuwels afgaan en sodoende hul bene breek. 'n Kaffer se rykdom hier bestaan uit die aantal beeste wat hy besit. Die gewoonte is om beeste uit te huur, nl., 'n koei word verhuur vir vyf of ses bokke, sodra die eerste kalf gespeen is word die koei terug besorg aan die verhuurder wat dan die bokke bly hou, terwyl die huurder die kalf hou."

Bogaande beskrywing gee ons 'n duidelike insig watter rol die inheemse beesrasse by verskillende kafferstamme vandag nog speel, en die mate van verering waarmee die beeste behandel word.

Ook meld Scott Elliot[12]: „One finds in **Ankole, Karagwe,** etc., animals much more like the Urundi breed and I have seen even in Buddu an enormous beast with huge horns, but still with a distinct hump and obvious Zebu affinities."

Hierdie tipes deur Elliot beskryf is waarskynlik nader verwant aan die Betsjoeaanse tipe as die Ooskustipe en uit sy beskrywing kan afgelei word dat hul kruisingsprodukte is van die Asiatiese Zebu en die Hamietenrund of ander inheemse Kafferbeeste.

Rowland Ward[10] („Records of Big Game," 8ste druk, 1922): „Gee die volgende rekordwydte, tussen die horingpunte, van 'n paar horings deur W. C. Oswell na Engeland geneem en volgens Livingstone 'n **Batawana-** of **Ngamimeer-os** (volgens Curson, 'n Betsjoeanatipe) was: die horings buite om die buig gemeet was onderskeidelik 81¼ en 78½ duim, die omtrek waar hulle uit die kop kom 18¼ duim, en die wydte van een punt na die ander 103½ duim."

Livingstone[10] (1857) maak melding van 'n Batawanahoring wat Majoor Vardon in 1849 na Engeland geneem het, wat hul by die ontdekking van die Ngamimeer gevind het en 'n inhoudsmaat van 21 imperiale pinte water had; sowel as 'n paar met 'n binnewydte van 124 duim en 100 duim van punt tot punt. Volgens Livingstone[10]: "Is dit alleen uiterstes en nie die normaal nie en kom die wye horings ooreen met die van die Kaapse buffel van die Oranjerivier."

Wallace[12] meld die volgende van die Ngamibees: "Selous states that he personally measured a pair of horns 13 feet in length from tip to tip and the bases almost as thick as a man's thigh."

Curson[10] gee die volgende mate aan van die horings van 'n Betsjoeanatipe-os: omtrek van horing waar dit uit die kop kom, 19½ duim, lengte van horings buite om die buig gemeet, 56 en 57 duim, wydte van punt tot punt, 82 duim.

Nobbs[10] (1927) maak melding van 'n groot **swart poenskoptipe** in besit van Lobengula en behorende tot die Ngamibeeste. Curson[10]: " Hoewel ons 'n paar swart poenskopbeeste in Ngamiland in 1930 en 1931 teëgekom het, was daar nie juis meer van hulle as elders in die streek waar Betsjoeanabeeste voorkom nie."

Volgens Curson[10] word die Betsjoeana met die groot horings verreweg die meeste aangetref, en is oorspronklik afkomstig van die Bamangwatoreserwe in die begin van die 19e eeu by die afskeiding van opperhoof Tawana van hierdie stam. As gevolg van die uitstekende weivelde van die Ngamimeer en Okovangodelta het hul aansienlik verbeter: „En wel in so 'n mate dat die Batawana- of Ngami-os geen gelyke onder die beesrasse van inheemse oorsprong het nie. Baie van hul is oor die minimum gewig wat deur die Unie as uitvoerperk gestel is, nl., 1,050 pd. vir osse en 700 pd. vir koeie. Dit dien ook opgemerk te word, dat die horings rond is waar hulle uit die kop kom (nie ovaal soos gewoonlik die geval by Afrikanerbeeste is nie) en die oë diep in die kop sit, 'n algemene kenmerk van Kalaharibeeste." (Sien Fotos 14, 15 en 16.)

In verband die **Barotse-** en Damarabeeste skryf Curson([10]): „Hulle (veral dié van die vorige geslag) lyk net soos Betsjoeanabeeste en word ook in die noordelike Transvaal aangetref."

Beeste van die Betsjoeanatipe is eerste deur Livingstone([10]) (1857) beskryf, nadat hy hulle ten noorde van die Choberivier aangetref het. Hy meld: „Die . . . Barotse-os is baie groter en is afkomstig uit die vrugbare Barotsevallei. Hulle is lank op die bene, staan dikwels byna ses voet by die skof en het groot horings."

Chapman([10]) (1868): „Beskrywe hierdie beeste onder die naam **Bakalahari** (hierdie naam is deur Johnston([8]) ook gebruik) as baie hoog op die been en rank; ietwat hoër as 'n Afrikaneros met ontsaglike horings."

In die Jaarverslag van die Veeartsenydepartement, Noord-Rhodesië (1930) ([10]): „Word die Barotselandbeeste beskryf (voor 1915) as middelmatig hoog met groot horings en sonder skowwe."

Kolbe([16]) (1727): „Velen, ja bijna de meesten, die van deze koeijen (Hottentotbeeste) zoo als ook van de ossen hebben geschreven, melden, als of zij een hoogen bult hadden bijna als een kemel. Edog ik kan verzekeren, dat niet tegenstaande ik niet alleen de troupen vee van de Europeanen, maar ook vele van de Hottentotten heb gezien, nogtans nooit een bult aan een zulk dier bevonden heb. Dat zij een klijne bult schijnen te hebben, wijl het jok, 't welk hen, op den hals word gelegt, denzelven induwt, en de rug daarom wat hoger uitsteekt. Gewis echter is dit, dat zij alle van natuur geen bult hebben, schoon zij groter, hoger en sterker van gestalte zijn, aangezien een os doorgaans 500 tot 600 pond weegt."

Volgens Curson is laasgenoemde bewering, dat die beeste sonder skowwe was, foutief, *daar meeste suiwer inheemse beeste skowwe had, wel in sommige gevalle klein.* Hierdie konklusie van Curson ag ek as die waarskynlikste en word beaam deur Livingstone,([78]) Migeod([79]) en Wylde([80]).

Andersson([10]) beskryf die **Damarabees** as volg: „grof van been, maar nie besonder swaar nie; hulle bene is dun, en het klein, harde en baie sterk pote. Die hare op die lyf is kort en glad, met 'n glansende voorkoms, en die punt van die stert is versier met 'n kwas lang, ruie hare wat byna op die grond sleep. Die horings is die mees opvallende kenmerk van die Damarabeeste. Hulle groei gewoonlik met 'n hoek van 45 tot 90 grade uit die kop en is in sommige gevalle pragtig gebuig en gedraai, dog selde na binne gebuig. Ongeloofbaar lank, en dikwels word osse aangetref met 'n horingwydte tussen die punte van sewe tot agt voet. Die Damarakaffers waardeer hulle osse volgens die grootte van die horings. (Hieruit volg duidelik dat seleksie in dié rigting geskied het.) Die Damarakoei is skraal gebou en baie wild. Dis altyd nodig om haar kop aan 'n paal vas te koppel, of te span voordat sy gemelk kan word. Die beste koeie gee maar selde meer as twee of drie pinte melk per dag, en as die kalf doodgaan of van haar weggeneem word, wil sy glad g'n melk gee nie. Die Damarakaffers het hele troppe beeste van dieselfde kleur besit met helderrooi as die populêrste kleur."

Ooreenstemmend hiermee skrywe Wallace([12]) oor die Damarabees: „They are light and active, and their feet are hard and specially adapted to work on the road. All ordinary combinations of colour of hair are represented, but

black and tan, with a tan muzzle, is the most common and most characteristic colour."

In ooreenstemming met Andersson skryf van Rijneveld([11]) (1804): „Onbegrijpelijk is de geringe quantiteit melk, welke over het algemeen genomen, door onze Kaapsche koeijen wordt uitgelevert, zo, dat het bijkans der moeijte niet eens waardig is dezelve daartoe aan te houden." Ter stawing van hierdie feit haal van Rijneveld die volgende geval aan van 'n sekere Jakob Laubscher van „Patrijze Berg" (in die St. Helenabaai aan die mond van die Bergrivier) wat met Kaapse koeie geboer het: „Hij had ondertusschen 57 deezer Kaapsche koeijen aan de paal, die er schoon uitzagen, ik vroeg hem hoeveel melk hij van deze koeijen dagelijks had, en zijn antwoord was 6 emmers."

Die Damarabees was vroeër hoofsaaklik in Damaraland en die Protektoraat van Suidwes-Afrika aangetref, dog is vandag deur die hele Ngamiland versprei. Volgens Curson([10]) besit die teenswoordige Damarabees: „Kleiner horings en minder keelvel; trouens hulle is oor die algemeen minder grof, deur verbeterde teling en kruising met Europese bulle."

Schlettwein([10]) (1914) beskou die Damarabees as 'n afsonderlike tipe dog Curson beskou dit as 'n Betsjoeanatipe ontstaan deur kruisteling met ander tipes.

Nobbs([10]) beskou die volgende ondertipes van Betsjoeana-oorsprong: „(*a*) Barotse, (*b*) Poenskop-Ngami, (*c*) **Ndawana** van Sechilli se land, wat gewoonlik rooibont is en eienskappe toon wat kenmerkend is van diere van die woestyn."

Volgens Curson([10]) is die belangrikste om te weet: „Dat die Betsjoeanatipe nie alleen 'n duidelike bepaalde tipe (met verskeie merkwaardige eienskappe) is nie, maar ook dat omgewingsfaktore 'n vername rol in die ontwikkeling daarvan gespeel het."

Teneinde wat orde, in die chaos van verskillende inheemse beesrasse van Suid-Afrika, te kry wens ek voorlopig die indeling van Curson te aanvaar en gevolglik onder die Betsjoeanatipe te klassifiseer: die Betsjoeana, Ngami, Barotse, Poenskop-Ngami, Ndawana, Damara, Batawana, Mangwato of Amabowe, Ba-Kalahari en Urundi. (Sien Foto 17.)

Dat verskillende voedings-, verplegings- en teeltkondisies geleidelik kleinere of grotere afwykinge bewerkstellig het, is natuurlik vanselfsprekend, dog die hooftipe skyn deurgaans in al hierdie ondertipes bewaar te gebly het.

Resumerend skyn die volgende karaktertrekke die mees uitstaande te wees: *betreklik groot, hoogbenig, besonder geharde, growwe diere; groot skowwe; geweldige horings; seer weinig melk; laat ryp dog vrugbaar; meestal rooi of rooibruin, hoewel verskillende kleure later aangetref word.*

Karaktertrekke wat gedeeltelik ooreenstem met die vroeëre Friesbees, dog gedeeltelik sterk afwyk; nogtans het hul 'n seer belangrike rol gespeel in die opbou van ons friesfokkery.

II. Betreffende die **Afrikaner** (die tweede tipe van Curson) skrywe Wallace([12]): „The Afrikander breed is regarded as the most direct descendant of the native cattle, crossed by the imported Portuguese animals and is supposed to have derived the best of its foundation stock from superior cows captured from Bushmen in the neighbourhood of Mossel Bay in 1668." (Sien Fotos 18, 19 en 20.)

Volgens Wallace is die Afrikaner dus 'n kruisingsproduk, en 'n geweldige geharde ras, en geen geïmporteerde Europese ras kan met hul op die gebied kompeteer nie en skrywe[12]: „The typical Afrikander is of a rich dark-red colour, with gay upstanding horns."

Wallace[12] gee die volgende tipiese eienskappe van die Afrikaner aan: „A compact, symmetrical animal, having well-developed fore-quarters and a considerable elevation on the neck immediately in front of the withers, with an appearance strongly resembling a hump, but it is only a muscular enlargement, not a fleshy protuberance like the hump of the Indian Zebu. (Reinecke[13]: ‚Die bult van die Afrikanerbeeste is verskillend van dié van die Zebu en sit stewiger aan die skowwe vas.') Light, short, and drooping hindquarters and thin thighs. Splendid legs and feet for travelling, activity, strength, power of endurance, and constitutional vigour. The breed has a fixed type which distinguishes it readily from the thick-horned Kaffir cattle."

Wallace onderskei dus ook die Afrikaner as 'n afsonderlike en definitiewe tipe.

Die „Official Year Book"[41] (1931-32) (ooreenstemmende met Bosman) neem egter aan dat die Afrikanerbees ontstaan en ontwikkel het onder leiding van die eerste Koloniste en meld: „At a later stage, during the days of the pioneer Colonists, cattle had to be relied upon, in the absence of railway communication, for the transport services required for the development of the country. As a consequence cattle were bred which possessed great hardiness, rustling qualities and constitution, and the capacity to stand long treks, and which could be relied upon for draught purposes. In the course of time there was created a distinct breed which came to be known as the Afrikander. Remarkable progress has been made within the last decade in improving the early maturing beef and fattening qualities of this breed."

Theal[58] skrywe oor die Hottentotbeeste: „The ox of the Hottentot was an inferior animal to that of Europe. He was a gaunt, bony creature, with immense horns and long legs, but he was hardy and well adapted to supply the wants of his owner."

Volgens Percival[43] (1804): „The cows and oxen are also of various kinds; the large draught oxen are peculiar to the Cape (Hottentotbeeste). They are distinguished by a large head, long horns and legs, with very broad hoofs; they are lank before and broad behind (teenstrydig met Wallace[12]). The beef at the Cape is in general coarse and indifferent."

Schapera[26] (Volgens Dapper, 1668): „None of the Hottentots ever cultivated the soil. They were essentially a nomadic pastoral people, wandering about from place to place with their herds of long-horned cattle and flocks of fat-tailed sheep."

As gevolg van hul nomadiese lewe, en daaruit waarskynlik voortdurende botsinge met ander inboorlingstamme, is dit heel twyfelagtig dat hul 'n definitiewe beestipe bly bewaar het.

Bosman[13] neem ook aan dat die vestiging van die Afrikanerbeeste vir die grootste gedeelte kan toegeskrywe word aan die Hottentotte se beeste, waarmee hul langs die Weskus suidelik getrek het, dog dat die werklike grondslag vir die ras egter gelê is deur die ou Voortrekkers, wat hul beeste met hul meegeneem het (1836).



(15) BATAWANA-KOEI, HORINGS VAN DIE ANKOLE-TIPE.
Foto. Dr. H. H. Curson, Goedgunstiglik toegestaan deur die Direkteur van Veeartsenykunde, Onderstepoort.



(16) 'N BATAWANA-KOEI, MET HORINGS VAN DIE AFRIKANER-TIPE.

Foto. Dr. H. H. Curson, Goedgunstiglik toegestaan deur die Direkteur van Veeartsenykunde, Onderstepoort.



(17) 'N INHEEMSE BUL BY MKHOMA—NYASSALAND (SWART MET WITPENS).

Foto. H. Theron.



(18) LUDLOW HONEYMOON, KAMPIOEN-AFRIKANERKOEI VAN MNR. H. NASH-WEBBER OP DIE PORT-ELIZABETHSE TENTOONSTELLING, 1935.

Foto. Goedgunstiglik toegestaan deur die „Landbouweekblad."

Gedurende die Anglo-Boere-oorlog (1899-1902) was die Afrikanerras in die Oranje-Vrystaat en Transvaal byna uitgeroei, dog is heel spoedig weer gevestig uit die oorgeblewenes van die voormalige groot kuddes, en ons tref vandag weer groot opregte kuddes aan, wat 'n seer belangrike rol speel in genoemde provinsies. Dis egter interessant om te meld dat twee kleurtipes voorkom—die geel Afrikaner en die rooi Afrikaner—waarvan slegs laasgenoemde, om geen wetenskaplik vasgelegde rede nie, in die stamboek geregistreer mag word.

Reinecke([13]) gee die volgende tipiese eienskappe van die Afrikanerbees: „Horings betreklik dun en lang en by volwasse beeste ovaal van vorm, met 'n elegante draai onder- en agtertoe en opstaande punte wat besonder tipies is; bepaald nie swaar van bene nie en sonder enige teken van grofheid; kruin bolrond; 'n oorvloedige keelvel aan 'n dik gespierde nek; skof effe hoër as die kruis; 'n besonder swaar skof; kruis wat kort en hellend met kort ronde dye; donkerrooi tot geel van kleur met kort, fyn, glansend haar bedek; 'n besonder geharde ras met 'n uitstekende akklimatiseringsvermoë by radikale veranderings van omgewing; 'n sekere mate van immuniteit teen inheemse siektes; uitstekende trekdiere; betreklik laat ryp, dog besonder vrugbaar wat hul selfs tot op 'n hoë ouderdom bly hou en daarby uitstekende moeders; betreklik goeie slagbeeste en kan op 6-jarige leeftyd 'n liggaamsgewig van 1,200 pd. en meer bereik (osse); minder geskik as melkbees daar die koeie as reël betreklik wild is en hul nie sonder kalwers laat melk nie, bowedien lewer hul deurgaans min dog besonder ryk melk, gemiddeld 1 gelling per dag, hoewel gevalle van 3½ gellings per dag bekend is."

Moodie([28]) (voor 1835) meld ook dat die Kaapse koeie nie sonder kalwers wou melk gee nie daar hul deurgaans baie wild en onhandelbaar was, en vervolg; „The quantity of milk the cows yield is in this part of the Colony very inconsiderable. Twenty cows seldom give more than from 24 to 36 quarts at a milking; but it is generally very rich in quality."

Pringle([29]) gee die volgende beskrywing van die boerdery van Wentzel Coetzer van Elandsdrift, in die „Vallei van Tarka": „Ongeveer 30 koeijen werden dien avond gemolken, doch de hoeveelheid vocht, die zij opleverden, was op verre na zoo groot niet als dié, welke 8 of 10 gezonde koeijen in Engeland geven zouden."

Barrow([14]): „An African cow, either from its being of a bad breed, or from the nature of its food, or the effects of the climate, or perhaps from a combination of these circumstances, gives but a very small quantity of poor milk. Four quarts a day is considered as something extraordinary, and about half the quantity is the usual average of a cow at the very top of her milk." Hierdie bewering is waarskynlik wat oordrewe, dog bewys onomstootlik hul lae produktiwiteit.

Kolbe([16]) verklaar ook dat die Kaapse koeie min melk gee en daarby nie sonder kalf laat melk nie daar hul seer wild is en: „Niet verder bij zich laten komen, dan zij met hare hoorns stoten, en met hunne voeten slaan konnen; derhalven moet men ze niet alleen bij den kop kort aanbinden, maar men is genoodzaakt, de achterste voeten te spannen."

Ook Neethling([15]) gee 'n soortgelyke beskrywing van die oorspronklike Kaapse koei, dog heg ook die volgende verklaring daaraan: „Het vee word

aan de Kaap niet minder gekrenkt door dat men geene zorg voor desselvs stalling draagt. Komt men op de Plaats van den Kaapschen Landman en beziet de kraalen daar zijn vee in legt, zo zijn ze zo diep bemoddert, dat het vee tot over de knie in het slijk staan moet! In zodanig eene stalling moet het, terwijl het dikwijls daagen agter een, door het aanhoudend reegenen met de helft van het benodigd voedsel heeft kunnen vinden, de Nagten vastende doorbrengen en evenwel 's anderendaags wederom. Dat men ze nimmer gedurende den tijd welken zij gemelkt worden, voerd: en dat men niet zorgd dat zij altijd droog en warm liggen, en van bloedzuigend ongediert en onreinigheid gezuiverd blijven, het gevolg van deeze behandeling is dan, dat de koeijen wijnig Melk hebben, waardoor de kalven in hunne eerste jeugd gekrenkt worden, ja zomtijds zodanig dat zij van Ellende omkomen; de Koeijen geeven mager melk, en door de koude die zij uitstaan moeten, vallen zij naderhand door de Lamziekte, zodra zij beginnen aan te neemen."

Laasgenoemde bewering betreffende lamsiekte is wetenskaplik onjuis, en deur Drs. Theiler en du Toit bewys, deur 'n reeks proewe vanaf 1925 tot 1928 te Armoedsvlakte, dat dit veroorsaak word deur 'n gebrek aan fosfor in ons natuurlike weivelde.

Die beskrywing van Neethling in verband die vroeëre bestalling en voeding van die koeie, hoewel wat oordrewe, is nogtans nie van alle waarheid ontbloot nie en moet ongetwyfeld die oorsaak gedeeltelik ingesoek word, dat die koeie so min melk gegee het, dog gedeeltelik moet dit ook gesoek word in hul genotipiese aanleg soos uit die kwotasies van verskillende skrywers blyk.

Dat die faktoregarnituur van die oorspronklike Afrikanerbees, tenopsigte van sekere fisiologiese eienskappe en veral kwantiteit melk, minder gunstig was is heel duidelik, nogtans moes hulle behulpsaam wees in die geleidelike opbouing van ons tans betreklik hoogstaande friesveefokkery.

Die genotipe van die Afrikaner was ongetwyfeld in direkte ooreenstemming met die topografie en klimatologiese kondisies van die land, vandaar die groot aanpassingsvermoë en dus uitbreidingssone. Dus op hierdie gebied kon die fokker reken op uitstekende uitgangsmateriaal, wat hom vandag nog deels manifesteer in ons frieskuddes; hoewel verskeie fokkers hierdie belangrike feit by hul seleksie langsamerhand uit die oog verloor het en hul blind gaan kyk het teen produksiesyfers.

'n Absoluut essensiële feit, wat ons Suidafrikaanse friesveefokkers nooit uit die oog mag verloor nie, is **dat ons 'n Suidafrikaanse friesbees moet fok wat aanpas by ons landsomstandighede en nie 'n Hollandse of Frieslandse friesbees nie.** By ons seleksie van fokmateriaal (bulle sowel as koeie) uit Holland en Friesland moet hierdie belangrike feit steeds deeglik in aanmerking geneem word en gedeeltelik as leidraad fungeer.

III. Betreffende die Ooskustipe, die **Makalanga** en **Zulu** (derde tipe van Curson) skryf Nobbs([10]) oor die Matabele (Makalanga) as volg: „Hulle is baie gebaster en die verbastering het nog maar so onlangs begin, dat die oorspronklike tipes nog bekend is en onderskei kan word, en hulle het geen gemeenskaplike eienskappe wat hulle as 'n ras kenmerk nie." (Sien Foto 21.)

Nobbs beskou die Matabele gevolglik nie as 'n afsonderlike tipe nie.

Wallace([12]) gee die volgende eienskappe van die Zulubeeste aan: „Diminutive, but hardy, active, and useful animals"; en meld van die **Pondobeeste**:

„One section of the Pondo breed is hornless, with a high projecting poll." Alleen 'n variëteit daar die tipiese Pondobees betreklik klein is en in verhouding met hul liggaamsbou besonder groot, dik, regopstaande horings besit.

Die Ooskustipe waaronder die Zulu-, Pondo-, **Swasie-** en waarskynlik Matabelebees (Makalanga) geklassifiseer kan word teneinde 'n werkhipotese te verkry, is gemiddeld ligter, skraler en kleiner as die Betsjoeana- en Afrikanertipes; lewer 'n minimale hoeveelheid melk; laat ryp; oorspronklik veral eenkleurig, rooi en rooibruin, soms swart, hoewel vandag diverse kleure aangetref word deur ongekontroleerde kruising; geweldig geharde en uitstekende bergrasse.

Hierdie tipe het alleen gedeeltelik as uitgangsmateriaal gedien op die uiterste oostelike grense van ons land, en gevolglik is die rol wat hul in ons friesveefokkery gespeel het betreklik gering.

Nogtans kan ons nie die skeutjie bloed (erflike faktore), wat hul geleidelik in ons friesveefokkery op die oostelike grens gestort het, totaal ignoreer nie.

IV. Die vierde tipe van Curson([10]) nl. die Ovambo is vir die ontwikkeling van ons friesveefokkery feitlik onbelangrik as gevolg van die geografiese voorkoms en verspreiding en kan dientengevolge buite rekening gelaat word.

Behalwe die vier behandelde hooftipes (volgens Curson) het hier ook sterk afwykende ondertipes (variëteitsrasse) voorgekom soos uit die volgende kwotasies sal blyk.

W. C. Oswell([12]) („With Livingstone in S.A.", Ch. 5) maak melding van 'n miniatuurras aangetref in besit van opperhoof Sebitoani: „They were most remarkably small things, like sturdy Durham oxen, 3 ft. high. There was not the least difficulty in carrying them about bodily. Pretty little gentle beasts, when the men milked them they held them by the hind leg as you would a goat."

Barrow([14]) (1797) meld van die Kafferbeeste wat hul aan die oewers van die Kareeka (ten noorde van Swartberge) gesien het: „Among these were oxen of remarkable size and strength, vast numbers of cows, in general much larger and handsomer than those of the Colony, some of them not unlike the Alderney cow. Others were without horns, small and strong, resembling the black cattle that came down from the Highlands of Scotland. The horns of the large oxen were twisted with great pains into a variety of shapes."

Barrow([14]) (1797) skrywe verder oor die kafferbeeste by die Keiskamarivier: „Among their cattle was a particular breed, different from any I had seen in the Colony. They were short-legged, short-necked, generally of a black and white colour and their horns were only from 4 to 8 inches in length, curved inwards and their extremities, which were nearly of the same thickness as at the roots pointed to the ears." (Ooreenstemmende brachycere-eienskappe.)

Molsbergen([57]) vermeld van die Macquinis en ander stamme by Kuruman (uit die „Reis van v. d. Graaff's geselskap" na Betsjoeanaland in 1805): „Het ras dat men hier aantreft, is niet groot, klein gehoornd, met glad opliggend, blinkend haar en altijd van eene bonte kleur, met zwarte, bruine of blaauwachtige vlekken op eenen witten grond." Dus gedeeltelik ooreenstemmend met Barrow.

Percival[43] (1804) in sy beskrywing van die verskillende Kaapse rasse meld: „A race of beautiful small oxen, like those of Alderney, are fattened for table; and the cows of this breed afford a great quantity of milk." Hierdie ras wat Percival beskrywe is hoogswaarskynlik 'n ingevoerde Engelse ras tydens die eerste okkupasieperiode van die Kaap deur Engeland (1795-1803), en in alle waarskynlikheid die Jersey, behorende tot die Brachycerosgroep,

Hengeveld[2]: „Het grootste gedeelte van Afrika levert kleine runderen, die zeer weinig melk geven, ook is de grond in vele streken dor en schraal. In Tunis en Algiers wegen zij zeldzaam boven de 5 á 600 ponden, en zij verliezen dikwels de melk, als haar kalf sterft of weggenomen wordt. De Guinesche koeijen, zegt Buffon, zijn droog en mager en wegen omstreeks 250 ponden. Zij geven zoo weinig melk dat 20 of 30 dezer dieren naauwelijks voldoende zijn voor de tafel van eenen bevelvoerder. In het noordoostelijk gedeelte van Afrika zijn er runderen van buitengewoon grootte."

Genoemde beeste deur Hengeveld en Buffon genoem het weliswaar direk geen invloed op ons friesveefokkery gehad nie, dog wel indirek daar hul uit dieselfde oorspronklike rasse stam as ons inheemse rasse en gevolglik 'n sekere mate van ooreenkoms moet vertoon.

Uit bogaande, nog geensins volledige beskrywing van die inheemse rasse, blyk dat die uitgangsmateriaal van ons friesveefokkery seer variabel was, dog daarby ook betreklik plasties wat hul faktoregarnituur betref het, vandaar die resultate met hul ewentueel bereik deur kruising met geïmporteerde friesvee.

Dat die Afrikaner 'n afsonderlike tipe is van die Betsjoeaanse tipe, en bowedien 'n direkte verteenwoordiger van die Asiatiese langhoring-Zebu (volgens Epstein e.a.), is ongetwyfeld nog geensins 'n uitgemaakte saak nie. Inteendeel skyn die opvatting van Bakker, dat die Afrikaner 'n kruisingsproduk is van 'n Macrocerostipe met die Zebu, my die waarskynlikste.

Bogaande kort samevatting van ons inheemse rasse dien alleen as 'n kwaliteitsbeskrywing (hoewel onvolledig) om later wat lig te werp op die geleidelike ontwikkeling van die friesveefokkery in Suid-Afrika.

Resumé van inheemse rasse van Suid-Afrika en Suid-Sentraal-Afrika:

(i) Betsjoeana-tipe
- Betsjoeana
- Ngami
- Poenskop-Ngami
- Ndawana
- Damara en Barotsebees
- Batawana
- Mangwato of Amabowe
- Ba-Kalahari
- Urundi
- Ankole en Karagwe
- Wahuma

(ii) Die Hottentot of Namaqua nou die Afrikaner.

(iii) Ooskus-tipe
- Makalanga (Matabele)
- Pondo
- Zulu
- Swasie

(iv) Ovambo

HOOFSTUK III.

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN BEESBOERDERY IN SUID-AFRIKA SEDERT 1652

DIE doel is alleen 'n seer beknopte oorsig te gee van die belangrikste feite wat direk of indirek invloed kon uitoefen op die ewentuele ontwikkeling van die friesveefokkery.

In die „Memorie, door den Raad van Politie aan Commissarissen Generaal overgegeven, den 12 Octb. 1792"([18]) vind ons die oorspronklike doel van die kolonisasie van die Kaap as volg weergegee: „Wanneer de Maatschappij het oog op dezen uithoek heeft gevestigd, om aan dezelve eene Colonie op te richten, heeft zij daarmede niets anders bedoeld, als het bezit van eene welgesitueerde plaats, om haare, zo naar Indiën bestemde, als van daar repatrieerende schepen, met derzelver equipagiën, op deze lange en moeilijke tochten, van 't nodige, en wel voornaamlijk van ververschingen en provisien, voor de verdere reis te voorzien, en dus ook de werkzaamheid van de successivelijk herwaards gezondenen planters alleen bepaald bij het bouwen van Koorn en Peulvruchten—den aanleg van wijngaarden, moestuinen, houtbosschen, en de veefokkerij; mitsgaders tot het oefenen van zodanige ambachten, als tot het exerceeren van deeze takken van gewin onontbeerlijk kwamen te zijn."

Hieraan het Jan van Riebeek hom, gedurende die eerste jare van kolonisasie na 1652, streng gehou.

Van veefokkery was hier gedurende die eerste bestaansjare van blanke okkupasie nie die minste sprake by die nedersetters nie, inteendeel op 'n steeds toenemende ruilhandel met die migrerende en besoekende inboorlingstamme (hoofsaaklik Hottentotte) uitgeloop, om in die steeds groeiende behoeftes, deur die aanwas van die blanke bevolking en die besoek van meerdere skepe, te voorsien.

Die eerste jare kan dus beskou word as 'n ruil- en slagperiode wat beesboerdery betref en kan ons nie van beesfokkery praat nie. Met die ontstaan van die eerste Vryburgers (hoewel nog streng aan perke gelê) in 1657 neem toestande 'n ander wending, indiwiduele belange begin op die voorgrond tree gepaard met 'n geleidelike ontwikkeling van beesfokkery, hoewel ook nog in die eerste jare hoofsaaklik gerig op die onmiddellike voorsiening in eie behoeftes en veral van die Kompanjie, toentertyd die enige mark.

Om bogenoemde bewering te staaf is dit noodsaaklik 'n kort oorsig van die ruilhandel in vee (beeste) vanaf 1652 te gee.

RUILHANDEL IN BEESTE.

Volgens Theal([25]) het die eerste ruilhandel tussen Jan van Riebeek en die Kaapmans (Goringhaiquas) op 20 Okt. 1652 plaasgevind: „On that day the

trade of the season commenced by Mr. van Riebeek obtaining in barter 3 head of horned cattle, 4 sheep, 3 tusks of ivory and 2 young ostriches from the Kaapmans who were moving slowly with their cattle, as it was their custom to seek change of pasturage."

Volgens Leipoldt („Die Huisgenoot," 15 Mei 1936): „Op die 13e April 1652 het v. Riebeek die eerste vee—'n koei en kalf—vir vier plate koper en drie stukkies koperdraad van die Kaapmans geruil. Die vee is geslag en die vleis uitgedeel." Vir die beesboerdery dus geen waarde gehad nie.

Theal(25) vervolg: „Shortly after this the main body of Gogosoa's people reached the peninsula and thousands of cattle were grazing in sight of the fort. Later a brisk trade was, however, opened up, and soon Mr. van Riebeek had the satisfaction of seeing a goodly herd in his possession."

Opsomming van ruilhandel uit Theal(25):

TABEL I.

Datum van Ruil.	Inboorlingstamme met wie Ruilhandel Gesluit is.	Hoeveelheid Diere Geruil.
1. Tot einde Jan. 1653 ...	Kaapmans (Goringhaiquas).	230 beeste en 580 skape.
2. 'n Paar weke na vertrek van Kaapmans	Klein afdelings van 'n ander Hottentotstam wat verder in die binneland gewoon het.	75 beeste en 21 skape.
3. 23 Junie 1655	Harry wat vroeër weggeloop het, arriveer met 50 vreemdelinge en lewer.	40 beeste en geen skape.
4. Gedurende 1655... ...	'n Stam onder Gonnema ten noorde en ooste van Saldanhabaai wat baie ryk was aan beeste, besoek die Kaap.	*300-400 beeste en 300-400 skape.
5. Gedurende 1660 ...	Opperhoofde van binnelandse stamme.	†Honderde osse en koeie.

*Theal(25): „A 1,000 of each could have been secured if the stock of copper had not become exhausted."

†Theal(25): „The natives were very eager to obtain beads and frequently brought large herds of cattle for sale, and parted with many hundreds of oxen and cows to gratify their fondness for these trifles. The quantity of beads given for an ox cost only from 8 to 10 pence, but there were other and larger expenses connected with the trade."

Datum van Ruil.	Inboorlingstamme met wie Ruilhandel Gesluit is.	Hoeveelheid Diere Geruil.
6. Aug. 1668	Korporaal Cruse besoek Mosselbaai vir die 1ste keer in sy boot „Voerman" en ruil van die Attaquastam, tussen Mosselbaai en die hudige George.	Enige honderde beeste en skape daar hulle baie ryk was aan beeste.
7. In 1672	Dorha of Klaas, Kaptein van die Chainouqua aan 'n ekspedisie na hom gestuur.	256 beeste en 370 skape.

Theal([25]): „A very reasonable supply for the Governor Goske, whose slaughter stock was nearly exhausted."

In 1684 het die Kompanjie tydelik opgehou om handelsekspedisies na die binneland te stuur om beeste te koop, en handig die besigheid heeltemal oor aan die Hottentot-kaptein, Klaas, wat groot hoeveelhede beeste opgekoop het teen baie lae pryse. As kompensasie ontvang hy een uit elke vyf beeste. As gevolg hiervan was soveel beeste verkry dat die Kompanjie genoodsaak was nuwe veeposte aan te lê.

Datum van Ruil.	Inboorlingstamme met wie Ruilhandel Gesluit is.	Hoeveelheid Diere Geruil.
8. Jan. 1689	'n Ekspedisie na die Hottentot-Kaptein Hykon van die Inquastam oor die Swartberge.	‡Meer dan 500 beeste en heelwat skape.

‡D. J. J. de Villiers („Nuwe Geskiedenis vir Junior Sertifikaat") meld: „Op 6 April was Schryver terug by die Kasteel met meer as 1,000 beeste."

Theal([25]): „At this time (1680, onder Simon van der Stel) a large cattle trade was carried on, principally with the Hessequas."

Farrington([26]): „It is significant too that Ten Rhijne (1686) gives pride of place to the Hessequa, then valued as the principal market from which cattle could still be bartered in large quantities."

Theal([30]) egter meld: „Ever since 1658 trade between the burghers and the Hottentots was strictly forbidden. However, parties of deserters and other persons of loose character carried on a cattle trade and were guilty of conduct that cannot be distinguished from robbery. Governor Simon van der Stel thought to check this by threatening more severe punishment and on the 19th Oct., 1697, he issued a placard in which the barter of cattle from Hottentots were prohibited under penalty of whipping, branding, banishment, and confiscation of property."

'n Uiters onbedagsame daad, daar dit nie alleen die beesfokkery teruggesit het nie, dog oneerlikheid in die hand moes werk, daar die Kompanjie blykbaar geen pogings aangewend het om deeglike fokmateriaal te importeer nie. Hierdie stap kon verreikende resultate afgewerp het, as daar 'n veeteeltkundige aan die hoof van sake was, wat direk geskikte fokmateriaal ingevoer het en sodoende direk 'n grondslag gelê het vir 'n gesonde, rasionele beesfokkery.

Die Direkteure het egter die plakkaat streng afgekeur en die verbod verwerp, en op 27 Julie 1699 instruksies uitgevaardig dat die ruilhandel toegestaan word aan die burgers op voorwaarde dat hul die nodige trekosse moes verskaf aan die Goewerment teen 14s. elk.

Theal([30]): „On the 28th Febr., 1700, the trade was thrown open to the burghers, with such restrictions as was considered necessary to prevent its abuse."

In die Joernaal, of dagregister, gehou deur die Korporaal Jeronimus Croes([27]), 25 Jan. 1669, lees ons: „Braecken vroeg op en marcheerden tot aen de Tijgervalleij alwaar wij op middagh ons vee telden en bevonden te hebben 175 beesten en 51 schapen, te weten 139 beesten en 3 schapen van

d' Obiquas genomen, neffens 36 beesten en 48 schapen die so hier en daar geruijlt hadde."

Molsbergen([27]) : „De horden inboorlingen, die met hun vee rond trokken op zoek naar goede weiplaatsen, ruilden tegen tabak en koper hun mager vee, en in de eerste jaren van de vestiging was de veehandel nogal bevredigend."

In die dagverhaal van Simon van der Stel([27]) na die Koperberge, 1685-86 staan opgeteken: „Tegen den avont quamen drie kraalen aan den overkant van de rivier (Vigiti Magni of Agoa das Voltas naby die Koperberge, oewers bewoon deur die Amacquas) bij ons leggen, om eenig vee en melk aan ons te verruilen. Middelerwijl quam nog een kraal hier, die dezen dag mede eenig vee aan ons verruilde."

Volgens Theal([30]) het die Direkteure in 1695 instruksies uitgevaardig: „That as soon as possible farming and cattle dealing should be given up by the Cape Government. They were disposed to call for tenders to supply the garrison and fleets with beef and mutton and to allow the colonists to purchase cattle from the Hottentots and fatten them for sale. But no steps towards carrying these instructions into effect were taken until some years later."

Na meer dan 40 jaar okkupasie was hier dus nog geen, of weinig, sprake van 'n doelbewuste beesfokkery, veral nie van die kant van die Kompanjie nie.

In 1705 is Landdros Starrenburg([31]) met enige Hottentotte uitgestuur om beeste te ruil van die Namaquas: „Het oogmerk deser landtogte en expeditie is, om bij de gezeijde naast om heen leggende Hottentotse natie voor d' E. Comp., op de sagste en minnelijkste wijze, een goed parthij runderbeesten zien in te ruijlen en handelen, wijl men hier thans van goede werkbeesten niet veel meer is te zien. Verdagt, zijnde, wanneer de ruijling aangaat, dat we niet anders dan ossen in trocqueering komen aan te nemen, en wel insonderheijd, dat het altemaal zijn jong goed om deselve des te bekwamer onder 't jok te kunnen brengen."

Starrenburg([31]) skryf later aan die Goewerneur: „Zijn arm aan vee, wij hebben van haar geruijld 48 stux Runder vee kleijn en groot en van Capt. ‚bootsman' 9, dit is al het geene wij in den tijd van 5 weeken, dat wij uijt geweest zijn, hebben konnen verigtten."

Hul armoede aan beeste waarvan Starrenburg melding maak is seer twyfelagtig.

Uit Starrenburg se([27]) landtog na Saldanhabaai lees ons: „7 Desember 1705 was men aan het Kasteel terug met 179 ossen."

In die dagverhaal van die hooftuinier, Jan Hartogh([27]) gehou by die ruil van vee vir die Kompanjie (1707) lees ons: „Ik vroeg hem (Hottentot Kaptein Coopman) waarom hij so verblijt was, zijn antwoord was, dat hij van zijn Hottentots die aan Stellenbosch waaren geweest, verstaan had dat de vrije luijden niet weder soude komen, maar dat d' E. Comp. nu ruijlde. Hij seijde daar op dat het goet was, want soo de vrij luijden ruijlde, namense al de beesten en veersen met gewelt weg, en goijde de tabak en kraalen neer, dat zij luijden niet kosten behouden om aan te teelen, en beroofden haarlieden door dusdanig ruijlen van hun aanteel vee."

'n Ietwat oordrewe voorstelling van die daadwerklike.



(19) KAMPIOEN-AFRIKANERBUL VAN MNR. G. BENNETT VAN ADELAIDE, OP DIE JOHANNESBURGSE TENTOONSTELLING, 1936.

Foto. Goedgunstiglik toegestaan deur die „Landbouweekblad."



(20) Reserwe Kampioen-Afrikanerbul, van Mnr. H. Nash-Webber, Aberdeen, op die Port-Elizabethse Tentoonstelling, 1935.

Foto. Goedgunstiglik toegestaan deur die „Landbouweekblad."

In circa 1720 kon volgens Theal([30]) alleen van veraf Hottentotstamme nog beeste en skape verkry word deur ruilhandel, as gevolg van die gevaarlike beessiekte wat sinds 1714 geheers het en duisende beeste afgemaai het.

Kolbe([16]) (1727): „De inwoners (Hottentotte) bezitten zeer veel schapen, zoo als ook ossen en koeijen, gelijk zulks ook niets vreemds is, omdat ze jaarlijks zoo veel jongen opbrengen; waarbenevens komt, dat de Hottentotten van haren overvloed tegen brandewijn, tabak, ens., aan de Europeanen verruilen; aangezien men doorgaans voor een pond tabak een schonen os bekomen kon."

Barrow([14]) (1797) skrywe: „A butcher from the Cape passed our encampment with about 500 head of cattle and 5,000 sheep, that he had purchased in the Sneeuwberg. The sheep were in tolerable condition, but the cattle were miserably poor. The greatest part of the beeves that are killed at the Cape must travel from Graaff Reijnet across this desert." (Meintjeshoek ten noorde van die Swartberge.)

Hierdie gegewens, hoewel onvolledig, gee ons 'n deeglike insage in die ruilhandel aan die Kaap, sy uiteindelike doel, variabiliteit, en onvermydelike bastarderingsgevolge. Onder soortgelyke omstandighede kon geen beesras suiwer ontwikkel nie, en daarby het daar nie die minste noodsaaklikheid daartoe bestaan nie by die eerste boere by wie kwantiteit hoofdoel was en nie kwaliteit nie.

Veeposte.

Met die toename van ruilhandel was die Kompanjie genoodsaak veeposte (onder die strengste bewaking) op te rig, waar die geruilde vee vet gewei kon word. Die eerste veeposte is in die onmiddellike nabyheid van die Kaap opgerig en mag geensins as fokstasies bestempel word nie.

Die huidige „Green Point Common" is vanaf die dae van Simon v. d. Stel gebruik as weiveld vir sy koeie: „His cows, however became so lean there that he started another farm called Boschheuvel at Wynberg" („Cape Times, 3 Aug., 1935.)

Volgens Kolbe([16]): „Eer en alvorens deze streek lands, dewelke langs de Zout Rivier zuid-oost ten zuiden, en vervolgens altijd verder tegen het zuiden zich uitstrekt, tot die verhaalde volkomenheid is geraakt, en alvorens men tot besluit quam, om zich van het slachtvee t' ontdoen, heeft de Compagnie op nieuw weder begonnen zich over de Zout-Rivier na de Tijgerbergen te wenden, en aldaar een vee-post op te richten. Deze legt zeer vermakelijk aan strand, niet ver van de Tafel Baaij."

Theal([25]): „Before the year 1678 no freemen were settled beyond the Cape Peninsula. The Company had a large corn farm at Hottentots Holland and a couple of cattle farms elsewhere." (Tijgerberg (nou Belville) en Saldanhabaai.)

Van Riebeek had as doel 'n verversingstasie, dog Simon van der Stel (1679-99) is toegestaan om na hartelus te koloniseer. Sy hoof begeerte was om die kolonie stewig op te bou met 'n hardwerkende landboubevolking.

Theal([25]): „In 1683 a tract of ground at Klapmuts was turned into a stock-farm for the Company's use." Die Kompanjie se vee is toe van Hottentots-Holland daarheen verplaas.

Theal[30] : „It had still, besides the garden in Table Valley and the vineyard at Rondebosch, 7 farms, or cattle places as they were called, in different parts of the country(±1690). The most remote being at Hottentots Holland. On 2 of these farms a few hundred muids of wheat were grown, but the others were merely stations for breeding cattle and for keeping the oxen and sheep purchased from the Hottentots. The Company was also making efforts to improve the existing stock of cattle and to introduce new breeds."

Van hierdie verbeteringsplanne het waarskynlik geen daadwerklikheid geword nie, daar geen definitiewe gegewens beskikbaar skyn te wees dat diere toentertyd vanaf Europa geïmporteer is nie.

In 1685 is die amptenare verbied om te boer, dog vanaf 1694 weer toegestaan deur Rijckloff van Goens (Jun.), waardeur hulle spoedig sterk begin meeding het met die boere op die Kaapse mark.

In 1700 begin Goewerneur Willem Adriaan van der Stel 'n uitgebreide boerdery te Vergelegen, teen die regulasies in, waardeur botsing ontstaan het tussen die koloniste en die Goewerneur.

Theal[25] : „The Company had not yet (1689) altogether abandoned farming operations, but it was gradually doing so, as it could depend upon obtaining supplies of food from the colonists. The cattle stations were merely stations for breeding cattle and for keeping oxen and sheep purchased from the Hottentots until they were required for the fleets."

Hierdie laasgenoemde sinsnede van Theal omhels die werklike doel van hierdie veeposte. Hul veeteeltkundige waarde was dus nul.

Theal[32] : „Shortly after his arrival (1800) Sir George Younge caused a ‚Society for the encouragement of Agriculture, Arts and Sciences' to be established, of which he was president and Mr. Barrow the Secretary, but, beyond talking this Society did nothing. (Niks ongewoon vanaf Outoriteitsweë gedurende dié periode nie.) The Agricultural department was designed to introduce improved implements and, by means of a model farm, to show the best method of tilling the ground."

'n Staf is toe aangestel in Engeland en uitgestuur hierheen: „Soon after their arrival they were placed on the farm Klapmuts, where they were provided with horned cattle, horses, a party of slaves and everything else necessary for their work and maintenance."[32]

'n Uitstekende idee, dog was van die begin af aan gedoem tot mislukking. Om mense vanuit Engeland direk op 'n Suidafrikaanse plaas, met sy, van Engeland, seer verskillende klimatologiese en grondkundige kondisies, te plaas met die doel om 'n model-boerdery te dryf verdien ongetwyfeld geen verdere betoog nie.

As gevolg van die feit dat hul met beeste voorsien is, kan ons waarskynlik aflei dat hul ook met geïmporteerde Engelse rasse voorsien is, gebaseer op die volgende sinsnede van Theal[32] : „In horned cattle the aim had been in previous years to increase the size and strength of oxen rather than the quantity of milk given by cows." Die vooropgestelde doel moes gevolglik wees om die hoeveelheid melk van die koeie te verbeter.

Resumerend blyk dus, dat die veeposte vir die ontwikkeling van ons friesfokkery en die beesboerdery in die algemeen waardeloos was.

Die Ontstaan van Marke, Slagterye en Kontrakte.

Theal([25]) meld dat volgens beraming (1671): „For the refreshment of the Company's ships 350 head of cattle and 3,700 sheep were required yearly. This was exclusive of the hospital and the people on shore."

Hierdie aanvraag het geleidelik met die jare gestyg en dus kon die besoekende skepe as die eerste afsetgebied en gevolglik die eerste mark vir ons beeste beskou word. Die plaaslike aanvraag was in die eerste jare seer gering, dog het met die aangroei van die populasie en die geleidelike opheffing van die lewensstandaard van die inboorling langsamerhand toegeneem.

Volgens Theal([30]): „In 1686 a fair was established at Stellenbosch and was thereafter held yearly from the 1st to the 14th October. At this fair everyone was at liberty to buy and sell the products of the country without restriction."

Hierdie was die eerste mark van sy soort in Suid-Afrika.

Namate die Kompanjie minder selfversorgend geword het en begin afsien het van eie veeposte skrywe Theal([30]): „Tenders were called for and in February, 1700, the burgher Henning Huising entered into a contract to supply the garrison, hospital, and Company's fleet with beef and mutton at 5½d. a Kg., he to have the use of the Company's slaughter-houses and as a cattle run the whole of the district of Groene Kloof, that was not occupied by Hottentots. The contract was signed provisionally for 10 years, but the directors reduced it to 5. With this transaction the Company designed to relinquish sending out expeditions to purchase cattle, as had been the custom for nearly half a century."

Ongetwyfeld het Huising destyds sy benodigde voorraad aangevul deur ruilhandel met die omliggende Hottentotte, en waarskynlik heel weinig gedoen om die bestaande tipe slagbees te verbeter. Aangesien hy die monopolie had, was die noodsaaklikheid daarvoor ook uitgeskakel.

In die ou verslae van die resolusies van Landdroste en Heemrade word ook melding gemaak van die prys van slagtersvleis.

So skrywe Theal([25]): „Thus in December, 1742, permission was given to the Burgher Peter Wion to open a butcher's shop in the village of Stellenbosch, on the following conditions: Every Wednesday and Saturday he was to offer for sale good wholesome fresh mutton at the rate of 2d. per single pound, or 6d. for 4 lbs., and to refuse no one at that price. Four times a year he was to offer beef for sale at the same rates. Failing these conditions he was to pay a fine of £5 to the deacons for the benefit of the poor."

Ewentueel dus het vaste marke en slagterye ontstaan wat geleidelik toegeneem het en die beesboerdery dus moes beïnfluenseer.

Kolbe([16]) (1727) maak melding dat in die Groene Kloof vier persone was wat met die Kompanjie 'n kontrak had vir vyf jaar om vleis te lewer sowel as vir die skepe, en volgens Kolbe moes hul jaarliks 100-duisend pond, of aan geld 30,000 guldens, vet vleis lewer.

Gedurende die eerste 200 jaar was Suid-Afrika hoofsaaklik selfversorgend, as gevolg van 'n dominerende boerebevolking versprei oor 'n seer uitgestrekte deel van die land, met daarby, in verhouding, 'n seer klein stedelike bevolking en gevolglik 'n betreklik geringe aanvraag.

Met die ontdekking van die ryk diamantvelde van Kimberley in 1869, en opgevolg deur die wêreldberoemde goudmyne van Witwatersrand in 1886, ontstaan die eerste werklike groot marke, waar die boer 'n geredelike mark vir sy beeste verseker is. Hierop volg 'n periode van ongekende bloei en vooruitgang. Beesboerdery gaan met seer snelle skrede vooruit sowel as suiwelboerdery. Die aanvraag oortref in die eerste jare die aanbod van die onmiddellike omgewing, sodat ons 'n toestroming van slagbeeste, botter, ens., uit alle oorde van die land op die twee sentrums gekonsentreer kry.

Langsamerhand egter het die aanbod lokale konsumpsie begin oortref en volgens die „Official Year Book of S.A."[41] (1931-32): „The export of beef from South Africa commenced in 1914 and has continued with very considerable annual fluctuations. The export of frozen and chilled beef in 1932 amounted approximately to 7,938 short tons. Cold storage accommodation, facilities for the slaughtering and preparation of cattle for export, and handling of by-products exist at the chief centres of the Union. At the principal ports there are cold storage facilities in excess of present requirements. Provision is made by the Agricultural Produce Export Act of 1917 for the inspection and grading of meat for export. In order to assist the livestock industry the Railway Administration gives specially reduced freights both for live cattle and for dead meat intended for export.

„In 1932 a promising start was made with the export of chilled beef. Reports received from England, regarding the quality and condition of the beef on arrival, were very favourable. It is expected, that this trade will develop very considerably during the next few years.

On frozen and chilled beef, in quarters, an export subsidy, ranging from 35 to 20 per cent. in respect of the farmer, and from 35 to 25 per cent. in respect of the latter, is paid by the Government (‚Government Gazette,' No. 2052, 22nd July, 1932).

„For the purpose of establishing a meat control board and to make provision for the regulation by such boards of the meat trade and for the fixing of maximum prices of meat the legislature passed Act No. 29 of 1932. The personnel of the Board, appointed under the provisions of Section 2 (i) of the Act are:

Dr. P. R. Viljoen, Secretary of Agriculture (Chairman).
Mr. Piet Hamersma, Farmer (representing the cattle farmers).
Mr. C. C. Kloppers, Auctioneer (representing the meat trade).

„By virtue of Government Notice No. 188, dated the 10th Oct., 1932, the Governor-General conferred upon the board the powers provided for in Section 6 of the Act, i.e.:

(*a*) To determine the maximum number of slaughter cattle, slaughter sheep, or slaughter pigs, or the maximum quantities of beef, mutton, or pork which during any period fixed by the board it shall be lawful to transport by rail into, or out of, any area defined by the board;

(*b*) to determine the maximum number of slaughter cattle, slaughter sheep, or slaughter pigs, which it shall be lawful to sell or offer for sale on any day or during any period fixed by the board at any market or other place defined by the board at which slaughter cattle, slaughter sheep or slaughter pigs are sold."

TABEL 2.

AANTAL DIERE GESLAG IN ABATTOIRS GEDURENDE DIE JARE 1919-20 TOT 1929-30[41].

JAAR.	BEESTE.	KALWERS.	SKAPE EN BOKKE.	LAMMERS.	VARKE.	TOTAAL.
1919-20 ...	366,932	16,585	2,036,373	53,047	166,805	2,639,742
1920-21 ...	330,420	15,692	1,937,829	78,248	117,729	2,479,918
1921-22 ...	312,544	20,803	2,332,366	112,986	123,133	2,901,832
1922-23 ...	381,285	24,163	2,371,454		163,456	2,940,358
1923-24 ...	445,350	28,294	2,369,497		159,562	3,002,703
1924-25 ...	494,857	30,573	2,251,544		158,742	2,935,716
1925-26 ...	538,795	32,718	2,247,209		174,019	2,992,741
1926-27 ...	569,904	36,869	2,400,649		221,648	3,229,070
1927-28 ...	577,027	41,719	2,612,101		218,058	3,448,905
1928-29 ...	590,304	41,634	2,568,836		204,378	3,405,152
1929-30 ...	581,955	42,353	2,643,231		196,000	3,463,539
*†1933 ...	489,839	41,700	3,208,695		218,087	3,958,321

* Off Year Book of Union of S.A. (No. 16), 1933-34.

† Syfers vir 1931 en 1932 ontbreek in statistiese opgawe.

TABEL 3.

BEESVLEIS. GEÏMPORTEER EN EKSPORTEER (OORSESE HANDEL) 1911-1931[41].

JAAR.	GEÏMPORTEER.			EKSPORTEER (S. Afrikaanse Produksie).		
	GEWIG.	Verklaarde Waarde.		GEWIG.	Verklaarde Waarde.	
		Totaal.	Per 100 Pd.		Totaal.	Per 100 Pd.
	Ponde	£	£ s. d.	Ponde.	£	£ s. d.
1911	8,092,316	73,976	18 3	229,498	4,844	2 2 3
1912	9,023,705	88,284	19 7	296,834	6,729	2 5 4
1913	8,949,753	80,516	18 0	121,264	3,161	2 12 1
1914	737,950	10,960	1 9 8	463,767	10,039	2 3 4
1915	16,969	365	2 3 1	5,971,727	106,112	1 15 6
1916	6,969	139	1 19 9	19,260,612	392,832	2 0 9
1917	5,680	142	2 10 0	49,997,410	1,111,954	2 4 6
1918	...	...	...	21,135,367	542,101	2 11 4
1919	...	...	...	46,363,180	1,138,272	2 9 1
1920	83,862	1,119	1 6 8	14,435,455	367,573	2 10 11
1921	9,033	177	1 19 2	3,395,005	92,467	2 14 6
1922	5,520	74	1 6 10	1,740,860	34,893	2 0 1
1923	5,748	181	3 3 0	1,534,853	27,170	1 15 5
1924	...	...	...	9,601,043	118,966	1 4 9
1925	3,540	171	4 16 8	22,747,597*	280,312*	1 4 8
1926	18,042	579	3 4 2	34,971,804*	423,328*	1 4 3
1927	...	...	...	14,467,124*	193,573*	1 6 9
1928	1,500	40	2 13 4	17,788,919*	240,507*	1 7 1
1929	...	...	...	25,950,392*	304,656*	1 3 6
1930	...	...	...	30,582,101*	345,192*	1 2 7
1931	2,732	50	1 16 7	22,240,106*	244,310*	1 2 0
1932[60]	...	...	...	16,291,713*	164,031*	1 0 2
1933[63]	...	...	...	23,477,595*	274,130*	1 3 4

* Insluitende beesvleis van Rhodesiese en Suid-Wes-Afrikaanse beeste in die Unie geslag as volg[41].

Jaar.	Rhodesiese Beeste.		Suid-Wes-Afrikaanse Beeste.	
	Gewig.	Waarde.	Gewig.	Waarde.
	Pd.	£	Pd.	£
1925	6,708,691	80,586	...	...
1926	25,958,557	302,893	2,465,979	31,072
1927	10,345,917	131,881	346,676	4,333
1928	16,150,848	207,835	...	...
1929	13,455,566	149,156	...	...
1930	9,473,227	96,449	...	...
1931	990,073	10,579	...	...
1932[60]	17,687	332	...	...
1933[63]	1,593,839	12,823	...	...

Hieruit blyk die geleidelike vermindering in geïmporteerde beesvleis en die toename in eksport, 'n heel bevredigende toestand. Opvallend egter is die veel laer pryse van die laaste jare.

Ons vleishandel, en veral die kwaliteit van die grootste persentasie van ons slagbeeste, vereis tans nog aansienlike verbetering, teneinde die oorsese kompetisie te kan staan. 'n Konsentrasie op 'n paar goeie slagbeesrasse is waarskynlik aan te beveel.

Die Vryburgers en Hul Invloed op die Beesboerdery

Uit die voorafgaande het dus geblyk dat die Kompanjie heel weinig vir beesboerdery in die algemeen beteken het, deels deur 'n gebrek aan voldoende rasionele veeteeltkennis, en deels as gevolg van hul vooropgestelde doel, nl., 'n verversingstasie.

Met die ontstaan van Vryburgers, tree persoonlike inisiatief en persoonlike belange op die voorgrond wat onwillekeurig die beesboerdery moes beïnvloed.

Op 21 Februarie 1657 is grond toegeken aan die eerste Vryburgers in Suid-Afrika, en kan dus beskou word as die eerste boere en dus die grondleggers van 'n beroep wat later die ruggegraat van Suid-Afrika geword het.

Met nege Vryburgers begin, wat hulle opgesplits het in twee partye: (1) Herman Remajenne (hoofpersoon), Jan de Wacht, Jan van Passel, Warnar Cornelissen, en Roelof Janssen. 'n Streek land net oorkant die Liesbeek gekies, met as hoofdoel om koring te verbou. (2) Stephen Botma (hoofpersoon), Hendrik Elbrechts, Otto Janssen, en Jacob Cornelissen. Die grond duskant die Liesbeek gekies en dit genoem die Hollandse tuin. Hul hoofdoel was om tabak sowel as graan te verbou.

Volgens Theal[25]: „Both companies were desirous of growing vegetables and of breeding cattle, pigs and poultry."

Hulle is egter verbied om beeste van die inboorlinge te ruil of koop, dog moes hul nodige vee van die Kompanjie koop teen 25 gulde per os of koei, en kon alleen hul surplus vee weer aan die Kompanjie verkoop teen reedsgenoemde prys.

In Maart 1657 het Kommissaris Rijckloff van Goens geland en onmiddellik veranderings ingevoer. Teneinde 'n goeie voorraad teelbeeste in hande te kry, is die burgers toegelaat beeste van die inboorlinge te koop onder voor-

waarde dat hul nie hoër pryse as die Kompanjie mag betaal nie. Die prys tussen die Kompanjie en die Vryburgers is gereduseer van 25 tot 12 gulde, en kon nog alleen aan die Kompanjie verkoop. By oortreding is 'n boete van 12 riksdaalders opgelê.

Kwantitatief was hierdie stap van Van Goens wel tegemoetkomend, dog kwalitatief feitlik waardeloos.

In 1658 belet Van Riebeek (Van Riebeek weg op 6 Mei 1662) weer die Vryburgers om beeste van die Hottentotte te koop volgens Theal([25]): „A burgher purchasing any animal dead or alive, directly or indirectly, from a Hottentot, was liable to a fine of £5 for the first offence, £10 for the second, and for the third to be prosecuted for persistent opposition to the Government."

Toe Wagenaar hier land as opvolger van Van Riebeek in April 1662, het hul 'n goeie voorraad beeste, skape en varke besit. Elke boer het tenminste 12 werkosse en 6 koeie besit, terwyl diegene wat met 'n vrou uit Europa getroud was, minstens 12 koeie had en volgens Theal([25]): „As they were permitted to exchange any inferior animals for the best that the Company purchased from the natives, their stock was the choicest in the country."

Hoewel hierdeur, wat seleksie plaasgevind het, was die werklike verbetering ongetwyfeld nog gering ten opsigte van werklike kwaliteitsverbetering só noodsaaklik by die inheemse rasse.

In Januarie 1678 is verlof toegestaan aan Jochum Marquaart en Hendrik Elberts om 'n stuk grond in Hottentots-Holland te huur teneinde met beeste en skape te boer, en het gevolglik die pionierboere van die binneland geword.

Spoedig egter het 'n geleidelike binnelandse beweging gevolg, gedeeltelik om beter weiveld te soek, en gedeeltelik om hul vryheidsdrang te versadig en die dwangmaatreëls van die Kompanjie te ontsnap. Die gevolg hiervan was dat die boere hulle oor 'n geweldige stuk land mettertyd uitgesprei het; elkeen oor een of meer ontsaglike plase, dikwels met duisende stuks vee, beskik het, geleidelik feitlik alle kontak met die Kompanjie verloor het en verplig was hul moeilikhede selfstandig te oormeester.

Hierdie mate van afgesonderheid kon geen heilsame invloed en effek hê op rasionele veefokkery nie, en bowedien het die voortdurende strooptogte van die inboorlinge dit nog verder haas onmoontlik gemaak, soos later sal blyk.

Mettertyd egter is belastings op die boere gelê. In 1685 is die eerste jaarlikse belasting, van 1s. 4½d. op elke 20 beeste of 100 skape, op die Stellenbosche boere gelê wat die Landdros en Heemrade moes insamel.

Volgens Theal([30]): „On the 28th February, 1700, the trade was thrown open to the burghers, with such restrictions as were considered necessary to prevent its abuse. From this date cattle breeding became a favourite pursuit with yearly increasing numbers of colonists. The Government gave permission to applicants to use land for grazing purposes at some defined locality, but if the pasture failed or did not prove as good as was anticipated, the occupiers did not hesitate to seek other and better places.

„To encourage the cattle breeders, no rent for ground was charged until 1714 and no other tax than the one for district purposes was laid upon their stock."

As gevolg hiervan was die uitbreiding so snel dat in Desember 1769 'n kommissie uitgestuur is om die grens tussen Stellenbosch en Swellendam vas te stel. Na ooreenkoms is die Swartberge as sulks vasgestel.

Volgens Theal([25]) : ,,They reported that they found between the Gamtoos and Fish Rivers many persons with large herds of cattle, who were not paying any rent whatever to the Company. They had reason also to believe that notwithstanding the placard of the 8th December, 1739, which prohibited the purchase of cattle from natives, an extensive trade with the Kaffirs was being carried on."

In circa 1789 betaalde die boere van Swellendam reeds 'n distriksbelasting van 1s. 5d. per 100 skape en 1d. per bees, behalwe ander belastings vir spesiale doeleindes. Volgens Theal([25]) : ,,The poverty of the farmers was increasing and in addition to other troubles many of them were exposed to depredations by Bushmen and Kaffirs." In 1794 was daar reeds 50 families wat nie meer hul jaarlikse plaasrente kon betaal nie, en ongeveer dieselfde getal wat slegs die helfte kon betaal.

Theal([33]) skrywe oor ,,Taxes on Stock and Produce" as volg: ,,The first of these was the impost levied for district purposes from the earliest days of the Colony, and was based upon returns of their cattle furnished by the farmers themselves. On the 1st April, 1814, the rates were altered to ¾d. a year for each horse or head of horned cattle and 2¼d. for every 25 sheep or goats. After the 1st January, 1828, these taxes were paid into the general revenue, but were abolished at the close of 1838."

Soortgelyke belastings vind as reël weinig byval en bowedien word nimmer die beoogde doel daarmee bereik.

Nieteenstaande die veelvuldige teenslae het die boere in welvarendheid snel vooruit gegaan.

Kolbe([16]) (1727) maak melding van 22 plase, of hofstede, tussen die Tijgerbergen: ,,Het moet al een arme aanlegger zijn die niet ten minsten 600 schapen en 100 stucks grof vee bezit. Heeft hij echter zijne zaken een weinig in staat gebragt zoo vind men zeer dikwels 1,000, en ook wel eenige duizend schapen en 200 tot 300 stuks grof vee bij een man alleen. Waaruit nu heel licht is af te nemen, dat het voordeel van het vee groot moet zijn. Men vind de veelheid der schapen en runderen niet alleen op de Tijgerbergen, maar het gansche land door."

Percival([43]) skrywe egter (1804): ,,The cattle which the planters generally breed are considered as a much smaller race than those belonging to the Hottentots farther up the country."

Hoogswaarskynlik in enkele gevalle, dog geensins 'n algemene verskynsel nie.

Pringle([29]) (circa 1830) gee die volgende beskrywing van die boerdery van Wentzel Coetzer van Elandsdrift in die Vallei van Tarka: ,,Het getal der hier geweid wordende runderen ongeveer 700 en dat der schapen en geiten ver over de 5,000 bedroeg. Voor één veehoeder aan de Tarka wordt een dusdanig aantal klein en groot vee voor eene vrij aanzienlijke, maar geenzins voor eene buitengewoon grootte, kudde gehouden."

(21) MAKALANGABEESTE, BAIE VERBASTER (NOORDOOS-TRANSVAAL).



(22) 'N TIPIESE KAAPSE BUL OPGEGRADEER MET DIE FRIES, DOG NOG MET OORHEERSENDE INHEEMSE-TIPE (VAAL VAN KLEUR).



(23) LORD OF GLORIA 65/3 S.A.S.B., KAMPIOEN TE ROSEBANK, 1913.
Foto. Fries Veetelers Vereniging.

Enige van die grootste beeseienaars in 1800 volgens die Opgaaf Rolle[54] :

TABEL 4.

	Aantal Beeste.
Graaff-Reinet-Distrik :	
Jan Harmse Steenkamp (Jasper seun) ...	579
Isaac van Heerden, Piet Wilm. ze.	547
I. Erasmus d'oude	566
Johs. Jacob Kruger	591
Schalk Jacobus Burger	579
Rudolph Phil Botha (Phil zn.)	1038
Willem Adr. Nel d'oude	573
Pieter Ernst Kruger	590
Corns. Herms. Olivier	608
Steph. Naude (Heemraad)	906
Zwellendam- en Stellenbosch-Distrik :	
Charls. Johs. Verholster	524
Petrus Gerhs. v. d. Byl	618
Johs., Gerhs. en Johs. Albs. Mijburg ...	611
Josua Joubert	587
De Wed. Jacobus Abr., Burger	719

Hierdie is slegs enige gegewens genome uit die Opgaafrolle teneinde die leser 'n idee te gee van hul rykdom in beeste toentertyd en kan nog met talle meer aangevul word. Dat beesboerdery destyds geweldig floreer het, val dus nie te betwyfel nie, dog deurgaans was die gehalte beeste ongelukkig betreklik swak en aan rasionele verbeteringsmetodes nog heel weinig gedoen deur die meeste beesboere.

Censusopgawes.

Hieruit is die snelle kwantitatiewe vooruitgang direk waarneembaar. Die gegewens van die eerste jare is betreklik onvolledig en ongekontroleerd en besit gevolglik alleen relatiewe waarde.

Van Rheede[20] (1685) : ,,Tegenwoordig bestaat haar klijn en groot vee in 14,501 schapen en 2,297 ossen en koeijen 't welk nog sal vermenigvuldigen."

Theal[25] (jaarlikse census op 31 Des. 1687) : ,,The Company had on the several farms 1,164 head of horned cattle, 140 horses and 9,218 sheep. The returns in connection with the colonists were 2,951 horned cattle, 155 horses, and 30,142 sheep."

Theal[25] (1691) : ,,The colonists possessed 4,198 cattle, 261 horses, 48,703 sheep and 220 goats."

Opgaaf[21] vir die distrikte van Kaap, Stellenbosch, en Drakenstein in 1691 :

Osse.	Koeie.	Verse.	Kalwers.	Totaal.
1890	924	512	640	3966

Opgaaf([21]) vir 1692 (Kaapse, Stellenboschse, en Drakensteinse distrikte):

	Osse.	Koeie.	Kalwers	Slag-beeste (Osse & Koeie).	Bulle.	Pinke.	Verse.	Hokke-linge.	Totaal.
Kompanjie se beeste op die verskillende vee-poste	1289	193	79	110	3	70	93	71	1908
Aan Boere...	1912	1003	797	...	...	...	536	...	4248

De Mist([18]): „Generaale opgave van Producten van het geen in 1793, daar van, aan de Caab gevonden wierd:

TABEL 5.

	Runderen.	Paarden.	Schaapen.	Varkens.
Aan de Caab	6,570	5,044	19,581	...
„ Stellenbosch	22,155	6,772	111,217	...
„ Zwellendam	18,462	1,815	63,212	...
„ Graaff-Reinet	34,923	1,804	281,195	...
Totaal	82,110	15,435	475,205	110*

* De Mist gee slegs die totale aantal varke aan sonder die nodige distriks-indeling.

Rhenius([18]): „In zijn Miss. aan de Milit. Commissie van Decb. 1793 zegt: Runderen 83,464, Schaapen 467,321 en noemt dit, hoe groot het getal ook zij, niets in comparatie van het effective getal het geen verzwegen wordt, om eenige betaling uit te winnen."

Uit die gegewens van De Mist en Rhenius vir dieselfde jaar kan ons die onbetroubaarheid en dus alleen relatiewe waarde van die opgawes van die eerste 150 jaar na die volksplanting aflei.

Barrow([19]): „The following is an abstract of the Opgaaff in the years 1797 and 1798 when it was first required to be given in on oath:

TABEL 6.

	Beeste.	Perde.	Skape en Bokke.	Varke.
Kaapse Distrik (1797)	20,957	8,334*	61,575	758
Stellenbosch Distrik (1798) ...	59,567	22,661	451,694	...
Zwellendam Distrik (1798) ...	52,376	9,049	154,992	...
Graaff-Reinet Distrik (1798) ...	118,306	7,392	780,274	...
Totaal	251,206	47,436	1,448,536	758

*Kavalrie-perde van sy Majesteit nie ingesluit nie.

By 'n vergelyking van die gegewens van 1793 en 1797 blyk nog sterker die onbetroubaarheid van die eerste gegewens, waarskynlik toe te skryf aan 'n

seer onvolledige opgawe te wyte aan die oorsaak deur Rhenius aangegee.

Opgaafrolle(54) :

TABEL 7.

	Trekosse.	Aanteel Beeste.	Totaal.
Graaff-Reinet (1800) ...	...	...	81,240
Stellenbosch (1800)	...	...	12,279
Drakensteijn (1800) ...	...	...	41,981
Zwellendam (1806)	15,692	35,699	51,391
Tulbagh (1805)	6,554	9,270	15,824
Totaal	...	...	202,715

„Tabelle der successive progressen genomen uit de overgave aan Ons Amst. Court, 1803, 26 Jan., No. 76 (18) :

Hoornvee	225,635
Paarden	49,778
Schapen	1,490,880."

In die reisbeskrywinge aangegee in De Mist(18) word vermeld :

(1) „Het getal Hoornvee en Schapen is onbegrijpelijk—de voortteeling considerabel."

(2) „Jaarlijksche consumtie 90 m. (mille) Schapen en 4 tot 5,000 Runderen aan de Kaapstad."

Opgaaf, 1840-1905(24) :

TABEL 8.

	Osse.	Koeie.	Verse en Kalwers.	Totaal (K.K.).
1840 ...	...	...	...	334,201
1845 ...	...	...	...	465,558
1849 ...	191,586	198,899	134,365	524,850
	Trekosse.	Ander Beeste.		
1854 ...	157,886	292,142	...	450,028

	Wes. Prov.		Oos Prov.		
	Trekosse.	Ander Beeste.	Trekosse.	Ander Beeste.	Totaal (K.K.).
1860	86,127	112,873	73,476	190,480	462,956
1865	105,601	164,598	143,706	278,609	692,514
1870	Geen census nie.				

	Wes. en Oos. Prov.		Basutoland.		Totaal (K.K. en Basutoland).
	Trekosse.	Ander Beeste.	Trekosse.	Ander Beeste.	
1875	421,762	689,951	28,194	189,538	1,111,713

	Wes en Oos Prov.	Transkei-dele.				
		Oos-Grikwaland.	Fingo-land.	Idutywa Reserwe.	Tembuland.	Totaal.
	...	(1876-78)	(1874)	(1874)	(1875) Immigrante.	
	...	125,189	37,298	17,695	38,749	218,931
1880	Geen census nie.					
1885	Geen census nie.					

TABEL 8—*vervolg*.

	K.K. ALLEEN :			
	Trekosse.	Ander Beeste.	Totaal.	Totaal.
1890	322,756	744,543	1,067,299	
	TRANSKEI :			
	125,667	331,147	456,814	
				1,524,113
	K.K. ALLEEN :			
1895	481,343	809,118	1,290,461	
	WALVISBAAI EN TRANSKEI :			
	205,009	436,629	641,638	
				1,932,099
	K.K. ALLEEN :			
1900	258,958	478,146	737,104	
	TRANSKEI, PONDOLAND EN BETSJOEANALAND :			
	103,150	236,790	339,940	
				1,077,044
	K.K. EN TRANSKEI :			
1905	488,750	1,261,992	1,750,742	
	PONDOLAND EN BETSJOEANALAND :			
	203,648		203,648	
				1,954,390

Theal[22] gee die volgende volledige statistieke vir 1865 :

	WESTELIKE DISTRIKTE.	OOSTELIKE DISTRIKTE.	TOTAAL.
Beeste	270,199	422,315	692,514
Perde	104,806	121,804	226,610
Muile en Esels	18,803	5,476	24,279
Wolskape	2,243,393	6,126,786	8,370,179
Kaapse Skape	1,217,472	248,414	1,465,886
Bokke	1,044,508	1,392,936	2,437,444
Varke	59,897	18,769	78,666

Die „Cape of Good Hope Official Handbook, 1886"[23] gee aan vir 1875 :

„At the last census (1875) the total number of draught cattle and other cattle in the Colony was returned as follows, to this has to be added the cattle in the Transkeian Territories, now annexed to the Colony :

	TREKOSSE.	ANDER BEESTE.	TOTAAL.
In die Kaap Kolonie	421,762	689,951	1,111,713
In die Transkei ...	...	...	218,931
Totaal ...	... ...	... ...	1,330,644

Opsomming van Census opgawes (totaal aantal beeste) vir vergelykingsdoeleindes:

TABEL 9.

Jaar.	Kaap Provinsie.	Natal.	Transvaal.	O.V.S.	Unie.
1685[20]	2,297	...	...	...	...
1687[25]	4,115	Kompanjie en Kolonist	e.	...	...
1691[25]	4,198	Koloniste alleen.		...	...
1692[21]	6,156	Kompanjie en Kolonist	e.	...	...
1793[18]	82,110	Kaap en Stellenbosch en Zwellendam en Graaff-Reinet.			
1797 en 1798[19]	251,206	,,	,,	,,	,,
1803[18]	225,635	...	...	...	...
1840[24]	334,201	...	...	...	...
1845[24]	465,558	...	...	...	...
1849[24]	524,850	...	...	...	...
1854[24]	450,028	...	...	...	...
1860[24]	462,956	...	...	...	...
1865[24]	692,514	...	...	...	...
1875[24]	1,111,713	Kaap-Provinsie en Basutoland.			...
1890[24]	1,524,113	,,	,, Transkei.		...
1895[24]	1,932,099	,,	Transkei en Walvisbaai.		
1900[24]	1,077,044	,,	,,	Pondoland en Betsjoeanaland.	
1904[41] (algemene opgawe)	1,954,390	666,903	515,956	363,204	3,500,453
1911 (algemene opgawe)	2,715,330	456,087	1,339,298	1,286,234	5,796,949
1918 (landbou census)	2,410,934	977,252	1,888,443	1,575,295	6,851,924
1919	2,593,693	1,111,138	2,083,525	1,744,600	7,532,956
1920	2,573,591	1,209,717	2,427,159	1,721,803	7,932,270
1921	2,810,903	1,452,017	2,561,618	1,732,551	8,557,089
1922	2,976,168	1,566,232	2,762,044	1,896,225	9,200,667
1923	3,212,225	1,789,471	2,743,518	1,862,122	9,607,336
1924	3,323,651	1,892,848	2,832,620	1,849,309	9,898,428
1925	3,238,272	1,962,777	2,963,993	1,865,449	10,030,491
1926	3,351,269	2,152,100	3,055,140	1,955,772	10,514,281
1927	3,335,179	2,282,480	3,038,021	1,933,893	10,589,573
1928	3,246,109	2,379,903	3,088,962	1,935,419	10,650,393
1929	3,307,475	2,455,400	3,130,871	1,801,345	10,695,091
1930	3,416,840	2,495,466	3,158,573	1,680,097	10,750,976
*1934[63]	3,275,635	2,331,965	3,055,608	1,500,529	10,163,737

* Census-syfers vir 1931, 1932, 1933 ontbreek in statistieke.

Official Year Book[41]: ,,In 1919, 1920 en 1922 the censuses did not cover either the native areas or the towns, and in 1923, 1924, 1925, 1927, 1928, 1929 and 1930 the censuses did not cover the towns. The numbers shown in 1918, 1921 and 1926 have, therefore, for convenience of comparison, been assumed, and included for the intervening and subsequent years."

Official Year Book[63]: ,,In 1934 the census did not cover the towns."

Bogaande gegewens besit dus alleen relatiewe vergelykingswaarde en word alleen aangewend teneinde die voortdurende kwantitatiewe vooruitgang te toon. Die daling in 1934 is deels te wyte aan die groot verliese tydens die droogte van 1933.

PRYSSKOMMELINGE GEDURENDE VERSKILLENDE JARE.

Gedurende die eerste jare van die volksplanting is hoofsaaklik 'n ruilhandel met die Hottentotte en ander migrerende inboorlingstamme gedryf. Beeste is ingeruil teen tabak, krale, wyn en kleinere versiersels van haas onbeduidende waardes. Volgens Theal([25]) : ,,The quantity of beads given for an ox cost only from 8 to 10 pence, but there were other and larger expenses connected with the trade."

Hierdie aangehaalde grotere onkostes het betrekking op die gee van aanloklike persentasies, veral aan die hoofmanne, ter aanmoediging van die ewentuele handel.

Volgens die verbod van Feb. 1657([25]) kon die Vryburgers slegs hul benodigde beeste van die Kompanjie koop teen 25 gulde per os of koei en hul surplus teen genoemde prys weer aan die Kompanjie verkoop. Geen buitensporige prys nie, nogtans betreklik hoog vir dié periode en kwaliteit bees en veral in vergelyking met die prys waarvoor hul feitlik beter, of, identiese vee van die Hottentotte kon verkry.

Die uiteindelike gevolg hiervan was 'n toenemende wrywing gepaard met 'n strewe tot vrywaring deur steeds dieper die woeste binnelande in te dring.

Kommissaris Rijckloff van Goens het gevolglik, direk na sy aankoms in 1657, die vasgestelde prys tussen die Kompanjie en Vryburgers reduseer tot 12 gulde per os of koei met soortgelyke restriksies as dié van Van Riebeek, dog met dié uitsondering dat die Vryburgers tot verdere order toegelaat is beeste van die Hottentotte te koop, of ruil, teneinde 'n goeie voorraad aanteelvee in hande te kry.

Theal([30]) : ,,The price of sheep sold at public auction at this time (1720) was from 11s. 1d. to 13s. 11d. taking one with another in a flock, and of draught oxen £4 3s. 4d. each."

Barrow([14]) : ,,The price of a bullock is about 12 rixdollars or 48s., and the average weight is about 400 lbs." (By die Sneeuberge in ±1797.)

Verder maak Barrow([19]) melding dat slagters hul nodige slagvee dikwels in die Graaff-Reinetse distrik gaan koop het teen 10 tot 12 riksdaalders per bees en 2 tot 2½ riksdaalders per skaap.

In die omtrek van Kaapstad was vee ongetwyfeld veel duurder as in die verafgeleë distrikte.

Van Rhijneveld([11]) (19 Maart 1804) meld dat ieder vooruitstrewende boer van hierdie ,,Bastaard Vaderlandsche Koeijen of Bullen" probeer in hande kry het om hul vee mee te verbeter, en koeie teen 500 tot 800 riksdaalders, en bulle tot 500 riksdaalders per stuk verkoop is. Hierdie pryse is mynsinsiens wat hoog !

Goeie vee was destyds heel skaars en gevolglik seer duur.

Die pryse van geïmporteerde beeste kan ons gedeeltelik aflei uit die skrywe van die Koloniale Agent([42]) (1814) uit Engeland : ,,I thought it more probable that those, which I have sent, would meet your Excellency's wishes than the small black cattle of the North of Devon."

,,Cost of 2 bulls and 2 cows, £64 5s. 0d."

Genoemde prys is geen vergelyking met tans heersende pryse vir geïmporteerde friesvee nie, dog ook kan geen kwaliteitsvergelyking getrek word nie.

Die „Cape of Good Hope"(39) (1822) meld: „The value of a good span, or team of 12 young seasoned draught oxen, is from 5 to 600 rixdollars, or about 3 guineas sterling per ox. An ox fit for slaughter, weighing from 4 to 500 lbs. of meat, will be sold to the butcher for about 40 rixdollars; and a stall fed ox, extra fat, as the term here is will fetch from 100 to 150 rixdollars, and weigh 800 lbs. without the offal. An experienced Cape butcher declares that he never slaughtered an ox that weighed more than 830 lbs. Dutch, or 896 lbs. English weight, without that part which is, in England, called the fifth quarter."

Uit hierdie verklaring blyk duidelik dat die beeste gemiddeld heelwat ligter was dan ons teenswoordige beeste.

Moodie(28) meld van die beeste voor 1835: „The price of cows varies according to the breed from £1 4s. to £2 5s. per head, and oxen from £1 18s. to £2 13s. On a good cattle-farm, and with proper management, from 70 to 80 calves may be expected as the yearly produce of 100 cows."

Die feit dat osse dikwels hoër pryse behaal het as koeie, verklaar duidelik dat meeste boere koeie alleen beskou het as nuttige aanteelvee en dat hul boerderye geen rasionele-teelt grondslag had nie. Hierdie ongesonde toestand het nog jare hierna gebotvier en die algemene beesfokkery op 'n betreurenswaardige lae niveau gehou, met uitsondering van by die meer vooruitstrewende boere.

So meld die „Cape of Good Hope"(23) later: „The average value of draught oxen in the Colony during the last five years (1881 to 1886) has varied from £9 down to the present (1886) price of £6 10s. per head and in the Transkei it is about £6 per head."

Hierdie aansienlike styging was die gevolg van vermeerderde transport na die diamant- en goudvelde en dus 'n toenemende aanvraag vir goeie trekosse.

Opsomming uit die „Cape of Good Hope Blue Books"(24):

TABEL 10.

Jaar.	Gemiddelde Prys.					
	Wes. Prov.		Oos. Prov.		Kaap-Kolonie.	
	Trekosse.	Melkkoeie.	Trekosse.	Melkkoeie.	Trekosse.	Melkkoeie.
1865	£4 15/-	£5 11/6	£5 1/-	£4 15/-	£4 18/-	£5 3/3
			Basuto	land.		
1875	...	...	£8 10/-	£8 12/6	£11 11/-	£11 2/-
1876	...	...	...	...	£8 18/-	£9 7/-
1877	...	...	...	...	£7 17/-	£7 10/-
1878	...	...	...	...	£8 5/-	£9 2/-
1879	...	...	...	...	£8 12/-	£9 2/-
1880	...	...	...	...	£9 0/-	£9 5/-
1890	Oos Grikw	aland, Tembu	land en Trans	kei ingesluit.	£6 0/-	£6 9/-
1895	Die hele K	aap Kolonie.	...	...	£4 19/-	£5 18/-
	K.K. I	nsluitende	Betsjoeanal	and.	Transkei	Alleen.
1899	(31 Mei)	£12 1/-	£13 14/-	...	£15 12/-	£14 4/-
1905	...	£10 19/-	£13 0/-	...	£10 2/-	£12 7/-

Hieruit blyk duidelik die prysskommelinge gedurende 'n bestek van 40 jaar. Soortgelyke skommelinge kan alles behalwe bevorderlik wees vir die

gesonde vooruitgang van 'n boerdery. Konstantheid is 'n eerste ekonomiese vereiste.

Verdere skommelinge blyk uit die opgawe van Oorsese handel in geëksporteerde en geïmporteerde beesvleis gedurende die jare 1911 tot 1931 wat reeds op blds. 45 aangegee is.

In 1835, en die daaropvolgende jare met die Groot Trek, kry ons 'n snelle verspreiding na die noordelike provinsies en dus die bevolking van ongeveer die ganse teenswoordige Unie, wat geensins bevorderlik vir beesverbetering in die eerste jare kon wees nie, en insonderheid vir ons friesveefokkery.

Samevattend blyk dus duidelik dat die territoriale uitbreiding van beesboerdery wel 'n aansienlike kwantitatiewe toename gedurende die eerste jare bewerkstellig het, dog dat dit alles behalwe 'n heilsame effek had op kwalitatiewe vooruitgang. Wilde kruising het ongetwyfeld die hoofrol gespeel, daar deeglike fokmateriaal as gevolg van die uitgestrektheid van die land moeilik verkrybaar was. Bowedien het die aanhoudende kafferonluste en die strooptogte rasionele beesfokkery haas onmoontlik gemaak gedurende die eerste paar eeue, soos uit die volgende hoofstuk sal blyk.

Nogtans blyk dit heel duidelik uit die aangehaalde gegewens dat beesboerdery steeds 'n vernamer plek begin inneem het in Suid-Afrika en gevolglik met rasse skrede vooruitgegaan het.

HOOFSTUK IV.

NADELIG REAGERENDE FAKTORE OP DIE GESONDE ONTWIKKELING VAN ONS BEESBOERDERY GEDURENDE DIE EERSTE 250 JAAR

VERSKEIE faktore het 'n uiters stremmende invloed uitgeoefen op die gesonde rasionele ontwikkeling van ons beesboerdery gedurende die eerste jare van die volksplanting, en die vereiste en verwagte vooruitgang herhaaldelik op 'n mislukking afgestuur, of sterk benadeel. Alleen enige van die mees uitstaande faktore word hier kortliks opgesom sonder om in detáil te gaan.

As mees uitstaande kan ongetwyfeld die volgende dien:

DIE DOEL WAARVOOR DIE NEDERSETTING OORSPRONKLIK AAN DIE KAAP GESTIG IS IN 1652.

1. In die „Memorie, door den Raad van Politie aan Commissarissen Generaal overgegeven, den 12 Octb., 1792([18])" vind ons die oorspronklike doel aangegee waartoe hierdie kolonie opgerig is: „Wanneer de Maatschappij het oog op dezen uithoek heeft gevestigd, om aan dezelve eene Colonie op te richten, heeft zij daarmede niets anders bedoeld, als het bezit van eene welgesitueerde plaats, om haare, zoo naar Indiën bestemde, als van daar repatrieerende schepen met derzelver equipagiën, op deeze lange en moeilijke tochten van 't nodige, en wel voornaamlijk van ververschingen en provisiën, voor de verdere reis te voorzien, en dus ook de werkzaamheid van de successivelijk herwaards gezondenen planters alleen bepaald bij het bouwen van Koorn en Peulvruchten—den aanleg van wijngaarden, moestuinen, houtbosschen, en de Veefokkerij mitsgaders tot het oefenen van zodanige Ambachten, als tot het exerceeren van deeze takken van gewin onontbeerlijk kwamen te zijn."

'n Verversingstasie dus as vooropgestelde doel, waaraan dit ook uitstekend beantwoord het. Van die veefokkery het in die eerste jare niks tereg gekom nie en uitsluitend op 'n ruilhandel met migrerende inboorlingstamme uitgeloop, soos reeds in die vorige hoofstuk aangetoon is. Die veeposte het uitsluitend gedien vir die vetweiding van die geruilde vee en vir die fokkery self waardeloos gewees. Veeteeltkennis het ontbreek, seleksie het nooit geskied nie, en geen diere is ingevoer om die inheemse rasse mee te verbeter nie, daar geen vooropgestelde fokdoel bestaan het nie.

2. Gepaard hiermee het gegaan waarskynlik **'n gebrek aan die nodige insig in doelmatige veeteelt** by die eerste Goewerneurs en amptenare. Solank voldoende varsvleis deur ruilhandel of uitgesonde ekspedisies verkrygbaar was om in die onmiddellike behoefte van die amptenare en aankomende

skepe te voorsien, is die noodsaaklikheid van beesboerdery nie ingesien nie of altans nie tot sy reg laat kom nie. Geen kwaliteitsvereistes kon neergelê word deur die besoekende skepe sowel as die amptenare nie, omdat geen kompetisie moontlik was nie, en bowedien was die skepe bly genoeg weer voldoende varsvleis te kry, afgesien van kwaliteit, na hul lang en seer vermoeiende reise. Hierdie uitgeslote kompetisie het die vooruitgang van ons beesboerdery gedurende die eerste jare geen goed gedoen nie.

3. Heel anders egter het die situasie met die koms van die eerste Vryburgers geword. Persoonlike inisiatief het op die voorgrond begin tree gepaard met die daaruit voortvloeiende essensiële kompetisie, wat mettertyd sy invloed op die beesboerdery moes laat geld. Andermaal stap die Goewerneur en Maatskappy tussenbeide en smoor alle moontlike kompetisie deur **afbrekende handels- en bemarkingsverbiedinge.** Die Vryburgers mog geen ruilhandel met die inboorlinge self aangaan nie, moes hul benodigde vee van die Kompanjie teen vasgestelde pryse koop en kon hul surplus vee weer alleen aan die Kompanjie verkoop teen vasgestelde pryse. As die Kompanjie deeglike en verbeterde vee besit het, was hierdie stap geregvêrdig, dog onder toentertyd bestaande omstandighede heel moeilik, en het ongetwyfeld die onmiddellike vooruitgang gestrem. 'n Gekontroleerde ruilhandel deur die Vryburgers met die inboorlinge was ongetwyfeld essensieel om moontlike vergrypinge, en die só noodsaaklike goedgesindheid van die migrerende stamme te verseker; dog algehele ontsegging moes tot ontevredenheid lei en die sug na vryheid aanwakker, en dientengevolge die ewentuele verspreiding om onder die ongewenste gesag van die Kompanjie uit te kom. Bowedien is vryhandel met die skepe verbied, en het die Kompanjie dus die handel gemonopoliseer, waardeur persoonlike inisiatief in die kiem gesmoor is. Gepaard hiermee het sommige van die amptenare en Goewerneurs self boerderye begin aanhou, teenstrydig met die bestaande regulasies, waardeur geweldige botsinge ontstaan het tussen die Vryburgers en genoemde Goewerneurs, daar laasgenoemde die handelsvoorkeur geniet het, en die Vryburgers alleen toegestaan is om hul goed en vee te verhandel nadat die Goewerneur en amptenare hul goed van die hand gesit het.

4. Die onmiddellike gevolg hiervan was **'n snelle verspreiding van die eerste koloniste** oor die onbekende uitgestrektheid van Suid-Afrika. Selfs, die soms byna onoorkomelike moeilikhede, deur hul verspreiding tussen die onbeskaafde inboorlinge, kon hul sug na vryheid nie strem nie. Hierdie verspreiding kon geen heilsame effek uitoefen op die beesboerdery nie. Wilde kruising was aan die orde van die dag met die verskillende inheemse beesrasse wat hul aangetref het. Kwantiteit instede van kwaliteit was hoofsaak. Hoe ryker 'n boer was, hoe meer vee had hy, afgesien van die kwaliteit. Niemand het toe na kwaliteit gevra nie. 'n Bees was 'n bees. Hierdie toestand het seer lang in Suid-Afrika hoogty gevier en word vandag nog grotendeels in ons Naturellegebiede aangetref.

5. Soos reeds aangetoon in Hoofstuk II was **die uitgangsmateriaal** (inboorlingbeeste) van ons eerste beesboere alles behalwe uitstekend. Hoewel uitstekend gehard en geakklimatiseer, was hul byna deurgaans klein en lig, hoogbenig, wild, min melk gegee en geen uitstaande kwaliteit vleis gelewer nie. Veel beter geskik as trekdiere, dog minder geskik vir vleis- en melk-

produksie. Hieruit moes ons beeskuddes mettertyd opgebou word, en ons beesboerdery ewentueel op 'n gesonder basis kom te staan, hoewel dit vandag nog veel te wense oorlaat. *Daar bestaan vandag nog ruim geleentheid vir verbetering in* 90 *persent van ons beeskuddes.*

6. **Die groot afstand van Europa en Engeland, gepaard met die wisselvallige en seer langsame skeepvaart,** het die invoer van beter fokmateriaal gedurende die eerste eeu na die volksplanting baie beïnvloed (bemoeilik) en waarskynlik is gedurende die eerste 100 jaar weinig beeste vanaf Europa ingevoer vir fokdoeleindes. Die eerste geïmporteerde beeste vanaf Holland en Friesland was van diverse plumage soos aangetoon in Hoofstuk I; met nog heel weinig konstantheid en ongetwyfeld aan verskillende tipes en rasse behoort. Hul kan dus geensins as goeie fokmateriaal bestempel word nie, nogtans was hul van veel beter kwaliteit as ons inheemse rasse en gevolglik het die eerste kruising direk 'n seer merkbare verbetering bewerkstellig in meeste gevalle, en het hierdie eerste kruisings dus die grondslag gevorm van ons huidige friesveefokkery. Die vooruitgang in skeepsbou het, nie alleen 'n sneller, dog 'n gereelder diens op Suid-Afrika beteken waardeur die importeer van beter fokmateriaal aansienlik vermeerder het.

7. **Die groot afstand van die wêreldmarke** en die wisselvalligheid van die ongereelde skeepsdiens het die uitvoer van beeste, vleis en suiwelprodukte in die begin feitlik onmoontlik gemaak. Alleen moes in die onmiddellike behoefte van die besoekende skepe en die nog betreklik klein blanke bevolking voorsien word, 'n seer gemaklike taak met die snelle toename van beesboerdery.

Die boer moes dus alleen voorsiening maak vir sy eie huislike behoeftes, en daar grond in byna onbeperkte hoeveelheid, vir feitlik niks, verkrygbaar was het dit kwantiteit in die hand gewerk en dus direk kwaliteit en doelmatige fokkery benadeel. Selfversorging en onafhanklikheid neem dus met die loop van jare sterker toe. Elke boer teel sy eie stiere, met as hoofdoel, om sy koeie gereeld te laat kalf, daar geïmporteerde stiere, veral in die binnelande, haas onverkrygbaar was, of die noodsaaklikheid van hul gebruik nie voldoende besef is nie. Die so essensiële kompetisie vir marke, wat direk 'n fokkery vooruit forseer, was dus afwesig.

8. 'n Verdere terugset is aan ons beesboerdery besorg deur **die Groot Trek** gedurende 1835 en die daaropvolgende jare, toe honderde van sommige van ons mees vooruitstrewende beesboere oor die O.V.S., Transvaal en Natal versprei het. Hier het hulle nie alleen, meeste van hul reeds gedeeltelik opgeboude beeskuddes, verloor deur stelery nie, dog was ook té ver verwyder van die Kaapkolonie om goeie fokmateriaal te bekom.

9. **Gebrek aan die nodige teeltkennis by ons eerste beesboere,** deur die afwesigheid van landbouskole en veeteeltdeskundiges, het ongetwyfeld die vooruitgang van rasionele beesteelt vertraag en ons fokkery op 'n seer lae niveau gehou. Geskikte literatuur was seer skaars, en wat wel nog verkrybaar was, is deur die meeste boere nie eens gelees nie om verskillende redes.

Dikwels Optredende Beessiektes.

10. Hoewel Suid-Afrika minder onderhewig was aan periodieke verderflike peste as byvoorbeeld Holland en ander lande, het ons beesfokkery nogtans

verskeie, geweldige terugslae gekry, deurdat haar kuddes aansienlik uitgedun is deur optredende peste en siektes, vanaf die begin.

So meld Theal([25]): „A virulent sickness at this time (1659) appeared among the horned cattle and sheep, so that of some flocks not less than 4 out of 5 died. On Robben Island only 35 sheep remained out of a flock of 500." Die geaardheid van die siekte is nie aangegee nie, slegs word vermeld dat verhongering nie die oorsaak was nie, want gevoerde skape het ewe-as die ander omgekom. „The Council attributed this plague to the direct action of the Almighty and recorded their belief, that it was sent as a punishment to their sins."([25])

Theal([30]): „In 1714 a fatal cattle disease, unknown before, made its appearance in the settlement, and attacked both oxen and sheep. By 1718 it was so difficult to obtain animals for slaughter, that, when the contract to supply the Company with meat was offered for sale by auction, there was not a single bidder. The sheep in possession of the burghers had decreased by nearly 56,000. On the 2nd of July, 1720, the sale of live animals to foreigners was prohibited by placard." Ongelukkig word die verlies onder beeste nie aangegee nie, dog was waarskynlik aansienlik. Moontlik was hierdie siekte *runderpes* want vanaf 1713 het 'n reeks van runderpesepidemieë wat enorme sterftes veroorsaak het gedurende die eerste 75 jaar van die 18e eeu, in Holland opgetree.

Ongetwyfeld het hierdie siekte enige jare aangehou want Theal([30]) maak melding dat slagskape en trekosse in 1723 uiters skaars was en skryf verder: „The scarcity was increased by the tongue and hoof sickness making its first appearance in 1723."

Hierdie verderflike beessiekte het dus sy eerste verskyning heel vroeg in ons land gemaak. Statistieke is ongelukkig nie verkrygbaar nie.

Volgens Stavorinus([40]) maak *mond-en-klouseer* weer sy verskyning gedurende 1774-78 en vermeld van die heer Melk tussen Kuilsrivier en Stellenbosch: „'t getal van het kleinvee rekende hij met duizenden, en van het hoornvee, dient dit tot een klein bewijs, dat hij mij verhaalde, even als of het niets om 't lijf had, dat hij sedert weinig dagen 125 stuks, aan de klaauw-en-tongziekte verloren had."

Die absolute betroubaarheid van hierdie bewering kan moeilik voor ingestaan word, nogtans gee dit 'n insig in die verderflike gevolge van mond-en-klouseer toentertyd.

Verder skrywe Theal([32]): „Along the base of the Obiqua mountains the land did not seem well adapted for agriculture, but was fit for pasture, though in some places lamsickness was prevalent and in other oxen died from *strangury*, caused by eating a kind of heather with glutinous juice (1805)." Die afmetinge van *lamsiekte* word nie aangegee nie, dog het later veral in Betsjoeanaland, geweldig verderflik opgetree en byna hele kuddes afgemaai, totdat Drs. Theiler en Du Toit in 1928 met 'n reeks proewe, in Maart 1925 begin in die Armoedsvlakte, bewys het dat dit veroorsaak word deur 'n fosfor- en kalsium-defekt of wanverhouding tussen hierdie beide elemente in die natuurlike weiveld en deur gereelde beenmeelvoeding doeltreffend kontroleer kan word.

Die „Cape of Good Hope "([39]) van 1822 meld: „In most farms they require change of pasture for a few months every year, without which they become lamziek (lame sick) or paralytic in all their limbs, said to be occasioned by the prevalence of saltpetre, efflorescing from the earth at particular seasons. Oxen are also subject to other fatal disorders, especially strangury."

Hiervolgens blyk dus, dat die weiveld reeds verantwoordelik gehou is vir lamsiekte, hoewel 'n foutiewe verklaring gegee is. Ook is dit duidelik dat die siekte gedurende sekere maande jaarliks opgetree het en dus 'n stremmende invloed op die beesboerdery moes gehad het.

Sponssiekte (boutvuur) was reeds in 1805 goed bekend en Theal([32]) skrywe: „In the Lower Roggeveld in some parts sponssickness occasionally attacked the young animals."

In 1854 tree *besmetlike longsiekte* op en woed veral gedurende 1855-56 met al haar hewigheid en verskrikkinge. Theal([24]) skrywe: „Much distress was caused to the farming community at this time by great losses of horned cattle from lungsickness (1855-56), which was brought into the Colony in 1854 by a bull from Holland, that was landed at Mosselbay. Despite all precautions the disease, which was of a virulent nature, spread rapidly over South Africa, and it was computed that before March 1856 in the Cape Colony alone fully 100,000 head of horned cattle had died of it. From the earliest days of the settlement different ailments of cattle were prevalent, but none so destructive as the lungsickness on its first appearance. There were localities where strangury, caused by a glutinous juice of a particular shrub, was fatal to oxen, but care was taken by cattle breeders to avoid such places, so that very little loss was occasioned by it. In other localities a poisonous plant called *‚tulp'* grew in abundance and cattle that ate of it died, but every herdsman recognized it at first sight and took care to keep the animals under his charge away from it.

„There was a disease that affected the hoofs and caused them to become loose, but from this most of the animals, if fed and attended to, recovered.

„An ailment called ‚sponssiekte ' (boutvuur) often thinned the number of calves, but was never widely destructive.

„The most dreaded of all the cattle diseases was called ‚lamsiekte,' which was of the nature of paralysis and was commonly prevalent after droughts. It was more fatal in some places than others. Its cause was unknown, as was a remedy for it and it was regarded by many as a judgment of God.

„All these diseases, however, fell into the shade when lungsickness appeared and baffled all attempts to discover either a preventative or a cure. It was years later when inoculation was resorted to."

In 1855 versprei longsiekte na Brits-Kaffraria en vernietig byna al die kuddes van Pato en Umhala en is toegeskryf aan towerny van die blankes. Dieselfde jaar breek dit ook uit in Natal: „and caused enormous loss to the settlers, particularly to the Dutch farmers, whose principal support was derived from their herds. This induced them to turn their attention to breeding woolled sheep. In the course of time lungsickness became less destructive, when breeding horned cattle again became a favourite industry."([34])

Baines([38]) maak nog melding van longsiekte onder die beeste in September 1861 en skrywe : ,,Many of the people complained of being ill and we were in some doubt whether gorging the flesh of the lung-sick cattle might not have affected them."

Longsiekte het, dus ruim 7 jaar, sy vernietigende effek op ons kuddes doen geld en ongetwyfeld gedurende die periode etlike honderd-duisende beeste afgemaai. Sonder twyfel 'n geweldige terugset vir ons beesboerdery.

In 1871 maak *rooiwater* sy verskyning en Theal([32]) skrywe : ,,A very destructive disease, termed redwater, made its appearance among the horned cattle on the coast lands and soon spread over the Colony, almost paralysing for a time the transport of goods to the interior and causing great loss to the farmers."

Rooiwater het waarskynlik oor 'n reeks van jare voorgekom en in intensiteit toegeneem, want Theal([37]) meld: ,,In 1884 redwater had already created havoc with the horned cattle in this Colony, and was sweeping off the herds in Kaffraria and causing widespread alarm in the eastern districts of the Cape Colony."

Later is aangetoon dat die siekte deur bosluise oorgedra word en deur gereeld te dip bestry kan word.

Wallace([12]) gee die volgende siektes aan by beeste, verkry van Duncan Hutcheon destyds (1896) koloniale veearts:

(1) Bosluissiektes : rooiwater, *swart galsiekte* (Biliary hepatitis).
(2) *Tuberkulose* : weinig.
(3) Longsiekte (pleuro-pneumonia) en meld van hierdie siekte: "Is one of the most severe stock scourges in the Colony. In 1893 over 36,000 cattle have died of pleuro-pneumonia in the Colony." Dus 'n tweede invasie van hierdie gevreesde siekte.
(4) *Miltsiekte.*
(5) *Styfsiekte* en Lamsiekte.
(6) *Lewersiekte by kalwers.* Volgens Wallace([12]) in 1896 reeds 15 jaar lank bekend en meld: ,,The mortality in the cases of bad outbreaks is alarming, as many as 60 per cent. of the whole calves dying—in fact very few recover."

Ook kan hierby gevoeg word die gevreesde bosluissiekte *Ooskuskoors* (veroorsaak deur Theileria parva) wat gedurende die 2e helfte van die vorige eeu seer vernietigend opgetree het, veral in die oostelike kusstreke en talryke kuddes totaal afgemaai het. Deur gereeld te dip word hierdie siekte vandag onder kontrole gehou.

In 1896 breek die gevreesde *runderpes* in Suid-Afrika uit en volgens die ,,Official Year Book of South Africa "([41]) : ,,The outbreak of rinderpest in 1896 decimated the herds of cattle, which had by that time become established in considerable numbers in the northern provinces and the eastern Cape Colony." Nie alleen het duisende beeste aan hierdie virulente siekte beswyk nie, dog ook is duisende afgemaak ter bestryding, sodat feitlik die hele beesboerdery in hierdie provinsies tydelik ontwrig is.

Na 1900 begin toestande verbeter en neem verliese as gevolg van hierdie siektes snel af, as gevolg van 'n bekwamer veeartsenykundige diens en dus beter bestrydingsmetodes.

Bogaande opsomming van die vroeër heersende siektes is geensins volledig nie en dien alleen as bewys van die stremmende invloed wat dit had op die ontwikkeling van ons beesboerdery. Nie alleen is ons inheemse rasse afgemaai nie, dog ongetwyfeld ook verskeie van die reeds opgeboude en verbeterde kuddes.

Aanhoudende Verliese deur Diefstal.

11. Diefstal, deur die inboorlingstamme, was die orde van die dag, vanaf die begin van die nedersetting, dog het die felste gewoed aan die einde van die 18de eeu en tydens die gehele 19de eeu. Kafferoorloë, gepaard met rowersbendes, het snel opmekaar gevolg en veral die oostelike grensdistrikte steeds in 'n toestand van wanorde en rusteloosheid gehou. Geen konstantheid en rasionele fokkery was moontlik onder die heersende omstandighede nie, wat nie alleen die fokkery steeds op 'n laer niveau gevoer het nie, dog die meeste boere so verarmd gelaat het, dat alle verbetering gedurende die eerste jare onmoontlik was. Daar was weinig of geen geld om beter fokmateriaal aan te koop nie, gevolglik moes met die aanwesige tipes voortgesukkel word. Dus, nie alleen 'n terugslag nie, dog 'n oponthoud wat gevolg is deur wilde kruising in sy ergste vorm; waardeur nie alleen verskeie van die suiwer inheemse rasse ten gronde gegaan het nie, dog ook weinig goeds opgelewer het. Hierdie aanhoudende diefstal het ons beesboerdery ongetwyfeld veel meer kwaad berokken as enige ander faktor.

Die oneindige reeks diefstalle neem 'n aanvang op 19 Oktober 1653 toe die Strandlopers en Harry 42 van die Kompanjie se beeste gesteel het, en slegs 2 nagelaat het.([30])

Vroeg in die jaar 1659([25]) het die Kaapmans weer die Kaap besoek en vind toe die Vryburgers op die plek waar hulle voorheen hulle vee laat wei het. Die gevolg was, dat die Kaapmans en Gorachouquas die boere se vee geweldig begin steel het, teneinde hulle weg te dryf.

In die annale vind ons, in die daaropvolgende jare, dikwels melding gemaak van grotere of kleinere diefstalle deur migrerende Boesmans of Hottentotstamme. So meld Theal([30]) dat vanaf 1701 die verafgeleë boere van Riebeek-Kasteel ens., baie skade gely het van Boesmans deur stelery.

Hierdie insidente is egter minderwaardig en maak die saak minder ernstig en word dus ook kortheidshalwe weggelaat.

Vanaf 1793 het diefstal van vee egter skrikwekkende afmetinge begin aanneem en sy effek op ons beesfokkery deeglik doen geld.

So meld Cory([35]) (1793): „In one overwhelming wave these hordes swept across the country, almost completely depopulating it of white inhabitants. Of the 120 farms there were between the Kowie and Swartkops River (Suurveld) 116 were abandoned; 65,327 cattle, 11,000 sheep and 200 horses were carried off by the invaders."

In die Suurveld (Winterhoek-Afdeling) is in 1799 ([35]), deur 'n gesamentlike aanval van Hottentotte en Kaffers, op een plek 700 beeste, 3,000 skape en 50 perde gesteel. In 'n ander deel van die distrik is 500 beeste en 2,000 skape gesteel.

In die begin van April 1806([35]) word die plaas van Christoffel Botha, ongeveer 5 uur te perd vanaf Algoabaai geleë, aangeval deur die Kaffers

en al sy beeste meegevoer. Op 8 April 1806([35]) is Nicolaas Grobbelaar deur die Kaffers vermoor en 48 van sy osse saamgeneem.

Soortgelyke insidente het gedurende hierdie tydperk veelvuldig op die oostelike grense plaasgevind en vertolk die werklike toestand van sake. Onder soortgelyke toestande kon beesboerdery ongetwyfeld nie vooruitgaan nie.

Gedurende die eerste drie maande van 1810([35]) is diefstalle gepleeg op 39 plase in die Uitenhaagse distrik, veroorsakende 'n totale verlies van 1,205 beeste en perde en die moord van 2 Boere en 6 Hottentotte.

In die 2de kwartaal eindigende 30 Junie 1810([35]) is 1,077 beeste gesteel waarvan 451 weer teruggekry is.

Theal([32]) meld, dat bendes Xosas die Kolonie ingeval het in November 1813 en die boere geplunder het veral langs die Visrivier: „In the neighbourhood of one of the posts during the four weeks ending on the 20th of November 1813 over 1,000 head of cattle were swept off."

Sir John Cradock het, as teenmaatstaf, 'n digte bevolking probeer aanmoedig op die Oos Grens deur 145 families om te haal om hulle te vestig op betreklike klein plasies in die Suurveld in die nabyheid van die militêre buiteposte, deur hulle sekere fasiliteite te verleen: „But they soon found, that it was impossible to carry on agricultural or pastoral operations with any chance of success."([32])

'n Verslag gedoen aan die Regering vroeg in 1817 toon, dat 90 van die families reeds verplig was om die distrikte te verlaat en dat binne 18 maande tyd 3,600 beeste gesteel is.

Op 16 Januarie 1822([32]) val Makoma, die vernaamste seun van Gaika, die bevolking van die sendelingstasie in die Tyumievallei aan en dryf al hul beeste weg, 274 in getal.

Theal([33]): „In August 1832 a strong party (onder leierskap van die Hottentot Stuurman, 'n rowerbende van die Oranjerivier) made a sudden raid into the Nieuwveld, and found several graziers with their families and cattle near Slangfontein. They drove off all the stock and murdered 3 colonists."

In September 1833([33]) val 'n bende van 70 rowers die plaas van Jacob Swart in die Hantam aan, vermoor 3 mans en 1 vrou, wond 4 ander en voer 8 kinders en al die vee mee.

Op Sondagaand 21 Desember 1834 (die grootste katastrofe) stroom 'n horde van 12,000 tot 15,000 Xosa-krygsliede onder Makoma, Tjali, Umhala, Eno, ens., oor die hele lengte van die oostelike grens (6de Kafferoorlog onder Sir Benjamin d'Urban). Theal([33]): „In 10 or 12 days the whole of the open country was laid waste nearly as far west as the village of Uitenhage and from the sea inland to the village of Somerset East. 22 white men were killed, 456 houses burned and drove off 5,715 horses, 114,930 head of cattle, 161,930 sheep and goats." Hiervan is 'n groot aantal nooit weer teruggekry nie.

Tot dusverre is die halfhartigste grenspolitiek aan die dag gelê, sodat die een Kafferinval op die ander gevolg het. Geen wonder dat die Groot Trek in 1835 'n aanvang geneem het nie.

Gedurende 1837 (tydens Lord Glenelg) is 24 moorde gepleeg „. . . and the cases of theft reported to the authorities amounted to 384 horses and

2,403 head of horned cattle. The number of unreported thefts cannot be ascertained, but it was certainly in excess of these figures."(33)

Lord Glenelg het die Hottentotlyn op die oostelike grens gevorm wat waardeloos was en in werklikheid die Kaffers behulpsaam was.

In 1839 het Napier reeds meer as 1,800 soldate op die oostelike grens gehad, dog nog was dit onmoontlik om stelery te bedwing, daar die Kaffers in besit was van die digte bosse in die Visrivier-vallei. Rowery het dus voortgegaan.

Selfs die Voortrekkers het ontsaglike verliese gely van Dingaan en die Zulus in 1838 in Natal. Theal(33) skrywe: ,,Mr. Pretorius then informed them that the losses and damages for which compensation was still due were estimated at 19,300 head of cattle."

In 1846 gedurende die 7de Kafferoorlog (oorlog van die byl): ,,The Gaikas and their allies rushed into the Colony, and commenced to drive off the cattle and burn the buildings and corn stacks. The loss of property was immense, and the Government, in addition to a war, now had to provide for several thousands of destitute people. Great herds of cattle driven from the Colony passed almost in sight of Fort Peddie towards Kreli's country."(34)

Op 29 Desember 1850(34) is die grensdistrikte weer oorval en geplunder. ,,The farmers being compelled to flee for their lives, leaving all they could not carry away to be destroyed."

In 1851(34) is 'n tweede inval gemaak: ,,Driving off great herds of cattle, sheep and horses and burning and pillaging the country on their line of march."

In 1856 en 1857 op bevel van Umhlakaza(34) ('n toordokter): ,,Not a goat, ox or cow out of all their herds must be left living, every grain of corn in their granaries must be destroyed, no garden must be planted" ; want op 'n gegewe dag sou veel meer en mooier beeste, ens., uit die aarde opkom en 'n orkaan sou die witman die see indryf. Die gevolg van hierdie bevel was 'n geweldige ellende en hongersnood onder die Kaffers. ,,Yet these fanatics with their imaginations fixed on boundless wealth, were eagerly purchasing trifles from English traders, bartering away the hides of 200,000 slaughtered cattle.

,,At the beginning of 1857 an unwonted activity reigned throughout Kaffirland. Great kraals were being prepared for the reception of the cattle so soon to appear like stars of the sky in multitude. Enormous skin sacks were being made ready to contain the milk shortly to be like water in plenty. And even as they worked, some were starving. After several postponements, Umhlakaza finally fixed upon a time of the moon which corresponded with Wednesday the 18th February 1857 as the day upon which the cattle and the mighty dead were to appear."

Van hul fantastiese voorstellings het egter niks tereg gekom nie en die gevolg was 'n totale verbreking van die Xosa- en Tembu-magte. Vir etlike jare moes die Koloniste hulle hierna van kos voorsien.

Hierdie onbesonne daad het die Kaffers egter seer fataal te staan gekom, dog was ongetwyfeld ten gunste van die koloniste en hulle 'n mate van rus in die toekoms verseker. Hoewel rowery nog tot 'n sekere mate in die daaropvolgende jare plaasgevind het, was dit egter betekenloos in vergelyking met die voorafgaande 60 jaar. Gedurende hierdie tydperk was beesboerdery

in die grensdistrikte haas onmoontlik, van verbetering en vooruitgang was daar ongetwyfeld geen sprake nie.

Ook in die noordelike provinsies was die boere onderhewig aan periodieke strooptogte. Gedurende 1858([22]) het die Batlapin verskeie invalle gemaak op die westelike grens van die O.V.S. en Transvaal en geweldig gesteel.

Tydens die Basuto-oorlog van 1865([22]): „The invaders burned the houses (distrik Smithfield en langs Caledonrivier), broke whatever implements they could not set fire to and drove off more than 100,000 sheep, besides great droves of horned cattle and horses."

Op 27 Junie 1866([22]) maak Ramanela 'n inval in Natal en voer 248 perde, 1,619 beeste, 1,707 skape en 307 bokke mee.

Bogaande opgawe is geensins volledig nie en het tot 'n geringere mate voortgegaan tot die einde van die 19de eeu. Hieruit blyk egter duidelik die verderflike invloed wat diefstal op die ontwikkeling van ons beesboerdery had.

Verowering van Gestole en Ander Vee van die Inboorlingstamme.

12. Begryplikerwyse is elke diefstal byna onmiddellik opgevolg deur 'n herverowering van soveel moontlik van die gestole beeste. Meestal is alle bereikbare vee in beslag geneem en het die surplus gedien as kompensasie, voedselvoorraad vir die troepe, of ter dekking van die ewentuele oorlogskuld.

Die gevolg hiervan was 'n steeds groter vermenging van die inheemse beesrasse en gevolglik wilde kruising in sy ergste denkbare vorm. So 'n toestand kon geensins 'n heilsame effek hê op die sistematiese opbou van indiwiduele kuddes, sowel as beesboerdery in die algemeen nie. Hoewel ons beesboerdery kwantitatief sterk aangegroei het, het dit kwalitatief feitlik doodstil gestaan vir 'n lang tydperk en in verskeie gevalle selfs degenererend opgetree vir sommige van die betere inheemse rasse.

Korporaal Cruse([25]) is, met sy terugkoms van 'n 2de ekspedisie na die Attaquas in begin 1669, deur 'n bende Boesmans aangeval tussen die Breë- en Gouritzriviere, wat 'n groot klomp beeste van die Hottentotte gesteel het. Hulle is egter maklik verslaan en „. . . the Corporal took possession of the whole of the cattle as lawful spoil of war and with them returned to the fort. It was a valuable herd, for there were many breeding cows in it such as it was hardly ever possible to obtain in barter."

In Julie 1673([25]) het 'n militêre mag Gonnema, wat 'n paar jagters gruwelik vermoor het, by die Vier-en-twintig Riviere agterhaal en verslaan en 800 beeste en 900 skape afgeneem.

In Maart 1674([25]) is weer 'n militêre mag teen Gonnema uitgestuur en hom by Vogelvlei ingehaal: „The Hottentots left all they possessed behind them and the commando seized without resistance 800 head of cattle and 400 sheep. Upon arriving at the fort, the spoil was divided among the members of the commando. The burghers received 300 cows and 90 young cattle."

Kaptein Kees([25]) (bondgenoot van Gonnema) is in begin 1677 by Saldanhabaai verslaan, omdat hy 3 burgers vermoor het. Verskeie van sy volgers is gedood en al sy vee, bestaande uit 165 beeste en 30 skape in beslag geneem.

'n Ekspedisie, terugkerende van die Inquastam in begin 1689, is goedsmoeds aangeval deur 'n horde Boesmans, wat 'n groot klomp beeste van die Attaquas gesteel het. „Ensign Izaak Schrijver([25]) (leier van die ekspedisie) ordered a volley to be fired among them. Thirty fell and the rest fled leaving the cattle c. 500 which the Europeans took possession of."

Vervolgens word 'n kort opsomming gegee van herverowerings vanaf die Bantustamme op die oostelike grens.

In 1781([25]) kry Adriaan Van Jaarsveld 'n Boerekommando op en verslaan die Imidange-Kafferstam (1ste Kafferoorlog) wat die Visrivier oorgesteek het en die boere geweldig geplunder het: „The spoil, 5,300 head of horned cattle, among which, however, were many recently stolen from the farmers, was then divided by the commandant among the members of his force."

Volgens Cory([35]) is na die Kafferoorlog van 1793 (in die Suurveld) in totaal 11,000 beeste teruggewin en die oorlog daarna beëindig.

In begin April 1806([35]): „Botha set off immediately and succeeded in recapturing every head of the stolen stock and shot 4 of the thieves in doing so."

Op 17 Januarie 1818([35]) verower Majoor Fraser se kommando 2,060 van Gaika se beeste. Hiervan is 603 herken deur hul eienaars, terwyl die owerige 1,457 as kompensasie onder hulle uitgedeel is.

In Desember 1818([32]) en ([35]) trek die Engelse troepe onder Colonel Brerton, en die Boerekommandos bygestaan deur Gaika die Visrivier oor teen Ndhlambi op, wat geskuil het in die beboste oewers van die Keiskamarivier, en verslaan hom en neem 23,000 beeste af. Hiervan is 9,000 aan Gaika gegee, sommige uitgedeel onder die boere as kompensasie en die res verkoop om die oorlogskuld te dek.

In November 1824 trek Kapt. John Massey, en 'n sterk afdeling van boere onder Veldkornet C. v. d. Nest, teen Makoma se kraal op teneinde skadevergoeding te eis vir gestole beeste van die bewoners langs die Baviaansrivier: „They seized 411 head. Capt. Massey distributed the cattle among those who had suffered from depredations."([33])

Gedurende hierdie onstuimige periode is van owerheidsweë verskeie niksbeduidende regulasies uitgevaardig, regulerende die grenspolitiek.

Theal([33]): „Sometimes the rule was to demand only an equivalent number, at other times a number equivalent in value, which might be four instead of every one stolen, Kaffir cattle being worth much less than those reared by the colonists."

Op 11 April 1826 vaardig Generaal Bourke instruksies uit, dat troepe onder geen omstandighede die grens mag oor trek nie, tensy die gestole beeste werklik in gesig was. Vanaf die grens moes hulle die naaste hoofman in kennis stel en van hom is verwag om die gestole vee op te spoor en terug te besorg. Die gevolg was dat slegs ongeveer 1 uit elke 10 gestole beeste teruggekry is.

In Februarie 1829 het Sir Lowry Cole 'n verdere verandering gemaak. Troepe is toegelaat die gestole vee so ver moontlik te agtervolg en oral waar gestole vee met die koloniale brandmerk aangetref word, terug te neem, dog kon geen Kafferbeeste afneem as kompensasie nie.

Onder Lord Charles Somerset: „When a troop of cattle were stolen from the Colony, the owners applied for assistance to the nearest military post as farmers were prohibited from crossing the boundary except under command of an English officer, to trace the spoor, and at the first kraal to which it led the cattle were demanded, or compensation for them."(33)

Temidde van hierdie regulasies het diefstal en geweldade toegeneem. In Junie 1830(33) val die burgers onder Veldkornet Erasmus die kraal van Sigcawu aan en neem 2,500 beeste in besit, sommige waarvan kort tevore gesteel is. Alle melkkoeie is op versoek van Sigcawu agtergelaat. Hiervan is 900 op hul terugtog weer afgeneem, sodat die burgers in werklikheid slegs 1,600 behou het.

Na die 6de Kafferoorlog (1835)(33): „About 60,000 head of cattle had been taken from the Kaffirs, but four-fifths of these were either lost again, died from fatigue and poverty, or were slaughtered for the use of the forces in the field."

Ter gedeeltelike dekking van die verlies wat die Voortrekkers van Dingaan en die Zulus in 1838 gely het, handig Dingaan 1,300 beeste en omtrent 400 skape oor aan die kommissie as skadevergoeding.

Na die totale vernietiging van Dingaan se mag deur Pretorius en Panda in 1840(33): „An enormous booty of cattle fell into the hands of the conquerors. About 40,000 head were delivered to Mr. Pretorius and were subsequently distributed among the emigrants in proportion to their losses. This placed them again in a good position as cattle breeders, though Zulu oxen and cows were inferior in quality and consequently worth less than those taken from them after the massacre."

Tydens die oorlog tussen die Griquas en die Boere van Colesberg en Philippolis in 1845, is 3,600 beeste en 280 perde afgeneem van die Griquas. Hiervan is 2,000 beeste weer teruggegee deur tussenkoms van 'n sekere Mnr. Steyn.

Gedurende die 7de Kafferoorlog is afgeneem van die Kaffers volgens Theal(34):

(a) Op 21 en 22 Julie 1846 van Pato se volgelinge omtrent 5,000 beeste.
(b) Teen 4 Oktober 1846 hoofsaaklik van Amhala se volgelinge 4,000 tot 5,000 beeste.
(c) In November 1846 tussen 1,600 en 1,700 beeste.
(d) Op 1 Januarie 1847 is weer 'n aansienlike aantal beeste verower.
(e) 'n Paar dae later keer die kommando terug na Kingwilliamstown met 10,000 beeste.
(f) Gedurende November 1847 is 3,000 tot 4,000 beeste afgeneem langs die oewers van die Keirivier.
(g) Van tyd tot tyd is kleinere hoeveelhede in beslag geneem, bv. 39, 21, ens., beeste.

'n Heel aansienlike getal beeste is dus tydens hierdie oorlog in beslag geneem. Hierdie oorlog het na 21 maande op 1 Desember 1847 teneinde gekom, nadat Sir Harry Smith, wat kort tevore Goewerneur geword het, dit deeglik aangepak het. Dit het die Imperiale regering ruim £1,000,000 en die koloniste 'n beraamde verlies van meer dan 'n half miljoen pond gekos. Bowedien het 'n aansienlike aantal burgers en Engelse soldate gesneuwel.

Die verliese van die Bantus was egter veel groter as dié van die Europeane.

Theal[34]: „On the 11th January 1852 (na die invalle van 1850 en 1851) the principal column under Major General Somerset returned to Kingwilliamstown with 30,000 head of cattle, besides a few horses and 14,000 goats. The other column left Butterworth on the 14th and brought out 7,000 Fingos with 15,000 head of cattle, which these people had seized from the Gaikas and were allowed to retain for themselves."

Op 6 Augustus 1852[34] trek 'n burgermag geassisteer deur enige soldate deur die Keirivier, steek Kreli se hoofkraal aan brand en neem 10,000 beeste in beslag. Hierdie veldtog het die Gaika-hoofman tot vredesterme gedwing. In 1853 het vrede tot stand gekom nadat hy 'n skadevergoeding van 1,500 beeste betaal het. Na dese was hy heel gretig om vrede te bewaar.

In 1856 en 1857 is die Bantumag op die oostelike grens feitlik totaal verbreek as gevolg van hul blindelingse agtervolging van die dwase advies van die toordokter Umhlakaza.

Vroeg in 1857[34] lewer die Basuto-kaptein Moshesh 1,359 van sy aller swakste beeste aan die Landdros van Smithfield en slegs 36 perde as kompensasie. Die oorspronklike eis was 535 beeste en 768 perde waarvan in 1856 reeds 141 beeste en 6 perde betaal is. Die Volksraad het egter geweier om beeste inplaas van perde te neem, en nadat die nodige beeste uitgesoek was, is die owerige teruggestuur.

In Augustus 1858[34] is die Batlapin tot vrede gedwing nadat baie van hulle doodgeskiet en 2,800 beeste, 4,000 skape en bokke, 65 perde en 23 waens afgeneem is: „A great part of this spoil, however, consisted of property stolen from farmers in the different raids. This was restored to the owners or their heirs and the remainder was divided among the members of the commando."

Op 23 Oktober 1865[22] verslaan Generale Fick en Kruger die Basuto's by Cathcart's drif in die Caledonrivier en neem 7,944 beeste, 4,150 skape en 770 perde in beslag. Hierdie vee is verkoop en die geld onder die burgers verdeel.

Op 1 November 1865[22] neem Kommandant P. Wessels 934 beeste, 2,032 skape en 53 perde af.

In 1866[22] het die Basuto's onder Ramanela aan Natal as vergoeding 2,141 beeste instede van die gevraagde 4,000 tot 5,000 betaal.

In Desember 1873[36] is Langalibalele in Natal verslaan deur die Engelse en Boeretroepe en 5,000 beeste, uitgesonder die kalwers, en 270 perde in beslag geneem.

Gedurende die oorlog tussen die Engelse troepe en die Baputi (Basutostam) onder Kaptein Morosi in 1879[37] is afgeneem:

21 Maart	1,500 beeste	enige skape	—
23 „	—	—	85 perde.
29 „	700 „	3,000 „	155 „
1 April	22,000 „	3,000 „	340 „
'n Paar dae later ...	700 „	1,000 „	50 „

Bogaande kort opsommings van enige van die verowerings van beeste van die Kaffers gee ons 'n duidelike denkbeeld van die mate van bastardering wat gedurende hierdie tydperk moes plaasgevind het.

Droogtes, Swaar Reëns en Oorstromings.

13. Snel opeenvolgende droogtes is ongetwyfeld een van die mees vernietigende natuurlike faktore in Suid-Afrika, en het nie alleen, dikwels in die verlede, ons beeskuddes uitgedun nie, dog is vandag nog een van die mees skrikaanjaende terugslae vir die boer. Dis onmoontlik om in 'n werk van hierdie bestek 'n volledige opsomming te kan gee. Gevolglik word alleen volstaan met 'n paar kwotasies as bewys.

So skrywe Theal(32): „The district (Lower Roggeveld) was everywhere c. 1805 good for all kinds of stock and had then on its pastures at least 17,000 sheep, 2,000 cattle and over a 1,000 horses, though great numbers of all kinds of animals had perished from the drought of the preceding year."

In 1859(34): „A drought of unusual severity prevailed in the greater part of the Colony and in the eastern districts especially was so prolonged, that even traffic in many places was suspended and agricultural industry entirely ceased."

Aan die begin van 1862(22): „Owing to a series of bad seasons caused by the severe droughts, agricultural operations failed all over the country, the livestock in many places was greatly reduced by starvation, and commercial depression followed as a matter of course."

In 1883(37): „At this time there was general depression throughout South Africa, owing to a long and severe drought which prevented agricultural operations from being conducted and caused the death of great numbers of domestic animals of all kinds."

So kan nog ter aanvulling herinner word aan die geweldige langdurige droogtes van 1910, 1914, 1919, 1923 en veral van 1933 met 'n beraamde verlies alleen van ruim 750,000 beeste en omtrent 7,000,000 skape. Volgens die „Official Year Book "(63) is in 1929-30: 511,050 beeste dood aan siekte, droogte, koue, ens, en in 1933: 753,002 beeste as gevolg van die droogte. Genoemde is voldoende om duidelik te bewys, watter terugslae droogtes aan die ekonomiese sowel as doelmatige ontwikkeling van ons beesboerdery van tyd tot tyd toegedien het.

In teenstelling met Holland lê Suid-Afrika vry hoog bo seespieël en ken dus geen vloedgolf oorstromings nie. Nogtans is groot dele van Suid-Afrika onderhewig aan swaar donderstorms, gepaard gaande met groot oorstromings. So meld Theal(36): „In December 1874 great damage was done in the eastern districts by such floods as had not been known for half a century previously. Great numbers of sheep and horned cattle were drowned."

Groot verliese aan beeste deur oorstromings is egter seldsaam in die geskiedenis van Suid-Afrika en behoort tot die uitsonderinge. Kleinere verliese kom egter dikwels voor in die oostelike dele van Suid-Afrika, waar jaarliks ook heelwat beeste deur weerlig gedood word.

Die meer humiede kusstreke van Suid-Afrika is minder gesond vir beeste en veroorsaak sommige jare groot verliese, deels te wyte aan slegte verpleging.

So meld Kolbe(16) (1727): „Zoo is ook de sterke regen in den winter een vijand van al het vee; omdat het niet alleen over dag nat word, maar ook bij nacht, buiten de stal als die zij niet hebben, in een vierkant kraal,

of liever op een afgeschutte en met een vierkante muur omgeve plaats blijven moeten, waardoor het als dan zeer mager word, ja zomtijds sterft."

Heel dikwels het die verpleging en voeding van die beeste in die verlede, veral gedurende die winter, heel veel te wense oorgelaat en gevolglik onnodige verliese veroorsaak, dikwels van die beste fokmateriaal, daar opgefokte en veredelde vee deurgaans minder bestand is teen ongunstige klimatologiese kondisies as die oorspronklike geharde inheemse rasse. Veredeling, opgevolg deur produksie-vermeerdering, gaan steeds gepaard met intensiewer voedings- en verplegingsvereistes. *Selfs vandag nog laat die voeding en verpleging van ons beeste in meeste gevalle veel te wense oor en is van werklike perfektheid ontbloot. Die beste en mees ekonomiese produksie het ten grondslag wetenskaplike voeding en verpleging.*

Die Anglo-Boere-Oorlog (1899-1902).

14. Hierdie oorlog het ruim 80 persent van die beeskuddes van die Oranje-Vrystaat en Transvaal totaal vernietig, sowel as 'n groot persentasie van die kuddes van die noordelike Kaap-Provinsie en Natal.

Die „Official Year Book of South Africa "(60) konkludeer: „The numbers of cattle were further depleted through the ravages of the Anglo-Boer War 1899-1902."

In genoemde twee provinsies moes beesboerdery weer feitlik van vooraf aan begin word met die nog weinig oorgeblewe beeste, en daar meeste boere totaal verarm was, het hul nie die nodige geld gehad om fokmateriaal uit die omliggende provinsies aan te koop nie. Die onvermydelike gevolg was 'n seer vertraagde vooruitgang en dus 'n geweldige terugset vir rasionele beesfokkery in hierdie twee provinsies. *Die permanente vooruitgang van beesboerdery in die grootste gedeelte van die Unie van Suid-Afrika dateer dus vanaf* 1902 en moes toe in die verwoeste dele weer van die begin af aan opgebou word.

Nieteenstaande bogenoemde nadelig reagerende faktore, sowel as verskeie andere nie bespreek nie, het die beesboerdery met die verloop van tyd geleidelik veld gewin, soos uit latere hoofstukke sal blyk.

HOOFSTUK V.

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN SUIWELBOERDERY IN SUID-AFRIKA

SUIWELBOERDERY, hoewel in seer primitiewe vorm, het reeds gedurende die eerste jare van die volksplanting 'n aanvang geneem, hoofsaaklik met die doel om in onmiddellike behoeftes, en dié van besoekende skepe, te voorsien. Die werklike ontwikkeling gaan gepaard met dié van die friesbees en ander melkrasse in Suid-Afrika en kom eers baie jare later tot sy werklike reg.

Volgens Theal([25]) het Annetjie die boerin die eerste melkery in 1655 begin en kan dus beskou word as ons eerste suiwelboer(in): „The wife of the chief gardener, Hendrik Boom, having been accustomed to dairy work at home, it was resolved at a meeting of the council (1655) to lease the Company's, cows to her, by way of encouraging individual enterprise. His wife, after the custom of those days, was called from her occupation ‚Annetjie de boerin.' The arrangement made with her was that she was to pay yearly 15 gulden for the lease of each cow, that she was to supply milk and butter at fixed charges to the commander, who was not however to demand all, and that she could sell freely to the ships' people at the best prices which she could obtain. This lease of cows was the first transaction of the kind in South Africa."

Die seer langsame ontwikkeling van suiwelboerdery in Suid-Afrika blyk uit die volgende gegewens van Theal([25]):

BOTTER EKSPORTEER UIT KAAP-KOLONIE.			
	1778.	1779.	1780.
Na Indië ...	11,256 pond	10,026 pond	12,865 pond

Die produksievermoë van die koeie in 1797 is af te lei uit die volgende kwotasie uit Barrow([14]): „They reckon that on a moderately good farm (Sneeuwbergen, waar die weiveld goed was) 50 cows will produce a 100 lbs. of butter a week, besides bringing up the calves, which are always suffered to run with their mothers."

Ongetwyfeld geen noemenswaardige produksie nie, inteendeel swak, dog sonder twyfel veel beter as vir die meeste kuddes toentertyd.

Volgens Van Rhijneveld([11]) was die produksie van botter en kaas in 1804 nog so klein dat hy skryf: „Hiervan levert thans de Kolonie nog niets noemenswaardig op voor den uitvoer naar Indiën en voor de consumptie op de scheepen."

Percival([43]) skrywe oor 1804 en die daaropvolgende jare: „The planters about Swellendam and the tract of country towards Mosselbay and False

River, make the greatest quantity of butter, from the number of cattle they graze thereabouts, some of them derive their whole income and support from this line of farming. The milk of 2 or 300 head of cattle is collected together in huge clumsy tubs, till they can churn a large quantity together; this is done every three or four days in a round vessel like a hogshead.

„Some of the farmers make from 1,500 to 3,000 lbs. of butter every year and some even more. It is generally sold by the planters to the merchants at the Cape for about 4d. or 6d. per lb. Some of the butter is excellent and well tasted."

Uit die bogaande kan die relatiewe swak produksievermoë van die koeie afgelei word, dog ook die geleidelike ontwikkeling van suiwelboerdery, nieteenstaande die seer lae botterpryse.

Hierdie lae produktiwiteit kan volgens Percival(43) gedeeltelik toegeskryf word aan ondoeltreffende voeding en verpleging, want hy vervolg: „The colonists turn out their cattle regularly into the same pasturage, which being continually grazed on and kept poor, is consequently less able to afford them proper nourishment. They do even not allow the calves a sufficient quantity of milk to rear them healthy and strong, so eager are they to make butter."

In laasgenoemde sinsnede berus die grootste euwel, want ondoeltreffende voeding van kalwers lei tot verdwerging van die volwasse koeie met ewentuele verlaging van die produksievermoë.

Ongetwyfeld het sommige boere 'n uitstekende kwaliteit botter produseer, dog dit kan geensins gesê word van alle botter verkoop aan die Kaap nie, veral gedurende die eerste jare. So gee Kolbe(16) (dl. 2) die volgende beskrywing van die metode van bottermaak by die Hottentotte: „Zij hebben in plaats van een boterkern een lere hairige zak, even als een Ranzel, behalven dat er geen riem achter is, en dat de hairen niet van buiten maar van binnen zijn. In dezen ruwen, smerigen, vuilen zak gieten zij de melk; houden van boven het einde, na dat het met een riem toegebonden is, nog vaster toe, opdat er niets kan uitlopen; waar na de man het een en de vrouw het anderen eind neemt, en de melk daar in soo lang schudden, totdat het eindelijk boter word."

Hierna word die botter dan uitgehaal en sonder om dit te was in 'n leerpot bewaar vir verkoop of konsumpsie.

Die gebrek aan doelmatige kennis betreffende die voeding van kalwers vind ons in die „Z.A. Tijdschrift"(44) (1827): „. . . middel om kalveren te voeden, waarmede men in een enkel saizoen, 4 of 5 kalveren kan groot brengen, met de melk van eene koe. Dit middel bestaat in een mengsel van Hooiwater met melk. Het Hooiwater maakt men op deze wijse. Men neemt een aarden pot of vat, van een deksel voorzien; men vult hetzelve, zoo veel men daar in kan bergen, met fijn gekapt hooi, waar op men vervolgens, na het zelve zagtkens met de hand ingedrukt te hebben, de pot of het vat vol kokend water giet en het deksel daar op legt. Na twee uren, zal het water de kragt en deugd van het hooi aangenomen hebben, en deszelfs kleur zig als een bruin aftreksel van thee vertoonen. Men kan dit water 2 dagen, zelfs in de zomer bewaren."

Gebruiksaanwysinge: Kalf 3 tot 4 dae na geboorte gespeen, daarna 'n lou mengsel van $\frac{1}{4}$ hooiwater en $\frac{3}{4}$ melk vir 3 tot 4 dae in die aand en oggend gegee;

daarna 'n lou mengsel van een-derde hooiwater en twee-derdes melk, die melk neem geleidelik af en die hooiwater toe. In die tweede maand $\frac{3}{4}$ hooiwater en $\frac{1}{4}$ melk en 'n begin gemaak met die byvoer van hooi; in die derde maand geleer om te wei, en dan vanaf die vierde maand word die volle melk vervang deur afgeroomde of karringmelk en nie meer verwarm nie.

Hieruit blyk die gebrek aan voldoende eiwitvoeding vanaf die begin, en die veel te vroeg uitsluit van volle melk uit die rantsoen.

Suiwelboerdery het geleidelik ook in die binneland ontwikkel, nieteenstaande die geweldige terugslae in Hoofstuk IV behandel. So meld die „Cape of Good Hope"([39]) (1822): „The butter, of which a very large quantity is made in the interior, and brought to the Cape by waggons and coasters in large tubs and barrels, is of good quality. It is churned from the whole milk, not from the cream only, as in England, and its usual price is about 7d. sterling per lb. Very little cheese is made, and that little, almost without exception execrable."

Aan aantreklike verpakking, in met botterpapier toegedraaide ponde, is in 1822 nog nie gedoen nie. Ook blyk dat die gehalte kaas deurgaans seer swak was, en waarskynlik meestal onbemarkbaar.

Met die verloop van jare neem die aanvraag sterk toe, deur die ontstaan van groot marke veral te Johannesburg en Kimberley, waardeur die botterprys ongelooflik snel styg. Die „Cape of Good Hope"([23]) van 1886 meld: „Dairy farming near to the centres of population is very profitable to those who have a knowledge of it. The average price of fresh butter being 2s. per lb. and sometimes it has been known to run up as high as 4s. or 5s. per lb. In the inland districts the yield of milk very much depends upon the quantity of food the cows can get; and as the animals are entirely dependent upon the natural veld, unless there is a good rainy season, the share of milk that comes to the dairy is but small."

Poginge is egter ook toe aangewend om Suiwelboerdery op 'n meer wetenskaplike voet te bring en verbetering in botterbereiding aan te bring. Wallace([12]) skrywe: „Encouraged by the success of Victoria in developing a large export trade in butter to Great Britain, the Cape Government in 1892 sent Alexander Macdonald, the Agricultural Assistant stationed at Grahamstown, to Europe to inquire into the most recent advances in the dairy world and to procure the most approved modern appliances. As a result of this action, two travelling dairies have been fitted out, one in the Eastern Province and the other in the Western Province, and instruction not only in the theory but also in the best practices of butter and cheese making has been provided for farmers."

Volgens Wallace was dit 'n baie suksesvolle onderneming en het heel veel verbetering aangebring. Ook is eksperimenteer met die bewaring van botter buite en binne koelkamers.

Wallace([12]) vermeld verder: „The interest in the butter making has been successfully fostered by Government giving prizes of £2 10s. to £10 at butter-making competitions at Agricultural Shows, and also large money prizes for butter exhibited after having been kept for a week without being previously salted."

Bogenoemde aanmoedigings het ongetwyfeld 'n heilsame effek gehad op die onmiddellike snelle ontwikkeling van suiwelboerdery in genoemde afdelings, sowel as die res van Suid-Afrika.

Die ondervinding het egter ook geleer dat 'n aansienlike deel van die Unie van Suid-Afrika heel geskik is vir melkboerdery. In sommige distrikte, met 'n betreklike warm klimaat en redelike goed gedistribueerde reënval, doen die beeste redelik goed op die natuurlike weiveld vir meer dan ses maande van die jaar. Produserende koeie is hoofsaaklik gevoer met mieliekuilvoer, mielies, groen lusern, hawerhooi, tef-, millet- en lusernhooi, groen gars en mangels. Aan oliekoeke is nog, byna deurgaans, weinig aandag geskenk. Die waarde van meer rasionele voeding is steeds meer besef en het in die laaste twintig jaar met rasse skrede vooruitgegaan, dog nog ver van die ideaal deur gebrek aan die nodige voedingskennis.

Die meeste melkrasse aard goed in Suid-Afrika, dog die Fries, Jersey en Melk-korthoring speel ongetwyfeld die belangrikste rol, terwyl die Rooi-Poenskop (Red Poll), Guernsey, Ayrshire, Bruin-Switserseras en South Devon ook in aansienlike hoeveelhede aangetref word.

Volgens die „Official Year Book of South Africa"(41): „The bulk of the dairy herds consists of what may be called utility animals, in which Friesland, Ayrshire, Shorthorn and Jersey blood predominates. There is a large number of pure bred herds of each breed."

Aan hierdie kruisingsmania van die verlede kan gedeeltelik die langsame ontwikkeling van die suiwelnywerheid toegeskryf word. Die verwagte resultate het uitgebly, by die byna deurgaans ongekontroleerde wilde kruising en het ongetwyfeld mettertyd seer ontmoedigend reageer. Skaapboerdery en veral wolproduksie het meer op die voorgrond getree, deurdat dit makliker, meer betalend en 'n groter aanpassingssone had, waardeur suiwelboerdery meer op die agtergrond geskuiwe is oor 'n groot gebied van Suid-Afrika.

Van owerheidsweë is egter vroeër heel weinig gedoen vir die suiwelnywerheid. Wetlike bepalinge en regulasies is òf geïgnoreer, òf nie voldoende streng nagekom nie, weens die gebrek aan voldoende kontrole vanaf owerheidsweë. Hierdie eerste wette en regulasies word dus kortheidshalwe uitgelaat en alleen bepaal by latere en sommige nog bestaande maatreëls.

1. Teneinde voorsiening te maak vir regulasies beherende die eksporteer van suiwelprodukte, het in 1917 „The Agricultural Produce Export Act No. 35, 1917"(41) in werking getree. „These regulations provide for the compulsory grading of butter and cheese for export. The maximum content of water allowed in export butter is 16 per cent. No preservative is permitted except common salt, and that must not be in excess of 4 per cent. No other extraneous matter is allowed."(41)

Hierdie Wet het direk die uitvoerhandel op 'n gesonder grondslag geplaas en ons aanspraak as kompeterende land op die wêreldmark regverdig. Die meeste lande was Suid-Afrika op die gebied reeds ver vooruit en kon reeds jare aanspraak maak op 'n gekontroleerde uitvoerhandel.

2. Spoedig egter is gevoel dat indiwiduele ondernemings wel te appresieer is, dog dat die uiteindelike sukses berus by koöperasie, daar die nywerheid hom by uitstek leen tot koöperatiewe organisasie in Suid-Afrika. Verskeie vroeëre wette het reeds in die rigting gewerk, dog in 1918 is „The Co-operative

Societies Act No. 28, 1918"(41) opgestel en in werking getree, wat onmiddellike beskerming verleen het en dus 'n geweldige stoot aan koöperatiewe room-, botter- en kaasfabrieke gegee het. Deur organisasie, en grotere kapitaalkragtigheid, is meer wetenskaplike proefneming in bereiding en bewaring moontlik gemaak, waardeur ewentueel 'n beter kwaliteitsproduk gelewer is.

3. Terselfdertyd het in werking getree die „Dairy Industry Act No. 16, 1918" wat in 1926 geamendeer is deur die „Dairy Industry Act, 1918, Amendment Act No. 14, 1926"(41) wat die interne ekonomie van die nywerheid beheer. „It provides for the registration of dairy premises and owners and occupiers thereof, for the marking of dairy produce and registration of marks thereon, and generally for the regulation of the dairy industry."(41)

Meer suiwelbeamptes en inspekteurs is dientengevolge aangestel, om tegniese advies te verskaf en higiëniteit sowel as ongewenste kompetisie te kontroleer. Nog was die aantal inspekteurs en beamptes veel te gering vir die uitgestrektheid van die land. Desnieteenstaande was dit 'n stap in die regte rigting en spoedig heilsame gevolge gelewer, daar mettertyd die ongekontroleerde en dikwels onhigiëniese toestande vervang is deur beter bestalling, verpleging en meer higiëniese produksie, 'n faktor van die grootste belang vir die nasionale volksgesondheid. Op gebied van suiwelkontrole het ons, hoewel reeds ontsettend verbeter, nog geensins die ideale toestand bereik nie. Nog strenger kontrole, wat stalling, verpleging en hantering van suiwelprodukte, sowel as gereelde verpligte toetsing van koeie vir tuberkulose, is absoluut essensieel. Gelukkig begin verskeie Boere-organisasies en koöperasies reeds die noodsaaklikheid van gereelde tuberkulosetoetsing in te sien en sterk in dié rigting te werk.

4. Teneinde verdere kontrole te verseker het die „Dairy Industry Control Act No. 35, 1930"(41) in werking gekom: „which makes further provision for the regulation and control of the dairy industry, and under the provisions of which a ‚Dairy Control Board' functions. This Act also provides for the imposition of a levy on certain dairy produce and for the grading and branding according to grade, of cheddar cheese."

Hoewel hierdie Raad van Kontrole telkemale seer heftig aangeval is, het dit nogtans veel goed gedoen vir suiwel in die algemeen.

Regulasies, beherende die eksporteer van botter en kaas, het in werking gekom, en hierdie produkte mag nie die Unie verlaat nie tensy offisieel gegradeer volgens kwaliteit, of (in die geval van plaasbotter) tensy gemerk „Ongegradeerde plaasbotter" of „Botter vir Kookdoeleindes" (botter benede derde graad).

5. 'n Hersiene „Dairy Cattle Improvement and General Milk Recording Scheme"(41) het in September 1927 in werking gekom met die doel om melkregistrasie aan te moedig, waardeur nie-betalende koeie dus ewentueel uitgeskakel kon word: „Under this scheme it is possible for breeders and farmers to have their milk production officially recorded and tested for butter-fat at a specially low rate, provided they agree to have every cow in their herd recorded during every lactation and to have their herd averages published in the Departmental Journal (‚Farming in South Africa').

„The fees for testing pure bred cows are, a minimum fee of 10s. per month up to and including five cows. A herd of twenty cows can be tested for 18s. 9d. per month, and 3d. is charged for each additional animal above that number.

„Grade or non-registered herds are tested at a charge of 5s. per month up to twenty cows and 1d. per animal above that number. The minimum fee is, however, 30s., which entitles the farmer to have twenty or any less number of cows tested for a period of six months.

„Arrangements are also made under the scheme for the supervision of nondescript herds of cattle at a nominal charge of £1 per herd per annum.

„Owners of pure-bred cattle herds are required to weigh and record the quantity of milk at each milking, but in the case of grade herds farmers are allowed to weigh the milk on one day each week."(41)

'n Skitterende skema dog dikwels nie voldoende gekontroleer nie, weens te weinig gekwalifiseerde departementele kontroleurs, waardeur die gegewens vir geregistreerde koeie in sommige gevalle weinig wetenskaplike waarde besit. Die aanbeveling by nie-geregistreerde koeie, om die melk eenkeer per week te weeg, gee egter 'n voldoende insig in die produktiwiteit van die dier vir die gewone gebruikspraktyk. Namate die fokwaarde van die gewone gebruiksvee toeneem, kan geleidelik tot meerdere melkregistrasie oorgegaan word. Die produksiekoste moet steeds deeglik in ag geneem word veral waar dit gewone gebruiksvee geld, dog bowedien moet hierdie berekende produksies alleen as relatiewe verhoudingsgetalle beskou word, om as leidraad vir hierdie boere te dien by hulle seleksie. Met werklike syfers behoort hulle nie vergelyk te word nie.

Die hou van melkrekords win steeds meer grond, omdat die noodsaaklikheid en waarde daarvan steeds meer besef word.

Vir geregistreerde koeie word offisiële produksiesertifikate uitgereik, terwyl 'n produksieverklaring vir nie-geregistreerde koeie toegeken word.

6. Onder die Departement van Landbou sorteer die Suiwelafdeling met sy hoofkantoor in Pretoria: „It is a constant source of free information on all questions pertaining to dairying.

„One or more of the Division's Inspectors are stationed in each of the four provinces of the Union, and it is their duty to travel among the farmers and give advice and instruction in approved methods of production, and in all matters pertaining to dairying and dairy farming, as well as to administer the provisions of the ‚Dairy Industry Act' and to grade all butter and cheese for export overseas."(41)

In 1932 het die Unie reeds 64 romerye met 21 roomdepôts, 116 kaasfabrieke, 1 margarinefabriek, 1 substitusie-botterfabriek (hoofsaaklik geregistreer vir die verversing of oorbewerking van botter) en 3 kondensmelk fabrieke besit. In 1934(63) verminder tot 59 romerye, 16 roomdepôts, 105 kaasfabrieke, 1 margarinefabriek, 1 substitusie-botterfabriek en 3 kondensmelkfabrieke. 'n Verdere vermindering kan verwag word as gevolg van die huidige sentralisasie-idee.

Volgens die „Official Year Book of South Africa"([41]) : „Both the Cheddar and Gouda types of cheese are successfully made. Other varieties such as Roquefort and prepared cheese of the Kraft type are also now being made in fair quantity and with considerable success. During 1932 butter to the amount of 4,307,034 lbs. was exported overseas, as well as 2,213,944 lbs. of cheese."

Opgaaf van koeie in die Unie([41]) :

TABEL 11.

	Opgaaf van Koeie in die Unie([41]).
1911	1,900,230 koeie.
1918	1,924,925 koeie plus verse oor 2 jaar, uitsluitende kafferbeeste in reserwes, lokasies, ens.
1921	2,263,778 koeie plus verse oor 2 jaar, uitsluitende kafferbeeste in reserwes, lokasies, ens.
1926	2,046,094 koeie plus verse oor 2 jaar, uitsluitende kafferbeeste in reserwes, lokasies, ens.
1930	1,911,573 koeie plus verse oor die 2 jaar ; uitsluitende alle kafferbeeste.

Hierdie syfers is egter moeilik vergelykbaar, daar hul verskillend saamgestel is.

Volgens reeds aangehaalde kwotasies (Hoofstuk II, bld. 33 en 34) uit Reinecke([13]), Moodie([28]), Pringle([29]), Barrow([14]), Kolbe([16]) en Neethling([15]) kan definitief vasgestel word, dat ons uitgangsmateriaal (inheemse koeie) seer weinig melk gelewer het.

Ooreenstemmend hiermee vind ons in die „Official Year Book of South Africa"([41]), 1931 tot 1932: „Generally speaking, the unimproved cows of the Union produce a rather small quantity of milk, which is nevertheless of good quality. No statistics of milk production are available, but it may be said that within recent years great improvement has been brought about both as regards quantity and quality. Many more herds of first-rate milking capacity have lately been built up, while large numbers of pure-bred cattle have been, and are still being imported, their progeny is spreading and is having a marked influence for good upon the ordinary cattle of the country. This is undoubtedly largely due to, and responsible for, the increased output of dairy produce."

Die waarde van verbetering word dus wel deeglik besef, dog ongelukkig is die deurgaanse verbetering nog veel te langsaam in vergelyking met ander kompeterende lande, en in Suid-Afrika nog grotendeels aan indiwiduele

inisiatief verbonde. **Die oplossing berus, mynsinsiens, by koöperatiewe fokverenigingе, onder leiding van bekwame veeteeltdeskundiges.** Solank dit op indiwiduele onderneming berus gaan die algehele vooruitgang seer langsaam bly.

Tabelle aantonende die vooruitgang in botter- en kaasproduksie gedurende die jare 1910-31([41]) :

TABEL 12.

BOTTERPRODUKSIE, INVOER, UITVOER EN KONSUMPSIE.

1910-11, 1915-16, en 1920-31

Jaar.	Produksie.			Invoer (minus weer uitgevoer).	Uitvoer (S.A. produksie).	Produksie (minus uitvoer).	Beskikbaar vir Konsumpsie.
	Romerybotter.	Plaasbotter.	Totaal.				
	1000 pd.	1000 pd.	1000 pd.	1000 pd.	1000 pd.	1000 pd.	1000 pd.
1910-11	5,191	6,159	11,350	3,510	248	11,102	14,612
1915-16	7,877	5,105	12,982	947	959	12,023	12,970
1920-21	11,517	7,446	18,963	353	1,663	17,300	17,653
1921-22	12,508	9,365	21,873	529	2,210	19,663	20,192
1922-23	11,864	10,551	22,415	447	779	21,636	22,083
1923-24	11,104	9,585	20,689	3,381	244	20,445	23,826
1924-25	10,767	9,538	20,305	1,710	610	19,695	21,405
1925-26	13,470	10,938	24,408	1,783	693	23,715	25,498
1926-27	14,132	10,204	24,336	2,537	283	24,053	26,590
1927-28	14,156	9,611	23,767	4,064	424	23,343	27,407
1928-29	15,000	10,623	25,623	3,911	331	25,292	29,203
1929-30	18,222	11,266	29,488	1,624	4,791	24,697	26,321
1930-31	20,717	...	...	1,087	3,417	...	...
1931-32([60])	21,339	...	...	1,422	4,094	...	...
1932-33([60])	20,476	...	...	1,734	4,100	...	...
1933-34([63])	18,658	11,959	30,617	2,722	2,558	28,059	30,781

Uit hierdie gegewens kan konkludeer word dat :

(1) Die produksie van romerybotter in verhouding met plaasbotter veel sneller toegeneem het gedurende die laaste jare.

(2) Die uitvoer sowel as invoer aan veel skommelinge onderhewig is, waarskynlik te wyte aan klimatologiese kondisies; dog dat die uitvoer die invoer vanaf 1929 tot 1933 aansienlik oortref het.

(3) Die totale produksie vanaf 1910 tot 1934 geleidelik aansienlik toegeneem het.

(4) Die jaarlikse konsumpsie vanaf 1910 tot 1934 aansienlik toegeneem het.

(5) Suiwelboerdery vanaf 1910 tot 1934 met rasse skrede vooruitgegaan het.

TABEL 13.

KAASPRODUKSIE, INVOER, UITVOER EN KONSUMPSIE.(41).

1910–11, 1915–16, en 1920–31.

Jaar.	Produksie.			Invoer (minus weer uit gevoer).	Uitvoer (S.A. produksie).	Produksie (minus uitvoer).	Beskikbaar vir Konsumpsie.
	Fabrieks-kaas.	Plaas-kaas.	Totaal.				
	1000 pd.	1000 pd.	1000 pd.	1000 pd.	1000 pd.	1000 pd.	1000 pd.
1910-11	225	320	545	4,660	21	524	5,184
1915-16	978	997	1,975	3,050	55	1,920	4,970
1920-21	4,347	272	4,619	170	555	4,064	4,234
1921-22	5,136	204	5,340	95	522	4,818	4,913
1922-23	5,111	548	5,659	265	280	5,379	5,644
1923-24	5,455	445	5,900	1,071	176	5,724	6,795
1924-25	5,523	308	5,831	348	324	5,507	5,855
1925-26	6,182	284	6,466	409	208	6,258	6,667
1926-27	6,001	233	6,234	353	435	5,799	6,152
1927-28	5,665	137	5,802	697	325	5,479	6,174
1928-29	6,410	180	6,590	697	265	6,325	7,022
1929-30	7,217	446	7,663	536	1,825	5,838	6,374
1930-31	9,311	...	...	363	1,815	...	...
1931-32(60)	8,258	...	...	349	1,712	...	...
1932-33(60)	8,410	...	...	361	2,513	...	...
1933-34(62)	6,804	399	7,203	400	472	6,731	7,131

Hieruit kan afgelei word dat:

(1) Die produksie van plaaskaas 'n neiging tot vermindering toon, terwyl die produksie van fabriekskaas vanaf 1910 tot 1934 geleidelik vooruitgegaan het, hoewel onderhewig aan skommelinge.

(2) Die totale produksie van kaas vanaf 1910 tot 1930 ±15 keer vermeerder het. Ongetwyfeld 'n duidelike bewys van vooruitgang in ons suiwelboerdery.

(3) Die invoer afneem teenoor 'n vermeerdering in uitvoer, en dat die uitvoer die invoer vanaf 1929 tot 1933 ver oortref het. Die seer groot verminderde uitvoer van 1933-34 is te wyte aan 'n geringere produksie as gevolg van die droogte van 1933, die vermeerdering in plaaslike konsumpsie en veral die ongunstige oorsese pryse.

Resumerend blyk dus uit bogaande kort samevatting van die ontwikkeling van die suiwelbedryf in Suid-Afrika, dat reeds aansienlike vooruitgang te konstateer is, veral gedurende die laaste jare, dog **dat daar nog ruim geleentheid is vir verbetering,** veral wat betref die kwaliteit van die grotere gros van die melkkoeie, waar daar nog sulke groot verskille blyk te bestaan én in die melkhoeveelheid én in die vetgehalte van die melk by die koeie onderling.

Op tegniese gebied van bereiding, gradering en bewaring is reeds veel vooruitgang te konstateer. **Hierdie merkbare vooruitgang op gebied van die suiwelboerdery loop hand-in-hand met die vooruitgang van ons vernaamste melkras—die Friesras**—soos uit die volgende hoofstukke sal blyk.

TABEL 13 (a).

*SYFERS TER ILLUSTRASIE VAN GENOEMDE PRODUKSIEVARIABILITEIT BY ONS MELKKOEIE.

Gegewens Geneem Uit.	Ras.	Klas.	Ponde Melk.	Ponde B.V.	% B.V.	Dae in Toets.
„Boerdery in S.A." Nov. 1935 ...	Geregistreerde Jerseys ...	*Junior 2 jaar	†8,066·6	461·3	5·719	300
			3,682·5	192·4	5·224	300
		Senior 2 jaar	7,104·5	397·4	5·594	300
			3,949·0	205·4	5·201	300
		Junior 3 jaar	7,463·7	439·0	5·882	300
			4,524·0	206·8	4·570	300
		Senior 3 jaar	8,466·0	455·9	5·385	300
			5,904·5	283·6	4·803	300
		Junior 4 jaar	12,060·5	581·9	4·825	300
			4,965·0	233·4	4·701	300
		Senior 4 jaar	7,290·0	425·4	5·839	300
			4,781·5	202·7	4·240	300
		Volwasse ...	11,549·0	657·5	5·693	300
			4,412·4	221·2	5·012	300
„The S.A. Friesland Journal," Nov. 1935	Geregistreerde Friese ...	2 jaar oud	11,239·0	410·1	3·649	300
			4,408·0	168·9	3·833	300
		Junior 3 jaar	11,763·0	474·9	4·037	300
			4,602·0	185·9	4·040	300
		Senior 3 jaar	12,604·5	466·5	3·701	300
			7,983·8	270·7	3·390	300
		Junior 4 jaar	9,318·5	329·7	3·539	286
			5,725·9	146·4	2·557	296
		Senior 4 jaar	15,263·0	399·0	2·615	300
			2,181·6	93·8	4·301	300
		Volwasse ...	14,726·5	541·3	3·675	300
			4,408·5	151·1	3·428	300

* Junior 2 jaar gekalf onder 2½ jaar ouderdom.
Senior 2 „ „ oor 2½ en onder 3 jaar ouderdom.
Junior 3 „ „ „ 3 „ 3½ „ „
Senior 3 „ „ „ 3½ „ 4 „ „
Junior 4 „ „ „ 4 „ 4½ „ „
Senior 4 „ „ „ 4½ „ 5 „ „
Volwasse gekalf oor 5 jaar ouderdom.

† 8,066·6 pd. melk hoogste produksie, 3,682·5 pd. melk laagste produksie van Junior 2 jaar oud geregistreerde Jerseykoeie in S.A. vir 300 dae, aangegee in „Boerdery in S.A.," Nov. 1935.

Die melkrekords van indiwiduele ongeregistreerde koeie word nie publiseer nie, dog sal ongetwyfeld aan nog meer skommelinge onderhewig wees dan bogenoemde syfers. Bogenoemde variasies is blykbaar deels te wyte aan 'n verskil in voeding en verpleging, dog ongetwyfeld grotendeels aan 'n verskil in erflike aanleg. Op grond hiervan is die strengere produksievereistes, vir registrasie in die „F.S.B.S.A." ingevoer op 1 Jan. 1933 (sien Hoofstuk VII) en was beslis noodsaaklik om meer uniforme en ekonomiese produksies te bevorder.

HOOFSTUK VI.

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE SUIDAFRIKAANSE FRIESRAS

UIT argievariese gegewens blyk dat die oorspronklike friesbeeste van Suid-Afrika hul ontstaan te danke het aan die kruising van die inheemse beesrasse (sien Hoofstuk II) met geïmporteerde Hollandse beeste, veral bulle (vroeër hoofsaaklik bekend as Vaderlandse vee).

Hierdie laaste benaming is ongetwyfeld meer korrek, daar die beëindiging van die omvormingsproses van die friesbees in Nederland volgens Bakker slegs teruggaan tot circa 1800. In Friesland is hierna blykbaar suiwer voortgefok, altans vanaf 1879; dog in die res van Nederland eers konstant vasgelê in 1907 deur v. d. Bosch. In Hoofstuk I is die onkonstantheid van die Hollandse beesrasse voor 1800 breedvoerig uiteengesit en **gevolglik is die benaming „Vaderlandse vee" voor 1800 verkieslik.**

By die eerste geïmporteerde „vaderlandse vee" word geen provinsiale afkoms aangegee nie, sodat hul onder geen omstandighede as friesvee bestempel mag word nie, en dientengevolge ewewel Groningse-, Ysselse-, Gelderse-, Zeeuwse-, Suid- of Noord-Hollandse-vee, ens., kon gewees het. Die onderskeidende kwaliteitskenmerke van die „vaderlandse vee" kan duidelik afgelei word uit die gegewens van Hoofstuk I; terwyl die kwaliteitskenmerke van die inheemse rasse voldoende in Hoofstuk II opgesom is. Hieruit blyk dat die phylogenetiese vorme en ontwikkelingsgeskiedenis van die „vaderlandse vee" en betrokke inheemse rasse seer verskillend was.

In hierdie verskil moet dan ook, gedeeltelik, die soms optredende mislukkinge by kruisinge in die verlede gesoek word. Gelukkig het alle kruisinge nie op mislukkinge uitgeloop nie, inteendeel het die meeste kruisinge direk merkbare produksie- en algemene utiliteitsverbeteringe aangebring en dus die grondslag gelê van ons friesveefokkery in Suid-Afrika.

EERSTE INVOER VAN „VADERLANDSE VEE."

Betreffende die eerste invoer van „vaderlandse vee" bestaan nog geen absolute sekerheid nie.

Van Plettenberg([46]) meld in 1781: „Dit vee heeft bestaan in zogenaamde Bastaart Jonge ossen, geteelt uit de Beesten die de ondergeteekende met veel kosten, uit het Vaderland na herwaarts heeft laten komen, en origineel Caaps vee, van deeze en geene Boeren successivelijk ingekogt. Dewelke ter weide zijn aan de Rietvallij—een Compagnies Plaats digt bij de Caab geleegen, bij den ondergeteekende aangehouden wordende, zoo om er Boter van daan te hebben. Van welke Bastaart Beesten, die men alhier zeer boven den Caapsche praefereert, de ondergeteekende geen zwarigheid gevonden heeft aan hem Van Reenen op zijn verzoek eenige over te laaten."

Van Plettenberg meld egter nie definitief dat hy die eerste invoerder was nie, dog **het waarskynlik die eerste geslaagde proefneming gemaak en onder die aandag van die koloniste gebring en kan dus blykbaar as die vader van ons friesveefokkery beskou word.**

Die „Official Year Book of South Africa"([41]) meld: „Until within comparatively recent times the introduction of European breeds was confined to the importation of Friesland cattle from Holland, the first importation having taken place about 1780 (dus gedurende die régimé van Van Plettenberg). Not until the 19th century were importations of British breeds made. As far as is known the earlier animals consisted chiefly of Shorthorns and North Devons."

Die bewering: „Not until the 19th century were importations of British breeds made" is egter foutief, want volgens Theal([53]): „In 1792 Mr. Jan. F. Kirsten imported from England 8 horses and 3 bulls for breeding purposes" en: „In 1793 quite a number of horses, mares, bulls and cows arrived from the New England States (America)."

Uit die gegewens van Van Plettenberg kan afgelei word dat „vaderlandse vee" voor 1780 ingevoer is, daar hy reeds in 1781 meld: „Van welke Bastaart Beesten, die men alhier zeer boven den Caapsche praefereert."([46]) Aangesien hy reeds op 12 Augustus 1771 goewerneur aan die Kaap geword het, was genoemde import waarskynlik digter by laasgenoemde datum, teneinde genoemde preferensie reeds in 1781 meer waarskynlik te maak.

Van Rhijneveld([11]) (1804) ken ook die eer toe aan Van Plettenberg: „Twintig á Vijf en twintig Jaaren geleeden heeft, meen ik, het allereerst den Gouverneur van Plettenberg in deeze Kolonie doen overbrengen een friesche Bul en Koe—daarmede heeft hij de verbastering alhier tot het zogen[d] Vaderlandsche vee begonnen—men zag dat dit wel slaagde—en daarop hebben verscheide anderen van tijd tot tijd meede, zo gebrekkig als hiertoe de gelegenheid ook was, nu en dan enkelde Jonge vaderlandsche Koeijen doen uitkomen, waardoor zig de verbastering van het Rundvee verder met een uitnemend goed success, meest in de nabijheid van de Kaap en het Kaapsche District heeft verspreid."

Van Rhijneveld maak hier dus definitief melding dat die eerste geïmporteerde Hollandse vee 'n Friesbul en koei was, en spreek later van „Jonge Vaderlandsche Koeijen." Blykbaar is dit gedoen om die onderskeid aan te toon.

Direk in stryd met Van Plettenberg,([46]) Van Rhijneveld([11]) en die „Official Year Book of South Africa"([41]) blyk egter volgens Theal([30]) dat invoere voor 1780 waarskynlik geskied het: „The Company was also making efforts (circa 1690) to improve the existing stock of cattle and to introduce new breeds." Hiermee ooreenstemmende beweer Lauts([51]): „Reeds op het einde des vorigen jaars (jaar nie definitief gemeld nie, dog in elk geval voor 1700, daar skrywer hierdie periode behandel het) waaren eenige paarden van Batavia gezonden; er volgden runderen van Madagaskar en uit Europa. . . ." Hoewel Europa gemeld word, was dit blykbaar uit Holland.

Ek kon egter geen definitiewe bewys van werklike invoer kry nie, sodat laasgenoemde bewerings liefs nog met die grootste beskeidenheid moet behandel word. Nogtans blyk die bewering, dat die eerste invoer van „Vaderlandse

vee" eers in circa 1780 plaas had, mynsinsiens wat dubieus, in aanmerking geneem: (1) dat die volksplanting reeds in 1652 plaasgevind het deur Hollanders, wat die goeie eienskappe van die Hollandse vee ongetwyfeld geken het, en (2) die inheemse rasse veel minder produktief was; sodat vroeëre importasies blykbaar nie tot die onmoontlike behoort nie, dog het waarskynlik nie tot sy volle reg gekom nie en dus die werklike impetus eers in circa 1780 gekry.

Na 1780 het die invoer van „Vaderlandse vee" ongetwyfeld geleidelik toegeneem, soos ook blyk uit die volgende Despatches([48]):

TABEL 14.

„VADERLANDSE VEE" INGEVOER.

Datum van Afsending van Engeland.	Bulle.	Koeie.	Land Waarvandaan Afkomstig.
9/ 9/1880	(Beeste spe	sifiseer nie)	Rotterdam.
2/10/1880	1	...	„
30/11/1880	1	...	„
13/ 7/1881	4	...	„
15/ 9/1881	2	...	„
8/ 5/1882	1	1	„
24/ 7/1882	4	...	„
8/ 1/1884	1	...	„
7/ 5/1884	1	...	„
18/ 6/1884	1	...	„
21/ 8/1884	3 of 4	...	„
8/10/1884	1	1	„
12/11/1884	...	2	„

Ongelukkig word geen provinsiale afkoms aangegee nie.

TABEL 15.

TOTAAL AANTAL STAMBOEKBEESTE INGEVOER NA SUID-AFRIKA([63]).

Jaar.	Onder voorsiening van „Mail Contract."*	Totale Invoer.
Voor 1924	...	3,367
1924	...	18
1925	91	166
1926	...	21
1927	...	69
1928	2	166
1929	65	295
1930	77	131
1931	88	110
1932	70	80
1933	38	53
1934	55	119
	Groot Totaal	4,595

*„Under the Ocean Mail Contract of 1912 pedigree cattle are conveyed to South Africa free of freight"(63).

'n Groot persentasie van bogenoemde ingevoerde stamboek beeste is blykbaar Friesbeeste.

VERBETERINGE AANGEBRING DEUR DIE „VADERLANDSE VEE."

Die werklike omvormingsproses neem dus blykbaar in circa 1780 'n aanvang en het direk aansienlik byval en ondersteuning geniet (afgelei uit gegewens van Van Rhijneveld[11]).

Neethling[15] (1798) konkludeer: „De Kaapsche ossen zijn al te lekkerbekkig, dat is, zij vreeten niet alles wat hun tot voedsel zou kunnen verstrekken. Zij zijn veel te wild van aart, en laaten zig niet gemakkelijk aanspannen. Zij zijn te lang van nek en lichaam, en te hoog op de pooten. Dies zou men zich van de ossen moeten aanschaffen, die men aan de Kaap, Fransjes of ook Bastaard Vaderlandsche ossen noemen, deze gewend men gemakkelijk aan allerleij voedsels, dewijl zij niet kiesch vallen, en zijn tam van aart, met een korte gedronge, en dikke nek, korte pooten, en een hoogen lijf."

Hieruit is af te lei dat die eerste kruisinge reeds merkbare verbeteringe in algemene voorkome en bou teweeggebring het. Veral lê Neethling nadruk op meer diepte, en dat hul makker was.

So ook meld Lichtenstein[52] (1803-1806): „De ossen van Europesche afstamming word hier voor sterker, gezonder en taaijer van leven gehouden dan de inlandsche."

Dat hulle in werklikheid taaier en gesonder was as die inheemse osse bly 'n vraag (volgens die voorafgaande beskrywing van die inheemse rasse, hul eeue van aanpassing, en tot 'n mate natuurlike immuniteit). Wel was hul ongetwyfeld sterker as gevolg van 'n swaardere bou.

Die „Vaderlandse vee" het nie alleen verbetering, wat bou betref, aangebring nie, dog veral wat melkproduksie betref.

So meld Van Rhijneveld[11] (1804): „In de qualiteit is het onderscheid met de Zogen^de^ Vaderlandsche, of Bastaard Vaderlandsche Runderen even groot. Tot nu, zo ik meen, de laaste Twintig Jaaren, heeft men hier, met het Kaapsche rundvee: zo als men het met recht noemen mag voortgezukkeld", want volgens Van Rhijneveld het die Kaapse koeie „onbegrijpelijk" min melk gegee (sien latere gegewens en ook Hoofstuk II).

Neethling[15] (1798): „Nog eene Reeden die de Kaapsche Landbouwers, overhaalen moet om het Kaapsche Ras van Rundvee geheel af te schaffen, gelijk de welberadenste onder hen het in der daad reeds gedaan hebben, is, dat de Kaapsche Koeijen wijnig melk geeven, wild van Aart zijn, en zig niet zonder kalf laaten melken; de koeijen van het Hollandsche Ras, geeven meer melk, laaten zig gemakkelijk zonder kalf melken, zijn tam van Aart, en daardoor schielijk aan het stalvoeren te gewennen."

Cape of Good Hope[39] (1822): „The quality of the milch cow has been much improved by the introduction of the Dutch Friesland, or, as it is here called, the Fatherland breed. The native Cape cow is unquiet at the pail, gives little milk, nor even that little unless the calf is first allowed to suck.

The oxen, without whose services the boer is at a complete standstill, are large handsome animals; and if fattened, as they are in Europe, would by no means yield to them in size and beauty."

Laasgenoemde bewering is ongetwyfeld wat oordrewe, dog toon duidelik aan die verbetering toentertyd reeds bereik deur kruising met „Vaderlandse vee."

Van Rhijneveld([11]) konkludeer: „Inderdaad—die geenen welke al, wederom ook niet uit vooroordeel, er iets tegen hadden, hebben hunne bezittingen daardoor merkelijk verbeeterd—en geen wonder!—zodra de ondervinding allen twijfel wegnam, van het groot onderscheid welke er in dit ras met het Kaapsche Rundvee geleegen is, vond het, vooral in de nabijheid van de Kaap, ook ander greetige navolgers."

Van Rhijneveld het reeds in 1804 die volgende verbeterde eienskappe aan die baster Vaderlandse vee toegeken:

1. **'n Aansienlike toename in melk- en botterproduksie**: „De enkelen Bastaarts—dat is gezegd, Kalveren van een Kaapsche Koe bij een Vaderlandsche Bul—Vijf á Zes maal zo veel melk uitleveren als de gewone Kaapsche Koeijen—dat onder anderen zeekere Landman die hier in de nabijheid een plaats bezit, waarop hij door elkanderen van 50 tot 70 Bastaard Vaderlandsche Koeijen houdt, er dagelijks van heeft tusschen de 30 en 40 emmers melk, mitsgs Jaarlijks tot 6,000 ponden boter verkoopt, 't geen aan Kaapsch vee een getal van over de twee tot drie Hondert Koeijen zou vorderen."([11])

2. „Ze zijn **veel tammer van aart** als het Kaapsch vee."([11])

3. „Ze kunnen **meer gebrek uitstaan**—met minder voedsel zijn te onderhouden en verscheide zoorten van gewas of heesters nuttigen waarvan, het Kaapsch vee afkeerig is."([11])

Hierdie bewering kom ooreen met dié van Lichtenstein, dog skyn my wat gevaarlik!

4. **„De Trekossen** op den duur aan het Kaapsch vee te praefereren zijn —kunnenden men met een span Bastaart Vaderlandsche ossen gestadig en op den duur tegens twee spannen Kaapsche arbeiden."([11])

Hierdie bewering staaf hy deur te meld, dat die houtkarweiers die baster vaderlandse osse verkies.

Die snelle toename van verbastering, in die kort bestek van ongeveer 20 jaar, blyk uit die volgende aanhaling uit Van Rhijneveld([11]): „De meeste landbouwers van het Kaapsche District bezitten dezelve reeds (1804), en een groot gedeelte van Stellenbosch, ook eenigen van Zwellendam hebben daarmede aanvang gemaakt—gebrek aan egte bullen verhindert veele andere, zelfs om naar hunnen wensch daarin voort te vaaren."

Aan ondersteuning en entoesiasme het dit dus nie ontbreek nie, nadat die grondslag eenmaal gelê was. *Geen wonder dus dat die Friesras vandag as dié vernaamste beesras in Suid-Afrika beskou kan word nie, en waarskynlik die hoogste ontwikkeling van alle ingevoerde rasse bereik het.*

Bogenoemde bewerings van Van Rhijneveld word deur die volgende briewe gestaaf:

EERSTE BRIEF

„W. S. van Rhijneveld aan
den heer Rudolph Cloete.

Mijn Heer.

Mag ik u, als iemand die door ondervinding het onderscheid kent tussen het Kaapsche en Bastaart Vaderlandsche vee verzoeken, de volgende vraagen te willen beantwoorden.

(1) Houdt gij niet in de nabijheid van de Kaap eene Veeplaats en Melkerij ?	Ja de plaats is geleegen aan de Eerste Rivier.
(2) Hoeveel Bastaart vaderlandsch Koeijen hebt gij door den bank wel op de plaats ter melking aan den Paal ?	Door den bank 50-60 en 70 ps.
(3) Hoeveel melk leveren u de Koeijen door elkander gereekend daags op ?	Van 30-40 Emmers.
(4) Hoeveel Boter verkoopt gij jaarlijks ?	Ik heb maanden dat ik tot 800 ponden verkoop—door elkander bringt ik jaarlijks wel 6,000 ponden Boter ter markt.
(5) Hoeveel gewoone Kaapsche Koeijen gist gij noodig te zijn om die zelfde quantiteit Melk en Boter door den Bank uit te leveren ?	Gewoone Kaapsche Koeijen zou er wel 300 toe worden vereischt.
(6) Gebruikt gij in uw werk ook Bastaart Vaderlandsche ossen ?	Ja.
(7) Hebt gij ook wel van Kaapsche ossen gebruik gemaakt ?	Wel uit noodzaakelijkheid.
(8) Zijn de Bastaart Vaderlandsche ossen in het werk te prefereeren aan de gewoone Kaapsche ossen?	Zeer veel.
(9) Zo ja ! om welke reedenen ?	Vaderlandsche ossen wanneer die uit de jukken komen, nuttigen om zo te spreeken **alles.** Dit doet geen Kaapsche os. Ze zijn veel makker—kunnen meer armoed uitstaan en zijn taaier. Met een span bastaarts werk ik op den duur tegens 2 spannen Kaapsche ossen."

Beantwoord deur R. Cloete op 12 Maart 1804.

Tweede Brief

Gerig aan oud Burgerraad Joh. G. van Reenen, toentertyd een van die vernaamste veefokkers (1804) :

„Eerste Vraag : Zeedert welken tijd zijt gij begonnen met de voortteeling van uw Bastaart Vaderlandsche Rundvee ?

Antwoord : Zeedert 20 jaaren.

Tweede Vraag : Welke onderscheid is er in deeze Kolonie tusschen het Bastaart Vaderlandsche en 't gewoon Kaapsche Rundvee ? Tegens hoeveel Kaapsche Koeijen kan men over het algemeen genomen, in het uitleveren van melk een ordinaire Bastaart Vaderlandsche koe reekenen ?

Antwoord: De voornaamste qualiteijten, kan men als volgt rangschikken:

1ste.—Geeven zij door elkander ses maal meerder melk als 't Kaapsche Rundvee.

2de.—Beter in de voortteeling. Also een Vaderlandsche Vars zich met 't eerste jaar laat dekken, en de Caapsche (dit in schraale wijden) maar eerst om de 2 á 3 jaar toelaten.

3de.—Kunnen beter staan tegen droogte en slechte wijden.

4de.—De trekossen swaarder in gewigt en beter geschikt tot werken."

Beantwoord 17 Maart 1804.

Derde Brief

Gerig aan Dirk Gijsbert van Reenen in 1804.

„Eerste Vraag: Zeedert welken tijd zijt gij begonnen met de voortteeling van uw Bastaart Vaderlandsche Rundvee?

Antwoord: Ten minsten vijftien jaaren geleeden.

Tweede Vraag: Welk onderscheid is er tusschen het Bastaart Vaderlandsche en gewoon Kaapsche Rundvee?

Antwoord: Dat van de eerste en tweede verbastering een Bastaart Vaderlandsche koe 2/3 melk meer geeft, als een Caapsche, hoe meer de verbastering voortgaat, hoe meer de melk vermeerdert, als ook, de ossen beter geschikt zijn tot werken—en een goede wijde hebbende zwaarder in 't gewigt worden.

Derde Vraag: Heeft de voortteeling van het Vaderlandsche Rundvee u niet reeds in de geleegenheid gesteld om een kaas makerij op te rusten? Hebt gij zelfs niet dit jaar reeds kaas uit de Kolonie vervoert—en hoeveel?

Antwoord: Ja. Deze en ook pasjeerden jaar te samen 400 ponden.

Vierde Vraag: Zou uwe veeplaats, het Kaapsche vee hebben kunnen inhouden welk er zou worden verijscht, om in de zelve quantiteit melk, Boter en Kaas uit te leveren, welke uwe plaats u thans opbrengt?

Antwoord: De wijding op mijn plaats zouden 't aantal Caaps vee niet kunnen houden."

Vierde Brief

Verklaring in 1804 van Joh. Fred. Dreyer van Zwellendam.

„Eerste Vraag: Hebt gij u niet op uw ouden het District van Zwellendam geleegene Plaatzen voornamentlijk toegelegd op de voortqueeking van het zoogen[d] Bastaard Vaderlandsche Rundvee?

Antwoord: Zeedert agtien jaaren tot het aanqueeken van rundvee toegelegd, heeft mij doen de onderschijdene vermoogens eener Bastaard Vaderlandsche en Kaapsche rundbeest opmerken, waarom mij met alle vlijd heb begeeven om de

verbastering te verwerven door de Europische stier met de Kaapsche Koebeest.

Tweede Vraag: Welk onderscheid, is er volgens uw ijgene ondervinding in deeze Colonie tusschen het Bastaard Vaderlandsche en 't gewoone Kaapsche Rundvee?

Antwoord: De onderscheidenheid tussen een Bastaard Vaderlandsche rundbeest heeft een mijst teegen overgestelden aard van den Kaapsche rundbeest. De uijtmuntende deugd eener Europische zal nooit gevonden worden in een Kaapsche rundbeest alleen door derzelven verwilderden aard en zwak gestel.

Derde Vraag: Tegens hoeveel Kaapsche Koeijen kan men in het uijtleveren van Melk over het algemeen een Bastaard Vaderlandsche Koe reekenen?

Antwoord: In 't algemeen geeft een Bastaard Koe tien maande lang tegens ses Kaapsche Koeijen, een ruijmer hoeveelheid van melk, daar de Kaapsche Koe niet langer aanhoud dan hoogst ses maanden melk te geeven.

Vierde Vraag: Zijn er ook andere hoedanigheeden welke de Vaderlandsche Bastaards aan de Zoogen[d] gewoone Kaapsche doen prefereeren?

Antwoord: Een Bastaard Vaderlandsche word veeltijds 20 jaaren oud, is uijt natuur tam, ingedrongen en vleesig van gestel, heeft een smakelijk met vet doorwassen vleesch en dikken huijt. Een zoogen[d] Kaapsch word zelden 15 jaaren oud, is wild van aard, rank van gestel, welkens vleesch van het vet afgeschijden is en dunner van huijd."

Volgens Dreyer word die „Bastaard" osse ook verkies bo die Kaapse, omdat hul beter doen op skraal weiveld en beter geskik is vir werk. Hy beweer dat die vooruitgang en verbastering in Zwellendam grotendeels teengewerk word deur onkunde betreffende die goeie eienskappe van die „Bastaards", die moeilikheid om „bastaard" of Europese bulle in hande te kry en deur vooroordeel.

Uit die voorafgaande vier verklarings, van destyds vooraanstaande beesfokkers (sowel as pionierfriesfokkers), blyk dus duidelik die verbetering wat hierdie eerste kruisings teweeggebring het by die inheemse rasse wat bou en produksie betref.

Geen wonder dus dat die ontstane baster-vaderlandse ras so snel, binne 'n paar jaar, oor die grootste gedeelte van die Kaapkolonie versprei het. Langsamerhand meeste van die inheemse rasse begin verdring en vervang het en ewentueel opgefok is tot die tans beroemde Suidafrikaanse friesras.

Die ontstaan van die eerste graad-frieskuddes in Suid-Afrika dateer dus terug tot ongeveer 1780.

Nieteenstaande die bewese verbetering aangebring deur bogenoemde kruising het verskeie konserwatiewe boere hierteen 'n skerp vooroordeel gehad. So vermeld Van Rhijneveld([11]) van 'n sekere Jakob Laubscher wat op sy plaas Patrijze Berg (in die St. Helenabaai) 'n pragtige trop beeste had (volgens Lichtenstein([52]) in 1803, 690 beeste, 80 perde, 2,470 skape en 230

bokke), dog geen „Bastaard" nie, en as rede opgegee het: „Het was hetzelve ras dat zijn vader zo lange met zeegen en voordeel had bezeeten en hij hield van geen vreemde zaaken."

Volgens Laubscher was die „bastaard osse" lui en ongeskik vir werk en hy kon hulle nie uitstaan nie, terwyl die Kaapse osse veel lewendiger was. Blykbaar het Laubscher, sowel as sy vader, hul inheemse ras aansienlik verbeter deur rasionele teelt en seleksie; vandaar dat Van Rhijneveld ook melding maak van sy „pragtige trop beeste."

Later vermeld Van Rhijneveld dat Laubscher tog besluit het om 'n Vaderlandse bul te koop en dus kruising toe te pas.

Van Rhijneveld([11]) het in sy voorsittersrapport betreffende die bevindinge van die Veeverbeteringskommissie in 1804 die volgende aanbevelinge gedoen:

1. „Omtrend de verbetering van ons Rundvee over het algemeen genomen, voorzieningen van het Gouvernement worden vereijscht."

Hy beweer dat die verbetering van die inheemse beeste met vaderlandse bulle minder teenstand ondervind het as die verbetering van Kaapse skape met Spaanse wolskape, en dat die verbastering (opgradering) van beeste hier veel vroeër begin het as dié van skape en meer progres gemaak het.

Hy konkludeer([11]): „Dit poinct vereijscht derhalven maar alleen aanmoediging en te gemoedkoming van het Gouvernement—vooral in het op eene gemakkelijke wijze verkrijgbaar maken van de oprechte Vaderlandsche Bullen en in aan deeze verbetering van het Rundvee zelve leiding te geeven."

Aan hierdie aanbeveling van Van Rhijneveld is blykbaar onmiddellik gehoor gegee deur die Bataafse regering, want in 'n brief vanaf die Kasteel Kaapstad op 7 Junie 1807 aan die „Right Honourable" William Windham word vermeld([49]): „Previous to the surrender of this Colony to His Majesty's Arms, the Batavian Government, considering the necessity of Agriculture being encouraged, especially in the breed of cattle, and more particularly the introduction of sheep yielding wool, established in the year 1804 a commission, consisting of those gentlemen who were esteemed most conversant in agricultural pursuits. The commission was charged with all matters relating to agriculture and for the purpose of attaining its object the Government granted a tract of land at Groene Kloof together with the sum of Rds. 25,000, with which fund the commission was directed to purchase the most approved breeds of cattle and sheep. The commissioners, finding it necessary to erect buildings and employ herdsmen and slaves, made a second application and were granted in Loan Rixds. 25,000 from the Orphan Chamber under the guarantee of Government, of which only Rds. 10,000 were paid when the British took the possession."

Volgens die dagverhaal van De Mist([50]) (1805): „Kwam de Commissie te 3 uuren in den namiddag aan op de Groote Post, alwaar het vee der Commissie geplaatst is welke tegen den avond werd nagezien en in behoorlijke order gevonden: Zijnde overeenkomstig het jongste schriftelijke rapport van den opzigter aldaar Rogier Bernhardus van Blerk, de voortteeling der Commissie in het loopende jaar geweest: 20 Bastaard Vaderlandse Bulkalvers, waarvan egter een op last der Commissie is gekastreerd, 19 Bastaard Vaderlandsche vaarskalvers, 39 te zamen."

Volgens die „Records of the Cape Colony (1803-1806)" het die Kommissie op 31 Desember 1805 reeds 148 beeste besit, meeste van Europese afkoms.

Uit bogaande blyk dus dat die Kommissie, as gevolg van die finansiële ondersteuning van die Bataafse regering, die saak direk aangepak het en baster vaderlandse bulle begin teel het op enige van die kommissie se plase, vir distribusie onder die veefokkers.

Met die tweede Britse okkupasie op 18 Januarie 1806 is hierdie skitterende onderneming ongelukkig beëindig, wat ongetwyfeld in die toekoms as 'n uitstekende nukleus sou reageer het.

2. 'n Premie toe te ken aan geïmporteerde vaderlandse bulle en koeie. Ongetwyfeld sou dit die invoer bevorder het, mits die premie voldoende was.

3. Deur met elke skip wat uit Holland na Indië vertrek, telkens enige jong bulle te laat oorbring. Op hierdie wyse sou Van Rhijneveld geleidelik en seker die aantal Vaderlandse bulle in Suid-Afrika doen toeneem het, teneinde intensiewer opgradering en suiwerteelt moontlik te maak.

4. Ook gereeld verse vanaf Holland in te voer, om suiwerteelt te bevorder. Van Rhijneveld([11]) skryf: „De Commissie zou insgelijks op eene van de geschikste plaatzen kunnen houden enige oprechte Vaderlandsche Koeijen waartoe men dan **ten behoeve van de zelve** van tijd tot tijd eenige **enkele** Vaerse Kalveren op die Scheepen meede zoude kunnen plaatzen om daaruit alwederom zo veel mogelijk eene pepiniaire aan te houden van de oprechte Bullen die hier te verkrijgen zullen zijn en daaruit van tijd tot tijd in voegen voorsz. de distributie te doen. Deze Commissie zou dan vooral meede het oog kunnen laaten gaan over de wijse van voortteeling en verbeetering van het Rundvee onder de Ingezeetenen."

Neethling([15]) het reeds in 1798 aanbeveel: „Om nu goed Rundvee aan te fokken, moet men in de eerste plaats, acht geeven, dat men zich goede Koeijen aanschaft."

5. Die Kommissie dan te belas om te sorg vir die behoorlike distribusie van bulle, sodra hulle geskik is teen 'n siviele prys, waarby enkel skadeloosstelling en geen wins gemaak moet word nie.

6. „Zij zou nooijt behoren toe te staan dat men een Bastaard Vaderlandsche Bul bracht bij oprechte Vaderlandsche Koeijen van het eerste zoort,

7. noch dat men een Kaapsche Bul bracht bij Bastaard Vaderlandsche Koeijen.

„Het geen tegenswoordig uit onagtzaamheid indifferentelijk geschied en aan de verbetering van het Rundvee groot nadeel toebrengt."

8. Teneinde verbetering deur opgradering in die verafgeleë distrikte, bv., Graaff-Reinet, aan te moedig beveel Van Rhijneveld([11]) aan: „De Commissie zou om dit aldaar in 't bijzonder aan te moedigen, tenminste voor eerst **zonder eenige betaling** van een oprechte Bul kunnen voorzien, mits zig, onder daartoe te stellene peenaliteit verbindende, als dan ook geene Kaapsche Bullen wederom onder zijn Troup te brengen, welk middel ter merkelijke aanmoediging zou verstrekken van de Veefokkende Ingezeetenen van Graaff-Reinet, die nog het allermeeste teegens deeze nuttige verbastering van het Rundvee zijn vooringenomen."

Uitstekende aanbevelings, dog as gevolg van die tweede Britse okkupasie in 1806, weinig van tereggekom, wat te betreur is, daar hierdie aanbevelings,

by werklike toepassing, ongetwyfeld die ontwikkeling van die friesveefokkery veel sneller sou bevorder het as die werklike geval was na 1806.

In 1798 het Neethling([15]) reeds die volgende deugde aanbeveel by 'n goeie bul: groot, swart, wakker oë; klein, dun en na agtergeboë horings; kort, dik nek; kort, maar dik kop; stomp, breë bek; groot ruie ore; groot kuif tussen die horings; reguit rug; breë bors en skouers; kort dik pote; krom, dik knieë; groot kloue; lang, dun stert met 'n gekrulde kwas; lang stappe neem; rooi- of swartbont, dog meer swart as wit.

Hierdie beskrywing stem meer ooreen met die van vaderlandse bulle as met die oorspronklike inheemse rasse.

Neethling([15]) vervolg: „Men houd voor de beste koeijen, die welke volgende kenteekenen hebben: korte kop, breede en korte dikke nek, korte of laage pooten, de kniën ingeboogen en knobbelig; de klaauwen groot, de agterpooten niet ingeboogen, maar regt afgaande, breede borst, breede regte rug, lange dunne staart met een groote kwast, korte dunne kromme hoorntjes, lange ruige ooren, lange ronde ribben, langwerpige vierkante uier, met gladde recht afstaande speenen; dog de voornaamste kenteekenen van een goede koeij, zijn, dat de grootste Melkader, die van de navel na de uier loopt, breed en dik is; en dat de uier zagt van vel, en niet vleesig is. Niet de grootste en sterkste koeijen, maar de zulken die de meestste en vetste melk geeven, draagen de beste en sterkste kalven."

Bogaande beskrywing verskil aansienlik van ons huidige beskrywing van die gewenste bou van 'n frieskoei, dog was beslis 'n navolgingswaardige beskrywing vir 1798 en 'n definitiewe doel en tipe omsluit.

Uit bogaande samevatting blyk dus duidelik dat **in 1806 nog geen suiwer frieskudde in Suid-Afrika** bestaan het nie, wel enige baster- en opgegradeerdekuddes van inheemse of Kaapse koeie met ingevoerde vaderlandse bulle of bastervaderlandse bulle. Nogtans het die ras spoedig meer entoesiastiese telers gewin en dus geleidelik dog seker begin grond win. (Sien Foto 22.)

Ongelukkig het ook in Suid-Afrika die **kruisingsmania** eweas in Holland en Engeland toentertyd begin seëvier, wat die teel van suiwer frieskuddes beslis agterweë gehou het.

So meld Theal([53]): „In 1792 Mr. Jan Frederik Kirsten imported from England 8 horses and 3 bulls for breeding purposes. So little encouragement did the Government give to the enterprise that he was obliged to pay a duty of 5 per cent. upon their value."

Theal([53]) vervolg: „Some skippers of American vessels, finding others disposed to imitate Kirsten, made arrangements to bring over cattle of good quality and in 1793 quite a number of horses, mares, bulls and cows arrived from the New England States."

Die Koloniale-Agent([42]) skrywe uit Engeland op 11 Maart 1815: „The bulls and cows I was under the necessity of procuring, through some private connections, in Devonshire. They were bred in the Parish of Malborough, near Kingsbridge, and are, as I am credibly assured of the best South Devon breed." Hier is twee bulle en twee koeie ingevoer.

Somerset([47]) skryf op 11 November 1824 na Engeland: „Not having heard from you relative to the Teeswater cattle, respecting which I wrote to you on the 23rd September, 1823. The object is to have two bull calves and

two cow calves, but should there not be accommodation for the whole number it would be better to have the two bulls. . . ."

Later skryf Somerset([47]) se sekretaris na Engeland: „His excellency has much satisfaction in reporting to you the safe arrival of the Teeswater cattle. . . ."

Volgens Despatches([48]) is in 1876 twee bulle en drie koeie uit Frankryk en in 1883 twee bulle vanaf Hamburg ingevoer. Die ras word ongelukkig hier nie aangegee nie.

Die „Cape of Good Hope"([23]) van 1886 konkludeer: „The cattle of the Colony include the descendants of the long-horned native species which the Hottentots possessed in Van Riebeek's time, crossed by the Dutch breed introduced by the early colonists. To these have been added contributions from nearly every breed known in England and Holland—Shorthorns, Herefords, Ayrshires, Devons, Kerries, Alderneys, etc."

Selfs D. Hutcheon([45]) M.R.C.V.S. het in 1888 in 'n artikel oor „Cross-Breeding and some interesting questions connected therewith" aan die hand gegee: „What would undoubtedly prove a more profitable proceeding is to engraft in this manner the constitutional qualities of the Africander on the Shorthorned Friesland, or any other superior European breed of cattle"—dus die identiese wat in Holland gebeur het met die Kortkoring × Fries kruising.

Ook die „Official Year Book of South Africa"([41]) van 1931-32 meld: „By far the larger proportion of these animals (die 10,574,000 beeste) is of mixed breeding with native blood predominating," dog vervolg: „During the last decade, in particular, a marked improvement has been noticeable in the herds throughout the country, brought about by importations of sires and by the establishment of pure-bred herds, from which bulls in considerable numbers are now bred and used for the grading up of ordinary herds. A great part of the early impetus was due to importations by the Government and object lessons in management at the Experiment Farms."

Reeds in Hoofstuk IV is onomstootlik bewys, die mate van kruising en verbastering wat plaasgevind het deur die herverowering van gestole vee, tydens die einde van die 18de eeu en veral die eerste helfte van die 19de eeu, veral op die oostelike grens van die Kaapkolonie en in die huidige Oranje-Vrystaat en Natal.

Kruising en bastardering was dus aan die orde van die dag, déels te wyte aan die nadelig reagerende faktore in Hoofstuk IV bespreek, en déels aan 'n gebrek aan kennis en 'n breër uitsig betreffende uiteindelike behoeftes van die toekoms. Die gevolg was dat die ontwikkeling van die friesras in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die 19de eeu geen rosepad betree het nie.

Nogtans het die pioniere van die friesras in Suid-Afrika hierdie moeilikhede weet te trotseer en oorkom en die ontwikkeling en voortbestaan van die ras verseker.

As **pionierfriestelers** (van suiwer en betreklik suiwer kuddes) kan die volgende genoem word:

1. Generaal Cuijler, Uitenhage, K.P. Volgens die „S.A.S.B.", Vol. 5: „He imported pure-bred cows and bulls from Holland, during the early part of the 19th century," en was waarskynlik een van die eerste telers wat 'n

suiwer frieskudde aangehou het (sien H. Vermaak, „The Pines") en oorspronklike fokmateriaal aan verskeie van die ouere kuddes verskaf het.

2. H. Vermaak, Rietfontein, P.K. „The Pines," Maraisburg—het sy kudde begin in 1855 met afstammelinge van geïmporteerde volbloeddiere van Gen. Cuijler („S.A.S.B.", Vol. 5) en suiwer gehou deur suksesiewelike importasies van volbloeddiere en later geregistreerde diere uit Holland.

Gradwell([65]) meld: „In the Cape Midlands the name of Vermaak has been associated with pedigree Frieslands ever since 1855, and the continuity of success has been unbroken. At ‚The Pines,' the late Mr. H. Vermaak (father of Messrs. Vermaak Bros.) started his historic herd in 1855. He obtained his cattle originally from Miss Armstrong (the late Mrs. J. A. Holland), the granddaughter of General Cuijler, who, in his time, played many parts—not the least being that of breeder of the Black and Whites. These animals were Gen. Cuijler's gift to his first grandchild, and were from imported Friesland cattle on both sides."

Gradwell([65]) kwoteer die volgende herinnering van I. J. Vermaak (een van die broers): „How the imported animals were generally brought up from the ports before 1885 I can't very well say, but as a youngster I remember one bull from Holland being brought up all the way from Port Elizabeth on an ox-waggon, the distance being about 250 miles. I can also remember—when our nearest railway station was Cradock—how our Frieslands were driven and led from Rietfontein to Cradock, a distance of 60 miles there and 60 miles back, for the purpose of being exhibited at the different Exhibitions—Port Elizabeth, Grahamstown and Cape Town."

Hierdie kwotasie openbaar enige van die groot moeilikhede waarmee die pionierfriestelers te kampe had.

3. F. F. Wienand, Bellevue, Bedford, K.P.—se kudde het voor 1870 reeds bestaan en verskeie ou kuddes help opbou. Ingevoer die bul De Ruiter I, wat volgens E. v. Muilwijk([72]) die koeie gelewer het vir die opbou van die latere beroemde Frans-stam by die heer Groneman, Wieringerwaard, Holland bv. Jacob —> De Ruiter I —> . . . Frans ♀ . . . —> Max. Wienand het dus uitstekende Noord-Hollandse bloed besit.

4. John Pohl, Adelaide, K.P. Op sy boedelvendusie in 1882 koop J. A. van Niekerk reeds 'n bul uit die geïmporteerde bul Antoni. In 1882 het hierdie kudde reeds baie jare bestaan en is opgebou uit geïmporteerde diere.

5. W. Townsend, Bedford, K.P.—se kudde dateer van ongeveer 1850, want volgens die „S.A.S.B.", Vol. 5 het hierdie kudde in 1908 reeds meer as 50 jaar bestaan.

6. S. A. Cloete (vader van Henry Cloete, Herberts Hope, Bedford, K.P.) se kudde bestaan, volgens die „S.A.S.B.", Vol. 5, van ruim 1870. Sy eerste bulle hoofsaaklik gekoop van F. F. Wienand, wat toon dat laasgenoemde kudde nog 'n vroeër oorsprong het.

7. John Frost, „Thibet Park", Waverley, K.P.—kudde begin in 1875. In 1882 twee bulle, wat hy self gaan uitsoek het, uit Holland geïmporteer.

8. J. A. J. Vermaak, Zuurfontein, Steynsburg, K.P. Volgens Gradwell([65]) een van die eerste friestelers in die Kaapkolonie. In Junie 1920 sy kudde van 114 beeste (feitlik alles koeie en sommige kalwers) teen 'n gemiddelde

prys van £146 10s. per stuk verkoop. Daarna 'n klein uitgesoekte kudde begin opbou.

9. Gerard Bekker, Elandskuil, Steynsburg, K.P.—sy kudde in 1878 begin, met afstammelinge van diere reeds in 1864 geïmporteer uit Holland (sien Hoofstuk VIII).

10. H. B. Christian, Port Elizabeth, K.P.—volgens Gradwell([65]) een van die pionierfriestelers van die Kaapkolonie.

11. E. A. Mellish, Vredehoek, Kaapstad, K.P.—se kudde dateer van ruim 1880, en verskeie kuddes in die omgewing help opbou.

12 J. A. van Niekerk, Brakfontein, Bedford, K.P.—het sy kudde in ongeveer 1882 begin (sien Hoofstuk VIII).

13. J. S. de Wet, Ashton, K.P. Hierdie kudde is in ongeveer 1880 begin deur sy vader. Sedert dien met opregte bulle geteel, hoofsaaklik bulle gebruik van E. H. Mellish, Vredehoek, Kaapstad.

14. R. Cross, Hillside, Bolotwa, K.P.—sy kudde begin in 1882. Oorspronklik diere gekoop op die boedelvendusie van wyle J. Pohl, Adelaide, in 1882, wie se kudde uit geïmporteerde diere geteel was en toe reeds baie jare bestaan het. Die eerste twee bulle gebruik in hierdie kudde was geteel deur F. F. Wienand, Bedford.

15. A. H. Lategan, Morgenzon, Cradock, K.P.—kudde begin in ongeveer 1890 met ag Frieskoeie.

16. H. N. Bekker, Zonneschijn, Mijburg, K.P.—in 1892 begin met beeste gekoop van J. A. Vermaak, Molteno, en H. Vermaak, Maraisburg. Hierdie diere was die afstammelinge van koeie gekoop van Gen. Cuijler en geïmporteerde Friesbulle.

17. Starke Gebrs., Muldersvlei, Stellenbosch, K.P.—kudde begin in 1893 met geïmporteerde bulle en koeie.

18. W. B. Gradwell, Bloemfontein, O.V.S. Volgens Gradwell([65]) dateer hierdie kudde vanaf 1875, en is die eerste bul Klaas in 1878 ingevoer en deur W. B. Gradwell self vanaf Port Elizabeth gelei: „The walk of Klaas from the coast in 1878 is well known to many of the older generation." In 1880 nog 'n Hollandse bul ingevoer en in 1881 Anke Ankes, 168 F.R.S.

19. Van Otto, Saxony, Rietvlei, Natal. Volgens Gradwell([65]) die oudste frieskudde van Natal. Begin deur wyle P. A. R. Otto, Sen., en het reeds in 1875 bekers verower met verteenwoordigers van die kudde op die Pieter-Maritzburg-Tentoonstelling. In 1878 die geïmporteerde bulle Billy en Offy gebruik.

20. J. W. Moor, Hartford, Mooi Rivier, Natal—kudde in 1885 begin met twaalf koeie gekoop van F. F. Wienand, Bedford, K.P., en die bul Paramount (geteel deur Wienand uit Gladiator wat gebore is uit 'n geïmporteerde koei gedek in Holland).

Hierdie is geensins 'n volledige lys van die pionierfriestelers van Suid-Afrika nie, dog sluit wel meeste van die oudste suiwer- en hoog opgegradeerde frieskuddes in. Uit bogaande is te konstateer **dat daar reeds suiwerfrieskuddes voor 1850 bestaan het en daarna geleidelik toegeneem het, om na 1870 snel in populariteit toe te neem.**

Ongelukkig is geen volledige verslag verkrygbaar van die geïmporteerde diere uit Friesland en Holland nie, wel word hier en daar melding gemaak van

bulle en koeie ingevoer voor 1879, dog hierdie gegewens is seer fragmentaries, en slegs in seer weinig gevalle word die name van die diere en hul provinsiale afkoms aangegee, hoewel ongetwyfeld verskeie diere ingevoer is veral na 1870.

Gradwell([65]) skrywe: „The first registered Friesland bull to be landed on South African soil was Wiersma, 10 F.R.S. (accompanied by a cow, Neeltje), bred and exported by Mr. K. N. Kuperus, of Marssum, Friesland, to the ,Kaap de Goede Hoop' in December, 1880."

In 1881 is ingevoer De Paauw, 40 F.R.S. en Anke Ankes, 168 F.R.S.

Wiersma, 10 F.R.S., was een van die bekroonde stiere op die Internasionale-Vee-Tentoonstelling te Londen in Oktober 1880.

Enige bekroonde Friesbulle ingevoer voor 1900 (volgens F.R.S.):

1. Radboud, 5 F.R.S., bekroon met 'n tweede prys van 60 gulde op die Internasionale-Vee-Tentoonstelling te Londen in Oktober 1880. Later verkoop vir 450 gulde na „De Kaap de Goede Hoop."

2. Klaas, 1142 F.R.S., toebehorende aan K. N. Kuperus, Marssum, Friesland, gebore 16/2/87; in 1888 bekroon met 'n eerste prys te Leeuwarden, Assen en Arnhem en op 12 September 1888 verkoop aan F. G. Keyter, Ficksburg, O.V.S.

3. Standfries III, 1498 F.R.S., gebore 14/3/89. In 1891 bekroon met 'n eerste prys te Leeuwarden en Zwolle en in Augustus 1891 uitgevoer na Suid-Afrika.

4. Roelof II, 1585 F.R.S., gebore 10/3/90. In 1892 bekroon met 'n tweede prys te Leeuwarden en op 29 April 1892 verkoop aan H. B. Marshall, Johannesburg, Transvaal.

5. Ype, 1589 F.R.S., gebore 23/4/90, bekroon met 'n eerste prys, 5/4/92 op die dorpstierekeuring te Hilsum en 14/4/92 met die derde prys op die groot stierekeuring te Leeuwarden. In Julie 1892 uitgevoer na Kaapstad.

6. Rinkema, 1678 F.R.S., gebore 14/1/91. In 1892 bekroon met 'n eerste prys op die dorpstierekeuring te Marssum en die groot stierekeuring te Leeuwarden. In Julie 1892 uitgevoer na Kaapstad.

7. Standfries Gerben 8, 1800 F.R.S., gebore 28/2/92. In 1893 bekroon met 'n eerste prys te Beetgumermolen en in Julie 1893 uitgevoer na Suid-Afrika.

8. Victor, 2139 F.R.S., gebore 22/1/95. In 1896 bekroon met 'n eerste prys op die dorpstierekeuring by die Bontekoe en 'n tweede prys te Leeuwarden. In April 1897 uitgevoer na Suid-Afrika.

9. De Deugd, 2149 F.R.S., gebore 25/2/95. In 1896 bekroon met 'n eerste prys te Marssum en Leeuwarden, en in Junie 1896 uitgevoer na Suid-Afrika.

Betreffende die fokwaarde van hierdie diere is geen gegewens beskikbaar nie, wel, toon hulle, dat die pionierfriestelers van Suid-Afrika van die beste fokmateriaal (op eksterieur beoordeel) van Friesland gebruik gemaak het om hul kuddes mee op te bou.

Na 1880 het Suid-Afrika langsamerhand 'n ernstiger koper van friesvee geword en later veral baie vee gekoop deur medium van die „N. V. Veebemiddelingsbureau" ('n klein sindikaat van Ned. Veekenners wat in opdrag van Suidafrikaanse telers bereid was om vee te koop en eksporteer na Suid-Afrika teen 'n kommissie).

Veral het die Firma K. N. Kuperus en Seuns te Marssum, Friesland, baie friesvee eksporteer na Suid-Afrika. So meld die „Franeker Courant" van 2 Februarie 1896([73]) blykens een in die Duits geskrewe brochure: „Als ein Beweis dafür, dass das friesische Stammbuchvieh weit über die Erde verbreitet wird, kann gelten, dass im Verlauf des vorigen Monats von Herrn K. N. Kuperus zu Marssum eine Sendung Rindvieh nach der Kapkolonie (Süd-Afrika) verschifft wurde."

Gedurende 1913 en 1914([74]) het die Firma Kuperus 190 beeste eksporteer na Suid-Afrika, terwyl Mnr. Kuperus, Jun., self in 1914 'n besending van 68 friesbeeste uitgebring het na Suid-Afrika en hier verkoop het.

Omstreeks 1913 is vyf seuns en ses dogters van Ceres, 4497 F.R.S. deur Schaap Gebrs. uitgevoer na Suid-Afrika met die stoomskip „Vaarzin."

In 1909 het Gen. Louis Botha die here Schaap Gebrs. £500 aangebied vir Ceres, 4497 F.R.S. (gebore 2/7/08), dog is van die hand gewys, tot groot voordeel van Friesland en die friesfokkery in die algemeen, daar hierdie beroemde bul nooit tot sy volle reg destyds in Suid-Afrika kon kom nie.

Vir die toename in geïmporteerde friesvee vanaf 1905 sien tabelle 46 en 53.

Hoewel die friesveefokkery dus geleidelik veld gewin het, veral na 1850, sowel wat kwantiteit as kwaliteit betref, het hierdie ontwikkeling hoofsaaklik op persoonlike inisiatief van die telers berus, van owerheidsweë het waarskynlik weinig aanmoediging en veral heel weinig steun gekom. Die telers self was ongeorganiseerd en dus as indiwiduele eenhede bestaan en versprei oor die hele uitgestrektheid van Suid-Afrika. Geen fokvereniginge of telersorganisasies het bestaan nie, om beskerming te verleen; die suiwerhou van die ras te verseker en die uniformiteit van die ontwikkelende fokkerye te bevorder, met die gevolg *dat daar byna net so veel tipes ontstaan het as wat daar fokkers was, dikwels met sterk afwykende karaktertrekke.* Hierdie toestand was beslis onbevredigend vir die uniformiteit en gewenste populariteit van die friesras, en het bly voortbestaan tot ruim 1918 (stigting van die F.S.B.S.A.) en nog tot 'n sekere mate daarna ook.

Ewentueel is van owerheidsweë besef dat landbou en veral beesboerdery beskerming en aanmoediging nodig het.

In 1887 is die eerste Departement van Landbou([12]) vir die Kaapkolonie, gekontroleer deur 'n Sekretaris van Landbou en geassosieer met die Kantoor van die Koloniale-Sekretaris, gestig. In 1892 is die Departement van Landbou gekonstrueer tot die Departement van Lande, Myne en Landbou, geadministreer onder beheer van die Koloniale Tesourier. In 1893 is die eerste Minister van Landbou aangestel. Hierdeur is meerdere beskerming bevorder en verskeie pogings aangewend om die ontwikkeling van beesboerdery in Suid-Afrika te verseker.

Volgens Wallace([12]): „The fortnightly Agricultural Journal has been issued to farmers free of charge by the Department since the 22nd of March, 1888" om advies aan die boere te verskaf.

In 1891 is die eerste Bakteriologiese-Instituut te Grahamstad, met Alexander Edington, M.B.C.M., van Edinburgh as direkteur, opgerig, om bakteriese siektes te help kontroleer. Later opgevolg deur die wêreldberoemde Veeartsenykundige-Laboratorium te Onderstepoort naby Pretoria waar wyle oud-Direkteur Sir Arnold Theiler en die huidige Direkteur, Dr.

P. du Toit, geassisteer deur 'n bekwame veeartsenykundigestaf, reeds wêreldberoemde en baanbrekende werk gedoen het insake heersende inheemse besmetlike- sowel as defekte voedingsiektes (bv., gallamsiekte, styfsiekte, ens.). Hierdie laboratoriums het geen geringe rol gespeel in die ontwikkeling van die friesveefokkery van Suid-Afrika nie, en dit beslis op 'n veiliger basis geplaas.

Wallace([12]) meld: „The prevention and control of stock diseases extended to all parts of South Africa, having reduced the risks previously involved and farmers and others are now disposed to invest money in cattle breeding operations."

Uitgawes van die Departement van Veeartsenykunde (volgens die „Cape of Good Hope Blue Book"([24])):

	£	s.	d.
1885	1,650	1	8
1893-94	32,844	12	0
1894-95	26,761	14	4
1895-96	90,841	8	6
*1896-97	414,069	19	5
1897-98	83,747	14	7
1898-99	86,396	0	0
1899-1900	81,311	0	0

Uit bogaande syfers blyk duidelik dat die Departement van Veeartsenykunde wel geen geringe rol in genoemde jare gespeel het nie.

TABEL 27.

OPSOMMING VAN VERKREË GEMIDDELDES.

Klas.	Aantal Koeie.	Gemid. Melk. Pd.	Gemid. B.V. Pd.	Gemid. B.V. %	Gemid. Aantal Dae Getoets.
2 Jaar Oud	383	7,948·1	277·7	3·49	294·1
Junior 3 Jaar	171	9,087·4	316·8	3·49	294·1
Senior 3 „	142	9,314·5	316·7	3·42	292·4
Junior 4 „	139	9,672·3	330·6	3·43	291·7
Senior 4 „	121	9,728·4	328·0	3·38	292·1
Volwasse	730	10,202·1	344·1	3·37	289·5

Alle opbrengste benede 200 dae is uitgeskakel, teneinde 'n meer betroubare gemiddelde te verkry. Ook is alleen die gemiddelde bereken waar 5 koeie of meer in 'n klas is. Gevolgtrekking:

By die jongere koeie is dus 'n klein verbetering in persentasie bottervet te konstateer. Ook kan die gemiddelde melkproduksies in die verskillende klasse as betreklik bevredigend beskou word.

TABEL 28.

KUDDEGEMIDDELDES VAN ONGEREGISTREERDE KOEIE.

Jaar (1 Sept. tot 31 Aug.).	Aantal Kuddes.	Gemid. Melk pd.	Gemid. B.V. pd.	Gemid. B.V. %	Aantal Koeie.		Gemid. Aantal Dae.
					Totaal.	"Ster."	
1929-30 („Boerdery in S.A.", Des. 1931) ..	442	4,631·8	177·4	3·86	11,323	3,936	259·3
1930-31 („Boerdery in S.A.", Mei 1933) ..	470	4,981·2	188·7	3·81	13,068	4,939	266·1
1931-32 („S.A.F.J.", Feb. 1934)	461	5,227·3	198·2	3·83	12,231	5,280	270·7
1932-33 („S.A.F.J.", Feb. 1935)	358	5,310·5	201·5	3·82	10,291	4,732	273·0
1933-34 („Boerdery in S.A.", Nov. 1935) ..	336	5,299·7	199·0	3·80	9,400	3,816	272·5

TABEL 28—(*vervolg*).

Hoogste Kudde gemiddeldes.			Laagste Kudde gemiddeldes.		
Melk pd.	Bottervet pd.	Bottervet %	Melk pd.	B.V. pd.	B.V. %
10,657·5 in 300 dae	395·1 in 300 dae	5·6 in 156 dae	1,016·4 in 158 dae	42·3 in 158 dae	3·0 in 283 dae
10,428·7 „ 291 „	383·6 „ 292 „	5·1 „ 160 „	1,165·0 „ 156 „	40·5 „ 156 „	2·8 „ 228 „
11,002·0 „ 299 „	437·7 „ 297 „	5·33 „ 270 „	2,193·6 „ 250 „	83·1 „ 250 „	2·9 „ 288 „
12,522·0 „ 300 „	425·3 „ 300 „	5·36 „ 268 „	2,110·0 „ 155 „	62·6 „ 155 „	2·9 „ 300 „
11,189·2 „ 297 „	361·4 „ 297 „	5·53 „ 259 „	1,792·0 „ 162 „	74·7 „ 162 „	3·0 „ 204 „

Die rekords van alle koeie, wat hul melkvloei gedurende die betrokke tydperk voltooi het, is ingesluit. Die rekords van koeie wat minder as 120 dae in die melk was, of verkoop of dood is, voordat hul die laktasieperiode voltooi het is by die berekening van die gemiddeldes weggelaat. Kuddes met minder as 5 koeie is ook nie ingesluit nie.

Uit bogaande is dus 'n geleidelike verbetering, wat gemiddelde melkproduksie betref, te konstateer, terwyl die persent B.V. vrywel konstant gebly het.

Die daling in 1933-34 (Tabel 29 en Grafieke IV. (a) en (c)) kan toegeskryf word aan die langdurige droogte in 1933 en gevolglik die gebrek aan voldoende weiveld en voer.

TABEL 29.

KUDDEGEMIDDELDES VAN ENIGE ONGEREGISTREERDE INDIWIDUELE KUDDES AANTONENDE DIE VOOR- OF AGTERUITGANG (volgens „Boerdery in S.A.").

NAAM EN ADRES VAN EIENAAR.	JAAR.	MELK PD.	B.V. %	B.V. PD.	DAE.	TOTAAL AANTAL KOEIE.	GETAL KOEIE GEKLASSIFISEER VIR „STER."	POSISIE OP LYS.
Glen, Landbouskool, O.V.S. ..	1929-30	10,657·5	3·7	395·1	300	10	10	1
	1930-31	10,428·7	3·5	364·8	291	11	11	2
	1931-32	11,002·0	3·6	395·6	299	10	10	2
	1932-33	12,522·0	3·3	413·1	300	12	12	2
	1933-34	11,189·2	3·23	361·4	297	10	10	1
J. R. du Toit, Rooikrantz Melkery, Worcester.	1929-30	7,522·5	3·7	279·6	255	6	5	13
	1930-31	6,377·2	3·9	248·0	232	27	20	63
	1931-32	8,478·9	3·75	317·6	283	23	22	14
	1932-33	9,903·8	3·89	385·0	300	18	18	4
	1933-34	9,275·6	3·73	346·1	282	20	20	3
M. Bennett, Vaalbank, Bus 46, Davel, Transvaal.	1929-30	—	—	—	—	—	—	—
	1930-31	8,401·3	3·3	275·6	276	27	23	37
	1931-32	8,658·9	3·65	315·8	286	34	34	16
	1932-33	10,947·0	3·6	394·2	285	24	24	3
	1933-34	8,974·2	3·55	318·1	288	9	9	14
J. du Toit de Wet, Tweefontein, P.K. de Wet, K.P.	1929-30	8,992·5	3·9	347·1	270	11	11	3
	1930-31	9,449·1	4·0	383·6	292	16	16	1
	1931-32	10,890·0	4·02	437·7	297	12	12	1
	1932-33	10,582·5	4·02	425·3	300	8	8	1
	1933-34	8,110·9	3·83	310·4	296	8	8	20
C. J. Chaplin, " Highflats," Cedarville, Oos-Grikwaland.	1929-30	6,308·8	3·7	233·0	280	49	31	61
	1930-31	7,839·2	3·6	283·0	288	89	80	30
	1931-32	8,830·8	3·54	312·5	298	78	78	20
	1932-33	7,830·2	3·35	262·4	293	65	54	49
	1933-34	6,783·2	3·52	238·7	293	81	61	76
L. D. Gilson, Kliprug, Kokstad, Oos-Grikwaland.	1929-30	5,682·0	3·5	200·1	266	65	34	142
	1930-31	7,022·7	3·4	242·4	290	42	36	72
	1931-32	7,646·3	3·48	266·0	292	17	16	50
	1932-33	9,256·0	3·42	316·4	300	13	13	16
	1933-34	—	—	—	—	—	—	—

TABEL 30.

VERGELYKENDE OPGAWE AANTONENDE DIE AANTAL INSKRYWINGS IN DIE „F.S.B.S.A." EN „S.A.S.B." GEDURENDE DIE JARE 1927, 1928, 1929 (volgens die „S.A. Friesland Journal," Mei 1930).

	BULLE.			KOEIE.			AANHANGSEL.			OORPLASINGS.		
	1927	1928	1929	1927	1928	1929	1927	1928	1929	1927	1928	1929
Friese	1,195	1,191	1,283	1,618	1,548	1,622	376	369	266	1,395	1,530	1,732
Korthoring	541	518	513	635	576	583	45	1	2	604	855	504
Hereford	276	265	257	262	286	283	21	89	1	371	199	344
Aberdeen Angus ..	180	166	165	191	223	157	—	—	—	157	96	147
Sussex	93	93	138	108	118	202	—	—	—	89	68	65
Ayrshire	112	63	122	159	173	230	—	8	1	158	143	148
Jersey	71	97	106	127	160	170	46	94	67	158	166	196
South Devon	85	83	92	107	84	88	—	—	—	40	131	34
Afrikaner	42	84	79	62	158	86	269	534	439	18	57	28
Rooi Poenskop.. ..	55	90	70	74	56	104	—	—	—	43	50	50
Bruin Switserse ..	—	—	34	—	—	34	—	—	—	—	—	12
Devon	21	24	22	34	74	54	—	—	—	5	9	12
Hackney Perde ..	2	9	3	6	6	7	—	—	—	2	10	—
Varke	394	300	344	775	490	567	—	—	—	211	156	186
Angora Bokke	17	31	28	378	646	295	—	—	—	—	21	—

Hieruit blyk duidelik dat die friesras reeds in 1927 die mees populêre ras van Suid-Afrika was, en verreweg die grootste aantal registrasies in die stamboek gelewer het.

INVOERE VAN FRIESVEE.

Ook op hierdie gebied is 'n groot vooruitgang te konstateer sedert 1918. Voor 1918 is friesvee uit verskillende lande ingevoer en behorende aan verskillende lyne, en daarby heelwat hulpboekdiere en diere van baie onbekende ouers (sien tabelle 46, 47, 53 en 54). 'n Groot persentasie friesveefokkers het met hierdie geïmporteerde diere en hul afstammelinge sonder sisteem en na willekeur deurmekaar gefok, vandaar die gebrek aan uniformiteit in verskeie kuddes.

Prescott(64) meld: „Imports from the United States to South Africa cover the period from 1905 to 1920." Hierna is wel nog diere uit Amerika ingevoer dog veel minder.

Ook is slegs een preferentebul, nl., Max, 716 N.R.S. 808/8 (van die heer Groneman, Wieringerwaard, N. Holland) in circa 1913 ingevoer deur P. W. Michau, Doornhoek, Cradock.

Tot 1918 het slegs 'n klein persentasie friesfokkers in Suid-Afrika hul tot een of ander lyn bepaal en dus lynteelt toegepas.

Na 1918 is steeds meer en meer op importasies uit Friesland gekonsentreer, en, wat bulle betref, hoofsaaklik uit die Jan, 3265 F.R.S., Albert, 1306 H. F.R.S., en Ceres, 4497 F.R.S., bloedlyne, met Jan, 3265 F.R.S., verreweg oorwegend (sien tabel 48).

Ook is die volgende ses preferentebulle ingevoer:

(1) Emma's Wodan, 5944 N.R.S. (2.* Wodan IV, 4475 N.R.S. —> 4. Wodan III, 3053 N.R.S. —> 8. Wodan II, 7409 F.R.S.; 3. Emma V, 40576 K.S.N.R.S. —> 12. Gerard, 6808 F.R.S.). Ingevoer in 1924 deur Elsenburg.

(2) Lodewyk, 13921 F.R.S. (2. Lodewyk, 13337 F.R.S. —> 8. Wodan II, 7409 F.R.S.; 3. Bleske XXII, 42960 F.R.S. —> 6. Gerard, 6808 F.R.S.). Ingevoer in 1927 deur O. W. R. Evans, Melrose, Bedford en ook gebruik deur J. D. van Niekerk, Brakfontein, Bedford, en veral by laasgenoemde uitstekende dogters gelewer, hoewel enige rooibont kalwers. Ongelukkig taamlik gou dood.

(3) Leeuwarder Marius, 16426 F.R.S. (2. Rintjes Marius, 14206 F.R.S.; 3. Leeuwarder 89, 41371 F.R.S. —> 12. Gerard, 6808 F.R.S.). Ingevoer in Mei 1929 deur O. W. R. Evans, dood 16 Junie 1933. 'n Groot aantal en goeie dogters by Evans gelewer, ook enige by Van Niekerk, Brakfontein. Hierdie bul het vir die Suidafrikaanse friesveefokkery heelwat beteken.

(4) Bertus, 16877 F.R.S. (2. Athleet, 15272 F.R.S.; 3. Gerard Bertha III, 60793 F.R.S. —> 12. Gerard, 6808 F.R.S.). Ingevoer in September 1929 deur J. D. van Niekerk, Brakfontein, Bedford. Uitstekende dogters gelewer wat bou, produksie en persentasie bottervet betref by Van Niekerk en O. W. R. Evans. Vir die friesveefokkery in Suid-Afrika heelveel beteken en is ongetwyfeld een van die beste friesbulle na Suid-Afrika ingevoer.

(5) Lindberg, 15375 F.R.S. (2. Lodewyk, 13921 F.R.S.; 3. Hieke XI, 63502 F.R.S. —> 48. Wodan Jan, 8930 F.R.S.). Ingevoer einde 1933 deur O. W. R. Evans en slegs ongeveer 14 koeie gedek en toe dood. Werk nog langs sy ingevoerde kleinseun, Willem, 3703/1933 F.R.S.K. eers by Evans en vanaf Maart 1935 by J. A. van Niekerk, Prinsloo, Somerset Oos, en langs sy Suidafrikaanse geteelde seun Melrose Lindberg, Ea. 1/47 by T. E. Murray

* Sisteem Wintermans (sien Hoofstuk VIII).

& Seuns, Roodebloem, Graaff-Reinet en langs sy geïmporteerde seun Ceres Lindberg, 20033 F.R.S. by J. H. le Roux & Seun, Bakenskraal.

(6) Bertus XI, 19517 F.R.S. (2. Bertus, 16877 F.R.S., Pref. B; 3. Grietje XX, 72078 F.R.S. —> 6. Athleet, 15272 F.R.S., Pref. A), 80p. In 1932 ingevoer deur J. A. Rautenbach, Kroonstad, en in Maart 1935 dood. In 1936 Pref. B verklaar in Friesland, dus na sy dood. Van sy afstammelinge 58 in die F.S.B.S.A. geregistreer.

By die nagaan van meeste van Suid-Afrika se vooraanstaande frieskuddes het dit duidelik geblyk **dat meeste van hierdie fokkers hul tans tot lynteelt bepaal in 'n streng of minder streng mate.**

Dat die Suidafrikaanse friesveefokkery reeds op 'n betreklik hoë peil moet staan, blyk uit die feit dat in begin 1936 vyf bulle vir preferentskap ondersoek is, nl., Arend, 6519 F.R.S. 1859/12, Lodewyk, 13434 F.R.S. 2210/4, Melrose Zendeling, 4082/5, Elandskuil Buringa III, 1508/3 en Elandskuil Resida Bloemfontein, 3790/5, waarvan laasgenoemde drie Suidafrikaanse geteelde bulle is en hier goeie resultate gelewer het. Veral die bul Melrose Zendeling, 4082/5 het uitstekend gewerk by J. H. le Roux, Bakenskraal, Oudtshoorn (sien Hoofstuk VII, bladsy 154, vir vereistes gestel vir preferentverklaring).

Na 'n ondersoek deur die Preferente Raad is **Arend,** 1859/12, **Melrose Zendeling,** 4802/5, **Lodewyk,** 2210/4, en **Elandskuil Buringa III,** 1508/3, preferent verklaar. Hiermee breek 'n nuwe tydperk aan in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Suidafrikaanse friesras en beskik Suid-Afrika tans oor sy eie preferente bulle om verder mee voort te fok. Genoemde vier bulle is die eerste bulle wat in Suid-Afrika preferent verklaar is.

'n Verdere bewys van die vooruitgang van die friesvee van Suid-Afrika blyk uit die feit dat, waar vroeër haas geen vereistes gestel is aan geïmporteerde friesvee nie, vanaf 1925 reeds sekere vereistes aan produksie en bou gestel is (sien Hoofstuk VII, bladsy 142). Vanaf 1 Januarie 1933 is hierdie vereistes verder verhoog en nog strenger gemaak, sodat tans alleen van die beste fokmateriaal ingevoer mag word (sien Hoofstuk VII, bladsy 152), en daarby moet die ingevoerde diere, van beide vaders- en moederskant, uit preferente ouers of voorouers stam. **Hierdie voorwaarde is ongetwyfeld seer globaal, want 'n paar preferente oor-oor-oorgrootvaders is reeds genoeg, wat beslis nie veel sal gee nie. Bowedien het byna 50 persent van die preferentestiere van Friesland (volgens Bakker) weinig of niks presteer nie, altans nie waarneembaar nie; sodat 'n paar preferentestiere in die stamtafel van 'n bul geen afdoende bewys van sy werklike fokwaarde is nie. Wat wel van die grootste belang is, is watter preferentestiere in die stamtafel voorkom, hoe dikwels en watter plekke hul in die stamtafel inneem; dog selfs in hierdie geval word 'n wissel op die toekoms getrek, en die** *vermoedelike* **fokwaarde van die betreffende dier aangegee.**

Die afstammings- en produksiegegewens moet volgens Bakker([82]), indien enigsins moontlik, gekombineer beoordeel word, omdat die waarde van elke voorouer weer onmiddellik afhang mede van sy waarde as produksiedier.

Ongetwyfeld kan die erflike eienskappe van 'n dier alleen met sekerheid in die kwaliteit van sy nakomelinge beoordeel word en gevolglik moet hierdie beoordeling indien moontlik nooit agterweë bly nie.

By die importasies dien egter nog veel meer aandag geskenk te word aan die tipe geskik vir Suidafrikaanse kondisies, en veral moet in aanmerking geneem word die seer verskillende klimatologiese- en weiveldkondisies van Suid-Afrika, Nederland en Engeland. Veral moet gewaak word teen oormaat fynheid.

Die ontwikkeling van tentoonstellings in Suid-Afrika en hul invloed op die ontwikkeling van die friesras:

Verskeie tentoonstellingsgenootskappe van Suid-Afrika bestaan reeds meer dan 50 jaar, en het 'n vername rol gespeel in die ontwikkeling van die friesras, as gevolg van 'n sekere mate van opvoedkundige en mededingende waarde.

As voorloper van die moderne landboutentoonstelling kan beskou word die jaarlikse marke gehou te Stellenbosch vanaf 1 tot 14 Oktober 1686, waar allerlei produkte verkoop is.

In 1800 het Sir George Younge(77) (onder eerste Britse Okkupasie) die „Society for the Encouragement of Agriculture" opgerig en eksperte uit Engeland te Klapmuts gevestig—dog met weinig resultaat.

Onder die Bataafse Republiek stig Gen. Janssens(77) in 1803 die „Landbou-en-Skaaptelers-Genootskap," wat 'n vername rol gespeel het in die bevordering van beesboerdery in Suid-Afrika.

In 1807 het die Earl of Caledon (na Tweede Britse Okkupasie) die „Landbou-Raad" gestig en volgens Loxton(77): „He was wise and practical enough to leave English ‚experts' out of it altogether, appointing all its senior members from among the leading farmers of the country, who knew all there was to know about local conditions. The president of the Board was W. S. van Rhijneveld, C. Brand (vice-pres.), and the six other senior men, P. J. Truter, J. G. van Reenen, D. G. van Reenen, J. P. Ecksteen, S. van Breda and R. Cloete."

Sedertdien het doelbewuste koöperasie geleidelik vooruitgegaan onder die boere.

Vanaf 1815(77) is 'n groot tweedaagse mark en landbouvergadering gehou te Groote Post (in die rigting van Saldanhabaai), dog Loxton meld „it was the dinners—and later the balls—which were the most successful features of these agricultural occasions."

Die Groote Post vergadering was gedeeltelik 'n mark vir vee en landbougereedskap en spoedig is soortgelyke marke in ander distrikte opgerig, bv., te Fort Beaufort in circa 1818, ens.

Reeds vanaf 1827 is 'n mate van kompetisie in die lewe geroep, want volgens Loxton(77): „In 1827 the Uitenhage Agricultural Society conceived the idea of awarding ‚premiums' or prizes for the best black cattle and wool." Hoeveel werklik kompeterende waarde dit uitgeoefen het is onbekend.

In 1831(77) het Kaapstad sy eerste groot beesmark gehou en in 1832 het Swellendam, Worcester, Stellenbosch en Grahamstad hul eie landbougenootskappe gestig en self marke begin hou.

In 1833(77) is die „Kaap de Goede Hoop Landbouw Genootschap" gestig as 'n soort koöperatiewe liggaam van die ander genootskappe. Volgens Loxton(77) is die vroegste tentoonstellings van Kaapstad op die „Grand Parade" gehou en was beslis alles behalwe bevredigend. Ds. Murray skrywe oor die tentoonstelling van Kaapstad van 1855(77): „I shall never forget that

Show. I had some difficulty at first to find it at all. At last I saw a couple of dozen well-dressed gentlemen standing round something at the corner of the Parade, and getting there I found one imported bull—Dutch breed—three cows in milk and half a dozen heifers, none of them showing breed of any sort . . . there were about as many judges as there were exhibits, and I overheard one of the exhibitors say to one of the judges: ‚Don't forget my cow'."

Die koöperatiewe gees tussen die verskillende genootskappe het egter toegeneem, en in 1859([77]) het die eerste Algemene Komitee van die Westelike-Provinsie-Landbougenootskappe in Kaapstad ontmoet en tentoonstellings-aangeleenthede bespreek.

Langsamerhand is oorgegaan, tot die hou van demonstrasies met vee deur ouere boere en telers, ter bevordering van die opvoedkundige ontwikkeling van jongboere en telers. Hierdie demonstrasies het mettertyd gelei tot kompetisies, en uiteindelik tot georganiseerde tentoonstellings, met die doel van opvoeding en kompetisie, terwyl laasgenoemde ewentueel ontwikkel het in reklame-kampanjes vir die vertoners. Die hoofdoel van die opvoedkundigesy was die verbetering van die beeste deur meer rasionele teelt.

Lee([76]) maak melding van die volgende ou landbougenootskappe:

1. Oos-Grikwaland-Landbougenootskap—eerste tentoonstelling in 1885 gehou.
2. Worcester-Landbougenootskap—eerste tentoonstelling in 1884 gehou.
3. Die Westelike-Provinsie-Landbougenootskap. In 1894 is te Rosebank slegs 54 beeste (9 Ayrshires, 8 Jerseys, 19 Friese, 6 Alderneys, 3 Kerrys, 1 Korthoring, en 9 Suidafrikaanse geteelde beeste) tentoongestel, terwyl in 1936 144 Friese alleen tentoongestel is.
4. Witwatersrand-Landboutentoonstelling:
   (*a*) In 1907—221 beeste (waarvan 135 slagbeeste en 86 melkbeeste, waarvan 48 friese);
   (*b*) in 1929—473 slagbeeste en 554 melkbeeste of behorende aan die melkkompetisieklasse;
   (*c*) terwyl in 1936, 260 friese alleen tentoongestel is—byna 'n kwart van alle beeste tentoongestel.
5. Die Sentrale-Landboutentoonstelling te Bloemfontein.

In 1910 is 348 beeste van alle rasse vertoon, terwyl in 1922 reeds 250 Friese alleen vertoon is.

Prof. Reimers rapporteer oor die frieskoeie en verse op die Bloemfontein-tentoonstelling in 1936: „Excellent, well balanced animals, full of quality, deep, strong and still with a refinement and uniformity which showed how different breeders approach each other more and more in the ideal they have in mind of a first-class Friesland cow. No tail end, no heavily falling off in conformation or milk indications from the first till the last. Here and there the shape of the udder and the hindquarter could be improved, while although many cows possess rather good toplines, a little finishing touch in this respect would work wonders.

„The younger females constituted a rare group of animals and in the different heifer classes competition was so keen that the decisions were extremely difficult, especially on account of the great similarity in type of the

animals of different breeders. The same good heads, frontquarter and centre-piece, here and there a noticeable difference in shape of hindquarter or depth of flank, some a little more refined than others, but as a rule differences which were for the judge painfully small. Classes in which three different judges would certainly have arrived at different conclusions, without being called incompetent men for their job.

„Concerning the males, the story runs the same, though on a somewhat lower note. It cannot be denied that the little faults in conformation were more noticeable here than in the females. Certainly some outstanding males were exhibited and even the female champion (Elandskuil Residа V), Mr. Bekker's cow, being of outstanding merit, was beaten by her male competitor (Lucie's Paul, of Mr. Oosthuizen) for the supreme championship."

Hierdie rapport gee duidelik die peil van Suid-Afrika se mees vooraanstaande friesveefokkerye aan en die rol wat tentoonstellings hierby gespeel het.

Uit bogaande paar gegewens blyk duidelik die mate van ontwikkeling reeds bereik en ook die rol van die friesbees, trouens hier kan sonder reserwe konstateer word dat die friesras vandag die vernaamste plek, van alle afsonderlike beesrasse, op al die vernaamste tentoonstellings in Suid-Afrika reeds verower het, of snel aan die verower is.

Volgens die presidensiëlerapport van die Oranje-Vrystaat Landbougenootskap in 1909([76]) het die beoordelaar reeds aanbeveel: „A new class for the best group of young cattle bred by the exhibitor to be inserted, at least in the Friesland section, if not in those of all breeds." Verder is aanbeveel([76]): „It is necessary for us to become stricter each year and to further instruct our judges to disqualify exhibits when they consider these below the standard of excellence."

Hieruit kan konkludeer word dat die landbougenootskappe alle pogings aangewend het om die standaard vir vertoning te verhoog.

Volgens Mnr. Lee([76]) het die Suidafrikaanse Stamboek Assosiasie (S.A.S.B.A.) in 1908 besluit om die foto's van alle kampioene in hul stamboekvolumes te publiseer en ook is deur die S.A.S.B.A. 'n „Beoordelaars-Genootskap" gestig ter versekering dat: „Men of integrity and sound knowledge would act as judges at the various shows. These judges met at intervals and discussed problems connected with judging and showing of livestock and at the same time attended lectures given by competent professional agriculturalists."

Hierdeur het die beoordelaars steeds bekwamer geword en die gevaar deur Ds. Murray in 1855 aangehaal grotendeels uitgeskakel.

Vanaf 1912 is verskeie Telersgenootskappe gestig, wat langsamerhand die tentoonstellingsklasse in aanpassing met die indiwiduele belange van hul respektiewelike rasse verander en vasgestel het, meer pryse toegeken het, en die ekonomiese en kwalitatiewe waarde van hul besonder ras probeer adverteer het.

Sedert 1920 bestaan daar spesiale produksieklasse, wat slegs ope was vir diere wat vir die „Advanced Register" gekwalifiseer het en waarin dus alleen die beste diere kon kompeteer.

Vandag tref ons selfs Tentoonstellingsgenootskappe aan in Suid-Afrika([76]) : „Which lay down definite milk and butterfat requirements particularly in the Friesland sections, before animals will be accepted for competition."

Hieruit is te konstateer dat die landbougenootskappe alle pogings probeer aanwend om die kwaliteit van die verskillende rasse te bevorder, en veral is veel gedoen vir die friesras, soos ook sal blyk by 'n vergelyking van die bygaande foto's. (Sien Foto's 23 en 24.)

Resumerend kan volgens Mnr. Lee([76]) vasgestel word dat die ontwikkeling van tentoonstellings in Suid-Afrika met betrekking tot beesfokkery deur vier periodes gegaan het : (1) Die opvoedkundige fase, (2) die periode toe kompetisie die opvoedkundige aspek begin oorskadu het, (3) die periode toe melkrekords (na 1918) 'n rol begin speel het en groepklasse meer prominent geword het, en (4) eindelik die teenswoordige tyd waarin die kommersiële sy van melkbeesboerdery in die pryslyste weergee moet word.

Nieteenstaande die feit dat die huidige vereiste tentoonstellingskondisie geensins in ooreenstemming is met die oombliklike gebruik nie (veral word veel gesondig in die klasse: koeie in melk, en word dikwels koeie tentoongestel in die slagveekondisie instede van melkproduksiekondisie. Teen hierdie oormaat vetmestery van frieskoeie en -bulle moet streng gewaarsku word, daar dit beslis 'n deteriorerende effek het op die vrugbaarheid van diere sowel as hul produksievermoë), die beoordeling van diere op tentoonstellings hoofsaaklik gebaseer is op eksterieure waarnemings (dus die fenotipe) en ons dus niks sê van die genotipe nie, nogtans het dit reeds 'n sterker mate van homogeniteit by die Suidafrikaanse friesras bewerkstellig en die geweldige mate van heterogeniteit van 'n 25 jaar gelede langsamerhand begin elimineer.

Van die gewenste algemene homogeniteit van die friesras is hier in Suid-Afrika nog geensins sprake nie (behalwe tot 'n sekere mate in enige van die mees vooraanstaande friesfokkerye) en sal ongetwyfeld nog baie jare neem voor dit enigsins bereik sal word. Gelukkig egter is die nuwe stamboek F.S.B.S.A. tans pragtig in dié rigting opgestel, en sal dit ongetwyfeld sneller bevorder as die ou-sisteem van registrasie.

Samevattend blyk dus dat Suid-Afrika reeds oor enige frieskuddes beskik, waarop ons trots kan wees en heel gunstig vergelyk met die goeie frieskuddes van ander lande ; en dat die algemene peil van die frieskuddes van Suid-Afrika geleidelik en gedurende die laaste jare met snelle skrede vooruitgegaan het, **dog dat daar oor die algemeen nog ruimskoots verbetering, wat produksie sowel as bou, essensieel is.**

HOOFSTUK VII.

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE FRIESVEESTAMBOEK IN SUID-AFRIKA

NIETEENSTAANDE die snelle ontwikkeling van stamboekwese, en die ewentueel daaruit voortvloeiende voordele, in Friesland, Nederland en die Verenigde State van Amerika, het die Friestelers van Suid-Afrika pas in 1905 hiermee 'n daadwerklike begin gemaak.

Amerika([64]) het reeds in 1872 die „Holstein Friesian Herdbook" gestig, waarvan die eerste volume op 20 Mei 1872 verskyn het. Spoedig egter het daar 'n hewige tweestryd ontstaan betreffende die regte benaming van die friesras met die gevolg dat twee afsonderlike stamboeke vir die ras ontstaan het, nl., (1) die „Holstein Herdbook" (H.H.B.); en (2) die „Dutch-Friesian-Herdbook" (D.F.H.B.), waarvan die eerste volume in 1877 verskyn het. Na vele beraadslaginge het die twee stamboeke eindelik in 1895 amalgameer onder die naam „Holstein-Friesian Herdbook of America" (A.H.F.H.B.).

Ook in Nederland is die noodsaaklikheid daarvoor spoedig besef, aangemoedig, deur die toentertyd toenemende en welvarende uitvoerhandel in friesvee na Amerika en die vereistes deur hulle gestel, sowel as die vooropgestelde doel om die toekomstige teelt van die ras op 'n meer rasionele grondslag te plaas. Dientengevolge is die Nederlandse Rundvee-Stamboek (N.R.S.) in 1874 opgerig. Gedurende die eerste bestaansjare was die N.R.S., sowel as die H.H.B. en die D.F.H.B. blote adresboeke en heel weinig foktegniesewaarde besit.

Die N.R.S. is spoedig opgevolg deur verskeie provinsiale stamboeke, wat meestal nog minder foktegniesewaarde besit het en dus mettertyd opgehou het om te bestaan. In 1907 is die N.R.S. totaal gereorganiseer deur hoofinspekteur I. G. J. v. d. Bosch en op 'n gesonder wetenskaplike grondslag geplaas. Spoedig egter is die voorbeeld van Nederland deur Friesland gevolg en die Friesch-Rundvee-Stamboek (F.R.S.) in 1879 opgerig, dog hierdie stamboek is direk van die begin af aan op gesonder en meer rasionele grondslag gedryf en dus groter foktegniesewaarde besit as die N.R.S.

Die ontstaan van stamboekwese in Suid-Afrika dateer slegs terug tot 1905. Op inisiatief van Mnr. C. G. Lee is 'n vergadering van entoesiastiese telers gehou op sy plaas Klipfontein, P.K. Klipplaat, Aberdeen, K.P., en na beraadslaging besluit om die Suidafrikaanse Stamboekassosiasie te stig en die eerste stamboek (S.A.S.B.) op sy plaas te begin.

As eerste president en tesourier is gekies Mnr. C. G. Lee, as agerende sekretaris Mnr. Pike (wat op die plaas van Lee gewoon het) en as beskermheer Lord Selborne, destyds Hoë Kommissaris in Suid-Afrika en wat 'n seer belangrike rol gespeel het in die suksesvolle vooruitgang van die onderneming.

'n Tydelike kantoor is dientengevolge op die plaas gebou, dog spoedig hierna is die kantoor verskuiwe na Parkersgeboue, Kaapstad, vanwaar dit in 1912 verskuiwe is na Bloemfontein. As gevolg van hierdie beweging in die Kaapkolonie is die toe reeds bestaande „Telersvereniginge" van die drie provinsies: Transvaal, Oranjerivier-Kolonie en die Kaapkolonie geaffilieer tot „Provinsiale Telersvereniginge", elk waarvan die belange van sy eie provinsie moes behartig. Uit hierdie drie geaffilieerde „Provinsiale Telersvereniginge" is saamgestel die Sentrale Raad van die Suidafrikaanse Stamboekassosiasie (S.A.S.B.), met een goewermentsverteenwoordiger vir elke provinsie.

As eerste bestuur (1905-06) van die Sentrale Raad ageerde:

Kaapkolonie: F. D. MacDermott (Goew. verteenwoordiger), C. G. Lee, J. Rawbone en O. R. C. Evans.

Transvaal: Direkteur van Landbou (Goew. verteenwoordiger), Malan, T. Everard, en G. Kolbe.

Oranjerivier-Kolonie: E. J. Macmillan (Goew. verteenwoordiger), H. W. Brown, en C. H. Wessels.

As eerste president is gekies Mnr. C. G. Lee en as sekretaris Mnr. Pike.

By elke jaarvergadering is die verteenwoordigers op die Sentrale Raad van die S.A.S.B. gekies; ou-lede was herkiesbaar.

As inspekteurs is benoem: A. W. Bartlett (friesbeeste, Kaapkolonie), J. J. Enschede (alle beeste, Transvaal), R. Craig (friesbeeste, Oranjerivier-Kolonie), sowel as inspekteurs in die ander afdelings.

Die S.A.S.B. is dus gesubsidieer deur die drie geaffilieerde „Provinsiale Telersvereniginge" sowel as van regeringsweë, hoewel laasgenoemde subsidie heel klein was.

In die eerste vier volumes van die „S.A.S.B." kry ons 'n definitiewe skeiding tussen die registrasies van die Kaapkolonie, Transvaal en die Oranjerivier-Kolonie. Vanaf Vol. 5 verdwyn hierdie skeiding en in Vol. 6 verskyn die eerste registrasies uit Natal.

Volume 1 van die „S.A.S.B." het in 1906 verskyn en hierin vind ons geregistreer beeste, perde, skape, varke en bokke—dus van alles wat, waaruit duidelik blyk, dat die „S.A.S.B." 'n blote registrasiekantoor was.

Volgens Vol. 1, „S.A.S.B." was as hoofdoel opgestel deur die Stamboekassosiasie (1905): „To encourage as far as possible the breeding within, and introduction into South Africa, and the maintenance of the purity of the breeds of pure-bred stock of every description; also the perpetuation and development of useful indigenous animals, with a view to the establishment of such breeds of stock as a permanent South African possession, and to keep accurate and permanent records of all such stock in the form of a general Stud Book."

'n Skitterende doel was dus neergelê, dog met een groot fout, „a general Stud Book," wat met die verloop van tyd oneindig veel moeilikhede besorg het aan die friesveetelers. Nogtans was die essensiële begin gemaak.

Reëls en regulasies van die „S.A.S.B." (volgens Vol. 1, 1906):

(1) „To decide through the affiliated Stud Breeders' Associations the stock deemed worthy of entry in the Association's books."

Registrasies was dus gemaak op aanbeveling van die Provinsiale Telersvereniginge, hoewel die S.A.S.B. die reg tot kontrole gehad het. Hierdie kontrole was egter minimaal.

(2) „The Association shall consist of the three Stud Breeders' Associations (Cape Colony Stud Breeders' Association, Transvaal Stud Breeders' Association, and the Orange River Colony Stud Breeders' Association) who have subscribed to the memorandum and articles of the Association, and such other Stud Breeders' Associations as may be formed with similar aims and objects and who may become members under the conditions laid down by the Association."

(3) „Each affiliated S.B.A. shall elect such number of representatives to the Central Council as shall be from time to time determined by the Council."

(4) „To open and be responsible for the correct keeping of a South African Stud Book and Auxiliary Stud Book, and shall receive and make entries in these Stud Books in accordance with the details furnished, from time to time, by the Stud Breeders' Associations (S.B.A.) in any of the South African Colonies affiliated. The details referred to shall consist of all entries made in the manuscript Stud Books."

Die Provinsiale Telersvereniginge het dus die geskrewe stamboeke aangehou, terwyl die S.A.S.B. die gedrukte stamboek uitgegee het.

(5) „To open an Auxiliary Stud Book, wherein to enter animals of apparently pure breed (but without a pedigree) for a probationary period."

Die grootste euwel berus egter by hierdie Aanhangselafdeling (Auxiliary Stud Book), waarin diere van „**waarskynlik suiwer afkoms**" vir 'n proefperiode opgeneem is. In Suid-Afrika met sy talryke rasse (inheems sowel as geïmporteer), en die massa van opgradering en wilde kruising wat in die voorafgaande jare geseëvier het, was so 'n stap uiters fataal vir die suiwerhou van die friesras, tensy die strengste kontrole toegepas was, wat ongelukkig in meeste gevalle agterweë gebly het, soos later sal blyk, met die gevolg dat 'n massa kruisingsprodukte mettertyd in die regte stamboek geland het.

'n Paar goed gekontroleerde suiwer kuddes, as uitgangsmateriaal, saam met later geïmporteerde diere, sou 'n gesonder prinsiepe in Suid-Afrika gewees het.

Uit bogaande blyk duidelik dat die S.A.S.B. kantoor in Kaapstad 'n blote registrasiekantoor (recording office) was, wat feitlik alles geregistreer het. Geen keuring, en weinig of geen kontrole, het bestaan van die kant van die S.A.S.B. nie. Die mate van inspeksie toegepas deur die aangestelde provinsiale inspekteurs het berus op blote besigtiging, geen punteskaal is gebruik nie en geen produksievereistes was nodig nie. Van die inspekteurs was alleen vereis om 'n rapport in te lewer oor hul bevindings by die betrokke „Stock Committee" van die Provinsiale Telersvereniging. Hierdie komitee lê dit dan voor die Sentrale Raad vir opname, sonder enige verdere kontrole.

Hierdie toestand het geheers van 1905 tot 1912.

Samestelling van die friesvee-afdeling van die S.A.S.B. tot 1918:

(1) Die regte **Stamboekafdeling**—waarin afstammelinge van geregistreerde ouers, hoofsaaklik op kennisgewing van geboorte, soms gepaard met besigtiging dus sonder deeglike kontrole en deeglike inspeksie, ingeskryf is; sowel as diere van die Aanhangsel- en Stigtingsafdelings wat die vereiste proefperiode bevredigend deurgegaan het.

By die oorskryf van die Aanhangselvee in die regte stamboek het die grootste euwel berus, soos later sal blyk uit die rapport van inspekteur I. G. J. v. d. Bosch.

(2) Die **Aanhangsel (Appendix)-afdeling (A, B, C).**—Regulasies volgens die „S.A.S.B", Vol. 3: (*a*) „Any member having a pure-bred cow, of any recognised breed, but for which he is unable to produce the certificates necessary for entry in the Stud Book proper, can apply to have the animal registered in the Appendix, forwarding a history of the animal. If the history is satisfactory to the Registration Board the animal is examined by the Association's inspector and his report, if favourable, entitles her to entry into Appendix A."

Koei A × geregistreerde stamboekbul, indien 'n verskalf, en inspekteursrapport bevredigend, verskalf dan opgeneem as Aanhangsel B.

Koei B × geregistreerde stamboekbul, indien 'n verskalf, en inspekteursrapport bevredigend, verskalf dan opgeneem as Aanhangsel C.

Koei C × geregistreerde stamboekbul, indien bul- of verskalf, en inspekteursrapport bevredigend, kalf dan opgeneem in regte stamboek.

Hier lê een van die grootste foute, want bul- sowel as verskalwers van Aanhangsel C koeie kon in die regte stamboek opgeneem word.

'n Groot persentasie van hierdie diere was blote hoogopgeteelde graaddiere, dus kruisingsprodukte wat 'n belemmerende effek moes uitoefen op die suiwerheid van die friesras in Suid-Afrika.

(*b*) „Upon D (afstammeling van Koei C) being satisfactory and qualified for entry in the Stud Book proper, and all the progeny of A, B and C being satisfactory up to the time of D's acceptance, then cows A, B and C may at the discretion of the Registration Board be transferred from the Appendix to the Stud Book proper."

Selfs nog 'n meer fatale stap as die vorige, want hierdeur is selfs die gewone graadkoeie oorgeskryf in die stamboek. **Die teler wat steeds uitstekende en prepotente bulle op sy graadkoeie gebruik het, was dus feitlik verseker van hul opname in die stamboek.**

(*c*) „Cattle submitted for registration in the Appendix must be at least one year old at the time of inspection."

Vir die Aanhangsel moes diere dus geïnspekteer word, dog besigtiging was voldoende en geen punteskaal gebruik nie.

Volgens Vol. 9, „S.A.S.B" sou die Aanhangselafdeling gesluit word met die publikasie van Vol. 9, vir nuwe inskrywinge, dog nie vir die afstammelinge van reeds opgenome diere nie; dog stipuleer: „The various breed societies have, however, authority to keep the Appendix open for a longer period should it be considered desirable to do so, in the interests of their respective breeds." By friesvee egter is die Aanhangselafdeling ongelukkig oopgehou en pas 1 September 1936 definitief gesluit, sodat die verbastering dus feitlik ononderbroke kon voortgaan, hoewel gedeeltelik geëlimineer deur veel strenger kontrole sedert 1929.

(3) **Die Stigtings (Foundation)-afdelings:**

In Vol. 5, „S.A.S.B" tref ons die eerste friesvee aan ingeskryf in die Stigtingsafdeling.

Die geformuleerde doel was: „In order to meet the case of herds established long prior to the starting of the Stud Book, but for which sufficiently accurate

records had not been kept to enable the animals to be entered in the Stud Book proper, it was decided to open a Foundation Section, in which herds which could show purity of breeding for not less than twenty years could be entered (as A) after the individual animals had been examined and passed by a Commission specially appointed for the purpose. The female progeny (by a registered bull) of the original cows (A) accepted for entry in this section, after examination and satisfactory report by one of the Association's inspectors, will also be entered in the Foundation section as ‚B,' but the progeny of B (by a registered bull) will, if passed by the Association's inspector, be entered in the Stud Book proper, i.e., one generation earlier than in the case of cattle entered in the Appendix section."

Hierdie stap was tenvolle geregverdig, mits deeglik gekontroleer, want vanaf 1890 (en selfs nog vroeër) het reeds verskeie suiwer frieskuddes in Suid-Afrika bestaan en voortdurend suiwer gehou was, dog waarvan geen sekure boekhouding gehou was nie, omdat òf die noodsaaklikheid daarvoor nie bestaan het nie, òf gebrek aan die nodige stamboekkennis. Dit sou egter jammer gewees het as hierdie ou fundamentele kuddes ignoreer moes word; dog ook hier was die kontrole vir opname in verskeie gevalle waarskynlik nie streng genoeg nie by die begin, sodat verskeie kruisingsprodukte ook hier hul deurgang gevind het tot die regte stamboek.

Die Stigtingsafdeling sou oorspronklik gesluit word met die publikasie van Vol. 7, „S.A.S.B.", dog is weer oopgehou en eers definitief gesluit vir nuwe inskrywings met die publikasie van Vol. 1, „F.S.B.S.A.", hoewel in die latere volumes nog enige nuwe inskrywings gemaak is.

Teneinde die registrasie van diere in die „S.A.S.B." aan te moedig („S.A.S.B.", Vol. 3): „The entry fees were fixed very low in the first instance with the view of encouraging entries."

Gevolglik moes die S.A.S.B. gesubsidieer word deur die verskillende geaffilieerde Telersvereniginge en die regering. Die regeringsubsidie het egter geleidelik verminder, en teneinde die stygende onkostes te dek moes die registrasiefooie geleidelik vermeerder word.

In 1908 was C. G. Lee nog die president, terwyl A. A. Persse die nuwe sekretaris was van die Sentrale Raad.

In die „S.A.S.B.", Vol. 3, vind ons geregistreer:

A. In die Kaapkolonie-afdeling:
   - (*a*) Beeste—Fries, Jersey, Ayrshire, Korthoring, Devon, Hereford, Korthoring-Lincoln-Red.
   - (*b*) Perde—Engelse Volbloed, Hackney, Arabier.
   - (*c*) Skape—Merino.
   - (*d*) Bokke—Angora.
   - (*e*) Varke—Berkshire.
   - (*f*) Volstruise.

B. In die Transvaalafdeling:
   - (*a*) Beeste—Fries, Jersey, Ayrshire, Korthoring Aberdeen-Angus, Hereford, Sussex, Korthoring-Lincoln-Red.
   - (*b*) Perde—Engelse Volbloed, Clydesdale.
   - (*c*) Skape—Merino, Persieseskaap, Shropshire, Suffolkdown.

(*d*) Varke—Berkshire, Large Black, Tamworth, Large-Yorkshire.
(*e*) Hulpstamboek—Boereperde, Afrikanerbeeste.

C. In die Oranjerivier-Kolonie-afdeling:
(*a*) Beeste—Fries, Aberdeen-Angus, Devon, Korthoring, Red-Polled-Suffolk, Switserse, Korthoring-Lincoln-Red.
(*b*) Perde—Engelse Volbloed, Clydesdale.
(*c*) Skape—Merino.
(*d*) Varke—Berkshire, Tamworth, Large-Yorkshire.
(*e*) Hulpstamboek—Afrikanerbeeste.

Hieruit blyk dus die veelsydigheid van die S.A.S.B. en die absolute onmoontlikheid dat die sekretaris sy aandag kon gee aan die fokrigting van die verskillende rasse. **Hierdie stamboek was dus 'n blote versamel- en adresboek en weinig of geen foktegniesewaarde besit nie.** Nogtans het die aantal lede en inskrywings in elke volume snel toegeneem.

In weerwil van verskeie betogings deur vooraanstaande friestelers het hierdie ongunstige toestand bly voortbestaan tot in 1912, toe 'n aantal friestelers op 21 Oktober 1912 in Bloemfontein vergader het, en die stremmende invloed en effek van die stelsel op die gesonde wetenskaplike ontwikkeling van die friesras in Suid-Afrika bespreek het, en dientengevolge oorgegaan het tot die stigting van die Friesvee-Aantelers-Genootskap van Suid-Afrika (Friesland Cattle Breeders' Association of South Africa—F.C.B.A.S.A.).*

As eerste bestuur van die Friesvee-Aantelers-Genootskap van Suid-Afrika (F.A.G.S.A.), 1913-14, is gekies by die eerste algemene vergadering op 15 April 1913 te Bloemfontein: E. E. Downing (pres.), H. W. J. Blore, D. C. Gradwell, R. Cross, A. Cross, T. Bradshaw, S. Hodges, Van Otto, H. Abrahamson, S. A. Bartlett, J. J. van Niekerk, C. F. H. Bekker, F. S. Duminy, en A. S. Atkins (ere-sekretaris).

Die stigting van die F.A.G.S.A. is vir 'n groot deel te danke aan die ywer van die Heer E. E. Downing, wat dan ook die vergadering van 21 Oktober 1912 presideer het, terwyl A. S. Atkins as ere-sekretaris ageer het.

Volgens die presidensiële rapport van E. E. Downing([70]) by die tweede algemene jaarvergadering op 1 April 1914 van die F.A.G.S.A. te Bloemfontein blyk dat die S.A.S.B.: „Looked with disfavour upon the Breeders' Associations in 1912." Gevolglik was 'n rondetafel-konferensie gehou te Pretoria einde 1912 deur verteenwoordigers van die S.A.S.B., die Provinsiale Stamboekvee-Aantelers-Genootskappe en die pas gevormde F.A.G.S.A. om tot 'n beter verstandhouding te kom. 'n Voorlopige ooreenkoms is getref, waarvan die vernaamste klousule was: „Die voorsiening vir verteenwoordiging van die Aantelers-Genootskap op die Sentrale Raad van die S.A.S.B." Hierdie ooreenstemming is aan die betrokke Genootskappe ter goedkeuring voorgelê en direk deur die F.A.G.S.A. aanvaar, terwyl geen beslissende antwoord van die Sentrale Raad van die S.A.S.B. verkry kon word nie. Pas by die vergadering van die Sentrale Raad van die S.A.S.B. te Durban in Oktober 1913 is die afgevaardigdes van die Aantelers-Genootskappe informeer dat hul geen stemreg op die vergaderig het nie, daar die S.A.S.B. die voorlopige ooreenkoms nie goedgekeur het nie.

Op hierdie vergadering is egter besluit om die Aantelers-Genootskappe verteenwoordiging toe te ken op die Sentrale Raad van die S.A.S.B., na

* F.C.B.A.S.A. (in Engels) = F.A.G.S.A. (in Afrikaans)



(24) CERES LINDBERG, 12811/9, KAMPIOEN TE ROSEBANK, 1936; PORT ELIZABETH, 1934 en 1935. Telers: Mnre. Schaap Gebrs., Friesland; Eienaar: Mnr. J. H. le Roux en Seun, Bakenskraal, Oudtshoorn.

Foto. Fries Veetelers Vereniging

passering van die volgende resolusie: „Dat tezamen met de Kaapse en Vrystaatse Stamboekvee Aantelers Genootschappen, de erkende Aantelers Genootschappen redelike vertegenwoordiging zullen worden gegeven op de Centrale Raad" op die volgende basis: een verteenwoordiger vir die eerste 100 lede of deel daarvan en een addisionele verteenwoordiger vir elke addisionele 100 lede of deel daarvan, terwyl die Goewerment die reg verleen is om twee offisiële verteenwoordigers te benoem. Ook is definitief stipuleer: „Het wordt verstaan dat de bestaande Friesland, Korthoorn, Afrikaner en Hackney Genootschappen erkend zullen worden, en gerechtigd zullen zijn op vertegenwoordiging op bovengenoemde basis."

Hierdeur is dus die doel van die F.A.G.S.A. gematerialiseer, nl., die kontrole van die lot van die ras deur die verteenwoordigende telers self.

Downing([70]) skrywe dat die doel van die Aantelers-Genootskappe is om hul besondere ras te eksploiteer, „terwijl het doel van het S.A.S.B. alleen moet zijn dat van een registrerend lichaam." Hieruit blyk duidelik hoe weinig waarde die telers toe reeds aan die S.A.S.B. geheg het, en Downing het toe reeds waarskynlik die noodsaaklikheid van 'n aparte Friesstamboek ingesien.

Die F.A.G.S.A. is dus eers twaalf maande na sy stigting offisieel deur die S.A.S.B. erken en: „Befitting representation accorded by the S.A.S.B. Association."([65])

Downing is in 1916 opgevolg deur C. A. Schweizer, M.L.A., Burghersdorp, wat later opgevolg is deur H. A. Abrahamson. (Sien Foto 25.)

Hierna kry ons 'n reeks presidensiële opvolginge met G. Bekker, Jun., as president gedurende 1935-36.

A. S. Atkins, as ere-sekretaris van die F.A.G.S.A., is in Junie 1913 opgevolg deur C. McGregor Johnson as sekretaris, wat in 1917 op see verongeluk het. Vanaf Mei 1917 tot Oktober 1918 het G. T. Welsford as sekretaris ageer.

Die F.A.G.S.A. het direk die registrasie van friesvee onder behandeling geneem. In Junie 1913 het die F.A.G.S.A. met die Goewerment onderhandel betreffende die inspeksie van Aanhangselvee en die finansies van die Genootskap, met die gevolg dat die Departement van Landbou die dienste van die heer Van Foreest geleen het aan die Genootskap vir die inspekteer van vee.

Intussen het die sekretaris adverteer dat applikasies vir inspeksie vir die Aanhangsel ontvang sou word, met die gevolg dat talryke applikasies ontvang is en die besonderhede en geskiedenis nagegaan moes word.

Van Foreest het toe reeds daarop gewys dat die Aanhangsel g'n afdeling moet wees vir graadvee nie dog wel suiwergeteelde vee en dat dit geen agterdeur moet wees waardeur diere van onsuiwere teelt toegang sou kry tot die stamboek nie.

Hy wys verder daarop, hoe toe reeds onreëlmatighede begaan is, b.v., vier kalwers van een koei in een jaar geadverteer vir verkoop. Hieruit blyk duidelik hoe weinig geboortekontrole deur die S.A.S.B. toegepas is.

Hy het aanbeveel dat diere van Aanhangsel A, B en C deur drie inspekteurs ondersoek behoort te word, as hul geslagte tot D goed is, alvorens opname in die stamboek. Van Foreest het dus die noodsaaklikheid van strenger kontrole by die Aanhangselvee deeglik besef, want in sy inspeksierapport van 2 Maart 1914 word vermeld dat hy 47 plase in die Kaapkolonie, Transvaal en Natal

besoek het en 525 beeste vir die Aanhangsel- en Stigtingsafdelings aanbeveel het.

Betreffende hierdie beeste rapporteer hy([71]): „Wat het door mij geïnspekteerde vee betreft moet ik zeggen dat dit over het algemeen van een redelik goede kwaliteit is"; dog insake hul geskiedenis konkludeer hy([71]): „Een geschiedenis kan heel gemakkelik gemaakt worden."

Hy beweer dat 'n groot verandering en meer kontrole hier essensieel is om oneerlikheid uit te skakel. Uit hierdie rapport kan ons aflei dat verskeie kruisingsprodukte voor die tyd hulle deurgang gevind het tot die regte stamboek, dikwels op 'n oneerlike wyse.

Selfs ook met die geïmporteerde diere het moeilikhede ontstaan, want in die rapport van A. A. Persse, sekretaris van die Friesveekomitee van die Kaapse Aantelers-Genootskap word vermeld: „De grote meerderheid van certifikaten, die we op het ogenblik krijgen, is voor dieren ingeschreven in het Kalverenboek en het schijnt me toe, dat Zuid-Afrika de dieren krijgt, die hetzij worden afgewezen bij het onderzoek, of die de eigenaars niet goed genoeg denken om voor onderzoek op te geven." Ongetwyfeld wat oordrewe, dog nie aan alle waarheid ontbloot nie, want hier is sonder twyfel verskeie seer minderwaardige diere ingevoer, deels omdat die telers onwillig was om goeie pryse te betaal vir goeie fokmateriaal. Die uiteindelike gevolg was dat die stamboek later die invoervereistes aansienlik verskerp het. Persse het dientengevolge aanbeveel dat die S.A.S.B. in die toekoms nie meer ingevoerde Hulpboek of Registervee in die regte stamboek moes registreer nie.

Gevolglik is, op aanbeveling van Persse en Van Foreest, besluit, om alle geïmporteerde Kalwerboekdiere eers te inspekteer alvorens opname in die stamboek en alle geïmporteerde Hulpboek- en Registerdiere eers in die Aanhangselafdeling te registreer, teneinde die proefperiode te ondergaan. Tenvolle geregistreerde geïmporteerde diere uit Holland en Friesland sou direk in die stamboek geregistreer word.

Hierdeur is dus 'n sekere mate van kontrole uitgeoefen op geïmporteerde diere, wat ongetwyfeld noodsaaklik was. Dis egter te betreur dat daar nie strenger kontrole op Suidafrikaanse geteelde diere vir registrasie in die „S.A.S.B." toegepas was nie, *want waar aan die eenkant opgebou is, is aan die anderkant weer afgebreek.*

Beide die S.A.S.B. sowel as die verskillende Aantelers-Genootskappe was toentertyd finansieel seer swak af. Die gevolg was dat die registrasiefooie geleidelik omhoog gegaan het om die lopende onkostes te dek, wat vanselfsprekend heelwat misnoegdheid by verskeie telers veroorsaak het. Die gedrukte stamboek is verhoog tot £1 1s. per volume. Registrasiefooie in die regte stamboek 5s. per bul en 2s. 6d. per vroulike dier; en in die Aanhangsel- en Stigtingsafdelings 5s. per dier, indien geregistreer voor 30 April 1914 dan 2s. 6d. elk. Van regeringsweë is heel weinig steun ontvang (so. bv., het die F.A.G.S.A. in 1913 slegs 'n regeringsubsidie van £25 ontvang) omdat die regering nie voldoende die waarde van deeglike stamboekvee besef het nie. Die gevolg was dat die S.A.S.B. sowel as die F.A.G.S.A. nie voldoende geld had om 'n permanente inspekteur te betaal nie, met die gevolg dat die meeste registrasie gebaseer was op blote geboortekennisgewing. Hierdie ongesonde toestand het bly voortbestaan tot 1918.

Op die algemene vergadering van 1912 is reeds voorgestel om 'n Keurstamboekafdeling (Advanced Register) aan die S.A.S.B. te open, gebaseer op botter- en melkrekords dog: „De vertegenwoordiger van het Departement van Landbouw gaf zijn twijfel te kennen of het hoornvee in dit land goed genoeg was om de instelling van een geadvanceerde register te billiken." Op grond hiervan is die voorstel gekanseleer en pas in 1918 ingevoer, nadat die offisiële melkrekord-skema in werking getree het.

Op die vergadering in Durban op 30 Augustus 1913 is besluit: „All entries to go to the Central Council through the Breed Society where such exists and, where no Breed Society exists, through the Provincial Associations" en waar laasgenoemde nie bestaan nie direk aan die Sentrale Raad.

'n Belangrike stap, want hierdeur is die verskillende Aantelers-Genootskappe in die geleentheid gestel om hul respektiewelike rasse na goeddunking te eksploiteer en kontroleer.

Die Kaapse en Oranje-Vrystaatse Stamboekvee-Assosiasies het nog vir 'n tydlank hul werksaamhede voortgesit, ter ondersteuning van dié rasse, waarvoor nog geen Aantelers-Genootskap bestaan het nie.

Die F.A.G.S.A. het toe reeds al die belange van die friesras behartig en kontroleer.

Volgens die presidensiële rapport van E. E. Downing van 28 Februarie 1915 was die volgende Aantelers-Genootskappe in 1915 reeds geaffilieer met die S.A.S.B.: die Kaapse Stamboekvee-Genootskap, Oranje-Vrystaatse Stamboekvee-Genootskap, Frieslandvee-Aantelers-Genootskap van Suid-Afrika, Korthoring-Genootskap van Suid-Afrika, Afrikanerbeeste-Aantelers-Genootskap, Hackney-Genootskap van Suid-Afrika, Clydesdale-Genootskap van Suid-Afrika, en die South Devon-Aantelers-Genootskap van Suid-Afrika.

Elke geaffilieerde Genootskap moes sy eie regulasies optrek, waaraan diere van sy betreffende ras vir registrasie moes voldoen, terwyl die S.A.S.B. alleen sulke diere sal registreer wat aan die regulasies voldoen. Hierdeur is 'n sekere mate van kontrole op die S.A.S.B. geplaas van die kant van die Genootskappe.

Volgens hierdie rapport sou 'n toevalsfonds (contingency fund), £250 nie te bowegaande deur die F.A.G.S.A. opgebou word, om onvoorsiene koste te dek en die nodige reklame te maak vir die ontwikkeling van die friesras. Hiervan het egter weinig te reg gekom.

Hoewel die F.A.G.S.A. in 1915 reeds 'n punteskaal besit het, blyk dit nogtans uit hierdie rapport dat die inspekteurs selde-of-nooit hiervan gebruik gemaak het, want Downing skrywe: „Whether inspectors are to be allowed to exercise their own judgment and fancy for any particular type of cattle, or whether they are to be bound by the Scale of Points and Standard of Excellence adopted by your Association." **Hier reeds is aanbeveel om diere te beoordeel met 'n onsamehangende punteskaal en die onderlinge verband van die liggaamsdele in syfers te meet!**

Volgens Gradwell([65]) is by hierdie vergadering die volgende belangrike reël aangeneem wat stipuleer: „That all animals born after September 21st, 1915, whether for Appendix, Foundation, or Stud Book proper, should be inspected prior to registration." 'n Uiters belangrike stap en volgens Gradwell([65]): „The wholesome effect of this rule soon became evident;

there was a distinct improvement in quality." Hoewel die F.A.G.S.A. dus voortaan 'n sekere mate van inspeksie laat toepas het, meestal deur indiwiduele telers en tydelike inspekteurs, nogtans was daar geen definitiewe inspeksieskema in werking nie.

Ter bevordering van die friesveefokkery in Suid-Afrika is inspekteur I. G. J. v. d. Bosch van Holland deur die F.A.G.S.A. uitgenodig, en aangestel as tydelike inspekteur op 21 September 1914, om 'n ondersoek in te stel na die toestand van die friesveefokkery in Suid-Afrika en die nodige aanbevelings te doen.

In die rapport van 26 Maart 1915 van I. G. J. v. d. Bosch([66]) word die volgende interessante gegewens aangegee:

	Kuddes besoek tot 20 Maart 1915.	Totaal Aantal Diere Goedgekeur.	Waarvan Stamboek-diere.	Teruggehou.	Afgewys.
Kaapkolonie ...	47	253	(37)	83	100
Natal	15	54	(4)	29	15
Transvaal	11	40	(2)	9	1
Oranje-Vrystaat	12	29	(21)	15	8
Totaal ...	85	376	64	136	124

Hy meld([66]): „The reserved animals are those which ought to be inspected again later on, as having a chance to improve or being too young for a thorough judgment, or being in an abnormal condition."

Onder die toentertyd bestaande omstandighede by die S.A.S.B. sou die meeste van die verworpe en teruggehoue diere direk geregistreer geword het.

v. d. Bosch konkludeer onomwonde: „I found that most cattle, already registered as Appendix and Foundation stock are **grades,** judging by their general appearance in regard to conformation, type and colour."

Die oorspronklike doel was om in hierdie twee afdelings alleen opregte diere op te neem, waarvan die eienaars die registrasiesertifikate verloor het en 'n bevredigende verklaring insake hul geskiedenis kon gee. 'n Uitstekende idee om die diere aan 'n goed gekontroleerde toets bloot te stel alvorens opname in die regte stamboek; dog v. d. Bosch([66]) rapporteer oor hierdie diere: „In practice the Appendix and Foundation Sections seem to have opened the door for the entrance in the Herd Book of animals which were rather black and white but originally descended from ordinary cows, possessing all kinds of blood. The worst is that after two or three generations such animals are proclaimed to be pure-bred and consequently are transferred in the Herd Book proper"—dus op dieselfde voet geplaas as werklike opregte diere. Hy noem hierdie diere „high bred Frieslanders," dog is geensins suiwer betreffende die genotipe nie.

Op grond hiervan is besluit om die originele Aanhangselafdeling te sluit op 28 Februarie 1916 (volgens Pres. rapport, 28 Februarie 1915), dog is weer heropen in April 1917 onder hersiende vereistes, nl., lede kon koeie en verse oor twee jaar oud laat registreer in Aanhangsel A, op goedkeuring van die Raad, mits die diere goedgekeur is by inspeksie, al die karaktertrekke van 'n

opregte fries getoon het en geen vreemde bloed in hul voorgeslagte besit het nie. 'n Poging is dus aangewend deur die F.A.G.S.A. om die geleidelike deursluip van kruisingsprodukte na die stamboek in die toekoms te kontroleer. Hierin het hul slegs gedeeltelik geslaag, want solank die Aanhangsel oopgehou was, het dit 'n moontlike gevaar gebly.

v. d. Bosch([66]) het op grond van sy noukeurige ondersoek die volgende aanbevelings gedoen:

1. Dat 'n „Auxiliary Herd Book for grades" geopen moet word, waarin die beste graadvee opgeneem moet word onder verskillende hoofde, bv., $\frac{1}{2}$, $\frac{3}{4}$, $\frac{7}{8}$, ens., opgegradeer, teneinde die armboer, wat nie met opregte vee kan begin nie, aan te help. Die hoogste grade dan te klassifiseer as „high bred grade cattle," dog **sulke diere mag nooit in die regte stamboek opgeneem word nie.** Vir die opgradeer mag alleen geregistreerde friesbulle gebruik word.

2. Alle Aanhangseldiere (A, B en C) in 1915 reeds geregistreer, oorgeplaas moet word na die „Auxiliary Book" en: „Further than which they should not go."

Ongetwyfeld 'n uitstekende aanbeveling ter voorkoming van alle verdere verbastering, ongelukkig is aan hierdie aanbeveling geen gehoor gegee nie.

3. Die Stigtingsafdeling gehou moet word, daar onder hierdie diere werklik opregte diere is en slegs vir 'n aantal generasies aan 'n goedgekontroleerde toets blootgestel moet word, alvorens opname in die regte stamboek.

4. By die keuring van diere seer streng gelet moet word op die ware karaktertrekke van die friesras, omdat opgradeer 'n seer algemene praktyk in Suid-Afrika was en graaddiere deur streng inspeksie uitgeskakel kan word.

5. 'n Direkte registrasie in Suid-Afrika van alle geregistreerde diere geïmporteer uit Holland en Friesland, daar beide die N.R.S. en F.R.S. in 1915 op gesonde grondslag gewerk het.

Op 1 Januarie 1933 is die beginsel aangeneem deur die F.S.B.S.A. dat selfs geregistreerde geïmporteerde diere aan 'n inspeksie blootgestel moet word, beide wat eksterieure bou- **en** produksievereistes betref alvorens registrasie in die F.S.B.S.A. 'n Seer gesonde beginsel want hierdeur word die invoer, van alleen die beste fokmateriaal, verseker.

6. Dat die strengste keuring toegepas moet word vir die stamboek om sodoende die beste families en bloedlyne ewentueel uit te sorteer, en, dat die afstammelinge van geïmporteerde en stamboekvee gekeur moet word deur 'n stamboekinspekteur alvorens opname in die stamboek.

v. d. Bosch([66]) skrywe: „At present (1915) pure-bred (pedigreed) animals are entered for registration without any inspection whatever, with the obvious result that weeds are placed on the same footing with the best animals and are consequently so mixed up that the Stud Book really defeats its true object, i.e., a collection of selected animals upon which the improvement of the breed entirely depends. What **respect** can the public have for a Stud Book and what is the **value** of the certificates if they refer to animals of such extreme variations in quality?"

7. Dat elke boer naas sy groot klomp graadvee, met 'n klein stoetboerdery moet begin. Langsamerhand neem die stoetkudde toe en die graadkudde af. Selfs die beste graadkoeie moet uit die stoetkudde gehou word en gereelde streng seleksie in die stoetkudde toegepas word.

v. d. Bosch het daarop gewys dat die reputasie van 'n ras en land afhang van deeglike stamboekhouding: „One breeder, whose herd has got valuable blood, does more to increase the average quality of the cattle in a certain area than a number of breeders, having herds only with fair blood."

8. „It became clear that a Herd Book needed **in the first place a technical leader,** called in Holland: chief-inspector or inspector-general." Sy vernaamste werksaamhede is:

(*a*) Die deeglike inspeksie van aangegewe diere deur lede vir registrasie.
(*b*) Klassifikasie van kuddes, en die regte teelrigting aan te toon teneinde 'n uniforme kudde met 'n definitiewe stempel op te bou, geskik vir lokale omstandighede en van 'n sekere kwaliteit en standaard.
(*c*) Hulp te verleen om die regte bulle en koeie vir die kudde te verkry.
(*d*) Bestudering van die teelteienskappe van elke bul om die goeie vaderdiere te behou en te verwissel wanneer noodsaaklik om té intensiewe inteelt, indien nodig, te vermy.
(*e*) Behulpsaam te wees met die stamboekhouding, en sorg te dra vir 'n geskikte sisteem. Ook die telers te leer hoe om rekords te hou van hulle diere.
(*f*) Die kontroleer van alle gegewens verskaf deur telers betreffende die afstamming en verwisseling van hul beeste.
(*g*) Advies te verskaf insake die voeding en verpleging veral van jongvee.
(*h*) Die skets van alle diere wat geregistreer word en duidelike stipulering op die keuringsrapport van alle deugde en foute: „That the identification and merits are fixed and can prove to what extent the points of the parents have been transmitted to the progeny."
(*i*) Die „Vereniging" verteenwoordig op tentoonstellings en die „Vereniging" adverteer in vreemde lande, sodra die eksporteer van vee moontlik is.
(*j*) Propaganda te maak vir die Vereniging en die aanwerf van nuwe lede.
(*k*) Die koöperasie van telers langsamerhand bewerkstellig.
(*l*) Die verskaf van advies by die verkoop van vee deur lede, dog mag geen finansiële belang by die transaksie hê nie.

9. Groter selfstandige steun: „As the Government here seems not to realize that a **thorough herdbook business** is the **principal measure to promote cattle breeding** in the country and consequently is not willing to give sufficient financial support, **self-help** is the only way." Hy konkludeer: „I believe the time has come to organize the Friesland Cattle Breeders' Association of South Africa into a strong institution."

10. By die invoer van diere by bepaalde bloedlyne te hou: „Stud breeding is a **special branch** entirely **based upon a thorough study of the transmission of those qualities the breeder wants to establish.** In this direction very little has been done in South Africa. Too many are inclined to import for high prices for competing on the Show, rather than trying to get certain blood strains from the old country and go on with them. There are too many animals imported which *have a high show* . . . but *not a high breeding value.*" Hy beweer dat baie van die beeste (bulle) wat vir teeltdoeleindes in Suid-Afrika verkoop word, gekastreer behoort te word en meld: „I was astonished at the mongrels (all registered) I have seen offered for sale."

11. Ter vergemakliking van die werk en kontrole van die stamboek beveel v. d. Bosch aan dat:

(*a*) Elke teler 'n deeglike kuddeboek moet aanhou, waarin alles noukeurig opgeteken moet word (en **nie** op stukkies los papier nie), om betroubare data te verkry. Van die 85 telers wat hy besoek het, het slegs 35 deeglike boeke aangehou.

(*b*) Die sketstekenings van die Aanhangsel-, Stigtings- en Stamboekkalwers binne 14 dae na geboorte opgestuur moet word aan die stamboek.

(*c*) Dit miskien wenslik is om die afgekeurde beeste 'n sekere merk te gee, om die verkoop, onder voorwendsel dat hulle geregistreerde diere is, te voorkom.

(*d*) Geregistreerde diere ge-oormerk moet word. Hiervoor gee die Vereniging nommers uit waarvan 'n noukeurige rekord gehou moet word, teneinde te voorkom dat twee diere dieselfde nommer kry.

(*e*) Die verkoop en dood van geregistreerde vee moet binne een maand aan die kantoor aangegee word.

(*f*) Geregistreerde diere vergesel moet word van 'n sketstekening saam met die „Oordragsertifikaat" om swindelry te voorkom.

(*g*) Die inspekteur, met sy jaarlikse besoek, die aantal geregistreerde diere van elke teler moet kontroleer en hieromtrent rapporteer by die sekretaris van die stamboek.

12. Die keuring van diere op twaalfmaande leeftyd, die oorgangsperiode, is foutief. Vroulike diere behoort eers gekeur te word nadat hulle gekalf het om die uierontwikkeling te kan beoordeel, manlike diere voorlopig op negemaande en finaal op tweejarige leeftyd.

13. „Here I want to remark that the Society ought to print and issue its own Stud Book, as the members have no interest in other breeds. The Society ought to be also entirely free in regard to the arrangement of the Stud Book."

Aan hierdie aanbeveling is pas in 1918 gehoor gegee.

14. „It appears to me that it is a good thing that the milk records are not published by the Society. As soon as this is done they will be used mainly for commercial operations." v. d. Bosch beweer dat dit mag lei tot geweldige forsering, waardeur die konstitusie van die diere mag ly.

In hierdie bewering skuil 'n massa van waarheid, nogtans mag dit nie uit die oog verloor word nie dat die publikasie van melkrekords 'n magtige middel is om reklame te maak vir 'n ras. Hierdie feit is definitief bewys in Suid-Afrika met die verloop van jare, want die friesras het, in vergelyking met die ander melkrasse, veel sneller in populariteit toegeneem en is vandag verreweg die belangrikste melkras in Suid-Afrika.

Uit hierdie uitstekende en weldeurdagte rapport en aanbevelings kon veel goeds gebore gewees het. Ongelukkig is hierop veel te langsaam reageer, waarskynlik deur gebrek aan iemand om dit kragdadig aan te pak en die radikale verandering so spoedig moontlik in te voer en die friesveefokkery dus direk op 'n gesonde wetenskaplike grondslag te plaas.

Nieteenstaande die vele moeilikhede, en weinig aanmoediging van die kant van die S.A.S.B., sowel as die regering, het die F.A.G.S.A. nogtans met rasse

skrede vooruitgegaan, so bv., kry ons 'n aanwas van 125 lede in 1914 tot 191 in 1915.

TABEL 31.

TOENAME VAN LEDETAL VAN F.A.G.S.A.

1913-14	125 lede.	1918	343 lede.
1915	191 „	1919	435 „
1916	233 „	1920	583 „
1917	262 „	1921	700 „

Veranderinge en verbeteringe is geleidelik ingevoer, nogtans het die F.A.G.S.A. gekniehalter aan die S.A.S.B. gebly.

Resumerend blyk dus uit die voorafgaande opsomming **dat gedurende die jare 1912-1918 veels-te-veel geteoretiseer is en te weinig konkreets gedaan is.** Die hele stamboekhouding het nog betreklik onbetroubaar gebly met onvoldoende inspeksie vir registrasie en veral onvoldoende geboortekontrole.

Die resultaat hiervan is in 1927, by die tweede uitvoer van Friesbeeste na Engeland, pragtig gemanifesteer, soos later sal blyk.

Onder hierdie heersende omstandighede kon ongetwyfeld geen foksuiwere friesras in Suid-Afrika bewaar of opgebou word nie.

In 1918 met die uitgawe van Vol. 12, „S.A.S.B." kry ons 'n totale reorganisasie en die afskeiding en stigting van 'n aparte Friesveestamboek, dog geaffilieer met die S.A.S.B. Die hele stamboekhouding was voortaan apart, behalwe dat die registrasiesertifikate uitgereik moes word onder beheer van die S.A.S.B. **'n Onbegryplike tegniese fout, daar die S.A.S.B. absoluut niks te doen het met die stamboekhouding van die friesvee nie, en slegs 'n onnodige finansiële las op die F.S.B.S.A. gehaal het.**

In Oktober 1918 is dus gestig die Friesvee-Stamboek van Suid-Afrika (F.S.B.S.A.), waarvan die eerste volume in 1920 uitgegee is. Hier tree dus 'n nuwe tydperk in, met veel meer selfstandigheid, in die ontwikkelingsgeskiedenis van die F.S.B.S.A. Hierdie stap geneem deur die F.A.G.S.A. was ongetwyfeld gebaseer op die rapport en aanbevelings van inspekteur I. G. J. v. d. Bosch van 26 Maart 1915 en 'n absolute noodsaaklikheid geword as gevolg van die belangrike ekonomiese peil reeds bereik deur die friesras in die suiwelnywerheid van Suid-Afrika.

'n Selfstandige stamboek, wat beter aan die vereistes van sy telers kon voldoen en hul belange beter kon behartig, was dus essensieel.

As sekretaris en hoofinspekteur is aangestel Mnr. James Woodin en as assistent-sekretaris gestasioneer aan die hoofkantoor te Bloemfontein, Mnr. Welsford, wat in 1920 opgevolg is deur Mnr. P. E. de St. Croix.

Instede van algehele selfstandigheid aan die F.S.B.S.A. te verleen onder die nodige regeringssupervisie en subsidiëring, is die ongelukkige Wet No. 22 van 1920 deur die parlement gepasseer, wat die alleenreg van uitreik van registrasiesertifikate aan die S.A.S.B. toegeken het. Nie alleen 'n ondeurdagte wet, wat die selfstandige ontwikkeling van die F.S.B.S.A. aan bande gelê het nie en dus 'n stremmende invloed moes uitoefen op haar ontwikkeling; dog die F.S.B.S.A. jaarliks onnodig honderde ponde kos aan die S.A.S.B., bloot vir die uitreiking van die registrasiesertifikate onder beheer van die S.A.S.B., hoewel die S.A.S.B. absoluut niks te doen het met die

organisasie en beheer van die stamboekhouding van die F.S.B.S.A. en daar dientengevolge weinig of niks van weet nie. Volgens die heer Hiemstra ontvang die S.A.S.B. tans (1936) gemiddeld 4s. 3d. elk van die F.S.B.S.A. vir die uitreik van hierdie registrasiesertifikate en dus per jaar op 'n heel aansienlike som uitloop.

Hoe gouer hierdie wet deur die huidige regering herroep word, en deur 'n meer opbouende wet vervang word, des te heilsamer sal dit wees vir die gesonde wetenskaplike ontwikkeling van die F.S.B.S.A. sowel as vir die S.A.S.B. Vanselfsprekend het hierdie wet in die verlede al veel moeilikhede en onaangenaamhede veroorsaak en in die toekoms ongetwyfeld nog sal vererger sodra die friestelers die resultaat hiervan volledig besef.

Die eerste belangrike stap in 1918 geneem was om verpligte inspeksie vir registrasie in die Stamboek, Aanhangsel- en Stigtingsafdelings van die F.S.B.S.A. in te voer, hoewel in die begin alleen besigtiging en beskrywing van die diere voldoende was en nog geen punteskaal gebruik is nie. Inspeksie is meestal gedaan deur indiwiduele boere benoem deur die F.S.B.S.A., gekontroleer deur die heer James Woodin. Hierdie stap was 'n uitkoms van die bywet van 21 September 1915 wat tot dusverre haas nog nie toegepas was nie.

Met die publikasie van Vol. 1, „F.S.B.S.A." is die Stigtingsafdeling gesluit vir alle nuwe diere, want volgens Vol. 1, „F.S.B.S.A." : „In future no animals will be passed for the Foundation Section, except the progeny of cows already entered upon inspection and satisfactory report." Nogtans is in die volgende uitgawes nog enige nuwe diere geregistreer. Volgens die heer Hiemstra is die Stigtingsafdeling in circa 1928 heeltemal gesluit. Ook is in 1918 ingevoer die „Offisiële Melkrekord-Skema" deur die Departement van Landbou en gevolglik is die „Advanced Register" (A.R.) afdeling ingevoer deur die F.S.B.S.A. vir bulle en koeie wat aan die volgende vereistes voldoen :

A. KOEIE.

Kalftyd.	Klas.	Vereiste Bottervetproduksie in 300 Dae.
2½ jaar	2 jaar	225 pond
3 „	Junior 3	250 „
3½ „	Senior 3	275 „
4 „	Junior 4	300 „
4½ „	Senior 4	325 „
5 „ en oor.	Volwasse.	350 „

Volgens Vol. 1, „F.S.B.S.A." : „For every day over the exact ages 2½, 3, 3½, 4 and 4½ years at date of calving the requirements to be increased by 0·137 lb. butterfat, but no increase shall be made in the requirements for cows over 5 years old (mature class), neither shall there be any deductions under 2½ years. The cows to recalve within 18 months of last calving date."

Koeie met die vereiste bottervetproduksie, dog wat nie binne die gestipuleerde tyd herkalf nie, is dus nie opgeneem in die „A.R." nie.

B. BULLE.

„Bulls which have sired not less than five cows (each out of a different dam) which have been registered in the Advanced Register shall be specially registered in the Advanced Register." Hier was dus vyf goeie dogters 'n aanbeveling, terwyl 'n moontlike 50 slegte dogters geen afkeuring was nie —in beginsel dus in stryd met die mees elementêre begrippe van erflikheid. Hierdie was dus 'n soort Keurstamboek met sy voor- en nadele.

Opsomming van vereistes gestel vir die „A.R." in 1921:

(1) Laktasieperiode nie korter as 250 dae en langer as 320 dae nie.
(2) Die melk moet by elke melking geweeg en ingevul word op die verskafte vorm.
(3) Koeie mag nie minder as twee keer nie en nie meer as vier keer per dag gemelk word nie.
(4) Die melk van die eerste agt dae na kalf mag nie ingesluit word nie.
(5) Eens per maand deur 'n Goewermentstoetser gekontroleer word oor 'n periode van 48 uur en daarby die persentasie bottervet bepaal.
(6) Koeie moet binne 18 maande weer kalf (dooi kalf en aborsies ook aangeneem mits nie weer beset nie).
(7) Alle maandelikse rekords geteken deur die kontroleur moet op 30 dae gestuur word aan die Superintendent, Suiwelafdeling.
(8) Aansoeke vir die ingaan vir die offisiële toets moet gerig word aan die Sekretaris, F.S.B.S.A., Bloemfontein.
(9) Skaal van betaling vir Offisiële Toets:

£2 10s.	... ...	1- 5 koeie (per besoek)
£2 15s.	... ...	6-10 „ („ „)
£3 ...	... ...	11-15 „ („ „)
£3 5s.	... ...	16-20 „ („ „)
£3 10s.	... ...	21 en meer koeie (per besoek)

Die kontrole was beslis duur, deels te wyte aan die groot uitgestrektheid van die land en deels aan die geringe persentasie telers wat vir die Offisiëletoets in die begin ingegaan het.

Die groot swakpunt is dat die „A.R." geen minimale eise gestel het aan die hoeveelheid melk self nie, met die gevolg dat koeie met 'n betreklike lae melkproduksie dog wel hoë persentasie bottervet in die „A.R." opgeneem is, terwyl eersgenoemde ondeug maklik as 'n erflike eienskap oorgeplant kon word op die nageslagte. Hierdie gestelde vereiste moet dus van 'n suiwer erflikheidstandpunt as waardeloos en selfs gevaarlik beskou word.

Ook op die gebied van die „A.R." was Amerika vir Suid-Afrika ver vooruit, want volgens Prescott[64] het 'n „A.R." vir koeie reeds in Vol. 1 van die „D.F.H.B." in 1877 verskyn dog hoofsaaklik gebaseer op bouvorm en heelweinig op produksie self, dog veral is na die melkspieël gekyk. Die H.H.B. het egter toe nog niks hieraan gedoen nie. Vanaf 1880-1888 seëvier die mania om produksierekords op te slaan, waardeur die konstitusie totaal verontagsaam is en die produksie hoofsaak was. Volgens Prescott[64] is die bottertoets in 1886 in Amerika ingevoer deur die Landbougenootskappe en toegepas tot 1897. By hierdie toets is gemeet hoeveel botter 'n koei in 24 uur kon lewer. Hy beweer[64]: „Advanced Registry was the great rock upon which the Association was founded—the one thing which differentiated it

from all other Herd Book Associations. Especially the seven-day official test, adopted in 1894, was the great medium for re-establishing the popularity of the breed." Hierdie sewedaagse toets agt maande na kalf was die erkende Offisiëletoets van Amerika en is pas in 1928 deur die lang toets termyn in getalle oortref.

In 1908 is die half-offisiële jaartoets (365 dae) ingevoer, wat in 1917 vervang is deur die 305 dae half-offisiële toets. In 1919 kom die vereiste by, dat die koeie binne 14 maande moet herkalf om in aanmerking te kom vir „A.R." Vanaf 1924 is die „A.R." geklassifiseer in A (semi-offisiële toets, plus sewe dae offisiële toets), B (slegs semi-offisiële toets, dog slegs twee keer per dag gemelk na die eerste 45 dae), C (semi-offisiële toets en vier keer per dag gemelk die eerste 45 dae, daarna 3 keer per dag met die doel om rekords op te slaan).

In Januarie 1928 is ingevoer die „Herd Improvement Test" in Amerika waar die hele kudde getoets word met die doel om die swak produseerders te elimineer.

Volgens Prescott(64) was Solomon Hoxie sekretaris van die D.F.H.B. die vader van „Advanced Registry" in Amerika, met die doel om die swak diere te skei van die goeies.

Hoewel Amerika uitstekende werk gedoen het met die „A.R." en verbasende produksieresultate bereik het, en selfs vandag nog kry, moet die meeste van hierdie gegewens met 'n mate van versigtigheid en konserwatiwiteit beoordeel word en veral nie met die gegewens van Suid-Afrika en Nederland vergelyk word nie.

Die strewe na rekords het selfs so akuut geword dat Prescott(64) insake 1922 rapporteer: „When the evil effects of the craze for records at all cost were becoming generally recognized."

Die Amerikaanse rekordsyfers mag dus geensins vergelyk word nie met die Suidafrikaanse rekords verkry onder meer normale boerderytoestande.

Bestuur van die F.A.G.S.A. in 1921: H. Abrahamson (pres.), E. E. Downing (vise-pres.), D. P. Bennett, S. Bennett, Henry Cloete, J. B. Ehrlich, C. F. Fichardt, A. A. Kingwill, P. E. Leonard, F. C. Meeser, A. S. Smith, James Starke, W. J. B. Stone, E. J. Webb, James Woodin (sekr. en hoofinspekteur), met P. E. de St. Croix as assistent-sekretaris.

Volgens die gegewens van 1923-24 het S. A. Mellish ageer as Seniorinspekteur en J. B. Ehrlich as assistent-inspekteur van die F.A.G.S.A.

By elke algemene jaarvergadering is 'n nuwe bestuur gekies (ou-lede herkiesbaar), sodat daar voortdurend 'n omwisseling plaasvind.

Mnr. James Woodin het as sekretaris van die F.S.B.S.A. tot 1924 geageer en is toe opgevolg deur Mnr. Harold Abrahamson, wat op 1 April 1929 opgevolg is deur Mnr. Jelte Hiemstra, 'n seer bekwame en ywerige sekretaris. Die heer Hiemstra was voorheen lektor in Veeteelt aan Glen Landbouskool en is dus die eerste Veeteeltdeskundige aan die roer van sake. Alle moontlike middele is direk deur hom aangewend om die F.S.B.S.A. op 'n gesonde wetenskaplike basis te plaas. (Sien Foto 26).

Reëls en regulasies van die F.A.G.S.A. in werking in 1921:

(1) Reeds het bestaan die Sketstekeningsisteem om diere te identifiseer —ongelukkig weinig gebruik, en geen kopie in die kantoor van die F.S.B.S.A. gehou vir latere kontrole nie.

(2) „Each member having cattle registered in the Stud Book shall to the satisfaction of the Council and of the Inspectors keep a proper record of the members of his herd and of their breeding."

(3) „All animals proposed for registration must be the progeny of a registered sire and dam (excepting original Appendix Animals) and must be inspected and recommended for entry by the Association's Inspector and approved by the Council before such registration can be effected."

(4) By afkeuring van diere het 'n reg tot appèl vir herkeuring bestaan, mits binne een maand na die keuring kennisgegee word aan die sekretaris. Op koste van die aansoeker is dan 'n kommissie benoem om die dier te herkeur en hul beslissing was finaal.

(5) Alle geïmporteerde diere uit Groot-Brittanje, Amerika en Kanada moes vergesel wees van 'n eksportsertifikaat en gekeur word alvorens opname in die F.S.B.S.A.; geïmporteerde geregistreerde diere van die N.R.S. en die F.R.S. kon geregistreer word sonder herkeuring, dog alle diere met Kalwerboek nommers moes eers geïnspekteer word voor registrasie in die F.S.B.S.A.

(6) Geboortekennisgewing van alle kalwers (behalwe bulkalwers van Aanhangsel A en B) binne 14 dae na geboorte, by gebreke 5s. boete en by herhaalde gebreke weiering tot registrasie. Egter is nie die duplikaatsisteem gebruik nie, sodat geen kopie vir kontrole in die kantoor behou is nie.

(7) Die dood van diere moes dadelik aangegee word en die registrasiesertifikaat teruggestuur word aan die sekretaris.

(8) Geen onthoringde diere mog geregistreer word nie, behalwe geïmporteerde onthoringde diere wat oorsee geregistreer was.

(9) „The progeny of Stud Book proper animals which, when inspected and rejected for entry in the Stud Book proper, may, at the discretion of the Inspector, be entered in any section of the Appendix."

'n Seer fatale regulasie en gevolglik die agterdeur oopgelaat vir ongewenste fokmateriaal om ewentueel in die stamboek te land.

(10) Die vasgestelde registrasiefooie was: 10s. per bul, 5s. per koei vir die stamboek en 5s. per dier vir die Aanhangsel.

(11) Alle Suidafrikaanse geteelde diere moes geïnspekteer word alvorens registrasie in enige afdeling van die stamboek.

(12) Die Aanhangselafdeling is nog oopgehou vir „A" koeie.

(13) In 1921 het reeds 'n offisiële punteskaal bestaan, dog 'n ander punteindeling as dié van vandag. Die beoogde doel was om by die jaarlikse inspeksies hiervan gebruik te maak, dog in die praktyk is heel weinig gebruik gemaak van die punteskaal en inspeksie hoofsaaklik uitgeloop op besigtiging en 'n kort beskrywing van elke dier.

(14) Blemishes: „Solid black foot all round, solid white head to back of same and including ears and horns, isolated black patches between fetlock and knee or hock, black patches on feet, complete black on more than one leg to fetlock, grey or brown markings on muzzle."

Hierdie reël was ongetwyfeld wat oordrewe streng op los swart kolletjies. Veel juister sou gewees het om die swart kolle met deskresie te behandel, dog definitiewe eise te stel aan die Algemene Voorkome, karaktertrekke en produksie aangeleenthede.

Uit bogaande regulasies blyk duidelik dat 'n uitstekende teoretiese begin gemaak is in 1918, dog ongelukkig nie altoos in die werklike praktyk uitgevoer is nie—te veel soetsap het op verskeie plekke deurgevloei en te veel onwetenskaplike regulasies is behou.

Vanaf 1918 tot 1924 bestaan dus verpligte inspeksie vir registrasie, terwyl die inspeksie, soos reeds gemeld, hoofsaaklik gebaseer was op besigting en beskrywing van die diere en die punteskaal weinig gebruik is. Nogtans was daar 'n besliste mate van kontrole en is die meeste ongewenste diere uitgeskakel.

In 1925 is verpligte inspeksie weer afgeskaf en alles geregistreer op geboortekennisgewing, want volgens Vol. 5, „F.S.B.S.A." : „All calves born of fully registered parents shall be eligible for registration in the Herd Book proper." Alle geboortes moes binne 14 dae aangegee word by die sekretaris van die F.S.B.S.A. saam met 5s. registrasiefooie. Die inspeksiefooi van geregistreerde diere is vasgestel op £1 elk.

Vir die Aanhangsel- en Stigtingsafdelings is verpligte inspeksie egter behou.

Volgens Vol. 5, „F.S.B.S.A." : „The registration of Friesland Cattle in the Stud Book, or their rejection shall be made on the recommendation of the Council."

Die mees onlogiese en onwetenskaplike daad wat begaan kon word, want hierdeur is die beste en slegste diere op gelyke voet geplaas, met die gevolg dat die F.S.B.S.A. sy betroubaarheid verloor het by verskeie van die mees vooraanstaande friestelers van Suid-Afrika, sowel as in die buitewêreld, soos duidelik geblyk het met die tweede besending van friesvee na Engeland Prescott([64]) skrywe hieroor: „In 1927 another consignment was sent, which the British Friesland Cattle Society refused to accept for registration in their Herd Book and the animals were finally sold at an auction at a great loss to the South African breeders."

'n Handelwyse waartoe Engeland tenvolle geregverdig was, op grond van die bestaande prosedure aan die F.S.B.S.A., dog die friesveefokkery van Suid Afrika 'n geweldige klap toegedien het. Nieteenstaande hierdie gebeurtenis is die stamboekregistrasiestelsel pas in 1929 gerektifiseer.

Vanaf 1925 tot 31 Maart 1929 het 'n stelsel van **vrywillige inspeksie** bestaan en hierdie diere is ingeskryf in die „Approved Section" van die stamboek, dog alle afstammelinge van geregistreerde ouers is nog geregistreer op blote geboortekennisgewing, vandaar die geweldige toename in registrasie soos blyk uit tabel 44.

Die „Approved Section" was dus gebaseer op vrywillige inspeksie en in hierdie afdeling is geregistreer (*a*) koeie wat gekeur is en die vereiste aantal punte (70) behaal het en aan die minimum produksievereistes voldoen het soos vasgestel vir die „A.R."; (*b*) bulle wat gekeur is (70 punte behaal) en wie se moeder aan die minimum produksievereistes voldoen. Vir die „Approved Section" is dus 'n punteskaal gebruik, dog ongelukkig het slegs 'n klein persentasie telers hiervan gebruik gemaak, omdat die inspeksiekoste hoog was (20s. elk) en die meeste telers nog nie die waarde daarvan besef het nie. Bowedien is met hierdie diere nie altoos afsonderlik voortgefok nie, wat die regte prinsiepe was. Nogtans was hierdie die enige redelik betroubare afdeling van die stamboek.

Om toestande nog te vererger, en die registreer van kruisingsprodukte nog meer te bevorder, is in April 1923 'n **„Supplementêre Register"** geopen verbonde aan die F.S.B.S.A. met die volgende voorwaardes (volgens „F.S.B.S.A." Vol. 5) :

(*a*) „That it should be open to any good **type** Friesland cattle that pass inspection."

(*b*) Die registrasie sal vier generasies insluit soos vir die Aanhangsel. Die vierde generasie „will qualify for Appendix A."

(*c*) Alle diere geregistreer in die „Supplementêre Register" kry die term „Sup." voor die registrasie nommer of syfer.

(*d*) Die koste vir registrasie in die „Sup. Register" was 50 persent minder as in die ander seksies.

(*e*) Die „Sup. Register" sal apart gehou word van die ander seksies.

(*f*) Geboorte-opgaaf van alle verskalwers was verpligtend soos vir die ander afdelings van die stamboek.

Die eerste voorwaarde het reeds gestipuleer dat opgegradeerde friesvee opgeneem kon word („any good **type** Frieslander") en blykbaar die doel was waarom die „Sup. Register" geopen is, waarskynlik gebaseer op die aanbeveling van inspekteur I. G. J. v. d. Bosch.([66])

In die oprig hiervan lê geen kwaad nie, **mits hierdie beeste nooit in die regte stamboek opgeneem kon word nie,** dog ongelukkig was dit nie die geval nie, want volgens die tweede voorwaarde kon die vierde generasie opgeneem word as Aanhangsel A, en volgens die vereistes van die Aanhangsel kon die vierde generasie dan weer kwalifiseer vir die regte stamboek. Hoewel sewe generasies gevolglik noodsaaklik was vir kwalifisering vir die regte stamboek, **bly hulle nogtans kruisingsprodukte** en **behoort dus nie tuis in die regte stamboek nie.**

Die verlaagde registrasiekoste het blykbaar ook ten doel gehad om hierdie registrasie aan te moedig. Gelukkig egter het die „Sup. Register" nie besonder byval gevind by die friestelers nie en na 'n paar jaar opgehou om te bestaan, dog nie voordat dit reeds heelwat kwaad gedoen het nie.

In teenstelling met hierdie onbedagsame stap is die vereistes gestel aan geïmporteerde friesvee uit Holland en Friesland weer aansienlik verskerp, dus **aan die eenkant is opgebou terwyl aan die anderkant afgebreek is.**

Vereistes gestel aan geïmporteerde friesvee uit Holland en Friesland (volgens „F.S.B.S.A.", Vol. 5) :

(1) Die diere moet geïnspekteer en goedgekeur word deur 'n inspekteur, aangestel deur die Minister van Landbou, voordat hulle ingevoer kon word.

(2) Die diere moet afstam uit preferente lyne, m.a.w. die vader, grootvader of oor-grootvader van die geïmporteerde dier moet aan die eenkant (vader- of moedersy) 'n preferente lyn toon (kritiek, bladsy 118).

(3) Bulle moet 75 en koeie 77 punte behaal, of in die geval van bulle onder een jaar en verse onder twee jaar moet die vader en moeder van die dier aan die vereistes voldoen. Dis wenslik dat sulke jongdiere wel voorlopig gekeur word deur die inspekteur (sien kritiek, bladsy 152).

(4) Ongeregistreerde diere ingevoer moet, sodra hulle die regte ouderdom bereik in Suid-Afrika, eers gekeur word alvorens opname in die F.S.B.S.A.

(5) Verse of ongetoetste koeie se moeder en grootmoeder moet aan onderstaande minimum vereistes voldoen, of in die geval van koeie wat reeds 'n laktasieperiode deurloop het self daaraan voldoen.

PRODUKSIE VEREISTES.

Klas.	Minimum-hoeveelheid Melk in 300 Dae.	Minimum-hoeveelheid Bottervet. (Moet 3·3% of meer hê.)
2 jaar en onder 3 jaar ...	7,600 pond	264 pond
3 „ „ 4 „ ...	8,700 „	308 „
4 „ „ 5 „ ...	9,850 „	354 „
5 „ en oor. ...	11,000 „	400 „

Die vereiste hoeveelheid bottervet was dus bo die gemiddelde, terwyl die vereiste hoeveelheid melk slegs heel gemiddeld was. Nogtans was hierdie vereistes 'n stap in die regte rigting, want alle diere ingevoer uit Holland en Friesland voor die tyd was nie juis almal van die beste fokmateriaal nie. Sommige was beslis ver onder die gemiddelde en hieraan moes 'n stop gesit word.

Volgens die „F.S.B.S.A.", Vol. 5, was die volgende registrasiefooie in werking in 1925: inspeksie van Aanhangseldiere, 10s. elk, punteskaal inspeksie, 20s. elk, registrasie, 5s., registrasiesertifikate, 1s. 6d., uitgebreide afstammingssertifikaat, 5s., oordragsertifikaat, 5s., registrasie van elke voor- of agtervoegsel, £1 1s., lidmaatskap, £1 11s. 6d. vir die eerste tien beeste of deel daarvan en £1 1s. vir elke addisionele tien, met 'n maksimum van £5 5s., lidmaatskap vir lewe, £25.

Gradwell([65]) het reeds in sy verhandeling die volgende as diskwalifikasies aanbeveel:

(*a*) „Animals should be disqualified unless they score at least half of the marks allotted to each point." (Sien kritiek, bladsy 146.)

(*b*) Diskwalifiserende kleure—eenkleurig wit of swart of ander afwykende kleure. Los swart kolle heg hy nie veel waarde aan nie en beskou dit nie as 'n diskwalifikasie nie. Hy skrywe([65]): „It really is nothing short of a miracle that more black spots do not appear on the fetlocks."

Gedurende hierdie tydperk was die geboortekontrole beslis onbevredigend, met die gevolg dat ons koeie aantref met twee of selfs meer kalwers binne enige maande en daarby almal normaal.

(Hoewel daar tans 'n geval op rekord is in Suid-Afrika waar 'n koei binne 25 dae twee normale kalwers gelewer het bly genoemde geval nogtans 'n seer unieke en uitsonderlike geval by beeste.)

Uit bogaande blyk dus duidelik die seer onbetroubare toestand waarin die F.S.B.S.A. tot en met 1929 verkeer het, en dat dit betreklik weinig foktegniesewaarde besit het.

Op 1 April 1929 met die oorname van Mnr. Hiemstra tree 'n definitiewe verbetering in. Verpligte keuring met 'n punteskaal is ingevoer, hoewel die eise vir registrasie nog seer globaal was en veel te wense oorgelaat het. Nog

tans is hierdeur weer kontrole gehandhaaf. Hierdie toestand het bly voortbestaan tot 31 Desember 1932 en kan beskou word as 'n oorgangsperiode in die ontwikkelingsgeskiedenis van die F.S.B.S.A. 'n Onmiddellike radikale verandering, as gevolg van die heersende finansiële depressie, was dus nie raadsaam nie en moes gevolglik geleidelik ingevoer word.

Spoedig is 'n beter en strenger geboortekontrolesisteem ingevoer, geboortekennisgewing moes in duplikaat geskied, vergesel van die nodige sketstekeninge en binne 14 dae na geboorte. Een hiervan is in die kantoor gebriefstif vir latere referensie en kontrole, wat vroeër nie die geval was nie. Ook is die vereistes vir importeer baie verskerp (vereistes toegepas neergelê op bladsy 152) en op spesiale bloedlyne en tipes toegelê en nie so seer notisie geneem van eerste pryse op Leeuwarden nie, dog meer die produksie, bou en bekendheid in ag geneem, met die gevolg dat meer ouere en beproefde bulle geïmporteer is.

Veel strenger kontrole en inspeksie is toegepas by die Aanhangselvee.

In 1927 het Mnr. H. Abrahamson al 'n geleidelike uitkieming van lede begin (tot 1927 was mense lede wat vir jare nie hul subskripsie betaal het nie en ook is lede nooit afgeskryf nie) en lede begin afskryf; sterker aangepak deur Mnr. Hiemstra en alle nie-betalers na die nodige kennisgewings geskraap. Hieruit blyk duidelik dat die aangegewe ledetalle voor 1927 geensins betroubaar is nie.

Tot 1931 het 'n stelsel van aanwerwing (canvassing) van lede bestaan, mense is aangemoedig om lede te word of hulle fokkers was of nie. Vandag moet applikasie gemaak word, die lidmaatskapfooi bygevoeg en twee briewe van aanbeveling geteken by voorkeur deur 'n magistraat, vrederegter, predikant of bekende lid. As goeie lede iemand aanbeveel, dan is aanbevelingsbriewe onnodig. Die doel hiervan is om met uitgesoekte betroubare lede voort te bou—ongetwyfeld die regte beginsel.

Nieteenstaande bogenoemde verbeteringe was die F.S.B.S.A. nog geensins op 'n gesonde, wetenskaplike grondslag geplaas nie en nog van weinig foktegniesewaarde.

Einde 1931 het die heer Hiemstra oorsee gegaan op 'n uitgebreide sesmaandse ondersoek na die beste Stamboekstelsels in Europa en Engeland. By sy terugkeer het hy in 'n uitstekende rapport sy nuwe voorgestelde skema ter goedkeuring aan die F.A.G.S.A. voorgelê, wat gevolglik ook aangeneem is.

Op 1 Januarie 1933 breek 'n nuwe tydperk aan in die ontwikkelingsgeskiedenis van die F.S.B.S.A. en tree die nuwe sisteem in werking, waardeur die F.S.B.S.A. nie alleen op 'n gesonder wetenskaplike basis geplaas is nie, dog ook gunstig vergelyk met die beste stamboekstelsels van die wêreld*—'n sisteem waarop ons trots kan wees en die buitewêreld meer vertroue in die gegewens van die F.S.B.S.A. sal gee.

Samestelling van die nuwe Stamboek([67]):

(1) Suidafrikaanse Fries-Kalfboek (S.A.F.K.).

(2) Suidafrikaanse Friesvee-Stamboek (F.S.B.S.A.).

(3) Suidafrikaanse Friesvee-Register (S.A.F.R.); diere kry 'n „0" voor No.

(4) Byboek- en Hulpboekafdeling.

---

*Slegs die tansbestaande punteskaal moet direk in hersiening geneem word (sien kritiese beskouing en aanbevelings bladsy 149).

(27) MNR. E. G. HARDY, Superintendent van Suiwel.

Foto. Fries Veetelers Vereniging.

(26) MNR. JELTE HIEMSTRA, Sekretaris Fries Veetelers Vereniging van Suid-Afrika.

Foto. Fries Veetelers Vereniging.

(25) MNR. HAROLD ABRAHAMSON, L.V.

Foto. Fries Veetelers Vereniging.



(28) MELROSE ZENDELING 4082/5, preferent verklaar in Mei 1936.
Teler : Mnr. O. W. R. Evans, Melrose, Bedford.

Foto. Fries Veetelers Vereniging.

Vereistes gestel vir S.A.F.K.[67] **en bestaande regulasies**:

(*a*) „Kalwers, wat die afstammelinge is van ouers wat in enige van die Vereniging se boeke geregistreer is en waarvan kennis gegee is binne 14 dae vanaf die geboorte aan die sekretaris van die Vereniging, word in die Kalfboek ingeskryf en 'n Kalfboek-uittrekselbewys deur die Vereniging vir elke kalf uitgereik. Sulke diere bly in die Kalfboek tot tyd en wyl hulle bevoegd mag wees vir registrasie in die F.S.B.S.A. of S.A.F.R."

(*b*) Geboortekennisgewing moet in duplikaat geskied op die verskafte gedrukte vorms (die oorspronklike saam met een afskrif moet ingestuur word).

Boeke met 100 kennisgewingsvorms, in triplikaat gedruk, is verkrygbaar by die kantoor van die Vereniging teen 10s. per boek. Twee eksemplare van elke kennisgewing moet aan die kantoor van die Vereniging gestuur word en die derde in die boek agtergehou word ter inligting van die teler en vir die inspekteur om na te sien.

(*c*) Indien die moeder van die dier gedek was, deur 'n ander bul as die van die eienaar, moet 'n dekkingsertifikaat die geboortekennisgewing vergesel.

(*d*) 'n Sketstekening, wat die kleurmerke aan die linker- sowel as aan die regterssy presies aangee, moet die geboortekennisgewing vergesel, sowel as besonderhede van teel.

Instede van 'n sketstekening word volgens Kalaugher, sekretaris van die „New Zealand Friesland Association" daar 'n fotograviese sisteem van voor 1930 met sukses toegepas. 'n Fotograviese sisteem is beslis te verkies bo 'n sketstekening daar dit ook die bou en tipe van die dier aangee, mits die foto's goed geneem word. Hierdie sisteem behoort in Suid-Afrika uitgetoets te word.

(*e*) Die verkoop van, of oordrag van eiendomsreg op enige dier wat in die „S.A.F.K." ingeskryf is, moet deur die verkoper aangekondig word, deur die Kalfboekbewys en die naam en die adres van die koper na die kantoor van die Vereniging in te stuur, tesame met die fooi van 3s. Dergelike oordrag word in die „S.A.F.K." aangeteken.

(*f*) Versuim om sodanige oordragte aan te kondig, binne vier maande vanaf die dag waarop die oordrag plaasgevind het, sal die dier uitsluit van enige verdere registrasie.

(*g*) Offisiële melkrekords van diere, wat in die Kalfboek ingeskryf is, word in hierdie boek ingevul totdat hulle oorgaan na die F.S.B.S.A. of S.A.F.R.

(*h*) By die geboortekennisgewing word direk ook aansoek gedoen om registrasie, sodra die dier die regte ouderdom bereik. As sodanige koei of bul later afgekeur word by inspeksie dan kry die eienaar sy kalfsertifikaat terug met 'n rooistreep daaroorheen en geskryf „Verwerp vir die F.S.B.S.A."—die dier bly dus in die Kalfboek.

Hierdie Kalfboek is dus 'n fokboek waarin alle kalwers geregistreer word onder die naam van die telers met bepaalde letters en opeenvolgende nommers —dus gebaseer op die stelsel van Friesland.

Hierdie stelsel is van toepassing op alle kalwers gebore na 1 Januarie 1933.

Ongetwyfeld is die geboortekontrole nog nie die mees ideale wat ons sou verlang nie, dog beslis voldoende betroubaar, deur 'n heel streng kontrole in die kantoor sowel as met die inspeksie, in aanpassing by die geweldige uitgestrektheid van Suid-Afrika en die verspreiding van die fokkers.

Vereistes gestel vir die F.S.B.S.A. en regulasies neergelê(67) :

1. Diere wat ingeskryf is in die „S.A.F.K." word, wanneer hulle voldoen het aan die inspeksie- en produksievereistes, in die „F.S.B.S.A." geregistreer.

2. Bulle sal geskik wees vir inspeksie vanaf die ouderdom van twaalf maande en moet minstens 50 persent van die punte in elke onderafdeling van die punteskaal behaal en 70 persent van die totale aantal punte.

3. Vroulike diere sal geskik wees vir inspeksie vanaf die geboorte van hul eerste kalf en moet minstens 50 persent van die punte in elke onderafdeling van die punteskaal behaal en 70 persent van die totale aantal punte.

Hierdie minima (by Nos. 2 en 3 gestel) is mynsinsiens volkome in stryd met die nuwere insigte, wat die Algemene Voorkome, tipe, uiterlike rassuiwerheid, weerstandsvermoë, ens., as beslissend stel en die waardering van die onderdele slegs beskou as 'n nadere omskrywing van die kwaliteit van hierdie onderdele en motivering van die uitgesproke waardering van die tipe, ens. Om 'n dier met 50 persent vir Algemene Voorkome te registreer slaan al die beginsels en die skitterende vooropgestelde doel van die F.S.B.S.A. direk die nek in, en maak dit wetenskaplik waardeloos.

Die Algemene Voorkome (waaronder begrepe: die uniformiteit van bou en onderdele, konstitusie, tipe, uiterlike rassuiwerheid, adel, afwesigheid van gebreke, voedingstoestand, ontwikkeling in verhouding tot ouderdom, geslagskarakter, ens.) moet steeds hoofsaak bly en die grondslag vir registrasie vorm en as minimum vereiste moet hier gestel word 70 persent (b.c.). Geen dier, wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie behoort vir registrasie in aanmerking geneem te word nie.

Vir die onderdele is 'n minimum vereiste van 50 persent dientengevolge ook te laag en sal 60 persent ongetwyfeld juister wees.

Bogenoemde aanbevelings word gevolglik sterk aanbeveel vir die F.S.B.S.A. vir onmiddellike oorweging.

4. **Die moeder van enige bul** wat aangebied word vir registrasie in die F.S.B.S.A. sal aan minstens een van die hieronder vermelde produksievereistes moet voldoen het alvorens hy in die F.S.B.S.A. geregistreer kan word.

Enige vroulike dier wat aangebied word vir registrasie in die F.S.B.S.A. sal aan minstens een van die hieronder gemelde produksievereistes moet voldoen het alvorens sy in die F.S.B.S.A. geregistreer kan word:

Klas.	*Minimum-Hoeveelheid Melk.	*Minimum-Hoeveelheid Bottervet.	Persent Botter-vet.	Dae.
2 Jaar Oud	7,600 pond	260 pond	3%	300
Junior 3	8,100 ,,	280 ,,	3%	300
Senior 3	8,600 ,,	300 ,,	3%	300
Junior 4	9,100 ,,	325 ,,	3%	300
Senior 4	9,700 ,,	360 ,,	3%	300
Volwasse	11,000 ,,	400 ,,	3%	300

* Werklike syfers en geen omgerekende syfers nie.

5. Sodra 'n dier aan hierdie voorwaardes voldoen, word dit in die geskrewe sowel as die gedrukte F.S.B.S.A. geregistreer. Die Kalfboekbewys word dan gekanseleer en 'n registrasiesertifikaat met die F.S.B.S.A. nommer daarop uitgereik.

6. Enige dier wat geregistreer is kragtens die stelsel wat voor 1 Januarie 1933 toegepas is, kan, wanneer dit voldoen aan die inspeksie- en produksievereistes, in die F.S.B.S.A. geregistreer word.

Die ondergemelde fooie vir inspeksie en registrasie sal gehef word vir sulke diere en hul vorige registrasiesertifikate gekanseleer en vervang word deur 'n registrasiesertifikaat wat hul nommer in die F.S.B.S.A. sal dra.

7. Koste vir inspeksie, 10s. per dier en registrasiekoste 4s. per dier; oorplasingsfooi vir diere wat geregistreer was in die vorige F.S.B.S.A., 5s. per dier.

8. Die gedrukte „F.S.B.S.A." sal bevat die nommer, nommers van vader en moeder, geboortedatum, teler en eienaar, inspeksiedatum, besonderhede oor punteskaal, beskrywing en verslag van melkopbrengs van elke dier wat daarin geregistreer is.

9. Ingeval diere nie by die eerste inspeksie slaag nie, kan hulle by enige later geleentheid weer aangebied word vir inspeksie.

10. By vasstelling van die inspeksiedatums sal die heersende klimaatsgesteldheid, asook die jaargetye, wanneer die diere in elke provinsie op hul beste gesien kan word, in aanmerking geneem word.

Uit bogaande blyk duidelik dat die „F.S.B.S.A." tans meer foktegniese waarde besit, met uitsondering van die punteskaal wat soötegnies waardeloos is (sien kritiese beskouing, bladsy 149).

Vereistes gestel vir S.A.F.R. en bestaande regulasies(67) :

1. Diere met geen offisiële verslag van melkopbrengs nie en diere wat nie daarin geslaag het om aan die produksievereistes vir die F.S.B.S.A. te voldoen nie, en in die kalfboek ingeskrywe is, of kragtens enige stelsel in gebruik voor 1 Januarie 1933 geregistreer is, wat voldoen aan die inspeksievereistes, kan in die S.A.F.R. geregistreer word.

*2. Bulle sal vanaf die ouderdom van twaalf maande toegelaat word vir inspeksie en moet minstens 50 persent van die punte in elke afdeling van die punteskaal behaal en 70 persent van die totale aantal punte.

*3. Vroulike diere word toegelaat vir inspeksie vanaf die geboorte van hul eerste kalf en moet minstens 50 persent van die punte in elke afdeling van die punteskaal behaal en 70 persent van die totale aantal punte.

Die inspekteur is geregtig om enige, volgens sy oordeel nodige, ondersoek in te stel met betrekking tot die produksievermoë van sulke diere.

4. Enige dier wat aan hierdie voorwaardes voldoen sal in die geskrewe sowel as in die gedrukte „S.A.F.R." geregistreer word. Die Kalfboekbewys van so 'n dier, of sertifikate wat uitgereik is kragtens die stelsel in gebruik voor 1 Januarie 1933, sal gekanseleer en 'n registrasiesertifikaat uitgereik word wat sy nommer in die „S.A.F.R." dra en die ondergenoemde fooie vir inspeksie en registrasie gehef word.

5. Inspeksie-, registrasie- en oorplasingsfooie presies dieselfde as vir die F.S.B.S.A.

6. Die gedrukte „S.A.F.R." bevat die nommer, nommers van die vader en moeder, geboortedatum, teler en eienaar, inspeksiedatum, besonderhede oor die punteskaal en beskrywing van elke dier wat daarin geregistreer is.

---

* Sien kritiese beskouing bladsy 146

7. Die Kalfboekbewys van Kalfboekdiere wat aangebied word vir registrasie in die „S.A.F.R." en nie daarin slaag om aan die vereistes te voldoen nie, sal onderskryf word **„Verwerp vir ‚S.A.F.R.' "**

8. Ingeval diere nie by die eerste inspeksie slaag nie, kan hulle by enige latere geleentheid weer aangebied word vir inspeksie.

9. Enige dier wat in die „S.A.F.R." geregistreer is, wat later mag voldoen aan die produksievereistes, kan op aansoek in die „F.S.B.S.A." ingeskryf word.

10. Diere wat aan oorerflike siektes ly kom nie in aanmerking vir registrasie in die „S.A.F.R." sowel as „F.S.B.S.A." nie.

Die S.A.F.R. stem dus ooreen met die stamboek van die F.R.S. en N.R.S., waarin diere geregistreer word wat aan die vereiste eksterieurebou voldoen, dog gestipuleerde produksievereistes nie geverg word nie. Wel maak die F.R.S. punteskaal gedeeltelik hiervoor voorsiening deur 20 punte uit 'n totaal van 100 vir die uier, spene, ens., toe te ken, nogtans berus dit op suggestie en geen konkrete gegewens nie.

Die „F.S.B.S.A." is dus feitlik 'n keurstamboek, waarop die toekomstige friesvee van Suid-Afrika opgebou sal word.

Punteskaal tans in gebruik vir die F.S.B.S.A. en S.A.F.R.:

BUL.

Kop en horings	10
Nek, hals, bors, skouers, skof	12
Haaslêer, rug, ribbe, lende, buikkas (middelstuk) en flanke	17
Heupe, bekke, kruis, sitbene, bande, stertinplanting	18
Dye, agterdye, dam en stert	7
Hakke, pote en hoewe	6
Melkkenmerke, melkare, byspeentjies, vel, haar, ens.	9
Karakter, regte tipe	9
Algemene voorkome, kleurmerke, stand en gang en grootte ...	12
	100

KOEI.

Kop	8
Nek, hals, bors, skouers en skof	10
Haaslêer, rug, ribbe, lende, buikkas (middelstuk) en flanke ...	16
Heupe, bekke, kruis, sitbene, stertinplanting	17
Dye, agterdye, dam, stert	5
Hakke, pote, hoewe	5
Uier, melkare, en spene	15
Vel, hare, melkspieël	6
Karakter en regte tipe	6
Algemene voorkome, kleurmerke, stand en gang, grootte	12
	100

By die keuring van beeste word die beskrywende Hollandse stelsel gebruik, m.a.w. die lettersisteem en *a* 10/10=uitmuntend; *ab* 9/10=baie goed; *b* 8/10 =goed; *bc* 7/10=taamlik goed; *c* 6/10=matig goed; *cd* 5/10=taamlik; *d* (nul)=diskwalifikasie.

'n + (plus) of — (minus) kan deur die inspekteur toegevoeg of afgetrek word.

Kritiese beskouing van die punteskale en mynsinsiens essensiële veranderings en aanbevelings:

Bogenoemde punteskale is op suiwer soötegniese gronde waardeloos en dus direk te verwerp om die volgende redes:

1. By die eksterieure beoordeling van 'n dier gaan dit in hoofsaak om die dier as „een samehangende geheel" te beskou, m.a.w. die **Algemene Voorkome** (insluitende die eweredigheid in bou, tipe, uiterlike rassuiwerheid, adel, voedingskondisie, ontwikkeling in verhouding tot ouderdom, sterkte van konstitusie en gebruiksmoontlikhede) en **moet** gevolglik die grondslag vorm vir registrasie of nie, en dientengevolge die eerste en vernaamste plek in die punteskaal inneem en nie soos in bogenoemde punteskale die laaste en daarby betreklik minderwaardige posisie nie.

Alleen diere wat aan die minimum vereistes wat Algemene Voorkome betref mag vir registrasie in aanmerking kom en dientengevolge is 'n totaal van 12 punte soos in bogenoemde punteskale aangegee absoluut onvoldoende.

2. Bowedien behoort hierdie syfers, suiwer soötegnies beskou, onmiddellik afgeskaf te word en alleen die **waardeletters** behou te word, **wat die werklike beeld van die dier dan weergee** en volgens Bakker([82]) sal die wanhopige gehaspel met die totaalsyfer, en die dikwels byna uitsluitend konsentreer van die aandag op hierdie syfer, terwyl dit feitlik die minste belangrik is, dan 'n einde neem. Onteenseglik 'n baie raak aanmerking.

Mynsinsiens is dit *wetenskaplik absoluut foutief om 'n syfer te gaan toeken aan die Algemene Voorkome,* en dit sodoende 'n ondergeskikte deel van die geheel te gaan maak, terwyl dit self die geheel behoort te wees. Meeste stamboeke van die wêreld sondig nog op hierdie gebied, met inbegrip van bostaande punteskale.

Insgelyks is dit *verkeerd om syfers te gaan toeken aan die verskillende onderdele,* omdat dit: (*a*) onmoontlik is om 'n sekure en onbesproke syferindeling toe te ken; (*b*) die onderlinge verband en waarde van die verskillende onderdele nie in syfers uitgedruk kan word nie; (*c*) die syfers gee ons geen werklike beeld van die dier nie m.a.w. die foute en deugde is nie direk waarneembaar nie; en (*d*) diere met een of meer groot foute kan gemaklik veel te hoog aangeslaan word, soos die volgende voorbeelde sal verduidelik in aanpassing met bogenoemde punteskale.

(i) 'n Bul met 'n inspeksiekaart: *ab, ab, b, cd, bc, b, b, b, c,* behaal dus 'n totaal van 72·5 punte en word dus opgeneem in die stamboek, terwyl geen fokker so'n bul in sy kudde sal gebruik nie, as gevolg van die seer swakkruis en onvoldoende Algemene Voorkome, nogtans beantwoord die bul wel deeglik aan alle voorwaardes gestel deur die punteskaal vir registrasie.

(ii) 'n Koei met 'n inspeksiekaart: *ab, b, cd, b, ab, ab, b, b, b, c,* behaal dus 'n totaal van 73·4 punte en beantwoord aan alle voorwaardes gestel

deur die punteskaal vir registrasie, nogtans sal geen fokker vir 'n oomblik dink om hierdie koei as fokkoei te gebruik nie, weens die besonder swak middelstel en mynsinsiens onvoldoende Algemene Voorkome.

Hierdie voorbeelde kan met gemak nog deur tientalle en meer aangevul word, om die onwetenskaplike van soortgelyke punteskale te illustreer.

By die gebruik van **waarderingsletters,** en deur die Algemene Voorkome as geheel en hoofvereiste te stel, sal bogenoemde twee diere gevolglik vir registrasie geweier word, wat die fokkery op den duur seer waardevol sal kom te staan en die waarde van die stamboek as fokboek sal verhoog.

Deur vir die Algemene Voorkome, en die verskillende onderdele, alleen waardeletters te gee en geen syfers meer nie, sal bogenoemde punteskale (mynsinsiens ook 'n seer foutiewe benaming en liefs as **waardeletterskaal** bekend behoort te staan) as sodanig verval en alleen 'n rapport in letters word, waarby die waardeletter vir Algemene Voorkome vooraan sal kom te staan en die beslissing sal moet gee of die dier inskrywingswaardig is of nie.

Die beoordeling van die verskillende onderdele afsonderlik behoort feitlik meer die karakter te hê van 'n rapport; waardeur die oordeel uitgespreek oor die Algemene Voorkome, nogeens bevestig en nader gemotiveer word.

3. Volgens bogaande punteskale, word die dier as 'n samehangende geheel grotendeels op die agtergrond geskuif, en **word dit 'n foutsoekery** by dikwels seer ondergeskikte onderdele wat die fokwaarde van die dier betref. Teen hierdie tans nog heersende foutsoekery (soortgelyke punteskale skep beoordelaars mettertyd om in foutsoekers) by die beoordeling van diere moet ten strengste gewaarsku word en **die dier steeds as geheel op die voorgrond gestel word.**

As hierdie aanbeveling aanvaar word sal die onwetenskaplike sy en die growwe foute verbonde aan hierdie punteskale direk verval en ons 'n getrouer en meer opsigtelike beeld van die fenotipe van die dier kry. Vir-eens-en-vir-altoos behoort weggedoen te word met hierdie **reklamegrappie,** dat 'n dier soveel of soveel punte behaal het by eksterieure inspeksie, waardeur dikwels onder hierdie **dekmantel** (hoë aantal punte) growwe eksterieure foute geskuil word.

4. Ook die onderverdeling in hierdie punteskale van die verskillende onderdele van die liggaam kan op verbeter word en meer in ooreenstemming met die anatomiesebou gebring word. Mynsinsiens is hierdie punteskale veels te kompak, veral wat die voorstel en middelstel betref en ook behoort die bene (stand, gang en sterkte) beslis apart as Suid-Afrika se weiveldkondisies in aanmerking geneem word. 'n Uitgebreider onderverdeling skyn my aanbevelenswaard, mits in waarderingsletters uitgedruk.

Vir Algemene Voorkome word die Nederlandse waardelettersisteem aanbeveel, nl.:

a=100/100; ab=95/100; $b+$=90/100; b=85/100; $b-$=80/100; $bc+$=75/100; bc=70/100; c=0 (ongeskik vir registrasie).

Vir die onderdele: a=10/10 (uitstekend); ab=9/10 (baie goed); b=8/10 (goed); bc=7/10 (voldoende); c=6/10 (matig en net nog toelaatbaar); cd=0 (diskwalifikasie, onvoldoende). Geen byvoeging van plus(+) of

minus(—) tekens word hier aanbeveel nie, en beslis ook geen syfers vir die Algemene Voorkome, sowel as die verskillende onderdele nie.

Hier dryf dit beslis mettertyd op af by alle stamboeke en hoe eerder die F.S.B.S.A. hieraan gehoor gaan gee des te verstandiger; om dit sodoende op 'n suiwer foktegniese basis te plaas. Dan en dan alleen **sal die F.S.B.S.A. werklik vooraan wees en 'n goeie fokboek.**

5. By 'n noukeurige bestudering van die twee bestaande punteskale sal gemerk word dat by die verskillende onderdele van die koei punte uitgespaar moes word, in vergelyking met die van die bul, om 'n voldoende aantal punte vir die uier te verkry. *Hierdeur kry dieselfde onderdele by die bul en koei verskillende waardes en maak dientengevolge die beoordeling soötegnies en geneties waardeloos.* By die afskaffing van die syfers verval hierdie beswaar dus direk.

'n Moontlike motivering, als: „die fokkers is nou eenmaal aan 'n punteskaal geheg of gewoon" is natuurlik geen regverdiging vir die behou van die punteskale nie en seker geen suiwer foktegniese nie.

Hierdie aanbevelings, hoewel dit in die begin ongetwyfeld veel weerstand sal ondervind van verskillende fokkers, totdat hulle die suiwer soötegniese waarde daarvan besef, dien deur die stamboek onder die aandag van die fokkers gebring te word en geleidelik dog seker aanvaar te word, en dientengevolge die stamboek in 'n werklik goeie fokboek omskep; dog solank die bestaande punteskale in gebruik bly is hierdie moontlikheid, op suiwer soötegniese grond, definitief uitgeskakel.

Vereistes gestel vir Aanhangselafdeling(67):

„Frieskoeie kan in afdeling A van die Aanhangsel geregistreer word, op ontvangs en goedkeuring deur die Raad van 'n uitvoeringe verslag wat die geskiedenis van hul teelt omvat en die name van hul voorgeslagte aangee, en alle andere gegewens in verband met die diere, wat die Raad mag verlang.

„Indien die Raad die geskiedenis van die betrokke koeie goedkeur, asook die applikasie, sal sulke koeie, indien hulle oor die twee jaar en in die melk is, onderworpe wees aan inspeksie en goedkeuring deur 'n inspekteur, mits hulle die karakter en tipe van suiwer geteelde diere toon."

Die vereistes vir die Aanhangsel is dus veel strenger en veral word hierdie diere vandag heel streng gekontroleer en geïnspekteer, met die gevolg dat heel weinig ongewenste diere hierin opgeneem word. Nogtans bly dit onder alle omstandighede 'n gevaarlike en ongewenste afdeling verbonde aan die stamboek.

Vir hierdie diere bestaan 'n afsonderlike boek, wat op 1 September 1935 gesluit moes word, dog volgens Mnr. Hiemstra definitief op 1 September 1936 gesluit sal word vir alle nuwe diere, wat uiters essensieel is vir die suiwerhou van die stamboek.

Algemene regulasies in werking,(67) **1933**:

1. Geen onthoringde diere kom in aanmerking vir registrasie nie.

2. Die kleur moet swart en wit wees. Die gewenste kleurmerke is 'n wit onderlyn met 'n witstreep of band oor die kruis en skouers en ster op die voorkop. Beide kleure moet duidelik omlyn wees. Diskwalifikasies: geheel swart, geheel wit en enige ander kleur behalwe swart en wit, swart kwas, geheel witkop, geheel swart agterpoot, swartvlekke.

Die inspekteur van die Vereniging is die mag gegee om sy diskressie te gebruik in verband los swartkolle by hoë-kwaliteitsdiere.

'n Seer gevaarlike bepaling (tans), veral by hoë-kwaliteitsdiere, omdat hierdeur maklik diere geregistreer mag word in die stamboek wat liefs, terwille van die goeie naam van die stamboek, daarbuite moes gebly het, en gemaklik diere met afsigtelike kleure mag insluip, waardeur die gewenste kleurskakering mettertyd gaan ly en die foktegniesewaarde van die stamboek, veral in die buiteland, in twyfel getrek gaan word.

3. Alle lede moet 'n voor- of agtervoegsel laat registreer, waarvan hul die alleen gebruik het, en uitsluitend gebruik moet word by die benaming van alle diere deur hulle geteel.

4. Die Raad bestaan uit twaalf lede, plus 'n voorsitter en vise-voorsitter, laasgenoemdes word jaarliks by die algemene vergadering gekies, sowel as die helfte van die lede wat jaarliks aftree. Vier lede van die Raad vorm 'n kworum, terwyl vyftien lede 'n kworum vorm op die algemene jaarvergadering.

5. Lede mag geskraap word deur 'n meerderheid van minstens twee-derde van die aanwesige lede van die Raad, as sodanige lid in gebreke bly om agterstallige gelde verskuldig aan die Vereniging op te betaal, die reëls en regulasies moedwillig verontagsaam en enige oneerlikheid pleeg teenoor die Vereniging, sy beoordelaars, ens.

Ook by *geïmporteerde diere* is die vereistes vir registrasie in die F.S.B.S.A. aansienlik verskerp in 1933.

Vereistes :([67])

1. Diere wat ingevoer word moet afkomstig wees uit „preferente geslagte" —sien No. 2, bladsy 142 en kritiek, bladsy 118.

2. Bulle moet nie minder as 75 (**b- vir tipe is juis**) punte en vroulike diere nie minder as 77 (**b of b- vir tipe is juis, 75 of 77 punte is onjuis, sien kritiek bladsye 149 en vervolg**) punte by inspeksie behaal het. By bulle onder een jaar en vroulike diere onder twee jaar moet die vader en moeder aan bogenoemde inspeksievereistes voldoen, en verder waar doenlik moet sulke jongdiere goedgekeur wees op die punteskaalsisteem deur 'n inspekteur van 'n erkende stamboekvereniging. Applikasies vir registrasie van ingevoerde diere moet vergesel wees van die stamboeksertifikaat van 'n erkende stamboekvereniging.

Ook hier tree dieselfde foktegniese foute op die voorgrond, soos reeds vooraf (bladsye 149, ens.) breedvoerig bespreek, bv., ab-horings, ab-huid en ab-saadspieël ens., kan 'n bul met bc-kruis ewe hoog of hoër bring as 'n bul met b vir horings, huid, ens., en b vir kruis, terwyl laasgenoemde natuurlik ver bo die eerste te verkies is, nogtans mag hulle dieselfde syfertotaal besit en dientengevolge ewe hoog aangeslaan word. Dit is heel gemaklik minstens 'n tiental en meer van derglike voorbeelde saam te stel, wat die foutiewe van die syfertotale aantoon. Hieruit is definitief te konkludeer dat tien bulle met 'n b- vir Algemene Voorkome veel meer 'n gelyke fokwaarde het as tien bulle met 79 punte elk, en toon andermaal die noodsaaklikheid om van die syfertotale ontslae te raak.

3. Ongeregistreerde en ongekeurde diere, wat volgens die kwalifikasies van hul vader en moeder bevoegd is vir invoer, moet geïnspekteer word vir

registrasie in die Friesveetelers-Vereniging se stamboeke in Suid-Afrika wanneer hulle die hierbo vermelde ouderdom bereik.

4. Die moeder en grootmoeder van 'n dier wat nie getoets is nie, of die dier self as sy getoets is, en haar moeder, moet aan die volgende produksievereistes voldoen:

Klas.	Minimum-Hoeveelheid Melk.	Minimum-Hoeveelheid Bottervet.	Minimum Persent Bottervet.	Dae.
2 jaar en onder 3 ...	9,120 pond	328 pond	3·60%	300
3 ,, ,, 4 ...	10,440 ,,	380 ,,	3·60%	300
4 ,, ,, 5 ...	11,820 ,,	430 ,,	3·60%	300
5 ,, en oor	13,200 ,,	480 ,,	3·60%	300

Die doel van hierdie vereiste is om alleen die beste produseerders in te voer, en is tenvolle geregverdig, veral met die oog op die hoë onkoste verbonde aan die importeer van diere na Suid-Afrika en die oogmerk van die F.S.B.S.A. om alleen die beste fokmateriaal te gebruik vir die opbou van die toekomstige fokkery.

5. Die Raad van die F.A.G.S.A. kan in buitengewone omstandighede die registrasie goedkeur van ingevoerde friesbeeste wat nie voldoen aan bogenoemde regulasies nie, indien dit in die belang van die friesbeesbedryf in Suid-Afrika raadsaam geag word.

Hierdie regulasie is veral van toepassing by die invoer van bulle, dog word alleen van gebruik gemaak wanneer absoluut nodig.

Die volgende **fooie** is vanaf 1 Januarie 1933 in werking(67): Inspeksie vir die Aanhangsel, 10s. elk, inspeksie volgens punteskaal, 10s. elk, registrasie in die F.S.B.S.A. of S.A.F.R. of Aanhangsel, 4s. elk, registrasie van oorplasing in die F.S.B.S.A. of S.A.F.R. of Aanhangsel, 5s. elk. Lidmaatskapfooie dieselfde as voor 1933 uitgesonder vir lede wat 40 of minder stuks geregistreerde beeste besit en 'n verslag van hul vee indien, wanneer die volgende ledefooie in werking tree: £1 11s. 6d. vir eerste 10 geregistreerde diere, £2 2s. vir 11 tot 20, £3 3s. vir 21 tot 30, £4 4s. vir 31 tot 40.

Die Raad beveel aan dat fokkers die volgende ,,Aantekeningboeke'' sal gebruik ter verkryging van meer noukeurige gegewens:

1. Geboortekennisgewingboek wat 100 vorms, in triplikaat gedruk, bevat.

2. Oordragingsvormboek met 50 applikasievorms, in duplikaat, vir oordragings.

3. 'n Kudderegister—wat by die Vereniging verkrygbaar is en behoorlik gebind is. Dit bevat 'n alfabetiese indeks, 12 bladsye vir aantekeninge vir bulle wat in die kudde gebruik is, en plek om aantekeninge te maak vir 75 koeie met afstammelinge en melkrekord-tafels vir iedere koei.

Hierdeur word fokkers geleer om hul eie indiwiduele stamboeke op te bou.

Ook is reeds 'n begin gemaak met 'n **,,Bul-Indeks-Register''** waarin(67):

1. Die offisiële melkopbrengste van die bul se dogters en hul moeders opgeteken word.

2. Alle amptelike informasie betreffende verpleging, voeding, ens., word ook genoteer, teneinde die gegewens beter te kan beoordeel.

3. Hierdie register bevat alle bulle waarvan offisiële verslae van die melk opbrengs van dogters gehou is.

4. Die geslagregister, inspeksieverslae en beskrywing van die bul en offisiële opbrengsverslae van sy vroulike voorouers word ook opgeteken.

Die doel van hierdie „Bul-Indeks-Register" (B.I.R.) is om die fokwaarde van alle bulle te meet en sodoende die beste vaderdiere uit te kiem en te behou vir die fokkery. Ook verskaf dit uitstekende advies by die preferentverklaring van bulle. Wel sou ek aanbeveel dat die waardeletter vir Algemene Voorkome en tipe by elke dier geregistreer word in die „B.I.R." met die oog op latere ondersoekingswerk.

Sedert 1929 is die preferentverklaring van bulle onder bespreking, dog pas in 1935 is die volgende here op goedkeuring van die Minister van Landbou aangestel op die „Preferente Raad" („S.A. Friesland Journal," Julie 1935): Prof. J. H. T. W. Reimers, Stellenbosch; Mnr. Harold Abrahamson, L.V.; Mnr. E. C. Hardy, Superintendent van Suiwel; Mnr. Jelte Hiemstra. Weens die siekte van enige van hierdie lede is pas in begin 1936 'n begin gemaak met die preferente ondersoek. (Sien Foto 27.)

Vereistes vir preferent verklaring[67]:

1. Alleen van toepassing op diere wat volgens die punteskaal beoordeel is en waarvan daar offisieel opgetekende melkopbrengste bestaan.

2. Die bul moet in die goedgekeurde afdeling (Approved Section) van die stamboek geregistreer wees, of in die nuwe F.S.B.S.A. of S.A.F.R.

3. Daar moet 15 vroulike en 5 manlike afstammelinge, wat geteel is uit sodanige bul uit getoetste en gekeurde koeie, waarvan die offisiële melkrekords, behoorlik gesertifiseer deur die suiwel-superintendent van Suid-Afrika of 'n erkende aangeslote teel-stamboekvereniging, vertoon word.

4. Die bul sal sy prepotente en preferente vermoë uit sy dogters moet bewys, deurdat die gemiddelde offisiële rekords van sodanige 15 dogters hoër moet wees as die gemiddelde produksiestandaard van hul moeders; die 15 dogters moet die **standaard neergelê deur die stamboek** tenopsigte van melk- en bottervetopbrengs bereik het.

Die ouderdom moet in aanmerking geneem en die nodige veranderinge aangebring word (sien bladsy 137 vir produksie-veranderinge aangebring).

Hier word dus berekendeproduksies met werklike produksies vergelyk m.a.w. aan suggestieweproduksies waarde geheg, die onwetenskaplike hiervan verdien ongetwyfeld geen verdere betoog nie. Suiwer foktegnies mag alleen aan werklike verkreë produksies waarde geheg word.

Ook mag die produksies van die dogters alleen vergelyk word met dié van hulle moeders vir dieselfde leeftyd en sal voedings- en verplegingstoestande en verskille, ens., wel deeglik in aanmerking geneem moet word, om enigsins tot betroubare gevolgtrekkings te kom.

5. Die gemiddelde van die aantal punte wat volgens die offisiële punteskaal deur die 15 dogters en (soos in No. 3) deur die 5 seuns behaal is, moet 'n verbetering in bouvorm op die moeders toon.

Hier moet dus die gemiddelde punte van die kinders in vergelyking met die van die moeders die verbetering aangee! 'n Absoluut waardelose vereiste en geen bewys lewer, dat die dogters 'n hoër fokwaarde besit as hulle moeders nie. Veel juister sou wees om die waardeletters vir Algemene Voorkome van die

dogters te vergelyk met die van hul respektiewelike moeders. Soos die vereiste hier staan kan seer groot foute in die eksterieure bou van die dogters optree en nogtans kan hulle gemiddelde punte hoër wees as die van hul moeders en die preferentverklaring van die bul regverdig, terwyl hy in werklikheid die fokwaarde van sy dogters verlaag het inplaas van verbeter het. Met syfers moet steeds versigtig gehandel word.

Volgens bogaande reël 3 en 4 is die teler dus geregtig om die beste 15 dogters en 5 seuns te selekteer vir ondersoek, dog by nader ondersoek het geblyk dat die Preferente Raad so ver moontlik alle seuns en dogters van 'n bul ondersoek het, wat 'n veel gesonder prosedure is en die moontlikheid van 'n foutiewe beoordeling van die fokwaarde van 'n stier grotendeels elimineer. Ongelukkig blyk uit die rapport van die Preferente Raad dat hierdie beginsel nie volkome nagekom is nie, dog hier moet die geweldige uitgestrektheid van die land en die verspreiding van die telers en boere wel deeglik in aanmerking geneem word.

Nogtans moet die preferentverklaring van bulle met die grootste versigtigheid en reserwe geskied, omdat *die preferentverklaring van ongewenste bulle onnoemlik veel skade kan doen* aan indiwiduele fokkerye, sowel as die fokkery as geheel en die resultaat van jare se arbeid binne 'n paar generasies totaal vernietig.

Die volgende vyf bulle is in begin 1936 ondersoek vir die preferentskap:

Arend, 1859/12 S.A.S.B., 6519 F.R.S.; Melrose Zendeling, 4082/5 F.S.B.S.A., beide van Mnr. J. H. le Roux, Bakenskraal, Oudtshoorn. Lodewyk, 2210/4 F.S.B.S.A., 13434 F.R.S. van Van Niekerk Gebrs., Brakfontein, Bedford; Elandskuil Buringa III, 1508/3 F.S.B.S.A. en Elandskuil Resida's Bloemfontein, 3790/5 F.S.B.S.A. van Mnr. Gerard Bekker, Elandskuil, Steynsburg, waarvan eersgenoemde vier preferent verklaar is.

Rapport van die Preferente Raad insake genoemde vyf bulle (volgens die „S.A. Friesland Journal", Mei 1936):

1. **Arend,** 1859/12, 6519 F.R.S.: „The Committee has seen six daughters of Arend, all of good and excellent type. All are of pronounced dairy type in general appearance, with strong topline, well developed and well placed udders and of excellent constitution. All these daughters are cows of between 13 to 16 years old, and even at that age are a credit to any first-class herd. The five granddaughters, by sons of Arend, examined are also of excellent type, closely resembling the daughters of Arend in regard to conformation, and are equally good producers. The Committee, after careful consideration of the facts submitted herewith, has no hesitation in strongly recommending that Arend be declared Preferent."

2. **Melrose Zendeling,** 4082/5: „(1) Has effected a great improvement in milk production and butterfat percentage, notwithstanding the fact that he was used in a herd in which the production has already reached a high level. (2) Has maintained the conformation of daughters out of cows of good conformation. (3) Recommends that he be declared Preferent, but at the same time it desires to draw attention to the fact that, owing to the small number of sons available for inspection, it is not possible to arrive at a definite conclusion in regard to his male progeny."

3. **Lodewyk,** 2210/4, 13434 F.R.S.: „The Committee finds that the butterfat percentage of the daughters shows a very remarkable improvement,

while their milk production has been kept at a fair level. The daughters are of a very uniform improved type compared with the dams and show a very desirable improvement in general appearance, and the Committee is of opinion that Lodewyk is very prepotent in this respect and recommends that Lodewyk should be declared Preferent."

4. **Elandskuil Buringa III,** 1508/3 : „The Committee recommends that this bull, notwithstanding some minor faults which appear consistently next to the outstanding qualities, should be declared Preferent, especially when taking into account the score-cards of his male progeny, and the milk records of the daughters which often show such good improvement in fat percentage, that the total butterfat production is higher, notwithstanding a decrease in the total quantity of milk."

5. **Elandskuil Resida's Bloemfontein,** 3790/5 : „From what the Committee has seen of the progeny of this bull, together with the information available, it considers it necessary that more of his progeny should be inspected, especially daughters, before it is possible to arrive at a definite conclusion. Judgment on this bull should be postponed, and the progeny already inspected should be re-inspected at a later date and additional progeny examined."

Kritiese beskouing : Uit bogaande rapporte blyk dat Arend, 1859/12 nie voldoen het aan vereiste No. 3, bladsy 154 nie, dog in aanmerking moet geneem word, dat hierdie bul reeds in 1919 dood is en dus weinig van sy dogters nog sal leef. Egter behoort meer van sy kleindogters ondersoek te geword het. Die Preferente Raad konkludeer: „Although the progeny of the bull Arend do not altogether comply with the regulations laid down in the Preferent Bull scheme, all that is known of the descendants of this bull has been taken into careful consideration."

Van Melrose Zendeling, 4082/5 is ondersoek ongeveer 45 vroulike afstammelinge waarvan 35 koeie en 4 manlike afstammelinge. Volgens die rapport: „The female progeny are numerous enough to allow definite conclusions in regard to conformation and production." Hierdie konklusie wil ek sterk weerspreek, want in aanmerking nemende dat hierdie bul reeds 24/5/25 gebore is en in 1936 nog geleef het is 'n totaal van 45 dogters ondersoek beslis 'n veel-te-veel klein persentasie van die werklike aantal dogters gelewer, om tot definitiewe en betroubare konklusies te kom. Hier bestaan die moontlikheid, dat alleen van die goeie dogters ondersoek is en weinig of geen van die swakkere dogters nie, wat as gevolg van moontlike agteruitgang outomaties self in die onbekende verdwyn het. Mynsinsiens behoort minstens 80 persent, indien moontlik alle dogters, van 'n bul ondersoek word en wel in vergelyking met hulle moeders waar moontlik, voordat 'n preferentverklaring gewaag mag word; want dit bly beslis 'n gevaarlike spel. Ook behoort indien moontlik alle seuns ondersoek te word.

Van Lodewyk, 2210/4, 13434 F.R.S., gebore 30/1/22, geïmporteer 19/10/23, dood November 1935, is slegs twee seuns ondersoek en 40 volwasse koeie (35 in melk) en 20 verse. Hoewel hier 'n aansienlike aantal dogters ondersoek is, is die persentasie ongetwyfeld nie hoog nie en die aantal seuns voldoen nie aan vereiste No. 3, bladsy 154 neergelê nie.

Van Elandskuil Buringa III, 1508/3, gebore 3/4/21 is slegs sewe dogters (almal ou koeie) ondersoek en 'n aantal kleindogters (getal nie aangegee nie).

Hierdie getal is beslis te min om enige betroubare konklusie van te trek. Insake die seuns word rapporteer: „The Committee based its findings on the score-cards published in this report and on information obtained from members of the Committee, who in the past have judged the male progeny of Buringa at various shows."

Inspeksierapporte van agt seuns van Elandskuil Buringa III:

	Waardeletter.	Totaal punte
Kop, ens.	b+(1) ; b (5) ; bc (2)	78·2
Nek, bors, ens.	ab (1) ; b+(4) ; b (2) ; bc (1) ...	82·7
Middelstel (rug, ens.)	ab (2) ; b+(4) ; b (2)	81·2
Kruis, ens.	b+(4) ; b (2) ; bc+(1) ; bc (1) ...	79·1
Dye, ens.	b+(2) ; b (6)	84·4
Bene, hoewe, ens.	b+(2) ; b (3) ; bc (3)	78·2
Vel, hare, ens.	b+(1) ; b (6) ; b−(1)	84·0
Karakter, tipe	b+(3) ; b (4) ; bc+(1)	82·7
Algemene Voorkome	b+(2) ; b (5) ; bc+(1)	

a=10/10, ab=9/10, b=8/10, bc=7/10.

Betreklik bevredigende puntelyste, dog die aantal is te gering.

Resumerend blyk dat al vier bulle nie tenvolle voldoen het aan die vooropgestelde vereistes vir preferentverklaring nie en dientengevolge was die preferentverklaring mynsinsiens tans nog gewaag, en 'n verdere uitgebreider en intensiewer ondersoek nog absoluut essensieel. Die uitgestrektheid van die land en verspreiding van die fokkers mag, in so'n belangrike saak met soveel verreikende moontlikhede ten goede of ten kwade op die fokkery as geheel, geen verklaring vir 'n minder intensiewe ondersoek wees nie. In derglike gevalle moet alle preferentverklaring liefs agterweë bly. Ek wil egter aanneem dat die Preferente Raad sy bes gedoen het en spreek alleen 'n woord van waarskuwing uit.

In Friesland is reeds in 1915 'n begin gemaak met die preferentverklaring van bulle, en veel waarde aangeheg. Bakker konkludeer hieroor: „De waarde der preferentverklaring in Friesland is niet overtuigend bewezen. In de eerste plaats hebben bijna 50 procent der preferente stieren weinig of niets gepresteerd, althans niet **waarneembaar** en in de tweede plaats zou **zonder** deze preferentverklaring, die niets anders als een reclamegrapje is, de fokkery precies zoo gegaan zijn, als ze gegaan is. De bloedlijnen zouden er **niet anders** uitzien, dan ze nu doen.

„Preferentverklaring geeft weinig zekerheid en is dus gevaarlijk. Ik ben er een absoluut tegenstander van en zeker in fokkerijen, die deze reclame niet noodig hebben."

In Maart 1935 is gestig die „Friesland Cattle Bureau Proprietary, Ltd.", wat nie verbonde is aan die stamboek nie, dog wel onder die kontrole daarvan staan, met die volgende doel:

(*a*) Om die verkoop, sowel as die reëling van verkoop, van vee van sy lede te beheer.

(*b*) Die hou van 'n Nasionale Tentoonstelling te bevorder.

(*c*) Later bulle aan te koop, te versorg en aan die regte telers te verkoop.

Ongetwyfeld sal dit die verkry van die gewenste bulle baie vergemaklik vir die telers. Ook die hou van 'n jaarlikse **Nasionale Tentoonstelling** van friesvee, instede van die teenswoordige lokale tentoonstellings, is te prefereer

om sodoende die algemene peil van die fokkery as geheel beter te kan beoordeel.

Reeds heel vroeg is die noodsaaklikheid van 'n eie tydskrif besef deur die F.A.G.S.A., vir die verskaffing van die nodige advies en besonderhede betreffende die friesveefokkery van Suid-Afrika. In 1923 is besluit om 'n eie maandelikse Joernaal uit te gee onder die naam „The S.A. Friesland Journal," waarvan die eerste uitgawe in Januarie 1924 verskyn het.

Gedurende die eerste jare het hierdie Joernaal heel weinig wetenskaplike teeltgegewens bevat en was in hoofsaak 'n adres- en reklameboekie. In November 1932 is dit deur Mnr. Hiemstra verbeter en verskyn 'n verbeterde en meer aantreklike uitgawe met aansienlik meer gegewens. In September 1935 is dit nogmaals verbeter en vergroot en beantwoord vandag veel beter aan sy doel en bevat 'n massa heel belangrike gegewens oor die friesveefokkery van Suid-Afrika. Dit staan onder die editeurskap van die heer Hiemstra.

Ook op gebied van **tuberkulose-bestryding** by beeste (hoewel dit vandag nog nie verpligtend is in Suid-Afrika nie) het die F.A.G.S.A. waarskynlik meer gedoen as enige ander Genootskap, deur dit sterk aan te moedig by sy lede, met die gevolg dat heelwat frieskuddes vandag gereeld getoets word.

Op 1 Julie 1930 is Mnr. W. N. Lee aangestel as assistent-inspekteur met die oog op die verpligte inspeksie vir die stamboek, sodat die stamboek vandag oor 'n permanente inspekteur beskik en minder onderhewig is aan die uiteenlopende sienswyses van verskillende en afwisselende inspekteurs.

Resumerend blyk uit bogaande opsomming **dat die F.S.B.S.A. sedert 1929 en veral vanaf 1 Januarie 1933 met rasse skrede vooruitgegaan het in die regte rigting en veral die friesveefokkery op 'n gesonder rasionele basis geplaas het, waarop sonder huiwering in die toekoms gebou kan word.** Slegs die punteskaal dien in hersiening geneem te word, soos aanbeveel, om die F.S.B.S.A. werklik 'n goeie fokboek te maak.

Nieteenstaande die vele pogings in die verlede aangewend, bly die F.S.B.S.A. ongelukkig vandag nog gekoppel aan die S.A.S.B. deur Wet No. 22 van 1920 en word, soos voorheen reeds gemeld, nog alle registrasiesertifikate van die F.S.B.S.A. uitgereik met die goedkeuring van, en onder beheer van die S.A.S.B. Hoe gouer hierdie Wet herroep word des te beter vir die onderlinge samewerking van hierdie twee stamboeke.

'n Verdere terugslag is die F.S.B.S.A. toegedien deur die ongetwyfeld goed bedoelde, dog swak geformuleerde (met betrekking tot die F.S.B.S.A.) Wet No. 48 van 1934.

Hierdie Wet, bekend as die „Livestock and Meat Industries Act" of ook die „Beesteverbeteringswet" kom kortliks hierop neer dat: 25 boere met minstens 30 beeste, elk waarvan tenminste 15 aanteelvee is, so 'n distrik of wyk as 'n veeverbeteringsdistrik of -wyk verklaar kan kry deur die Minister van Landbou, waar die volgende regulasies dan in werking tree:

(*a*) In distrikte of streke wat as beesteverbeteringsgebiede geproklameer word, sal alleen goedgekeurde bulle aangehou mag word (Artikel 26, Klousule 1).

(*b*) Bogaande is van toepassing op alle boere in so 'n geproklameerde beesteverbeteringsgebied, selfs al het hulle teen die proklamasie gestem.

(*c*) 'n Goedgekeurde bul is één wat deur 'n inspekteur deur die Minister van Landbou aangestel of aangewys, vir veeteeltdoeleindes goedgekeur is.

(*d*) Ongeregistreerde bulle kan ook goedgekeur word.

(*e*) 'n Beesteverbeteringsgebied sal nie tot één beesras beperk wees nie. Met enige ras of klas bees mag geboer word, solank die bulle goedgekeur is.

Die Wet maak dan voorsiening dat vir elke goedgekeurde bul in so 'n streek 'n subsidie ten bedrae van die helfte van die koopsom, met 'n maksimum van £12 10s. toegestaan sal word.

Hierdie Wet is van 'n wetenskaplike veeteeltstandpunt beskou waardeloos vir veeverbetering en 'n verkwisting van geld van dié standpunt beskou. Die Wet stipuleer **dat met enige ras of klas bees mag geboer word** en dus ewentueel 'n geweldige massa kruising sal veroorsaak en die fokkery uiteindelik in so 'n warboel dryf, dat alles en nog wat daaruit sal kom. Daar bestaan geen moontlikheid om meer uniformiteit te bereik met hierdie sisteem van wilde kruising nie, **tensy die aangewese inspekteurs die indiwiduele fokrigting aangee en baie streng kontroleer.**

Vir die F.S.B.S.A. is hierdie Wet 'n heel gevaarlike soos uit die volgende notariële afskrif sal blyk:

„*Re*: Act No. 48 of 1934—Livestock and Meat Industries Act.

In this matter we are asked to advise:

(*a*) whether your Association and similar Societies are recognized under the Act;

(*b*) what protection your members have and whether registered animals are exempt from the provisions of the Act.

„On the first question put, it is clear that there is no recognition of the Association or similar Societies. The only reference to them is in Sections 4 and 5, where the right is conferred on the S.A.S.B. Association to nominate one representative to the Control Board, consisting of 11 Members. The Breed Societies have not even been given any say, actual or consultative, in the appointment of the Committee of Appeal, who have to review the decision of the Cattle Inspectors.

„On the second point it is clear that registered animals are not exempt from the provisions of the Act, and your members are given no adequate protection against the arbitrary provisions of the Act. **A bull which had passed the high standard of excellence laid down by you could be disapproved by the Inspector,** and the only right of appeal is to the Committee of three Cattle Farmers. The onus is also cast on your Members to have their bulls, regardless of cost and quality, approved and passed and they commit an offence if they keep or use a bull in proclaimed areas without this sanction. No rules are laid down for the guidance of the Cattle Inspector, and no right of appeal is given from a decision of the Committee of Appeal. The result is that the widest possible powers are vested in the Inspector and as long as he acted *bona fide* and in a regular manner, it would be extremely difficult to question his decision and that of the Committee of Appeal, in the Courts.

„As the Act stands it is clear that the registration of animals and the standard of excellence required by your Association are completely ignored

and the only remedy you and your Members appear to have to remove this anomaly is to approach the Government for a suitable amendment of the Act when an opportunity offers."

Hierdie wetlike verklaring toon duidelik in watter gevaarlike posisie hierdie Wet die F.S.B.S.A. geplaas het en dat 'n amendering hiervan absoluut essensieel is. Bowedien het dit 'n onnodige finansiële las op die skouers van die friesfokkers geplaas.

As hierdie inspekteurs geregistreerde friesbulle gaan afkeur, wat blykbaar nie maklik sal gebeur nie, dog die wetlike moontlikheid bestaan daartoe, sal dit 'n katastrofe vir die F.S.B.S.A. wees, sowel as vir die hele friesfokkery.

Die F.S.B.S.A. betree dus nog geensins 'n rosepad nie, hoewel die interne organisasie tans op 'n gesonde voet staan.

Waarnemings en gevolgtrekkings uit nagegane stamboekgegewens (Tabelle 44 tot 59):

1. Dat die afskaffing van verpligte inspeksie vir registrasie in die regte stamboek in 1925 en die registrasie op blote geboortekennisgewing, 'n deteriorerende effek moes hê op die suiwerhou van die friesras, en 'n groot aantal graaddiere (kruisingsprodukte) gedurende die jare 1925 tot 1929 in die regte stamboek geregistreer is; want in Vol. 4, „F.S.B.S.A." (1923-25) is 817 bulle en 1,594 koeie geregistreer in die stamboekafdeling, terwyl in Vol. 5 (1925-26) in een jaar na afskaffing van verpligte inspeksie 2,339 bulle en 3,741 koeie geregistreer is—'n absoluut ongebalanseerde toename.

In teenstelling met bogenoemde het die aantal registrasies in die Aanhangselafdeling gedaal van 1,332 (Vol. 4, „F.S.B.S.A.") tot 411 (Vol. 5) en in die Stigtingsafdeling van 63 (Vol. 4) tot 23 (Vol. 5). Hierdie syfers spreek vir hulleself (sien Tabelle 44 en 53).

2. Die abnormale registrasies in die stamboekafdeling het bly voortbestaan (Vol. 6 en 7, „F.S.B.S.A.", respektiewelik 2,753 en 2,670 bulle en 3,653 en 3,337 koeie, beide oor 'n periode van omtrent twee jaar—sien Tabel 44) totdat verpligte inspeksie weer ingevoer is in 1929, daarna tree 'n geleidelike daling in (Vol. 8, „F.S.B.S.A", 2,220 bulle en 3,083 koeie oor twee jaar en vier maande, Tabel 44), nieteenstaande die toename in aantal kuddes, waaruit blyk dat registrasiekontrole wel essensieel was.

3. Dat sedert 1 Januarie 1933 besonder streng kontrole en inspeksie toegepas is vir registrasie in die nuwe stamboek; dientengevolge het die aantal registrasies van 2,220 bulle en 3,083 koeie in Vol. 8, „F.S.B.S.A" gedaal tot 642 bulle (waarvan 395 in die F.S.B.S.A. en 247 in die S.A.F.R.) en 574 koeie (waarvan 330 F.S.B.S.A. en 244 S.A.F.R.) in Vol. 9 tot Januarie 1936. **Hieruit blyk dat tans alleen deeglike fokmateriaal geregistreer word.**

4. Met uitsondering van Volumes 5, 6, 7, 8, „F.S.B.S.A." (waar die registrasies abnormaal was), neem die aantal registrasies van friesvee geleidelik toe vanaf Vol. 1, „S.A.S.B." tot Vol. 4, „F.S.B.S.A.", dus vanaf 1905-25 (Tabel 44).

5. Dat die aangegewe aantal eienaars en telers voor 1933 onbetroubaar is, want 'n daling van 1,057 in 1925 tot omtrent 600 in Januarie 1936 is heel onwaarskynlik, in aanmerking nemende dat die friesveefokkery gedurende die jare snel vooruitgegaan het (Tabel 44).



(29) ELANDSKUIL BURINGA III. 1508/3, preferent verklaar in Mei 1936.
Teler : Mnr. Gerard Bekker, Elandskuil, Steynsburg.
Foto. Fries Veetelers Vereniging.



(30) MNR. J. H. LE ROUX EN SY SEUN, MNR. JOHAN LE ROUX, Telers van die beroemde Bakenskraal Frieskudde, Oudtshoorn.
Foto. Fries Veetelers Vereniging.

6. Dat 61·8 persent van die geïmporteerde friesbulle tot 1918 (volgens die „S.A.S.B.", Vol. 1-12) afkomstig is uit Friesland (sien Tabel 46). (Volgens Tabel 46, Friesland 225, Nederland 37, Amerika 44, Oos-Friesland 10, Kanada 48.)

Sommige van hierdie bulle is wel in Suid-Afrika gebore, dog uit geïmporteerde frieskoeie wat gedek is in die land van hul herkoms. Bogenoemde is geensins 'n volledige lys van alle geïmporteerde friesbulle nie, daar verskeie geïmporteerde bulle nooit geregistreer is nie, dientengevolge besit genoemde syfers alleen relatiewe vergelykingswaarde.

7. Bogenoemde 225 geïmporteerde friesbulle uit Friesland (tot 1918) stam hoofsaaklik uit die volgende friese bloedlyne (van òf vaders- òf moederssy of beide kante), Zwarthak III, 2711 F.R.S. (64); Albert 1306 H.F.R.S. (52), insluitende Ceres, 4497 F.R.S.; Ceres, 4497 F.R.S. alleen (20); Albert II, 2987 F.R.S. (24)—dus 'n totaal van 140 uit die Zwarthak III, 2711, Albert, 1306 H. en Albert II, 2987 lyne uit die groot totaal van 225; terwyl uit die Jan, 3265 F.R.S. (6); Zeppelin, 5114 F.R.S. (2); en Mazeppa, 2500 F.R.S. (1) lyne heel weinig bulle ingevoer is. Aan die anderkant het die twee bulle Albert Pel, 2584 F.R.S. (12) en Joris, 2394 F.R.S. (13) veral langs moederssy heelwat bloed in ons friesbeeste gegiet. (Sien Tabelle 45 en 47.)

8. Voor 1918 is 'n groot persentasie bulle uit Friesland geïmporteer uit minder goedbekende vaders (51 uit die 225, tabel 46), terwyl by die owerige 174 ook betreklik onbekende bloed van òf die vaders- òf moederskant voorkom.

9. Dat meeste van die geïmporteerde friesbulle uit Kanada gekonsentreer is in die Suidoostelike Oranje-Vrystaat, nl., Tweespruit en omgewing.

10. Die belangrikste friesbulle (volgens Hiemstra) ingevoer uit Friesland na 1918 tot 1935 stam egter hoofsaaklik af van Jan, 3265 F.R.S., nl., 61 uit 'n totaal van 64, dikwels in kombinasie met die volgende frieslyne Albert, 1306 H. (12), Ceres, 4497 alleen (6) en Zeppelin, 5114 (6). (Tabel 48.)

Genoemde 64 bulle is egter nie 'n volledige lys van alle geïmporteerde friesbulle na 1918 nie, dog byna almal wat 'n min of meer belangrike rol gespeel het by die opbou van die friesveefokkery in Suid-Afrika na 1918 tot Januarie 1936, en besit dus voldoende relatiewe vergelykingswaarde.

Hieruit blyk dat ons friesveefokkery na 1918 betreklik sterk georiënteer is op die Jan, 3265 F.R.S. lyn.

11. Dat van die 54 „Advanced Register" bulle tot Maart 1929 (volgens F.S.B.S.A. Vol. 6) 20 Zwarthak III, 2711 F.R.S.; 18 Albert 1306 H. (insluitende Ceres, 4497 F.R.S.); 12 Ceres, 4497 F.R.S. (alleen); 9 Albert II, 2987 F.R.S.; 6 Jan, 3265 F.R.S. bloed bevat; terwyl 6 Rikus, 1790/11 S.A.S.B. en 3 Lord of Gloria, 65/3 S.A.S.B. bloed bevat.

Hieruit blyk dat Rikus, 1790/11 S.A.S.B. betreklik goed gefok het (Tabel 50).

12. Die aantal koeie geregistreer in die „Advanced Register" het geleidelik toegeneem, dog slegs 'n klein persentasie van die totaal aantal geregistreerde koeie gevorm (vergelyk Tabelle 52 en 44).

13. Uit die beskikbare Suidafrikaanse gegewens nagegaan van die volgende Indeks-Register-Bulle van die F.S.B.S.A. blyk dat:

(*a*) **Arend** (1859/12 S.A.S.B., 6519 F.R.S.) se dogters, deurgaans 'n heel bevredigende persentasie bottervet en veral uitstekend melk, gelewer het en hiervolgens aanspraak maak op preferentskap. Ongelukkig is weinig melkrekords van die moeders beskikbaar vir 'n betroubare vergelyking. Volgens Preferente Raad se rapport: ,,Most of the progeny are roomy animals of great size, perhaps inclined to be a little light in front in comparison with the deep centrepiece and spacious hindquarter. They are very uniform, with great milk indications and strong constitution."

(*b*) **Melrose Zendeling** (4082/5 S.A.S.B.): Hoofsaaklik op uitstaande koeie gebruik (verskeie Arend-dogters), nogtans die persentasie bottervet aansienlik verbeter en selfs 'n klein verbetering in melk by sy dogters en dus hiervolgens ook aanspraak maak op preferentskap. Volgens Preferente Raad se rapport: ,,The daughters and a few sons are well developed animals, showing good uniformity. The animals represent a good type of Friesland, especially outstanding in milk indications and production, although a little more compactness could be wished for." (Sien Foto 28.)

(*c*) **Lodewyk** (2210/4 F.S.B.S.A., 13434 F.R.S.): Die persentasie bottervet by sy dogters deurgaans in Suid-Afrika heelwat verbeter, egter in aanmerking geneem dat hul moeders grotendeels 'n seer lae persentasie bottervet had. Heen-en-weer gefok wat die melk betref, sommige uitstekende melkers, ander heel matig, deurgaans nie die melk verhoog nie en verdien die noukeurigste ondersoek alvorens preferent verklaar wat produksiegegewens betref. Volgens Preferente Raad se rapport: ,,Male progeny very useful bulls, improving at old age, showing very good depth and centrepiece, front quarters deep, somewhat flat behind shoulders, hindquarters good, hind legs occasionally lacking in strength. The daughters showed a rare uniformity, a good type, sufficient depth, very good topline, good centrepiece, flat, long rump."

(*d*) **Elandskuil Buringa III** (1508/3 F.S.B.S.A.); Dogters 'n uitstekende persentasie bottervet, gemiddeld hoër as moeders, wat reeds 'n hoë gemiddelde het; melk heen-en-weer (goeies en swakkes) gemiddeld iets laer as moeders. Produksieresultate nogtans bevredigend. Volgens Preferente Raad se rapport: ,,Male progeny are deep, strong, broad bulls, sometimes coarse in horns and tailsetting, but possessing a strong constitution and good quality. Hocks could often be better placed. The daughters have great depth and width, good quality and good udders, often showing the same faults as found in the male progeny." (Sien Foto 29.)

(*e*) **Elandskuil Resida Bloemfontein** (3790/5 F.S.B.S.A.): Persentasie bottervet by dogters seer wisselend, gemiddeld 'n vermindering op moeders; melk ook wisselend veral met meestal weinig verbetering namate volwassenheid bereik word, weinig verbetering op moeders. Volgens Preferente Raad se rapport: ,,Inspection Reports and other available data indicate that the bull is capable of breeding very good male progeny. Only a few daughters in such a condition as to enable reliable conclusions, the others seen were either not too well developed or appeared to have been affected by drought conditions. Milk production fair, but a noticeable decrease in percentage fat in some cases."

(*f*) **Deyne Antonio** (7186/6 F.S.B.S.A.), weinig gegewens, tweejarige dogters swak melk, vermindering op moeders: persentasie bottervet goed en iets

opgevoer, kan te wyte wees aan laer melkproduksie. Volgens Hiemstra goed gewerk.

(*g*) **Leeuwarder Marius** (8100/7 F.S.B.S.A., 16426 F.R.S.): Persentasie bottervet en melk in Friesland goed opgehou, hoewel weinig verbetering te konstateer is. Te min Suidafrikaanse gegewens vir konklusies.

(*h*) **Setske's Gerard** (2475/4 F.S.B.S.A.): Persentasie bottervet sowel as melk heen-en-weer by dogters, geen gemiddelde konstante vermeerdering te konstateer nie. Moeders baie goeie opbrengste gehad sodat dit moeilik is om die bul te beoordeel.

(*i*) **Emmas Lodewyk** (7890/7 F.S.B.S.A.): Persentasie bottervet by die agt aangegewe dogters goed opgevoer, dog melk swakker as moeders.

(*j*) **Jonge Pel Rooske** (5631/6 F.S.B.S.A., 14000 F.R.S.): Teleurstellende resultate in melk en persentasie bottervet in Suid-Afrika gelewer. Volgens Hiemstra dogters ook teleurstellend in bou.

(*k*) **Achilles** (4616/5 F.S.B.S.A., 14848 F.R.S.): Heen-en-weer gefok, uitstekende, naas swakkere dogters, melk gemiddeld iets laer as moeders veral as tweejarige; persentasie bottervet deurgaans ruim verbeter. Volgens Hiemstra op Glen Landbouskool baie goed gewerk.

(*l*) **Alexander** (7159/6 F.S.B.S.A., 16254 F.R.S.): Heen-en-weer gefok wat persentasie bottervet sowel as melk betref, sommige dogters goed melk en persentasie bottervet, andere te swak om in stamboek opgeneem te word. Volgens Hiemstra ook heen-en-weer gefok wat bou betref.

14. Dat 68·27 persent van die geïmporteerde frieskoeie tot 1918 (volgens die „S.A.S.B.", Vol. 1-12) afkomstig is uit Friesland (tabel 53). (Volgens Tabel 53, Friesland 738, Nederland 195, Amerika 79, Oos-Friesland 25, Kanada 44.)

Sommige van hierdie koeie is wel in Suid-Afrika gebore, dog uit geïmporteerde frieskoeie wat gedek is in die land van herkoms. Ook hier besit die syfers alleen relatiewe vergelykingswaarde, daar nie alle geïmporteerde frieskoeie geregistreer is nie.

15. Bogenoemde 738 koeie geïmporteer uit Friesland (tot 1918), stam hoofsaaklik uit die volgende friesbloedlyne (van òf vaders- òf moederssy of beide kante): Zwarthak III, 2711 F.R.S. (191); Albert 1306 H.F.R.S. (85) insluitende Ceres, 4497 F.R.S. (24); Albert II, 2987 F.R.S. (107)—dus 'n totaal van 303 uit die groot totaal van 738; terwyl uit die Jan, 3265 F.R.S. (35); Zeppelin, 5114 F.R.S. (9); en Mazeppa, 2500 F.R.S. (10), lyne heel weinig frieskoeie tot 1918 ingevoer en geregistreer is. Ook hier het die twee bulle Albert Pel, 2584 F.R.S. (55) en Joris, 2394 F.R.S. (46) veral langs moederssy heelwat bloed in ons friesbeeste gegiet. (Tabelle 55 en 54.)

Hierdie waarnemings klop met die van die geïmporteerde friesbulle. (Sien waarnemings Nos. 6 en 7.)

16. Volgens tabel 54 is 'n groot getal (280) van die geïmporteerde frieskoeie (738) uit Friesland afkomstig uit minder goedbekende friesbulle; terwyl by die owerige 458 ook betreklik onbekende bloed soms aan òf die vaders- òf moederssy voorkom.

Hieruit blyk dat die Suidafrikaanse fokkers hul seer weinig bepaal het tot sekere bepaalde frieslyne voor 1918.

17. Dat die ou bul Lord of Gloria, 65/3 S.A.S.B. (vader Jan, 3265 F.R.S.) uitstekend moes gefok het (21 seuns, 100 kleinseuns veral langs Vigilant of Elsenburg (81) en 23 agter-kleinseuns in die stamboek geregistreer), dog waarskynlik nie die volle en regte gebruik van gemaak is nie, waardeur sy moontlike fokwaarde blykbaar verwaarloos is. Nogtans het hierdie bul wel deeglik 'n stempel afgedruk op baie van die Suidafrikaanse frieskuddes, langs manlike sowel as vroulike lyn, daar 'n groot aantal van sy dogters en veral klein- en agter-kleindogters in die stamboek geregistreer is. (Tabelle 58 en 59.)

18. Dat die S.A.S.B. geen foktegniesewaarde besit nie en dus geen fokboek is nie, dog alleen 'n adresboek en versamelboek van geregistreerde vee.

HOOFSTUK VIII.

'N BEKNOPTE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS VAN ENIGE VAN DIE VERNAAMSTE FRIESVEEFOKKERYE IN SUID-AFRIKA

In hierdie hoofstuk word die syfersisteem Wintermans([82]) waar moontlik toegepas, om die gegewens meer opsigtelik en makliker verstaanbaar te maak.

Die sisteem kom kortliks hierop neer: die dier self is No. 1, die vader, $2 \times 1 = 2$ en die moeder $2 + 1 = 3$. Die grootouers: $2 \times 2 = 4$, $4 + 1 = 5$, $2 \times 3 = 6$ en $6 + 1 = 7$, ens. (2×4, $8 + 1$, 2×5, $10 + 1$). Die vader $= 2 \times$ die syfer van die kind en die moeder = die syfer van die vader + 1, bv.:



1. **Bakenskraal Frieskudde** van Mnr. J. H. Le Roux en Seun, Bakenskraal, Oudtshoorn, K.P. (Sien Foto. 30.)

Hierdie kudde is in 1907 begin met 2 ingevoerde verse **Adele IV.,** 2900/12 (4035 N.R.S.), (2. Erasmus 899 N.R.S., 6. Bravo, 898 N.R.S.), en **Nimf V.** 2913/12 (4037 N.R.S.), (2. Erasmus, 899 N.R.S., 3. 15644), beide geteel deur H. de Goede, de Beemster, Holland; en 'n ingevoerde bul **Abraham Kuiper,** 1121 N.R.S.

Hierdie diere is in 1907 (volgens Le Roux) op versoek van hom deur sy vader, wat na Holland gegaan het, daar uitgesoek net voor die Midden Beemster Tentoonstelling. Op hierdie tentoonstelling is Abraham Kuiper, 1121 N.R.S., die kampioenprys en Goewermentspremium toegeken. Ook is 'n derde vers Antonette gekoop, dog deurdat haar registrasiesertifikaat verlore gegaan het is sy nooit in Suid-Afrika geregistreer nie en dientengevolge is alleen met Adele IV. en Nimf V. voortgefok.

In 1913 is ingevoer die koei **Melkbron I.** 2545/11 (9/96 F.R.S.K.), (2. Adema, 5016 F.R.S.; 3. Melkbron, 24828 H.), Adema 5016 is 'n kleinseun van die preferente bul, 4. Albert II, 2987 F.R.S. Volgens Prof. Reimers was Melkbron I gedek deur Frans III, 4855 N.R.S. Terselfdertyd is ook ingevoer of aangekoop die koei **Mina III,** 2907/12 (4385 N.R.S.K.), (2. Garietto, 564

N.R.S.; 3. Mina II, 5965 N.R.S.), geteel deur J. Quartel, Ysselmonde, Holland, en gedek deur Pel Johan, 940 N.R.S., dog waarskynlik spoedig uit die fokkery verdwyn het, want volgens Le Roux is die hele teenswoordige kudde opgebou uit die drie koeie: Adele IV, Nimf V en Melkbron I.

In Vol. 11., S.A.S.B., maak Mnr. Le Roux sy eerste inskrywings in die stamboek, nl., Melkbron I, 2545/11, en die bul, Adam, 1587/11, 6328 F.R.S. (2. Jan, 3265 F.R.S.).

In Vol. 12, S.A.S.B., is 16 koeie en 2 bulle geregistreer, nl.:

(1) Adele IV ... 2900/12 (4035 N.R.S.). Sien bld. 165.
(2) Nimf V. ... 2913/12 (4037 N.R.S.). ,, ,,
(3) Mina III ... 2907/12 (4385 N.R.S.). ,, ,,
(4) Dinah ... 2901/12 (2. Adam 1587/11; 3. Adele IV).
(5) Jeannette 2902/12 (2. Adam, 1587/11; 3. Nakki, 2909/12).
(6) Lelie II ... 2903/12 (2. Adam, 1587/11; 3. Lichtbloem, 2904/12).
(7) Lichtbloem 2904/12 (2. Abraham Kuiper; 3. Adele IV).
(8) Loerie ... 2905/12 (2. Abraham Kuiper; 3. Nimf V).
(9) Lucy II ... 2906/12 (2. Adam; 3. Loerie, 2905/12).
(10) Naartje ... 2908/12 (2. Adam; 3. Nancy V, 2910/12).
(11) Nakki ... 2909/12 (2. Abraham Kuiper; 3. Nimf V).
(12) Nancy V. 2910/12 (2. Abraham Kuiper; 3. Nimf V).
(13) Nella ... 2911/12 (2. Adam; 3. Nimf V).
(14) Nettice ... 2912/12 (2. Adam; 3. Nimf V).
(15) Vytje ... 2914/12 (2. Adam; 3. Vlek, 2915/12).
(16) Vlek ... 2915/12 (2. Abraham Kuiper; 3. Nimf V).

Volgens bogaande dus 8 dogters van Adam, 5 dogters van Abraham Kuiper, 2 dogters van Adele IV en 6 dogters van Nimf V (waarvan Nancy V en Vlek 'n tweeling was).

Volgorde waarin bulle gebruik is:

(1) In 1907 ingevoer **Abraham Kuiper,** 1834/12 (1121 N.R.S.), geteel deur D. v. Egmond, Waverveen, Holland, en etlike jare gebruik met veel sukses.

(2) In 1913 ingevoer **Adam,** 1587/11 (6328 F.R.S.), (2. Jan, 3265 F.R.S., Pref. A.; 3. Anema, 15462 —> 6. 3410 —> 12. Zwarthak III, 2711 F.R.S., Pref.), geteel deur F. Wassenaar, Leeuwarden. Die Anema's was destyds 'n heel bekende koeifamilie.

(3) In 1913 het S. D. Le Roux ingevoer **Arend,** 1859/12 (6519 F.R.S.), (2. Albert, 1306 H., Pref. A.; 3. Van Der Zee III, 14317), en vanaf 18 Junie 1918 het hierdie beroemde bul in die Bakenskraalkudde diens gedoen.

Volgens Le Roux het Adam en Arend uitstekend geteel en gevolglik is besluit om tot lynteelt oor te gaan. Arend is in begin 1936 vir die preferentskap ondersoek en in Mei 1936 preferent verklaar en het volgens die Indeks-Register die melk en persent bottervet by sy dogters uitstekend opgevoer. (Sien „Preferente Raad Rapport," Hoofstuk 7.)

(4) Vanaf 1922 tot 1926 is gebruik **Bakenskraal Prins Albert,** 1315/3 (2. Arend; 3. Melkbron I) en **Bakenskraal Prins Charles,** 1314/3 (2. Arend; 3. Nancy, 2910/12).

(5) Die 18de Mei 1926, **Melrose Zendeling,** 4082/5 (2. Lodewyk, 13434 F.R.S., uit die Pref. 16. Wodan II, 7409; 3. Countess Rinske of Batavia, 2511/11 (—>6. Arend), gekoop van O. W. R. Evans en gebruik tot 1931 en toe verkoop aan F. van Zyl, Bonnie Vale. Hierdie bul het uitstekend geteel wat bou en produksie betref (sien Tabel 34), en die melk en persent bottervet by sy dogters uitstekend opgevoer, nieteenstaande hul moeders meestal die beroemde dogters van Arend en Adam was nie. Ook Melrose Zendeling is in Mei 1936 preferent verklaar. („Preferente Raad Rapport," Hoofstuk 7.)

(6) In 1930 ingevoer **Nico III,** 9581/7 (18322 F.R.S.), (2. Nico, 16259 —> 4. 14850 —> 8. 11951 —> 16. Wodan Jan, 8930, Pref.; 3. Lucie XXXII. 53214 —> 6. 10294 —> 12. 8601 —> 24. Gerard, 6808, Pref.), en einde 1935 nog in gebruik. Die Lucie's is 'n beroemde koeifamilie van Jan Wassenaar, Friesland. Lucie 32 is 'n kleindogter van 7. Lucie 13, die moeder van Lodewyk, 13434 F.R.S. Nico III ook uitstekend geteel.

(7) In Februarie 1934 ingevoer **Ceres Lindberg,** 12811/9 (20033 F.R.S.), (2. Lindberg, 17375, Pref. B.; 3. Ceres XXIII, 46746 —> 6. Roland II, 8539, Pref., van Schaap Gebrs., Friesland) en tans in gebruik. Oordelende volgens die bou van die seuns en dogters werk hierdie bul heel bevredigend.

Uit bogaande samevatting is te konstateer, dat Le Roux oorspronklik met Hollandse bloed begin het, dog spoedig daarna op Friesebloed gekonsentreer het en veral op die Jan, 3265 F.R.S., en Albert 1306 H. lyne, en onafgebroke lynteelt, gepaard met 'n sekere mate van wyere inteelt, toegepas het, waaraan sy behaalde groot sukses ook toegeskryf kan word—'n fokkery dus met 'n definitiewe vooropgestelde doel en een van die beroemdste friesveekuddes in S.A.

TABEL 32.

OFFISIËLE KUDDEGEMIDDELDES (volgens „Boerdery in S.A.").

Jaar.	Melk pd.	B.V. %	B.V. pd.	Dae.*	Aantal Koeie.						Totaal Aantal.	Posisie op Lys.†
					Volwasse.	Sen. 4 jaar.	Jun. 4 jaar.	Sen. 3 jaar.	Jun. 3 jaar.	2 jaar.		
1929-30	10,972·6	3·57	392·0	285	3	1	–	1	–	2	7	10de.
1930-31	12,801·9	3·58	458·7	294	8	5	–	6	2	6	27	3de.
1931-32	12,806·7	3·65	467·8	300	12	3	5	1	–	7	28	4de.
1932-33	14,120·1	3·67	518·2	300	5	–	1	2	3	3	14	2de.
1933-34	14,238·1	3·62	515·4	300	5	–	1	1	5	12	24	1ste.
1934-35	13,952·3	3·51	489·8	293	8	1	2	2	5	6	24	1ste.

† Kudde met die hoogste gemiddelde bottervetproduksie vir die jaar kom eerste op die lys, ens.

TABEL 33.

ENIGE UITSTAANDE OFFISIËLE MELKREKORDS BEHAAL GEDURENDE 1932-34 („S.A.F.J.," Junie 1935).

Klas.	Naam van Koei.	Stamboek No.	Melk Pd.	B.V. Pd.	B.V. %	Dae.*
2 Jaar	Bakenskraal Theresa II.	13,607/7	13,608·5	487·9	3·59	300
,,	,, Amelia ...	13,539/7	12,560·5	483·6	3·85	300
,,	,, Friesdag ...	13,540/7	13,570·5	475·9	3·51	300
,,	,, Martha ...	13,465/7	12,606·5	469·7	3·73	300
,,	,, Lelie ...	13,605/7	10,529·0	448·8	4·26	300
,,	,, Skermer ...	13,176/7	11,550·0	427·8	3·70	300
,,	,, Nella ...	14,221/7	11,560·0	411·5	3·56	300
,,	,, Nonna ...	13,541/7	10,584·0	392·1	3·70	300
,,	,, Renske ...	13,491/7	10,247·0	387·3	3·78	300
Sen. 3	,, Ruth ...	11,278/6	14,954·6	558·3	3·73	300
,, 4	,, Vrede ...	10,847/6	15,789·0	567·6	3·60	300
Volw.	,, Juliana ...	4,827/5	19,372·5	739·4	3·82	300
,,	,, Deelster ...	6,971/5	18,359·5	658·2	3·59	300
,,	,, Draga ...	4,826/5	17,040·0	602·5	3·54	300
,,	,, Witte ...	9,605/6	15,265·0	563·6	3·69	300

* Afgeslote melklyste.

Bogaande kuddegemiddeldes en indiwiduele produksies vergelyk heel gunstig met die beste van Friesland en Holland.

TABEL 34.

MELKREKORDS VAN 2-JARIGE KOEIE—BAKENSKRAAL FRIESKUDDE („S.A.F.J.," Mei 1934).

Naam.	Melk. Pd.	Bottervet. Pd.	Persent Bottervet.	Dae. (Afgesluit).	Ouderdom.
*Bakenskraal Lucy IV. ...	13,166·0	533·2	4·05	300	2
,, Theresa ...	14,247·0	511·9	3·59	315	2
,, Maatje ...	13,511·0	506·7	3·75	310	2
,, Amelia ...	13,078·5	503·6	3·84	315	2
,, Friesdag ...	13,570·5	475·9	3·51	300	2
,, Martha ...	12,606·5	469·7	3·72	300	2
,, Lelie	10,529·0	457·9	4·35	300	2
,, Witblom ...	10,549·0	451·2	4·28	300	2
,, Vrede	11,202·5	444·1	3·96	300	2
,, Nan	11,134·5	443·2	3·97	300	2
,, Adrie	11,460·5	433·6	3·78	300	2
,, Skermer ...	11,550·0	427·7	3·70	300	2
,, Witte	11,320·0	425·9	3·76	300	2
,, Molly	11,493·5	419·3	3·65	300	2
,, Donkerblom	11,373·5	415·9	3·66	300	2
,, Ruth	10,641·0	412·1	3·87	300	2
,, Loerie	10,844·5	404·8	3·73	300	2
,, Nonna ...	10,584·0	392·0	3·70	300	2
,, Renske ...	10,247·0	387·3	3·78	300	2
,, Nat	10,532·7	373·3	3·54	300	2
,, Ella	9,408·5	360·0	3·83	300	2
,, Dora II. ...	9,113·5	322·3	3·54	300	2
Gemiddelde	11,462·0	435·1	3·80	301·8	...

* 19 hiervan, insluitende die eerste 6 is dogters van Melrose Zendeling.

(31) Bakenskraal Nan, 18113/9, Kampioen Ope Produksieklasse te Port-Elizabeth, 1935, en Wenner van die H. B. Christian Beker vir die Beste S.A. Geteelde Koei. Teler: Mnr. J. H. le Roux en Seun, Bakenskraal, Oudtshoorn.

Foto. Fries Veetelers Vereniging.



(32)
BAKENSKRAAL VREDE,
Dogter van Melrose
Zendeling.

Foto. J. H. le Roux en Seun, Bakenskraal.



(33) EERSTE PRYS IN GROEPKLASSE, ROSEBANKTENTOONSTELLING, 1936.
3 Koeie geteel deur Mnr. J. H. le Roux en Seun, Bakenskraal.



(34)
SEUN VAN CERES LINDBERG,
1STE PRYS ROSEBANKTEN-
TOONSTELLING, 1936.
Geteel deur J. H. le Roux
en Seun, Bakenskraal.

„Bogenoemde rekords is behaal op lusern en grasweiveld, winter en somer. Die koeie is nooit gestal nie en geen kragvoere bygevoer nie."

So ook meld die „S.A. Friesland Journal," Sep. 1936: „It is interesting to note that the average production during the lactation period 1934-35 of the six top cows is 21,743 lb. milk and 730 lb. fat in 305 days."

Tentoonstellingsresultate.—In April 1935 die kampioenbul en koei (Bakenskraal Nan, 18113/9) op Port Elizabeth en in Maart 1936 die kampioenbul en koei op Rosebank, sowel as die eerste plek in die groepklasse behaal, vertoon.

Volgens Le Roux is sy doel om streng lynteelt toe te pas teneinde kruisingseienskappe met ander lyne uit te skakel en altoos bulle te gebruik uit die twee preferente frieslyne Jan, 3265, en Albert, 1306 H., en wat afkomstig is uit 'n vername koeifamilie met goeie konformasie en produksie. Die kudde kom nooit op stal in die somer en winter nie en word in die lande gemelk soos in Friesland. Die pas aangeboude stal word alleen gebruik om jongbulle mak te maak en koeie af te rond vir tentoonstellings.

Konklusie.—Hierdie kudde is ongetwyfeld vandag een van S.A. se vooraanstaande kuddes met diep, geblokte en uniforme diere in aanpassing met die Suidafrikaanse kondisies (sien bygaande foto's.) en daarby heel bevredigende produksies en vergelyk heel gunstig met die goeie kuddes van Holland en Friesland. (Sien Foto's 31, 32, 33 en 34.)

2. **Brakfontein Frieskudde**: Van Niekerk Gebrs., Brakfontein, Bedford.

Hierdie is een van die ou gevestigde frieskuddes van S.A., met 'n ietwat variërende ontwikkelingsgeskiedenis. Volgens die „S.A.S.B.," Vol. 5, is hierdie kudde baie jare gelede begin deur J. A. van Niekerk (vader van J. D. en G. R. van Niekerk). Vanaf 1882 is **'n seun van die ingevoerde bul Antoni** (van wyle John Pohl, Adelaide) gebruik. Daarna die bul **De Ruiter II.** (2. De Ruiter I (ingevoer); 3. Koloniale geteelde koei, Lena) van F. F. Wienand, Bellevue, Bedford, gekoop. De Ruiter I is geteel deur Groneman in N. Holland en deur Wienand ingevoer; en was volgens E. v. Muilwijk([72]), 'n heel beroemde stier van Noord-Holland en die fondament (koeie) gelewer vir die later so beroemde Frans-stam van Groneman. Alle verdere bulle gebruik in hierdie kudde is gekoop van F. F. Wienand, o.a., **Garfield** (2. Wiebo, 1916 F.R.S. (geïmporteer); 3. Witlies* —> 6. Jacob —> 12. De Ruiter I). Dientengevolge het hierdie oorspronklike koeie (in 1895) reeds van die beste Noord-Hollandse bloed afgestam.

In April 1895 het J. D. van Niekerk (vader van Gebrs. van Niekerk) 'n gedeelte van hierdie kudde gekoop op die vendusie van sy vader en die tans heel bekende Brakfonteinkudde begin. Volgens van Niekerk Gebrs. was hierdie almal volbloeddiere.

In 1910 is 10 koeie en verse geïmporteer waarvan 5 uit Friesland, nl.:

(1) Bles Jetsche, 395/5 (2. Pel Breeuwsma, 4074 —> 4. Pel Knol 7, 3303 —> 8, 3004 —> 16. Zwarthak III, 2711 Pref.; 3 —> 6. Kollumer II, 3080 Pref.).

(2) Bonte Kollumer II, 397/5 (12486 F.R.S.), (2. Gaasterlander, 3040 —> 4. Friso, 2866, †Pref. —> 8. Mazeppa, 2500; 3. uit Hulpboek vader).

---

* Witlies ——> 2–Jacob ——> 4–De Ruiter I (geïmporteer).

† Pref. = Preferent.

(3) Wiersma X, 401/5 (2. Jouke, 4151 —> 4. Jetze, 3528, Pref. —> 8. Albert, 1306 H., Pref. A.; 3. H.† moeder).

(4) Zwarte Lootsma III, 402/5 (13294) (uit H. vader en moeder).

(5) Trijntjie, 400/5 (2. Schuurmans 7, 3523 —> 4. 3179 —> 8. De Wet, 2868; 3. uit H. vader).

5 uit Holland, nl.:

(1) Aagje, 393/5 (geteel deur J. C. Spruit, Alfen).

(2) Alida, 394/5 (geteel deur J. C. Spruit, Alfen).

(3) Boerin IX, 396/5 (4139), (2. Cesar, 945 N.R.S.; 3. Boerin IV, 3948 —> 6. Wyndel, 836 N.R.S.; geteel deur P. Jonges, de Beemster).

(4) Marie II, 398/5 (4140), (2. Sultan, 203; 3. Marie, 2477); geteel deur P. Jonges, de Beemster.

(5) Neeltje XI, 399/5 (2. Cesar II, 5 N.R.S.K.; 3. Neeltje IX); geteel deur P. Jonges, de Beemster.

Hieronder was dus enige goedgeteelde koeie, waarmee voortgefok kon word en die kudde ongetwyfeld vooruitgebring het.

Hierdie 10 koeie is ingeskryf in Vol. 5, „S.A.S.B.," in die stamboek-afdeling, terwyl 20 van die oorspronklike koeie ingeskryf is in die Stigtings-afdeling van Vol. 5, „S.A.S.B." Hierdie is die eerste inskrywings in die „S.A.S.B."

In 1913 is weer 9 koeie en verse ingevoer, waarvan 8 uit Friesland, nl.:

(1) Jeltje, 1459/8 (21397 H.†), geteel deur D. Topma, Hijlaard.

(2) Klaske, 1460/8 (24096 H.), geteel deur D. de Hoop, Suawonde.

(3) Polder, 1462/8 (22021 H.), geteel deur H. G. v. d. Mey, Leeuwarden. Dus 3 hulpboekkoeie ingevoer wat jammer is.

(4) Sipkje II, 1463/8 (12898), (H. vader en moeder).

(5) Sjirkje X, 1464/8 (15594), (2. Albert II, 2987, Pref.).

(6) Willemke IV, 1466/8 (2. Boersma, 5400).

(7) Ymke II, 1467/8 (2. Heeringa, 5348; 3. H. moeder).

(8) Zwartkop, 1468/8 (2. Simon, 5496; 3. H. moeder).

En 1 uit Holland, nl.:

(9) Marijtje VII, 1461/8 (2. Frits III, 697 N.R.S.; 3. R. moeder).

Hierdie 9 koeie was beslis 'n foutiewe importasie, en te veel vreemde bloed in die kudde ingevoer, en ongetwyfeld 'n deteriorerende effek op die fokkery gehad. Veel verkiesliker sou gewees het om diere van een of twee bepaalde bloedlyne in te voer en daarop te konsentreer.

Hierdie koeie is ingeskryf in Vol. 8, „S.A.S.B."

Bulle gebruik vanaf 1895:

(1) Vanaf 1895 eers die bul **Anema** (uit ingevoerde ouers), gekoop by F. F. Wienand, gebruik.

(2) Later gebruik die bul **Jan Haring** (ingevoer en eers gebruik deur G. Bekker, Elandskuil, Steynsburg).

Die koeie geregistreer in die Stigtingsafdeling van Vol. 5, „S.A.S.B.," is almal dogters van Anema en Jan Haring, sodat hierdie twee bulle ongetwyfeld lank in hierdie kudde gebruik is.

---

† H. moeder = Hulpboek moeder; H. vader = Hulpboekvader.

(3) Volgens v. Niekerk, Gebrs., is in hierdie kudde ook gebruik die ingevoerde bulle **Jaarsma 316 H.** en **Willem 1521**, dog waarskynlik heel weinig in die fokkery gedoen.

Vanaf 1907 het v. Niekerk ingevoerde bulle begin gebruik in sy kudde en daarna hoofsaaklik ingevoerde bulle gebruik.

(4) In 1910 ingevoer die bul **Sake**, 157/5 (4593 F.R.S.), (2. Albert, 1306 H., Pref. A.; 3. H. moeder) uit Friesland, en die bul **Willem** ,158/5 (609 N.R.S.), (2. Sultan, 203 N.R.S.; 3. 2477) uit Holland.

In Vol. 8, „S.A.S.B.," is 1 dogter van Sake geregistreer in die Stamboekafdeling, in Vol. 9 verskeie dogters, en Vol. 11 weer dogters. In die Aanhangsel- en Stigtingsafdeling is ook verskeie dogters van Sake en Willem geregistreer. Blykbaar het Sake die beste geteel en is die langste in die kudde gebruik.

(5) Terselfdertyd is **Ceres II**, 156/5 (849 F.R.S.K.), (2. Max 3845 —> 4. Kollumer II, 3080 Pref.; 3. Ceres XV, 12798 —> 6. Albert, 1306 H.), geteel deur Gebrs. Schaap, Friesland en geïmporteer deur G. R. van Niekerk, ook gebruik, want in Vol. 8, „S.A.S.B.," word 3 van sy dogters geregistreer.

Deur medium van Sake en Ceres II is dus heelwat Albert, 1306 H., bloed in hierdie kudde ingevoer en vermeng met die Noord-Hollandse bloed.

6. Omstreeks 1907 (dus voor laasgenoemde 3 bulle) is ongelukkig ook 'n Groningerbul, Fritz II, 6116 N.R.S., in hierdie kudde gebruik, want in Vol. 6, „S.A.S.B.," vind ons 15 dogters van hom ingeskryf in die Aanhangselafdeling. Vol. 6, „S.A.S.B.," meld: „Although this herd has been registered as Foundation Stock (Vol. 5), it has been found necessary to transfer certain animals to the Appendix in order to give time for elimination of the ‚witkop' strain before the progeny became qualified for the Stud Book proper."

'n Onwetenskaplike beginsel van die „S.A.S.B.," die juiste handelwyse was om hierdie kruisingsprodukte direk uit te skakel van alle registrasie en sodoende hierdie kudde direk te suiwer.

Uit bogaande samevatting blyk, dat in hierdie kudde vir 'n tydlank geen definitiewe foksisteem bestaan het nie, die beste Noord-Hollandse bloed is vermeng met die beste Friesbloed, onbekende Friesbloed en selfs Groningerbloed; dog later het 'n besliste ommekeer gekom, 'n bepaalde fokrigting is ingeslaan gepaard met lynteelt.

(7) Die bul Sake is opgevolg (in circa 1913) deur die ingevoerde bul **Johannes,** 781/8 (6011 F.R.S.), (2. Pel Witsnuit, 4701 F.R.S., wat uit 32. Zwarthak III, 2711 F.R.S., stam; 3. —> die pref. bul, 12. Albert II, 2987 F.R.S.); en (c. 1916) 'n eie geteelde bul **Brakfontein Overman,** 486/7 (2. Ceres II, 156/5; 3. Bonte Kollumer II). In Vol. 9 is enige van Johannes se dogters geregistreer en in Vol. 10 hoofsaaklik sy dogters. Van Brakfontein Overman enige dogters in Vols. 11 en 12, „S.A.S.B.," sowel as Vols. 1 en 2, „F.S.B.S.A.," ook dogters in die Aanhangsel- en Stigtingsafdelings. Hieruit blyk dat Brak. Overman verskeie jare in hierdie kudde gebruik is.

(8) Johannes is opgevolg deur die ingevoerde bul **Cicero A.,** 958/9 (6448 F.R.S.), (2. die Pref. bul Ceres, 4497 F.R.S.; 3. Keintje IV). In Vol. 11 is een dogter van Cicero A., dog in Vol. 12, „S.A.S.B.," en Vols. 1 en 2, „F.S.B.S.A.," verskeie dogters van Cicero A. geregistreer sowel in die Stamboek- as die Aanhangsel- en Stigtingsafdelings.

(9) Later (c. 1920) is ook gebruik die bul **Aanvang Bismarck I,** 665/8 (2. Bismarck XIII, 6455 F.R.S.; 3. Boukje III, 1167/8 —> 6. Sandow, 3483 F.R.S.) geteel by Fraser's Bpk., Wepener, O.V.S., uit die gedekte, ingevoerde koei Boukje III.

(10) Hierop het gevolg (volgens van Niekerk Gebrs.) die bulle **Bouma, Hein** en **Max Constantijn** 3997, waarvan weinig te konstateer is betreffende hulle fokwaarde. Bouma, 934/9 (2. Teie, 5455 F.R.S., Pref. —> 4. Albert II, 4356 —> 8. Albert, 1306 H.; 3. Bouma III —> 6. 4356 —> 12. 1306 H.) is ingevoer deur C. D. H. Braine, Holmdene, Transvaal, en later deur v. Niekerk gebruik.

Tot op hierdie stadium is heelwat Albert, 1306 H., bloed gebruik, daarna is op Jan, 3265 F.R.S., gekonsentreer.

(11) Daarna gebruik die ingevoerde bul **Henriot**, 2962/5, 14657 F.R.S. (2. Tiersma's Roland, 12260 —> 4. Roland II, 8539 Pref.; 3. Jeltje, 35850, —> 12. Gerard, 6808, Pref.). Volgens Hiemstra het van hierdie bul nie veel te reg gekom nie, kalwers hoogbenig en laag in vet.

(12) **Lodewyk**, 13921 F.R.S., Pref. B. (2. Lodewyk, 13337, —> 64. Jan, 3265; 3. Bleske XXII, 42960 —> 6. Gerard, 6808) daarna (1927) gebruik, dog ongelukkig nie lank geleef nie. Uitstekende dogters gelewer in hierdie kudde wat bou en produksie betref (sien Tabel 36).

Ook enige rooibont kalwers gelewer. Hierdie bul het besonder mooi kalwers gelewer, dog op een- en tweejarige leeftyd heel lelik en teleurstellend en as volwasse diere weer besonder mooi, 'n heel opvallende kenmerk van sy bulkalwers wat deurgaans baie laat ryp is, terwyl die verskalwers heelwat vroeër ryp is.

(13) Vanaf 29 Augustus 1929 gebruik **Lodewyk,** 2210/4 (13434), (2. Marius, 11924 —> 8. Wodan II, 7409, Pref.; 3. Lucie XIII, 31381 —> 6. Gerard, 6808, Pref.), ingevoer deur O. W. R. Evans. Hierdie bul is op byna 14-jarige leeftyd in 1935 by van Niekerk Gebrs. dood. Volgens die „S.A.F.J.," Nov. 1932: „There are 75 Lodewyk daughters at Brakfontein from baby calves to older animals. He improves butterfat and transmits very good production. One of his daughters gave up to 103 lb. milk per day, and some of his daughters tested: 3·94%, 4·0%, 4·08%, 3·76%, etc." Hierdie bul het 'n groot rol in hierdie fokkery gespeel, en is in Mei 1936 preferent verklaar.

Hierdie twee Lodewyks het ongetwyfeld die Brakfonteinkudde kollosaal vooruitgebring en op 'n gesonder basis geplaas.

(14) In 1929 en 1930 gebruik **Bertus,** 8664/7 (16877), (2. Athleet, 15272, Pref.; 3. Gerard Bertha III, 60793 —> 12. Gerard, 6808).

Hierdie preferente bul (ingevoer in Sep. 1929) is ongetwyfeld een van die beste bulle wat na S.A. ingevoer is, en het hier skitterend gewerk wat bou, melk en vet betref, en vir die Brakfonteinkudde op hierdie stadium alles beteken. Ongelukkig is hierdie bul te vroeg dood en is voortgefok met Lodewyk, 13434 F.R.S.

(15) Op 14 Maart 1935 is die bulkalf **Melrose Draga's Lindberg** (2. die pref. Lindberg, 17375 F.R.S.; 3. Draga (geïmporteer) —> 6. Athleet, 15272 Pref.) gebore 18 Feb. 1935; vir £300 aangekoop op die boedelvendusie van wyle O. W. R. Evans, en is die toekomstige kuddebul.

(16) In 1935 is ook ingevoer **Grietje's Bertus,** 22214 F.R.S. (2. Anna's Bertus, 20702 —> 16. Athleet, 15272; 3. Grietje 20, 72078 —> 6. Athleet, 15272), en word tans as hoof kuddebul gebruik.

Uit bogaande opsomming blyk duidelik dat hierdie fokkery sedert 1927 op seer gesonde wetenskaplike grondslag opgebou is deur medium van lynteelt gekonsentreer op die Jan, 3265 F.R.S., lyn en vandag as een van die beroemde fokkerye van S.A. beskou moet word.

Volgens v. Niekerk Gebrs. het J. D. van Niekerk (hul vader) vir 35 jaar met die beeste op die veld geboer, nooit gestal nie en slegs eenkeer per dag gemelk. Nieteenstaande hierdie feit het hy bulle sowel as koeie aan fokkers oor die hele Unie verkoop en vind ons Brakfonteinbloed in talle van ons vooraanstaande fokkerye, waaruit te konstateer is, dat hierdie fokkery toe reeds 'n seer vername plek ingeneem het. In 1922 is op die „Slough Sales" in Engeland van hierdie veldgeteelde koeie verkoop vir £1,600 tot £1,800 stuk.

Vanaf 1929 is die hele sisteem van boerdery verander en word die hele kudde offisieel getoets.

In 1933 na die dood van J. D. van Niekerk is die kudde oorgeneem deur sy seuns (tans bekend as Van Niekerk Gebrs.).

TABEL 35.

OFFISIËLE KUDDEGEMIDDELDES.

Jaar.	Melk pd.	B.V. %	B.V. pd.	Dae (afgesluit).	Aantal Koeie.						Totaal.	Posisie op Lys.
					Volwasse.	Sen. 4 jaar.	Jun. 4 jaar.	Sen. 3 jaar.	Jun. 3 jaar.	2 jaar.		
1929-30	Geen beskikbare Gegewens nie.											
1930-31												
1931-32	7,870·6	3·45	271·6	300	33	8	6	9	4	12	72	43
1932-33	8,588·1	3·49	299·3	299	35	10	2	7	4	1	60	35
1933-34	7,952·5	3·59	285·6	299	14	7	3	1	1	32	58	45
1934-35	9,645·6	3·85	371·0	295	17	2	1	11	3	12	46	19

Hierdie gemiddeldes, hoewel nie goed nie, is nogtans heel bevredigend vir so 'n groot kudde, in aanmerking geneem dat weinig of geen kragvoere gevoer word nie, en toon 'n besliste opwaartse neiging, veral is die gemiddelde persent bottervet van 1934-35 heel goed.

TABEL 36.

PRODUKSIE VAN ENIGE DOGTERS VAN LODEWYK, 13,921 F.R.S.
(„S.A.F.J.," Desember, 1935).

Naam.	Stamboek No.	Melk. Pd.	B.V. %	B.V. Pd.	Klas.
Brakfontein Ruiter	10,234/6	17,257·5	3·90	627·7	Volwasse.
„ Vrydag	10,236/6	12,897·0	3·85	496·0	„
„ Roos	10,231/6	12,577·0	3·99	492·9	„
„ Boerin	10,492/6	11,008·5	4·02	442·0	„
„ Breakfast ...	11,259/6	13,152·0	3·65	480·4	„
„ Maandag ...	11,260/6	10,841·0	4·03	436·9	„
„ Witpens ...	11,310/6	10,767·0	4·37	434·7	„
„ Neeltje	11,463/6	9,737·0	3·69	359·1	„
„ Pampoen ...	11,491/6	9,870·5	3·99	392·0	„
„ Jeltje	11,309/6	11,254·5	4·11	462·3	Senior 4.

Konklusie.—Uit bogaande samevatting blyk, dat hierdie ou gevestigde kudde gedurende sy ontwikkelingsjare aan heelwat variasies onderhewig was, nie altoos ten goede nie, dog tans op 'n gesonde grondslag gedryf word en as een van ons vooraanstaande kuddes beskou moet word met reeds betreklik veel uniformiteit (sien Foto's 35, 36, 37, 38, 39 en 40) en 'n bevredigende gemiddelde produksie (waaronder diere is met uitstekende produksies).

3. **Kamnatie Frieskudde**: Mnr. S. L. van Niekerk, Kamnatie, Oudtshoorn.

Hierdie jongkudde is pas in die begin van 1922 begin met twee uitstaande S.A. geteelde frieskoeie, nl., **Bakenskraal Nonkel**, 11489/7 F.S.B.S.A., (2. Adam, 1587/11 —> 4. die beroemde Jan, 3265 F.R.S.; 3. die geïmporteerde koei Nimf. V., 2913/12), **en 'n dogter van Arend**, 1859/12 (sien J. H. Le Roux, Bakenskraal) uit Adele IV., 2900/12. Geen koeie is geïmporteer nie en volgens van Niekerk is die hele teenswoordige kudde uit hierdie twee stammoeders opgebou. Langs Bakenskraal Nonkel kry ons 'n kombinasie van Jan, 3265 F.R.S., bloed met uitstekende Noord-Hollandse bloed van H. de Goede, De Beemster; en langs die ander stammoeder van Albert, 1306 H., bloed met dieselfde Noord-Hollandse bloed.

Gedurende 1922 en 1923 is **Arend**, 1859/12, gebruik en dus 'n mate van inteelt toegepas. Van Niekerk beweer: „This animal has surely been one of the most successful bulls ever imported, having sired some wonderful production animals."

Bakenskraal Nonkel × Arend lewer in 1922 as eerste kalf die beroemde koei Kamnati Juliette, 3120/4, en volgens van Niekerk: „Has two records with over 20,000 lb. milk to her name and she has never given me a bull yet, only heifers which are all wonderful production animals." (Sien Tabel 38.) Sy het behaal 81·4 punte.

Kamnatie Juliette het die eerste en kampioenprys op Port Elizabeth tentoonstelling in 1932, 1933 en 1934 verower; en die eerste en kampioenprys op Rosebanktentoonstelling in 1932 sowel as die melkkompetisie en S.A. Telersskild. Sy word nog in die kudde gebruik.

Uit Bakenskraal Nonkel is veral 3 uitstaande dogters geteel, nl., Kamnatie Juliette, 3120/4, Kamnatie Belle, 3927, en Kamnatie Nonnie, 13181/7 (vir produksies sien Tabel 38), en is op 21-jarige leeftyd dood.

Volgens die S.A.F.J., April 1931, was die gemiddelde offisiële toets van die dogters en kleindogters van Bakenskraal Nonkel met die eerste offisiële toets (1929-30): 15,205 pd. melk met 530 pd. bottervet in 301 dae.

Uit die tweede stammoeder is ook enige uitstekende dogters geteel, en die kudde help opbou, dog Bakenskraal Nonkel is dié beroemde stammoeder.

Gedurende 1926-31 is gebruik **Alberta Roland XXII**, 4778 (2. die geïmporteerde bul Roland 18, 2233 F.S.B.S.A.) en volgens van Niekerk: „A bull which has meant a lot to me, although not imported, as his daughters are

all very heavy producers and it is due to them that this herd has such wonderful records. His daughters tested in this herd have tested as 2 year olds: 12,293 lb. milk, 438 lb. butterfat, testing 3·67 per cent. in 300 days."

Vanaf 1931-33 is gebruik **Siebel Sam,** 2730/5 (14618 F.R.S.), (2. Siebel, 11915 —> 4. Roland II, 8539; 3. Keesje 7 —> 24. Ceres, 4497) ingevoer deur A. A. Kingwill en op 9 jarige leeftyd gekoop deur van Niekerk. Ongelukkig het hierdie bul later sy heup beseer en is tans onbruikbaar hoewel hy nog leef.

In begin 1935 is die bul **Yme 32,** 68/3755 F.R.S.K. (2. Ceres Lindberg, 20033 F.R.S.; 3. Ymkje XII —> 96. Roland II, 8539) ingevoer van Schaap Gebrs., Friesland, dog is binne 'n paar maande dood en slegs 4 koeie gedek.

In September 1929 is 'n begin gemaak met die offisiële melktoets.

Volgens van Niekerk is sy doel:

(1) Om alleen geregistreerde koeie en bulle te gebruik en uit die beste verkrygbare bloedlyne.

(2) „My main object is to breed good quality bulls with generations of records to prove their consistent production qualities."

(3) „I also breed all my cows and am not keen to breed from any other females."

Laasgenoemde is 'n seer gesonde beginsel in hierdie fokkery met sy beroemde koeifamilie.

(4) Gedurende die somermaande word die koeie op lusern en gemengde weiveld gevoer en lusern en groenhawer gedurende die winter en dus geen kragvoere gegee nie, met uitsondering van die 2 koeie Kamnatie Louisa, 10389/7, en Kamnatie Nonnie, 13181/7, wat Suidafrikaanse produksierekords hou en gedurende die einde van hul laktasieperiode kragvoer gekry het.

TABEL 37.

OFFISIËLE KUDDEGEMIDDELDES.

Jaar.	Melk pd.	B.V. %	B.V. pd.	Dae.	Aantal Koeie.						Totaal.	Posisie op Lys.
					Volwasse.	Sen. 4 jaar.	Jun. 4 jaar.	Sen. 3 jaar.	Jun. 3 jaar.	2 jaar.		
1929-30	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
1930-31	14,630·0	3·53	515·3	300	3	—	—	—	1	2	6	1
1931-32	15,205·4	3·61	548·3	291	3	—	—	2	—	2	7	1
1932-33	14,973·0	3·75	561·6	300	1	1	1	2	1	2	8	1
1933-34	12,565·0	3·76	472·5	292	2	3	—	—	—	3	8	3
1934-35	11,154·3	3·73	416·5	252	2	2	1	2	1	1	9	9

Volgens van Niekerk: „The cows had a pretty dry year, but this year I want to put up something good as all my cows are doing very well and I will not be surprised if they average over 600 lb. butterfat."

Die daling gedurende 1933-34 kan ook toegeskryf word aan die toentertyd heersende droogte.

TABEL 38.

OFFISIËLE PRODUKSIES VAN INDIWIDUELE KOEIE.

KLAS.	NAAM.	MOEDER.	MELK PD.	B.V. %	B.V. PD.	DAE (afgesluit.)	OPMERKINGS.
15½ jr.	Bak. Nonkel, 11489/7	Nimf. V, 2913/12	14,016·0	3·53	494·9	300	Geen Kragvoer
7jr.	Kam. Juliette, 3120/4	Bak. Nonkel ..	20,678·0	3·63	752·2	365	
8 jr.	„ „ „	„ „ ..	23,126·0	3·72	860·3	352	
2 jr.	Kam. Nonnie, 13181/7	„ „ ..	13,601·0	3·80	517·0	300	
Sen. 3	„ „ „	„ „ ..	18,735·0	3·78	707·2	300	S.A. Rekord.
7 jr.	Kam. Belle 3927	„ „ ..	17,458·0	3·68	641·8	330	
8 jr.	„ „ „	„ „ ..	15,613·0	3·86	603·3	300	
9 jr.	„ „ „	„ „ ..	19,557·0	3·95	772·6	360	
2 jr.	Kam. Louisa, 10389/7..	Kam. Juliette..	15,138·0	3·42	517·9	300	
Jun. 3	„ „ „	„ „ ..	18,877·0	3·62	684·3	330	S.A. Rekord.
„ 4	„ „ „	„ „ ..	16,104·0	3·82	616·3	300	
„ 2	Kam. Sylvia, 10294/6	Kleindogter van Kam. Juliette.	16,185·0	3·46	559·0	350	
Sen. 3	„ „ „	„ „	13,785·0	3·72	512·0	300	

Konklusie.—Uit bogaande gegewens blyk die besonder hoë peil wat hierdie jongfokkery reeds bereik het en die „S.A.F. Journal" meld: „His cows are deep, strong animals, with strong constitution, showing great quality and good udders." (Sien Foto's 41, 42 en 43.) In hierdie kudde kom die beroemde koeilyn „Bak. Nonkel" veral op die voorgrond en is veral gebaseer op 'n Jan, 3265 F.R.S., en 'n Albert, 1306 H., kombinasie.

4. **Elandskuil Frieskudde**: Mnr. Gerard Bekker, Elandskuil, Steynsburg. (Sien Foto 44.)

Volgens G. Bekker, Sen., is hierdie kudde deur hom begin in 1878 met koeie afkomstig uit friesbeeste wat hyself en iemand anders in 1864 ingevoer het. Pas in 1878 het hy grond gekoop en sy eie kudde begin opbou met behulp van diere, wat hy van tyd tot tyd ingevoer het. Die oorspronklike kudde het bestaan uit 8 koeie, 2 verse en 1 bul. Die bul het hy gekoop van 'n sekere Dreyer en was uit Holland geïmporteer deur Green en Bellowitz. Hierdie kudde verteenwoordig waarskynlik die meeste inteelt in sy ontwikkelingsgeskiedenis van alle frieskuddes in Suid-Afrika, dog inteelt is alleen toegepas met sekere families en Bekker waarsku teen té intensiewe inteelt. Ook was ou Mnr. Bekker geen voorstander van produksieforsering nie, en het 'n kudde opgebou met 'n definitiewe Suidafrikaanse stempel en tipe wat beskik oor enige van ons beroemdste koeifamilies—die Cecilias, Residas en Matildas. Vir sterkte van konstitusie heg hy veral groot waarde aan sterk skouers en voldoende borsruimte. G. Bekker, Sen., was ongetwyfeld een van Suid-Afrika se mees konserwatiewe fokkers en ewentueel 'n eie tipe gefok en 'n uitstekende kudde opgebou.

Die latere ontwikkelingsgeskiedenis van hierdie fokkery kan afgelei word uit die bulle gebruik.

Die bul, **Jan Haring,** is ingevoer en verskeie jare in hierdie kudde gebruik en daarna verkoop aan J. D. van Niekerk, Brakfontein, Bedford.

In Vol. 4, „S.A.S.B." (eerste inskrywings gemaak) is 10 dogters van die bul **Doornbos,** 6137 N.R.S., 1 dogter van **Crowbar,** en 1 dogter van **Black Prince** (2. Crowbar) geregistreer. Crowbar (afkomstig van Gladstone) is geteel deur Christian, Middelburg, K.P.



(35) Suidafrikaanse Geteelde Koeie wat behulpsaam was in die Opbou van die Brakfonteinkudde.

Foto. v. Niekerk Gebrs.



(36) Twee Ou Koeie van die Oorspronklike Tipe.

Foto. v. Niekerk Gebrs.



(37) GEÏMPORTEERDE KOEIE UIT HOLLAND EN FRIESLAND IN 1910 EN 1913 WAT BEHULPSAAM WAS IN DIE OPBOU VAN DIE BRAKFONTEIN FRIESKUDDE.

Foto. v. Niekerk Gebrs., Brakfontein, Bedford.



(38) WENNER VAN DIE MELKKOMPETISIE IN PORT-ELIZABETH IN 1935.

Foto. v. Niekerk Gebrs.

In Vol. 4, „S.A.S.B.," is ook geregistreer die eie geteelde bul **Keimit,** 109/4 (2. Doornbos; 3. Swaartje II —> 6. Crowbar), gebore 30 Sep., 1908.

Daarna is ingevoer die bul **Herman,** 183/5 (837 R.N.R.S.), geteel deur C. v. d. Hee, Bergambacht, Holland. Hierdie bul is verskeie jare gebruik en het in hierdie kudde baie diens gedoen, want in Vol. 8, „S.A.S.B.," word nog byna almal sy dogters geregistreer.

Ook is 'n enkele dier van **Wilhelm II,** 838 R.N.R.S. ('n bul van 76·4 p.), geregistreer. Volgens Reimers later na Suid-Afrika ingevoer.

Omstreeks 1912 (?) moes Bekker 'n bul uit 'n Groningerlyn gebruik het, want in Vol. 7, „S.A.S.B.," is 'n groot aantal verse in die Aanhangselafdeling ingeskryf om eers die „witkop" eienskap te elimineer.

In c. 1914 is die ingevoerde bul **Jan II,** 773/8 (1331 N.R.S.), (2. Zeppelin, 5114 F.R.S.; 3. —> 48. Zwarthak III, 2711 F.R.S.) gebruik, en **Cornelis 286** (2. Herman, 183/5). Later is meer gebruik gemaak van Jan II, 773/8. Hier tree dus 'n vermenging van Friese— met die oorspronklike min of meer Hollandse bloed in.

Daarna gebruik **De Turk,** 506/7, 4650 F.R.S. (2. Kroon V., 2443 F.R.S.; 3. H. moeder), ingevoer deur Starke Gebrs., Muldersvlei, K.P., en **Buringa XI,** 1307/10, 6517 F.R.S. (2. Zeppelin, 5114 F.R.S.; 3. Buringa VI —> 6. 3616 F.R.S. —> 12. Zwarthak III, 2711 F.R.S.) ingevoer deur C. Leonard, Villiersdorp. Met De Turk, 506/7, geteel die beroemde stieremoeder, E. Resida IV, 547/2 F.S.B.S.A. Volgens Hiemstra het Bekker veral sy kudde met De Turk, 506/7 opgebou.

Volgens die „S.A.F.J.," Aug. 1936: „Elandskuil B. Matilda II, a great granddaughter of Elandskuil IV, has just broken the South African Junior 3 year old record by producing 21,076 lb. milk, 730 lb. butterfat, in 360 days."

Daarna gekoop die bul **Buringa de Hoop,** 1915/12 (2. Buringa XI, 1307/10; 3. De Hoop XI, 99/2, 11770 F.R.S.—geïmporteer deur C. Leonard —> 6. Wilhelm, 1218 H.) van C. Leonard, Villiersdorp, en met hom geteel uit E. Resida IV, 547/2 F.S.B.S.A., die beroemde bul Elandskuil Buringa III, 1508/3 F.S.B.S.A., gebore 3 April 1921. Hierdie bul is in Mei 1936 preferent verklaar en is verskeie jare in hierdie kudde met groot sukses gebruik en daarna verkoop aan G. D. Irvin.

Met **Elandskuil Buringa III,** 1508/3 F.S.B.S.A., is toe geteel uit sy moeder, E. Resida IV, 547/2 F.S.B.S.A., die tweede beroemde bul **Elandskuil Resida Bloemfontein,** 3790/5 F.S.B.S.A., gebore 4 April 1924.

STAMTAFEL.

- E. Resida Bloemfontein, 3790/5
  - E. Buringa III, 1508/3
    - Buringa de Hoop, 1915/12
      - Buringa XI, 1307/10
      - De Hoop XI, 99/2
    - **E. Resida IV,** 547/2
  - **E. Resida IV,** 547/2
    - De Turk, 506/7
    - Resida II, 1577
      - Jan II, 773/8
      - Resida 877 —> Herman, 183/5

